# “MEDELYE-MOEGHEID”, 'n PASTORALE BENADERING

JOHANNES H.V.S FOURIE

(BA. BD. NAGRAADSE DIP. IN TEOL. M.DIV)

Proefskrif voorgelê vir die graad

***Philosophiae Doctor* in Pastoraal**

**(Fakulteit Teologie)**

aan die

Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Promotor: Prof. Dr. W. C. Coetzer

November 2008

# DANKBETUIGINGS

*"Ons wonderlike hemelse Here en Koning, baie dankie Here vir U groot genade wat my instaat gestel het om hierdie studie te voltooi! Dankie dat U na mense omsien na liggaam, gees en verstand. Dankie vir die wonderlike ontdekkings in U Woord. Dankie ook vir al die medegelowiges wat u geroep het om mee te werk aan die heling van stukkende mense. Dankie vir die skat van kennis en insigte wat onder leiding van U Heilige Gees ontwikkel is, waardeur mense gehelp kan word.*

My opregte dank verder aan:

- My studieleier, prof. dr. W.C. Coetzer: ek waardeer u leiding, geduld, bemoediging, bedagsaamheid en vriendelikheid. Ek ag u geloof én wetenskaplike finesse hoog. Mag die Heer u seën hiervoor!
- My vrou Jeanne en kinders, Jani en Louis: dankie vir julle baie opofferings, liefde, geduld, aanmoediging en ondersteuning!
- My ouers Louis en Marie Fourie van wie ek oor baie jare soveel geleer het. Dit sou so wonderlik wees as ek dit met hulle kon deel. Baie dankie Pa Dirk en Majana. Julle is vir my 'n inspirasie.
- Personeel van die Teologiese Fakulteit, die Jan Lion Cachet Biblioteek, asook die Ferdinand Postma Biblioteek vir die professionele diens en hulpvaardigheid.
- Dank aan Prof. Faans Steyn en medewerkers van die Statistiese Konsultasiediens vir die spoedige verwerking van die Medelye-Satisfaksie/ Moegheid Toets (Compassion Satisfaction/Fatigue Test-Csf). Belangrike interpretasies het hieruit voortgespruit.
- My suster Diana wat ook die taalversorging gedoen het. Baie dankie vir jou ondersteuning en inspirasie. Dankie aan Sarie dat ek so maklik met jou oor die onderwerp kon gesels en vir jou begrip.
- Baie dankie aan Ds. Anton Mocke direkteur van NG Welsyn en jou personeel vir julle medewerking in die empiriese ondersoek. Baie dankie aan al die medewerkers wat julle lewe en node in diens van die Here met my gedeel het. Julle doen wonderlike werk in diens van die Here en dit gaan met groot 'n persoonlike koste gepaard. Mag die Here julle seën en versterk.

**J.H.V.S. FOURIE**

November 2008

# ABSTRACT


## COMPASSION FATIGUE, A PASTORAL APPROACH.

Pastors, counsellors and supporters often embark upon the field of trauma intervention because they have a passion for people in distress, with a burning desire to assist them. They become involved in people's emotional and physical pain, often without grasping the implications of their choice regarding themselves. These helpers, who listen to the emotional and physical pain of victims with great love and compassion, often *absorb* very shocking information. As time passes they have to deal with the effects of compassion fatigue (also referred to as *secondary trauma* or *vicarious traumatisation* – terms used almost as synonyms in this study), attributing their *spiritual sagging* to personal *incompetence* and *failure.* Fearing stigmatism, they keep these feelings and thoughts to themselves. The danger of this is that they start *abusing* therapeutic situations in an effort to relieve their own needs in this regard.

From the basis-theoretical survey it appears that within the history of the church there are many examples of missionaries, clergymen, Christian physicians and gospel workers who sacrificed all they had to satisfy their calling to be of service – often with negative consequences regarding body, morale, spirit and emotions. The practical theological tradition recognises the necessity for pastoral workers to avail themselves to the pain and distress of others. Even the ministry with regard to calling within the Reformed tradition points to the fact that people with a calling, as it were, *repeat the incarnation of Christ* in a certain sense when they enter the distress and pain of others. The term, *vicarious traumatisation,* as synonym for compassion fatigue, thus also has something of a spiritual connotation.

In opposition to the mentioned point of departure within the church history regarding the subject of calling, the exegesis of a Scripture such as 1 Kings 19 shows in a very surprising manner how God keeps company with his emotionally wounded servants. What is exceptionally touching in this Scriptural passage is the fact that God took care of His servant in all three aspects of body, spirit and emotion. The manner in which God goes about caring for him, eventually helps Elijah, the hero of Horeb, to understand that it is precisely his weakness and gentleness that makes him suitable to be in God's service. Through this whole process, Elijah's image of God and of the world is transformed to make him realise that Israel's salvation and healing is not dependant of him – on the contrary, he is merely a link within the Godly plan. In this respect the Christian trauma helper can interpret his/her personal recourse to that of Elijah.

The meta-theoretical research showed that working in a trauma environment has an immense impact on workers' belief's, their spiritual lives, their identity, their general view on life as well as their outlook on life. This has the potential to transform a person's inner experience in a negative way and in this respect it often leads to the disruption of the trauma counsellor's basic psychological needs. The fact that trauma counselling also has the potential to harm counsellors physically is apparent in the connection between

different emotions such as *empathy* and the neurophysiology of the trauma counsellor. Further important contributory factors in this regard appear to be unresolved personal trauma, denial of personal needs as well as continuous exposure to the counselling of traumatised children. From this meta-theoretical research clear guidelines are formulated regarding the prevention of compassion fatigue with regard to individuals as well as organisations.

The empirical survey makes it apparent that the potential for compassion fatigue is immense for Christian social workers, while the potential for compassion satisfaction is quite low – despite the fact that faith and calling are strong characteristics in this group. This confirms the necessity and need for pastoral guidelines with regard to this occupational group.

Finally, within the practice-theoretical section of this study a hermeneutist model is brought under discussion for dealing with individuals as well as groups who are suffering from the affects of compassion fatigue. This model is particularly suitable for groups during a *retreat*. The model descends in five movements. Firstly the story of need is addressed, then the narrative with a story, followed by the story with a darkened future. The fourth movement is the reconstruction of the story of the past, and finally follows the reconstruction of a future story.

# UITTREKSEL

## MEDELYE-MOEGHEID, 'N PASTORALE BENADERING.

Pastors, beraders en hulpverleners betree dikwels die veld van trauma intervensie met die brandende begeerte om hulp te verleen juis omdat hulle 'n passie vir die nood van andere het. Hulle raak betrokke by mense in emosionele en fisiese pyn, maar dikwels sonder begrip met betrekking tot die persoonlike implikasies van hul keuse. Hierdie hulpverleners wat met groot liefde en deernis luister na die emosionele en fisiese pyn van slagoffers, *absorbeer* dikwels baie skokkende inligting sonder dat hulle dit noodwendig besef. Wanneer hulle dan met verloop van tyd met die gevolge van sekondêre trauma (of te wel medelye-moegheid of plaasbekledende traumatisering – terme wat in hierdie studie grootliks as sinonieme gebruik word) te kampe kry, wyt hulle dit dikwels aan geestelike *uitsakking* en persoonlike *onbekwaamheid* en *mislukking.* Uit vrees vir stigmatisering is hulle dan geneig om nie hul gevoelens en gedagtes met andere te bespreek nie. Die gevaar is dan verder dat hulle terapeutiese situasies 'misbruik' ten einde hul eie behoeftes in hierdie verband aan te spreek.

Vanuit die basisteoretiese ondersoek blyk dat daar binne die kerkgeskiedenis talle voorbeelde is van sendelinge, predikante, Christen medici en evangelisasie werkers wat as deel van hul roepingsbeskouing alles opgeoffer het ten einde diensbaar te wees – heel dikwels dan met negatiewe gevolge aan die einde betreffende liggaam, gees of emosies. Die prakties teologiese tradisie gee self erkenning aan die noodsaaklikheid vir pastorale werkers om hulself volledig oop te stel vir die pyn en nood van andere. Ook die prediking binne die Gereformeerde tradisie met betrekking tot roeping, wys daarop dat geroepenes *as 't ware die vleeswording van Christus herhaal* wanneer hulle die nood van andere betree. Die frase *plaasbekledende traumatisering* as sinoniem vir medelye-moegheid, het in hierdie opsig dus ook 'n geestelike konnotasie.

Teenoor die vermelde tipiese uitgangspunt binne die kerkgeskiedenis betreffende die tema van roeping, toon die eksegese van 'n Skrifgedeelte soos 1 Kon 19 op verrassende wyse hoe God met een van sy emosioneel verwonde diensknegte omgaan. Die besonder treffende aspek uit hierdie gedeelte is die feit dat God liggaamlik, emosioneel en geestelik omgesien na hierdie dienskneg van Hom. Die wyse waarop God te werk gaan, help dan uiteindelik ook vir Elia, die held van Horeb, om te verstaan dat dit juis sy swakheid en sagtheid is wat hom geskik maak vir God se diens. Elia se wêreldbeeld en Godsbeeld word in die proses so verander, dat hy verstaan dat die redding en genesing van Israel nie van hom alleen afhanklik is nie – inteendeel is hy maar net een skakel binne God se groot plan. In hierdie opsig kan die Christelike traumawerker dan ook sy persoonlike verhaal interpreteer in die lig van die Elia verhaal.

Vanuit die metateoretiese ondersoek blyk dat traumawerk 'n groot impak op werkers se geloofsisteme, geestelike lewe, identiteit, lewens- en wêreldbeskouing uitoefen. Dit het die potensiaal om iemand se innerlike ervaringswêreld negatief te transformeer en in hierdie opsig lei dit dan ook dikwels tot die

ontwrigting van traumawerkers se basiese sielkundige behoeftes. Die feit dat traumawerk ook die potensiaal het om traumawerkers fisiese skade te berokken, blyk uit die verband tussen 'n emosie soos *empatie* en die neurofisiologie van traumawerk. Verdere belangrike bydraende faktore in hierdie verband blyk te wees onverwerkte persoonlike trauma, die ontkenning van persoonlike behoeftes asook voortdurende blootstelling aan die begeleiding van getraumatiseerde kinders. Vanuit die metateorie word daar dan ook duidelike riglyne geformuleer, betreffende die voorkoming van medelye-moegheid, ten opsigte van individue sowel as organisasies.

Uit die empiriese ondersoek blyk dat die potensiaal vir medelye-moegheid baie groot vir die Christen maatskaplike werker is, terwyl die potensiaal vir medelye-satisfaksie besonder laag is – dit alles ten spyte van die feit dat geloof en roeping besonder sterk figureer by hierdie groep. Dit bevestig die noodsaak vir en behoefte aan pastorale riglyne met betrekking tot hierdie beroepsgroep.

Binne die praktykteoretiese afdeling van hierdie studie word ten slotte 'n hermeneutiese model aan die orde gestel vir die behandeling van individue en groepe wat aan die gevolge van medelye-moegheid ly. Die model is besonder geskik vir groepe tydens 'n *retraite.* Die model val uiteen in vyf bewegings. Eerstens word die verhaal van nood aangespreek, daarna die verhaal met 'n storie en vervolgens die verduisterde toekomsverhaal. Die vierde beweging is die herstrukturering van die verlede verhaal en ten slotte kom die rekonstruksie van 'n toekomsverhaal aan die orde.

# INHOUDSOPGAWE

Bladsy

**INHOUDSOPGAWE** .................... **V**

**HOOFSTUK 1 INLEIDING** .................... **1**

**1.1 ORIËNTERING** .................... **1**

**1.2 PROBLEEMSTELLING** .................... **2**

1.2.1 Blote kennis kan traumatiserend wees .................... 3

1.2.2 Die stigma rondom medelye-moegheid .................... 3

1.2.3 Medelye-moegheid en geloof .................... 4

1.2.4 Medelye-moegheid en uitbranding .................... 4

1.2.5 Terminologie .................... 4

1.2.6 Stand van navorsing .................... 5

1.2.7 Opleiding .................... 5

1.2.8 Uitdaging aan die kerk .................... 6

**1.3 NAVORSINGSVRAAG** .................... **6**

**1.4 DOELSTELLINGS EN DOELWITTE** .................... **7**

1.4.1 Doelstelling .................... 7

1.4.2 Doelwitte .................... 7

**1.5 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT** .................... **7**

**1.6 METODOLOGIE** .................... **7**

**1.7 ANDER TEGNIESE ASPEKTE** .................... **9**

**1.8 HOOFSTUKINDELING** .................... **9**

# AFDELING A: BASISTEORIE ........ 11

## HOOFSTUK 2 BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN DIE PROBLEEM VAN MEDELYE-MOEGHEID ........ 11

**2.1 INLEIDING ........ 13**

2.1.1 Voorlopige vrae ........ 14
2.1.2 Doelstelling ........ 14
2.1.3 Basisteoretiese vertrekpunt ........ 15

**2.2 METODE ........ 15**

2.2.1 Die teorie-praktyk spanning ........ 16
2.2.2 Zerfass se model dien as nuttige instrument vir hierdie ondersoek ........ 17

**2.3 BASISTEORETIESE VERTREKPUNTE TEN OPIGTE VAN DIE SELFBEWUSSYN VAN DIE PASTOR EN GEESTELIKE WERKER ........ 19**

2.3.1 Afleidings ........ 21

**2.4 TEOLOGIESE OORLEWERING ........ 22**

2.4.1 Inleiding ........ 22
2.4.2 Die beskouing van roeping sedert die Hervorming ........ 22
2.4.3 Voorbeelde uit die kerkgeskiedenis van Christene se interpretasie van God se roeping ........ 23
2.4.3.1 Die lewe en werk van Hudson Taylor (1832-1905) ........ 23
2.4.3.2 Afleidings ........ 24
2.4.3.3 Die lewe en werk van David Brainerd (1718-1747) ........ 24
2.4.3.4 Afleidings en vrae ........ 27

2.4.3.5 Die lewe en werk van Richard Baxter (1615-1691) ....28
2.4.3.6 Afleidings ....28

**2.5 DIE BYDRAE VAN DR. MARJORY FOYLE (1921) ....29**

2.5.1 Afleidings ....30

**2.6 RESENTE PREEKRIGLYNE OOR ROEPING AAN BEDIENAARS VAN DIE WOORD UIT DIE PROTESTANTSE TRADISIE ....31**

2.6.1 Die roeping van Moses. Eks 3:1-4:17 ....31
2.6.2 Afleidings ....32
2.6.3 Die roeping van Paulus ....32
2.6.4 Afleidings ....33

**2.7 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS ....33**

**HOOFSTUK 3 EKSEGETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT MEDELYE-MOEGHEID ....35**

**3.1 INLEIDING ....35**

**3.2 EKSEGESE VAN 1 KONINGS 19 EN BASIS-TEORETIESE AFLEIDINGS ....35**

**3.3 DIE KEUSE VAN 1 KONINGS 19 ....35**

**3.4 DIE PLEK VAN DIE PERIKOOP IN 1 KONINGS EN DIE BYBEL ....36**

**3.5 DIE VORM EN STRUKTUUR VAN 1 KONINGS 19 ....37**

**3.6 DIE LITERÊRE GENRE VAN KONINGS ....39**

**3.7 DIE SKRYWER/S ....39**

**3.8 DIE ONTSTAAN VAN DIE BOEK ....40**

**3.9 DIE SOSIOHISTORIESE KONTEKS EN DIE VERSKILLENDE TEOLOGIESE REÏNTERPRETASIES ........ 41**

**3.10 HOOFTEMAS VAN DIE BOEK ........ 41**

**3.11 BEPALING VAN DIE KERNVERSE ........ 42**

**3.12 RAADPLEGING VAN EKSEGETIESE BRONNE ........ 43**

3.12.1 Sleutelfigure ........ 43

**3.13 ELIA SE VOORBEREIDING VIR SY GROOT TAAK ........ 44**

**3.14 TEKSKRITIESE OORWEGINGS ........ 45**

**3.15 TEKS VIR TEKS VERTALING ........ 45**

**3.16 VERWYSINGS NA ELIA IN DIE NUWE TESTAMENT ........ 53**

**3.17 'N NARRATIEF HERMENEUTIESE INTERPRETASIE EN VERKLARING ........ 53**

3.17.1 Inleiding ........ 53

3.17.2 'n Narratief hermeneutiese besinning ........ 54

3.17.3 Elia en sekondêre trauma ........ 57

3.17.4 God se handelinge met 'n gewonde dienskneg ........ 58

**3.18 DIE TOEPASSINGSMOONTLIKHEDE VIR DIE PASTORALE VERSORGING VAN PERSONE WAT AAN MEDELYE-MOEGHEID LY ........ 60**

3.18.1 Riglyne vir die hantering van traumawerkers met medelye-moegheid ........ 61

# AFDELING B: METATEORIE ......................................63


**HOOFSTUK 4 ......................................................................63**

**METATEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT MEDELYE-MOEGHEID .............63**

**4.1 INLEIDING ......................................................................63**

**4.2 DIE KOSTE VERBONDE AAN OMGEE ........................64**

4.2.1 'n Kringloop van helende- en/of beskadigende verhoudings ontstaan wanneer krisiswerk gedoen word ................................................ 64

4.2.1.1 Bomenslike uitdagings .......................................................................65

4.2.2 Medelye-moegheid is 'n beroepsgevaar .................................................. 65

4.2.2.1 Leraars, sendelinge en gemeentes ......................................................65

4.2.2.2 Verpleging ..........................................................................................67

4.2.2.3 Joernalistiek - 'n professie met openbare gevolge ...........................68

4.2.2.4 Sterwensberaders en die tragiese verhaal van Elizabeth Kübler-Ross ..........68

4.2.2.5 Veeartsenykunde ..................................................................................69

4.2.2.6 Maatskaplike werk ...............................................................................69

4.2.2.7 Polisiewerk ..........................................................................................70

**4.3 WAT DOEN TRAUMAWERK AAN INDIVIDUE EN ORGANISASIES? ..........................................................70**

4.3.1 Definisie ........................................................................................ 70

4.3.2 Tekens en simptome ........................................................................ 71

4.3.3 Veranderinge wat in die traumawerker plaasvind .................................... 71

4.3.4 Traumawerk veroorsaak lang- en korttermyn reaksies ............................. 72

4.3.5 Medelye-moegheid ontwrig langtermyn basiese sielkundige behoeftes ........................................................................................ 72

4.3.5.1 Die behoefte aan veiligheid ...............................................................72

4.3.5.2 Die behoefte aan vertroue, outonomie en onafhanklikheid ...........................72

4.3.5.3 Die behoefte aan beheer en mag ..........................................................73

4.3.5.4 Die behoefte aan intimiteit ....................................................................73

4.3.6 Medelye-moegheid skend die traumawerker se verwysingsraamwerk ..... 74
4.3.7 Lewens- en wêreldbeskouing ..... 74
4.3.8 Identiteit ..... 75
4.3.9 Geestelik ontwrigting ..... 75
4.3.10 Die verlies van 'n gesonde self-bewussyn ..... 76
4.3.11 Krisiswerkers en die ontwikkeling van medelye-moegheid ..... 76

**4.4 DIE FAKTORE IN TRAUMAWERK WAT 'N BEPALENDE ROL IN DIE ONTWIKKELING VAN MEDELYE-MOEGHEID VERVUL ..... 78**

4.4.1 Traumawerk vereis empatie ..... 79
4.4.2 Unieke blootstelling aan die trauma en pyn van andere ..... 80
4.4.2.1 Grafiese trauma materiaal ..... 81
4.4.2.2 Intensionele wreedheid ..... 81
4.4.2.3 Die kliënte self ..... 81

**4.5 OORSAKE EIE AAN DIE VERHOUDING TRAUMAWERKER-SLAGOFFER ..... 82**

4.5.1 Oordrag ..... 82
4.5.2 Tipiese inhoude van oordrag ..... 82
4.5.3 Teenoordrag ..... 83
4.5.3.1 Vermydings- en oormatige identifiseringsreaksies ..... 83
4.5.3.2 Teenoordrag as geprojekteerde identifikasie ..... 84
4.5.3.3 Teenoordrag as identifikasie ..... 84
4.5.3.4 Algemene teenoordrag reaksies op die terrein van traumaberading ..... 84
4.5.3.5 Die noodsaaklikheid betreffende opleiding in die hantering van die kumulatiewe effek van 'n aantal gelyktydige oordragte ..... 86
4.5.3.6 Die swyg-dit-dood reaksie ..... 86
4.5.3.7 Die onderskeid tussen teenoordrag en medelye-moegheid ..... 87

**4.6 FAKTORE IN DIE TRAUMAWERKER SELF WAT 'N BYDRAE KAN LEWER TOT DIE ONTWIKKELING VAN MEDELYE-MOEGHEID .......88**

4.6.1 Aspekte betreffende die traumawerker ........ 88
4.6.2 'n Persoonlike trauma geskiedenis ........ 88
4.6.3 Die ontkenning van eie persoonlike behoeftes ........ 89
4.6.4 Persoonlike omstandighede ........ 89
4.6.5 Gebrekkige opleiding, supervisie en ervaring ........ 90
4.6.6 Die trauma van om met getraumatiseerde kinders te werk ........ 90
4.6.7 Aspekte gekoppel aan spesifieke situasies ........ 91
4.6.7.1 Om getuie te wees van werklike of dreigende dood of besering ........ 91
4.6.7.2 Gevoel van mislukking ........ 91
4.6.8 Emosies en medelye-moegheid ........ 92

**4.7 DIE IMPAK VAN KONTEKSTUELE FAKTORE .........92**

4.7.1 Die sosiale konteks ........ 93
4.7.2 Die organisatoriese konteks ........ 93
4.7.3 Oorlading van self en/of personeel ........ 94
4.7.5 Die impak van medelye-moegheid op organisasies ........ 96
4.7.6 Die professionele konteks ........ 96

**4.8 DIE VERHOUDING TUSSEN UITBRANDING EN MEDELYE-MOEGHEID ........97**

4.8.1 Redes waarom dit moeilik vir beraders is om uitbranding te erken ........ 99
4.8.1.1 Intrapsigiese oorsake ........ 99
4.8.1.2 Sistemiese oorsake ........ 99
4.8.1.3 Interaksie van die psigiese en sistemiese oorsake ........ 100
4.8.2 Die verwantskap tussen medelye-moegheid en uitbranding ........ 100

**4.9 DIE BEHANDELING VAN MEDELYE-MOEGHEID .100**

4.9.1 Ekologiese model vir die bekamping van medelye-moegheid ............... 100

4.9.2 Sosiale verantwoordelikheid en betrokkenheid ...................................... 101

4.9.3 Organisatoriese strategieë vir die bekamping van medelye-moegheid ..................................................................................................... 101

4.9.4 Professionele strategieë ........................................................................ 102

4.9.4.1 Die vestiging van groepsnorme wat genesing van sekondêre trauma bevorder ....................................................................................................102

4.9.4.2 Professionele strategieë ...................................................................................103

4.9.4.3 Balans tussen professionele en persoonlike lewe ........................................103

4.9.5 Persoonlike strategieë ter bekamping van medelye-moegheid ............... 103

4.9.5.1 Streef na geestelike vernuwing .......................................................................103

4.9.5.2 Liggaamlike selfsorg ........................................................................................104

4.9.5.3 Psigologiese selfsorg ........................................................................................105

4.9.6 Die belang van medelye-satisfaksie ........................................................ 105

**4.10 DIE BELANGRIKSTE GEVAARTEKENS TEN OPSIGTE VAN MEDELYE-MOEGHEID .....................107**

**4.11 GEVOLGTREKKINGS ...............................................108**

**HOOFSTUK 5 EMPIRIESE NAVORSING TEN OPSIGTE VAN DIE VOORKOMS VAN MEDELYE-MOEGHEID ..........................................................110**

**5.1 INLEIDING ..........................................................110**

5.1.1 Paradigmatiese vertrekpunt ................................................................... 110

5.1.2 Literatuurstudie ........................................................................................ 111

**5.2 DIE DOEL VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK ......111**

5.2.1 Gekombineerde kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing ..................... 112

5.2.2 Verskille tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing ..................... 113

5.2.2.1 Kwantitatiewe navorsing ..................... 113

5.2.2.2 Kwalitatiewe navorsing ..................... 113

**5.3 KOMBINASIE VAN KWANTITATIEWE EN KWALITATIEWE NAVORSING WAT KOMPLIMENTEER EN AANVUL ..................... 113**

5.3.1 Tipes navorsingsontwerpe ..................... 114

5.3.1.1 Keuse van 'n navorsingsontwerp ..................... 114

5.3.2 Godsdienstige aspekte ..................... 115

5.3.3 Metateoretiese aspekte ..................... 116

5.3.3.1 Emosionele aspekte ..................... 116

5.3.3.2 Fisiese aspekte ..................... 116

5.3.3.3 Professioneel organisatoriese aspekte ..................... 116

5.3.3.4 Die interaksie van basisteoretiese en metateoretiese aspekte ..................... 117

**5.4 TOEPASSING EN METODE ..................... 117**

5.4.1 Die kwantitatiewe ondersoek ..................... 117

5.4.2 Navorsingsresultate van die kwantitatiewe ondersoek ..................... 118

5.4.2.1 Leraars in diens van die Ned. Geref. Kerk, Sinode van Wes-Transvaal ..................... 118

5.4.2.2 Resultate met betrekking tot leraars ..................... 119

5.4.2.3 Afleidings ..................... 119

5.4.3 Maatskaplike werkers in diens van NG Welsyn ..................... 120

5.4.3.1 Resultate ..................... 120

5.4.3.2 Afleidings ..................... 121

5.4.3.3 Spesifieke belangrike response ..................... 123

**5.5 DIE KWALITATIEWE ONDERSOEK ..................... 123**

5.5.1 Doel en metode ..................... 123

5.5.2 Inleiding tot groepsonderhoud ..................... 124

5.5.3 Verwerking van data ..................... 124

**5.6 RESULTATE VAN DIE KWALITATIEWE ONDERSOEK: AFLEIDINGS EN GEVOLGTREKKINGS .......... 125**

5.6.1 Die eerste onderhoud met 'n groep maatskaplike werkers .......... 125
5.6.2 Individuele onderhoude met maatskaplike werkers .......... 125
5.6.3 Individuele onderhoude met leraars .......... 125
5.6.4 Onderhoud betreffende roeping .......... 125
5.6.4.1 Gevolgtrekkings .......... 128
5.6.5 Aspekte betreffende geloof .......... 128
5.6.5.1 Afleidings en gevolgtrekkings .......... 129
5.6.6 Waarom maatskaplike werkers die beroep verlaat of in die beroep volhard .......... 130
5.6.6.1 Afleidings en gevolgtrekkings .......... 131
5.6.7 Die invloed van hul beroep op hul persoonlike lewens .......... 132
5.6.7.1 Afleidings en gevolgtrekkings .......... 134
5.6.8 Die ontwikkeling van vrese .......... 134
5.6.9 Die impak van maatskaplike werkers se professie op hulle gevoelens en gedrag .......... 134
5.6.9.1 Afleidings en gevolgtrekkings .......... 135
5.6.10 Die organisatoriese en professionele konteks .......... 135
5.6.10.1 Afleidings en gevolgtrekkings .......... 137
5.6.11 Van empatie tot aggressie .......... 138
5.6.11.1 Afleidings en gevolgtrekkings .......... 138
5.6.12 Verlies van gesondheid .......... 138
5.6.12.1 Afleidings en gevolgtrekkings .......... 139
5.6.13 Veelvuldige rolle .......... 139
5.6.14 Omgekeerde rolle .......... 140
5.6.14.1 Afleidings en gevolgtrekkings .......... 140

**5.7 ANALISE VAN DIE ONDERHOUDE MET LERAARS .......... 140**

5.7.1 Blootstelling aan trauma .......... 140

5.8 ONDERHOUDE MET ANDER WERKERS IN MENSGERIGTE BEROEPE ........ 143

5.8.1 'n Mediese suster van Kansa (Kanker vereniging van Suid-Afrika) ....... 143
5.8.2 'n Onderwyseres ........ 144
5.8.3 Die skool se ondersteuningspan ........ 144
5.8.3.1 Afleidings en gevolgtrekkings ........ 144
5.8.4 'n Veearts ........ 144

5.9 EVALUERING VAN DIE RESULTATE ........ 145

5.9.1 Die resultate van die kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing strook met die metateoretiese perspektiewe ........ 145
5.9.2 Die voorkoms van medelye-moegheid ........ 145
5.9.3 Roeping ........ 145
5.9.4 Kontekstuele faktore ........ 146
5.9.5 Professionele faktore ........ 146
5.9.6 Organisatoriese faktore ........ 147
5.9.7 Die aard van die werk ........ 147
5.9.8 Die rol van innerlike faktore ........ 148

AFDELING C: PRAKTYKTEORIE ........ 149

HOOFSTUK 6 PRAKTYK-TEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE VOORKOMING VAN MEDELYE-MOEGHEID ........ 149

6.1 DIE DOEL VAN HIERDIE HOOFSTUK ........ 149
6.2 ORIËNTERING ........ 149
6.3 AGTERGROND PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE PROBLEEM VAN MEDELYE-MOEGHEID ........ 150

6.3.1 Inleidende hermeneutiese waarnemings met die oog op die daarstel van pastorale riglyne betreffende roeping ... 150
6.3.2 Inleidende pastorale perspektief ... 152
6.3.2.1 Waarnemings betreffende die huidige polities-sosiale konteks ... 153
6.3.3 Grondliggende pastorale vertrekpunte ... 154
6.3.4 Gevolgtrekking ... 157

**6.4 RIGLYNE VIR DIE VERDIEPING VAN GELOOFSTANDPUNTE ... 157**
**6.5 RIGLYNE VIR GEESTELIKE GROEI ... 159**
**6.6 DIE VERHOUDING TUSSEN DIE KERK EN SY LIDMATE WAT PROFESSIONELE TRAUMAWERKERS IS ... 160**
**6.7 PRAKTIESE RIGLYNE VIR DIE BEKAMPING VAN MEDELYE-MOEGHEID BINNE KERKLIKE SOWEL AS PRIVAAT PROFESSIONEEL ORGANISATORIESE KONTEKSTE ... 165**
**6.8 PASTORALE RIGLYNE MET BETREKKING TOT LIGGAAMLIKE SELFSORG ... 166**

6.8.1 Op die altaar van selfopofferende diens ... 166
6.8.2 Jesus Christus het gekom om mense te red ... 167
6.8.3 Plaasbekledende trauma in geloofstaal ... 167
6.8.4 Liggaamlike en geestelike empatie ... 168
6.8.5 Liggaamlike selfsorg ... 169

**6.9 'N PASTORALE HERMENEUTIESE MODEL VIR DIE BEHANDELING VAN INDIVIDUE EN GROEPE WAT WORSTEL MET DIE PROBLEEM VAN MEDELYE-MOEGHEID ... 170**

6.9.1 Die keuse van 'n seminaar en/of beradingsraamwerk ............................ 170
6.9.1.1 Die waarde van 'n naweek-*retraite* of seminaarweek ................................ 170
6.9.1.2 'n Span van aanbieders ................................................................................ 171
6.9.2 Voorgestelde inkleding van die seminaar en/of beradingsproses .......... 171
6.9.3 Katalogus van belangrike aspekte en instrumente vir die skedulering van die program ................................................................ 176

**6.10 SAMEVATTING ........................................................ 177**

**AFDELING D: SAMEVATTING ........................... 179**

**HOOFSTUK 7 GEVOLGTREKKINGS EN VOORGESTELDE TERREINE VIR VERDERE NAVORSING ........................................................ 179**

**7.1 GEVOLGTREKKINGS TEN OPSIGTE VAN DIE BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE ..................... 179**

7.1.1 Met betrekking tot die oorspronklike probleemstelling ......................... 179
7.1.2 Met betrekking tot 'n pastorale benadering ............................................ 180
7.1.3 Met betrekking tot roeping ................................................................... 180

**7.2 GEVOLGTREKKINGS MET BETREKKING TOT DIE EKSEGESE VAN 1 KONINGS 19 .......................... 181**

7.2.1 Verrassende toepassingsmoontlikhede met betrekking tot die teologiese reïnterpretasie van die Elia verhaal ....................................... 181
7.2.2 God se handelinge met 'n gewonde dienskneg ..................................... 181

**7.3 GEVOLGTREKKINGS MET BETREKKING TOT DIE METATEORETIESE PERSPEKTIEWE ............... 182**

7.3.1 Die invloed van medelye-moegheid met betrekking tot 'n verskeidenheid van beroepe ..... 182
7.3.2 Die bydrae van die metateorie met betrekking tot 'n pastorale verstaan van die probleem van medelye-moegheid ..... 182
7.3.3 Met betrekking tot 'n persoonlike traumageskiedenis ..... 184

**7.4 GEVOLGTREKKINGS VANUIT DIE EMPIRIESE NAVORSING ..... 185**

7.4.1 Navorsingsresultate van die kwantitatiewe ondersoek ..... 185
7.4.1.1 Met betrekking tot leraars ..... 185
7.4.1.2 Met betrekking tot maatskaplike werkers ..... 185
7.4.2 Navorsingsresultate van die kwalitatiewe ondersoek ..... 186
7.4.2.1 Met betrekking tot leraars ..... 186
7.4.2.2 Met betrekking tot maatskaplike werkers ..... 186
7.4.2.3 Die moontlike rol van medelye-moegheid met betrekking tot maatskaplike werkers wat die beroep verlaat ..... 187
7.4.2.4 Hoe die werk hulle persoonlike lewe beïnvloed ..... 187
7.4.2.5 Die invloed op die organisatoriese en professionele konteks ..... 187
7.4.2.6 Berading en die maatskaplike werker ..... 187

**7.5 GEVOLGTREKKINGS MET BETREKKING TOT DIE PRAKTYKTEORIE ..... 188**

7.5.1 Riglyne vir die verdieping van geloofstandpunte en geestelike groei ..... 189
7.5.2 Riglyne vir die voorkoming van medelye-moegheid binne 'n professioneel organisatoriese konteks ..... 189
7.5.3 Riglyne vir liggaamlike selfsorg ..... 189
7.5.4 'n Hermeneutiese model vir die behandeling van individue en groepe wat worstel met die probleem van medelye-moegheid ..... 190

**7.6 FINALE GEVOLGTREKKINGS ..... 191**

**7.7 VOORGESTELDE TERREINE VIR VERDERE NAVORSING ..... 191**

7.8 SLEUTELTERME .......................................................... 191

BYLAES .......................................................... 193

BYLAAG A MEDELYE-SATISFAKSIE/ MOEGHEID TOETS *(COMPASSION SATISFACTION/FATIGUE TEST- CSF)* .......................................................... 195

BYLAAG B DIE BEGELEIDENDE BRIEF .......................................................... 202

BYLAAG C DIE STATISTIESE VERWERKING VAN DIE MEDELYE-SATISFAKSIE/ MOEGHEID TOETS *(COMPASSION SATISFACTION/FATIGUE TEST- CSF)* DEUR DIE STATISTIESE KONSULTASIEDIENS VAN DIE NOORDWES-UNIVERSITEIT .......................................................... 203

BYLAAG D GRAFIESE VOORSTELLING VAN DATA (VGL. 4.4.3.1) .......................................................... 221

BYLAAG E RAAMWERK VAN VRAE: DIE INLEIDING EN DIE SLUITING VAN 'N PROFESSIONELE OOREENKOMS(VGL. 4.5.2) .......................................................... 223

BYLAAG F GEMEENSKAPSANALISE VAN DIE NED. GEREF. GEMEENTE, RANDFONTEIN-NOORD BETREFFENDE DIE NOOD VAN ONS OMGEWING (VERKORT) .......................................................... 226

BYLAAG G 'N SELFSORG DOELSTELLING HULPMIDDEL (VAN DER MERWE, 2006) .......................................................... 232

**BYLAAG H UITBRANDING ONDER GEESTELIKE AMPSDRAERS: *CLERGY BURN OUT INVENTORY (CBI)* ............ 239**

**BYLAAG I UITBRANDINGS VRAELYS: TOETS JOUSELF ............ 243**

**BYLAAG J DIE BURNS DEPRESSIE VRAELYS ............ 245**

**BYLAAG K DIE BURNS ANGS VRAELYS ............ 247**

**BYLAAG L DIE PERSOONLIKE IMPAK VAN SEKONDÊRE TRAUMATIESE STRES EN DIE IMPAK VAN SEKONDÊRE TRAUMATIESE STRES OP PROFESSIONELE FUNKSIONERING (YASSEN,1995:184, 191) ............ 249**

**BRONNELYS ............ 251**

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

### 1.1 ORIËNTERING

Trauma terapeute en beraders het mettertyd al meer bewus geraak van n bepaalde negatiewe effek as gevolg van die aard van hulle werk. Dit het gelei tot n soeke na n verklaring en duidelike antwoorde vir die intense gevoelens wat hulle by tye beleef. Aanvanklik is alle simptome toegeskryf aan die verskynsel van uitbranding, maar daar is mettertyd besef dat dit om iets meer as net uitbranding gaan. Pearlman en Saakvitne (1995: xvii) wat verbonde is aan n trauma-instituut in die VSA, skryf dat hulle bewus geraak het dat die werk wat hulle as traumaterapeute verrig, n geweldige invloed op hulle eie menswees het. *"We have seen profound and painful changes in ourselves, our believes about the world, our ways of being in the world, and our relationships with ourselves and others as a result of our work as traumatherapists".* Wanneer hulpverleners voortdurend moet luister na ander se verhale van vrees, pyn en lyding, is dit waarskynlik dat die hulpverlener uiteindelik self soortgelyke vrees, pyn en lyding begin ervaar, (McCann & Pearlman, 1990:131).

Pastors, beraders en hulpverleners betree dikwels die veld van trauma intervensie met die brandende begeerte om hulp te verleen juis omdat hulle n passie het vir die nood van andere. Hulle raak betrokke by mense in emosionele en fisiese pyn, maar dikwels sonder begrip vir die persoonlike implikasies van hul keuse. Dit is dan ook ironies dat dit gewoonlik die mees effektiewe terapeute is wat die mees kwesbaarste is met betrekking tot hierdie effek van trauma, (Stamm, 1999: xv). Dit wat dus veronderstel is om die berader se sterkpunt te wees, word uiteindelik die basis van sy emosionele verwonding en kneusing (Retief, 2004:13). In hierdie opsig is dit eintlik n tragiese stelling wat Figley maak wanneer hy sê: *"We lose some of our best people to this because in some work situations you're perceived as a whimp... ",* (1995: xiv). Hierdie hulpverleners wat met groot liefde en deernis luister na die emosionele en fisiese pyn van slagoffers, *absorbeer* dikwels baie skokkende inligting. Figley wys daarop dat dit dikwels "*includes absorbing that suffering as well.*" Hy konkludeer dan soos volg, "*It is obvious that we can be traumatized by helping suffering people in harm's way as well as by being in harms' way ourselves*", (2002:3).

Die spektrum van hulpverleners wat hierdie risiko loop, strek oor n wye front. In die eerste linie raak dit die nooddienste. Dit kan die polisie, paramedici, personeel in die ongevalle afdeling van n hospitaal en die mediese dokter wees. In n volgende linie kan dit die staatsaanklaer wees wat n

saak vir n hofsitting voorberei en noodwendig die grafiese inligting van die trauma met die slagoffer moet deurwerk. In n volgende linie kan dit die geestelike hulpverlener wees wat mense in hul krisis moet begelei. Dit kan ook die predikant, maatskaplike werker, berader en sielkundige wees wat voortdurend na die verhale van getraumatiseerde mense moet luister en hulp verleen.

Uit die literatuur blyk duidelik dat die aspekte waaroor dit hier gaan inderdaad n braakveld is wat wag om ontgin te word. Figley maak die stelling dat "*we are now beginning to understand compassion fatigue so that we can do something about it*", (2002:1). Hierdie stelling is baie beslis ook van toepassing op die begeleiding van geestelike hulpverleners wat met dieselfde frustrasies en simptome worstel as alle ander hulpverleners. Wat laasgenoemde aangeleentheid betref, het daar tot op hede nog geen substansiële bydraes op navorsingsgebied verskyn nie. Die Christen psigiater Louis McBurney, het byvoorbeeld twee boeke geskryf wat in die breë sekere raakpunte het met die tema van medelye-moegheid, te wete *Every pastor needs a pastor,* (1988) en *Counseling Christian workers,* (1986). Dan is daar ook n boekie met die titel, *Coping with compassion fatigue,* (1994) deur n leraar, Barrie Henke. Laasgenoemde is egter n baie bondige en oppervlakkige bespreking van enkele van die aspekte rondom hierdie tema. Daar is inderdaad n behoefte aan n meer in diepte benadering tot hierdie probleem vanuit n pastorale perspektief.

Hoewel begrippe soos *compassion fatigue, vicarious traumatization* en *secondary traumatization* terme is wat tot dusver hoofsaaklik deur die sielkunde benut is, het dit inderdaad ook n pastorale en geestelike konnotasie en toepassing. Dit is gevolglik belangrik vir die pastoraat om in staat te wees om op n wetenskaplik verantwoordbare wyse toerusting te kan bied aan Christelike hulpverleners wat, voortdurend blootgestel word aan die pyn en seer van getraumatiseerde mense.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

Daar is 'n koste verbonde aan omgee. Dit is die basiese uitgangspunt van Charles Figley in sy baanbrekersbydrae, *Compassion Fatigue* (1995). Medelye-moegheid word in kort gedefiniëer as die fisiese en emosionele uitputting wat die gevolg is van die empatie en ondersteuning wat aan mense in emosionele pyn verleen is, (Figley, 2002:2; Leon *et al,* 1999:43).

Daar is die afgelope twee dekades baie navorsing gedoen oor trauma. Dit is nie vreemd nie, want trauma is eie aan ons gebroke werklikheid. 'n Groeiende bewussyn het ontwikkel dat skokkende gebeure langtermyngevolge vir die slagoffer inhou (Figley, 1995:xiii). Sedert 1980 is posttraumatiese stresversteuring dan ook as een van die kategorieë in die Amerikaanse Psigiatriese Assosiasie se *Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders* (DSM-III) opgeneem. Sedertdien het daar 'n magdom van literatuur verskyn met betrekking tot trauma, asook die begeleiding van getraumatiseerde persone. In die opleiding van hulpverleners soos nood-dienspersoneel, polisielede, paramedici, brandweerpersoneel, hospitaalpersoneel, ensomeer,

word daar dan ook al meer klem gelê op die ondersteuning en bystand van getraumatiseerde persone.

### *1.2.1 Blote kennis kan traumatiserend wees*

Figley (1995: xiv) definiëer die term, compassion fatigue, soos volg: "The natural behaviors and emotions that arise from knowing about a traumatizing event experienced by a significant other – the stress from helping or wanting to help a traumatized person." In sy bestudering van beskikbare traumaliteratuur het hy tot die gevolgtrekking gekom dat talle verslae, wat fokus op getraumatiseerde persone gewoonlik diegene uitsluit wat indirek of sekondêr getraumatiseer is, terwyl die klem dan hoofsaaklik geplaas word op diegene wat direk beïnvloed is. Dit is slegs maar in die mees resente jare dat besprekings van sekondêre traumatiese stresreaksies onder traumawerkers sporadies in die literatuur aan die orde begin kom het.

Bloot die wete dat 'n geliefde blootgestel was aan 'n traumatiese gebeure kan traumatiserend wees en daarom kan mense dus direk of indirek getraumatiseer word. DSM-IV gee die volgende beskrywing van PTSD (post traumatic stress disorder): "It implies inter alia to learn about unexpected or violent death, serious harm, or threat of death or injury experienced by a family member or other close associates," (1995:424). Die implikasie is dus dat mense getraumatiseer kan word sonder om noodwendig self fisies benadeel of bedreig te word. Deur bloot te verneem of inligting te bekom aangaande 'n traumatiese gebeure met betrekking tot iemand anders, kan traumatiese implikasies tot gevolg hê. Volgens Figley is een van die gevolge hiervan die feit dat die getal "slagoffers" van gewelddadige misdaad, ongelukke en ander traumatiese gebeure, grootliks onderskat word, aangesien slegs diegene in berekening gebring word wat direk deur die ongeluk/trauma beïnvloed is.

### *1.2.2 Die stigma rondom medelye-moegheid*

Dit is bekend dat hulpverleners geslote kan wees oor die pyn wat hulle ervaar omdat hulle die stigmatisering van kollegas vrees wanneer dit blyk dat hulle eie menswees en hul effektiewe funksionering as terapeute in gedrang kom. Leon *et.al.* (1999:56) wys ten opsigte van maatskaplike werkers daarop, dat hulle geneig is om medelye-moegheid te sien as tekenend van persoonlike onbekwaamheid. Dit mag blyk dat hierdie siening oor die hele spektrum van hulpverleners voorkom. Hulle bespreek nie hulle eie gevoelens en gedagtes nie, omdat hulle meen daar skort iets in hul persoonlike of professionele mondering omdat hulle die simptome ervaar. Volgens Follette *et al.* (1994:275) kan een van die redes hiervoor wees dat hulpverleners dikwels self 'n geskiedenis van onverwerkte trauma het. Ook Pearlman & Saakvitne (1995:5) praat van *survivor therapists* wat tot die uiterste toe gaan om hul kliënte te help omdat hulle die pyn van trauma so goed ken. Die eie traumageskiedenis word dan soms onbewustelik in die

terapeutiese situasie ingedra. "*We have seen therapists who failed to address their own needs outside of their therapeutic relationships and so knowingly or unwittingly used clients to meet their own needs*", (Pearlman en Saakvitne, 1995: xvi). Dit kan nadelig in die terapeutiese situasie wees. Beide die hulpverleners en hulpsoekers loop die risiko om in hierdie proses benadeel te word. Hulpverleners het daarom kennis nodig om die ingewikkelde prosesse te verstaan wat in die terapeutiese situasie aanwesig is, ten einde steeds 'n kwaliteit diens te lewer. Die nodige aandag aan die eie geestelike en emosionele welsyn is dus belangrik en pastorale begeleiding en ondersteuning kan hier van groot betekenis wees.

### *1.2.3 Medelye-moegheid en geloof*

Trauma het die potensiaal om die geloof van die hulpverlener af te takel, aangesien dit inderdaad beskou kan word as 'n totale aanslag op die mens se geloofsisteme en lewensveronderstellinge (Hicks, 1993:15 & 24). Die getraumatiseerde se denkraam waardeur die lewe gesien en verstaan word, is verpletter en die traumawerker is dikwels mede-slagoffer hiervan. *"Perharps the most fundamental disruption the trauma therapist wil experience is the disruption of frame of reference, including the individual's sense of identity, central believes about the world, and spirituality,"* (Figley,1995:160 ). Een van die basiese motiverings vir hierdie studie is juis dan ook hierdie kwessie rondom die geloof van die geestelike hulpverlener wat skade kan lei, as gevolg van persoonlike betrokkenheid by soveel andere se pyn en leed.

### *1.2.4 Medelye-moegheid en uitbranding*

Sedert die sewentiger jare het al meer publikasies verskyn rondom die invloed van trauma intervensie op beraders en terapeute. Waar die navorsing tot op daardie stadium baie sterk gefokus het op die verskynsel van uitbranding, het navorsers al meer tot die konklusie gekom dat daar bykomende faktore is wat 'n rol speel en dat sommige van die tipiese simptome uiteindelik ook verskil van dié van uitbranding. In die literatuur wat handel oor uitbranding is daar ook al op vroeëre stadiums melding gemaak van die moontlike negatiewe impak wat kliënte op 'n berader kan hê. Die volle implikasies is egter nooit uitgespel nie, (Leon & Altholtz 1999:46). In hierdie verband wys McCann & Pearlman (1990:136) byvoorbeeld op C J Jung wat reeds in 1966 aangetoon het dat *"an 'unconscious infection' may result from working with the mentally ill."* Hulle wys ook op die bevinding van R D Chessick in 1978 dat *"conditions of depression and despair in one's clients (which he calls 'soul sadness') can be contagious."*

### *1.2.5 Terminologie*

Beth Stamm (1999:xx) beskryf hoedat sy en Charles Figley reeds in 1993 gesprekke gevoer het, betreffende terminologie. 'n Term wat tot op daardie stadium binne die konteks van die invloed van trauma op die berader sterk beklemtoon is, was dié van *secondary traumatic stress.* Sy en

Figley het besluit om eerder die term *"compassion fatigue"* te gebruik aangesien dit ietwat sagter op die oor is. In die literatuur word hierdie twee begrippe egter dikwels as sinonieme gebruik.

Die gebruik van die begrip *compassion fatigue* was egter nie op hierdie stadium heeltemal uniek nie, aangesien Carla Joinson reeds in 1992 beslag hieraan gegee het. In 'n artikel wat sy vanuit 'n verpleegkonteks geskryf het in die tydskrif *Nursing,* wys sy op die tipiese tamheid en emosionele uitputting wat persone mettertyd binne die beroep van verpleegkunde ervaar. Op hierdie stadium is hierdie verskynsel egter nog steeds beskou as 'n vorm van uitbranding. Figley (1995) het egter die begrip van *compassion fatigue* verbreed en dit veral toegepas binne die konteks van die sielkunde en spesifiek binne die literatuur wat handel oor traumatiese stres.

Om te kom tot 'n meer volledige verstaan van die terme *compassion fatigue* en ook *secondary traumatic stress*, soos gebruik deur Figley en andere, is dit noodsaaklik om ook kennis te neem van die term *"vicarious traumatization."* Lisa McCann en Laurie Ann Pearlman (1990) het hierdie term gemunt en hulle definiëring daarvan kom in 'n groot mate ooreen met dié van *compassion fatigue* en *secondary traumatic stress.*

### *1.2.6 Stand van navorsing*

Die jaar 1995 was inderdaad 'n waterkeidingsjaar betreffende navorsing rondom medelye-moegheid met die publisering van onder andere die volgende drie belangrike bydraes: *Compassion Fatigue. Coping with secondary traumatic stress disorder in those who treat the traumatized,* deur Charles Figley; *Trauma and the Therapist. Countertransference and vicarious traumatization in psychotherapy with incest survivors,* deur Laurie Anne Pearlman en Karen W Saakvitne; en *Secondary Traumatic Stress. Selfcare issues for clinicians, researchers and educators,* deur Beth Hudnall Stamm. Hierdie persone het dan ook 'n deurslaggewende rol gespeel in die navorsing op hierdie terrein asook die definiëring van belangrike terminologie.

Sedert 1995 het die stroom van literatuur rondom hierdie tema drasties toegeneem. Afgesien van talle artikels deur verskeie navorsers was die publikasie van Figley se volgende boek, *Treating Compassion Fatigue,* in 2002 weer eens 'n belangrike bydrae. Dit bied 'n oorsig van die stand van navorsing sedert 1995 op die terrein van sekondêre trauma.

### *1.2.7 Opleiding*

In 1999 het Charles Figley die eerste formele universiteitskursus ontwikkel betreffende die tema van medelye-moegheid. Hy noem dit die *Compassion Fatigue Specialist Certificate Program* en dit word sedertdien aangebied by die Florida State University, waar hyself verbonde is.

In Figley se boek *Treating Compassion Fatigue* (2002:123), word een van die artikels gewy aan 'n bespreking van een van die eerste behandelingsprogramme wat ontwikkel is vir medelye-moegheid, naamlik *The Accelerated Recovery Program for Compassion Fatigue* (ARP).

### *1.2.8 Uitdaging aan die kerk*

Op pastoraal-kerklike terrein is daar sover bekend nog nie 'n studie oor hierdie onderwerp gedoen nie. Daar is wel heelwat navorsing gedoen ten opsigte van aanverwante temas soos medelye, empatie, mededoë, barmhartigheid, ensomeer. Daar is ook heelwat geskryf oor uitbranding en besondere klem is ook verleen aan die voorkoms hiervan onder leraars. Soos reeds vermeld is daar inderdaad sekere ooreenkomste tussen uitbranding en medelye-moegheid, maar die twee terreine moet nie verwar word nie. Die onderskeid tussen hierdie twee velde sal dan ook in hierdie studie aandag ontvang. Outeurs wat in hierdie verband 'n bydrae gelewer het, is onder andere Mitchener & Zaparanick, 2001:54 en Figley, 1995:12.

Die kerk het 'n pastorale taak om sy lidmate wat as hulpverleners intense en langtermyn blootstelling ervaar aan die emosionele pyn en trauma van andere, toe te rus en te begelei. Hier dink 'n mens in besonder aan leraars, sendelinge, lekeberaders, maatskaplike werkers, sielkundiges, psigiaters en verskeie ander terapeutiese beroepe. Om hierdie taak te vervul is dit noodsaaklik dat alle betrokkenes ten volle op hoogte sal wees van die koste en implikasies van betrokkenheid by andere se seer en pyn.

## 1.3 NAVORSINGSVRAAG

- Hoe kan die ampte in die kerk van Jesus Christus te werk gaan om geestelike hulpverleners in so 'n mate toe te rus dat dit sal verhoed dat hulle weens medelye-moegheid emosioneel en geestelik afgestomp raak en uiteindelik óf hulle hul beroepe verlaat óf nie meer effektief funksioneer nie?

Verdere vrae wat hieruit voortspruit, is die volgende:

- Watter funksie het die Reformatoriese kerklike tradisie en interpretasie van die Skrif vervul in die proses van emosionele en geestelike afmatting en uitputting by geestelike werkers en beraders?
- Wat is die resultate wat voortspruit vanuit 'n empiriese ondersoek betreffende die voorkoms van medelye-moegheid by geestelike hulpverleners en terapeute?
- Watter verhelderende insigte bied die resultate van die navorsing van ander hulpwetenskappe en dissiplines betreffende die tema van medelye-moegheid?

## 1.4 DOELSTELLINGS EN DOELWITTE

### *1.4.1 Doelstelling*

- Die oorkoepelende doelstelling met hierdie studie is om vanuit 'n pastorale vertrekpunt praktiese riglyne daar te stel wat as toerusting kan dien vir geestelike hulpverleners om te verhoed dat hulle weens medelye-moegheid emosioneel en geestelik afgestomp raak en uiteindelik óf hulle hul beroepe verlaat óf nie meer effektief funksioneer nie.

### *1.4.2 Doelwitte*

Die spesifieke doelwitte van die studie is:

- Om op grond van Reformatoriese beginsels die rol van die kerklike praktyk en Skrifinterpretasie te ondersoek ten opsigte van die proses van emosionele en geestelike afmatting en uitputting by geestelike werkers en beraders.
- Om deur middel van 'n empiriese ondersoek die voorkoms van medelye-moegheid by geestelike hulpverleners soos leraars, maatskaplike werkers en ander terapeute en hulpverleners te ondersoek.
- Om alle vernuwende insigte van die resultate van die navorsing deur ander hulpwetenskappe en dissiplines te ondersoek betreffende die tema van medelye-moegheid en dit wat bruikbaar is dan te inkorporeer binne hierdie studie.
- Om 'n prakties-teologiese teorie te formuleer wat as riglyn kan dien vir die voorkoming van medelye-moegheid, sowel as die begeleiding van persone wat sit met die gevolge daarvan.

## 1.5 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

'n Pastorale model met praktiese riglyne betreffende die probleem van medelye-moegheid, kan 'n belangrike bydrae lewer om persone met medelye-moegheid te begelei om hierdie verskynsel in hul persoonlike lewens te herken en te erken.

## 1.6 METODOLOGIE

Die benadering wat in hierdie studie gevolg word, is gebaseer op die model wat Zerfass vir die Praktiese Teologie ontwerp het, (1974:164-177; vgl ook Heyns & Pieterse, 1998: 38-40).

Hierdie metode impliseer dat basisteorieë uit die teologiese tradisie gevorm word, metateorieë uit sommige van die grenswetenskappe en dan 'n ordening van die resultate met die oog op praktykteoretiese perspektiewe.

- In die vorming van basisteorieë, soos dat die pastor te alle tye gereed moet wees om te help, sal daar gelet word op die vereistes wat binne die kerklike tradisie gestel is aan geestelike werkers en hulpverleners om soms ten koste van hulself empaties en met oorgawe diensbaar te wees. Daar sal ook gelet word op toepaslike Skrifuitsprake asook 'n sekere interpretasie hiervan binne die Reformerende kerklike tradisie rondom die opdrag om die evangelie uit te dra na alle uithoeke van die aarde, ten alle koste. Relevante Skrifgedeeltes is onder andere die volgende: Paulus getuig dat hy met dankbaarheid die prys in diens van die Evangelie betaal het. Paulus sien die doel van die moeilikhede en beproewinge wat hy moes deurstaan as toerusting om ander te help wat ook in allerlei moeilikhede en beproewinge kom, (2 Kor.1:3-6). Die opdrag van die Evangelie is vir Paulus duidelik: Wees bly saam met dié wat bly is en treur saam met dié wat treur, (Rom.12:15); Dra mekaar se laste en gee op die manier uitvoering aan die wet van Christus, (Gal.6:2). Binne die kerkgeskiedenis is daar talle voorbeelde van sendelinge, sendingdokters, evangelisasie werkers en predikante wat in hierdie proses alles opgeoffer het, dikwels ten koste van eie gesondheid of gesinslewe.
- Met betrekking tot metateorie word die bydrae van die grenswetenskappe soos die psigologie, sosiologie, maatskaplike werk en ook die mediese wetenskap gebruik vir navorsing. 'n Kwantitatiewe empiriese studie onder leraars, kerklike maatskaplike werkers en ook ander terapeute sal gedoen word ten einde vas te stel wat die omvang en redes is vir die situasie van uitbranding en medelye-moegheid onder kerklike hulpverleners en ampsdraers.
- Praktykteoreties sal daar uit die resultate van die verwerkte vraelyste, tesame met die relevante Skriftuurlike gegewens, gepoog word om n prakties-teologiese teorie te formuleer asook riglyne betreffende die praktiese toepassing hiervan voor te stel. Hierdie teorie sal getoets word aan die situasie analise sowel as aan die teologiese oorlewering. Die basiese oogmerk sal wees om duidelike riglyne neer te lê, betreffende die voorkoming van medelye-moegheid, asook die pastorale begeleiding van geestelike werkers wat reeds vasgevang geraak het binne hierdie dilemma.

## 1.7 ANDER TEGNIESE ASPEKTE

- Vir die afkorting van Bybelboekname is gebruik gemaak van die algemeen erkende afkortings soos voorgestel deur die Taalkommissie in die negende uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (sien *AWS* in bibliografie).
- Waar die geslagsvorm *hy/hom* in die studie aangedui word, verteenwoordig dit ook die vroulike geslagsvorm *sy*.
- Die terme *kliënt, beradene* en *individu* word afwisselend gebruik vir die persoon wat behandeling, berading of terapie ontvang.
- Die terme *terapeut* en *berader* word afwisselend gebruik vir die persoon wat behandeling, berading of terapie aanbied.
- Die inhoud van hierdie verhandeling voldoen aan al die etiese vereistes soos neergelê deur die Noordwes-Universiteit.

## 1.8 HOOFSTUKINDELING

1.8.1 Inleiding

**Afdeling A: Basisteorie**

1.8.2 Basisteoretiese perspektiewe met betrekking tot die moontlike bydra wat die Reformatoriese kerklike tradisie en Skrifinterpretasie gelewer het in die vorming van medelye-moegheid by geestelike werkers en beraders, sal verken word.

1.8.3 Eksegetiese perspektiewe met betrekking tot medelye-moegheid

**Afdeling B: Metateorie**

1.8.4 Metateoretiese perspektiewe wat grenswetenskappe bied, betreffende die tema van medelye-moegheid.

- Die mate van moontlike oorvleueling en ook verskille tussen die terreine van uitbranding en medelye-moegheid
- Die rol van medelye-satisfaksie as moontlike teenmiddel teen medelye-moegheid

1.8.5 Resultate wat voortspruit vanuit n empiriese ondersoek betreffende die voorkoms van medelye-moegheid by geestelike hulpverleners en terapeute

**Afdeling C: Praktykteorie**

1.8.6 Die formulering van 'n praktyk-teoretiese model

**Afdeling D: Samevatting**

1.8.7 Samevattende gevolgtrekkings

1.8.8 Bylaes

1.8.9 Bronnelys

# AFDELING A: BASISTEORIE

## HOOFSTUK 2

### BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN DIE PROBLEEM VAN MEDELYE-MOEGHEID

Uit: *Donkerbosverdwaal* deur Sielie Laubscher

Vir die eerste keer in al hierdie maande reflekteer die spieël my ware gesig: ek is stukkend, middeldeur gebars (Laubscher, 1992:85).... My man se hele lewe bestaan uit sy werk: sy lewe is sy werk en sy werk is sy lewe. Ek weet U het hom geroep, Here, maar hoe moes ek destyds geweet het wat sy werk vir my, die agterryer sou inhou? Ek was so jonk, so naïef, so vol ideale en geesdrif. Ek wou **alles** vir U gee, alles opoffer. Ek was aan die brand vir U en u werk. ..... "En nou is daar nêt as van my geesdrig oor. En nou, Here, het U ook my hand gelos. Nou het U toegelaat dat ek in hierdie donker bos verdwaal geraak het. Ek is 'n dop, 'n leë kruik, 'n uitgesuigde lemoen, 'n **skaduwee** van daardie jong vrou wat *alles* vir U wou doen."

Ons gemeentesusters (Laubscher, 1992:37) was die Vrydagmiddag in die kerksaal besig om tafels te dek vir Daleen se troue- die troue van die jaar - toe my man skielik in die deur staan en vir my wink. Aan sy hele houding kon ek aflei dat daar iewers fout is. Toe ek in sy gesig kyk, kon ek sien: gróót fout. Hy was strak en aswit.

"Ons het P.G. gekry," se hy, "in die mielieland. Sê die susters moet aangaan. Jy moet saam met my uitgaan plaas toe. Johanna en Daleen het jou nodig."

Die gevoel onder familie en vriende en selfs buitestanders was die van skok, ongeloof en woede. Niemand kon dit begryp nie. Dat 'n mens dit aan jou dogter, aan Jou gesin kan doen! Kon hy nie ten minste net gewag het tot na sy kind se troue nie?

Ek skrik (Laubscher,1992:29) toe die telefoon lui. Dit moet lank na middernag wees. Ek het net na twaalf opgestaan en hier in die donker sitkamer kom sit om na 'n bietjie nagmusiek te luister. Toe ek in die studeerkamer kom en die lig aanskakel, het my man reeds die telefoon in ons kamer opgetel. My oog vang die wysers van die staanhorlosie. Dis kwart voor drie.

Ek stap kombuis toe om die ketel aan te skakel, want ek weet intuïtief dis die hospitaal.

"Dis Renier," sê my man toe ek in die kamer kom waar hy haastig besig is om aan te trek, "hy is sterwend."

"Ek het so gedink. Ek maak koffie en trek solank die motor vir jou uit," hoor ek myself sê.

Hy staan sommer sy koffie en drink, maar hy eet darem 'n stukkie beskuit.

"My vrou," sê hy, "hoekom slaap jy tog nie? Ek vat 'n voordeursleutel, dan gaan klim jy in die bed en probeer 'n rukkie slaap. More is 'n bedrywige dag vir jou. Moenie vir my wag nie, ek bly tot alles verby is."

Ek kry hom meteens verskriklik jammer. Onder die skerp lig lyk hy vir my *oud en moeg*, en ek weet maar te goed wat op hom by die hospitaal wag. Hy is 'n goeie predikant, dink ek. Hy leef so intens mee met sy mense. En wat is ek? In plaas van 'n hulp vir hom, is ek 'n blok aan sy been. In plaas daarvan dat ek sy probleme help dra, word ék juis sy grootste probleem.

In hierdie weerlose uur van die nag wens ek skielik dat ek spontaan na hom toe kan gaan, my arms om hom sit en hom net 'n paar minute styf vashou. Maar my eie ingeskulptheid weerhou my daarvan en ek bly afsydig langs die kombuistafel staan, onmagtig om selfs 'n blyk van eenvoudige liefde te gee ...

## 2.1 INLEIDING

In die bekroonde en aangrypende werk van Sielie Laubscher (1999) *Donkerbosverdwaal: belydenis van 'n depressielyer,* lees ons die verhaal van 'n predikantsvrou wat met erge emosionele pyn in die "donkerbos" van depressie verdwaal het. Uit die verhaal blyk dit dat sy as predikantsvrou innig met haar man en gemeente meegeleef het in die lief en leed van die gemeente. Dit blyk ook dat sy "aan die brand" was vir die Here en sy werk, dat sy graag haar "alles" wou gee in diens van die Here. Haar geestelike belewenis dat die Here ook nou haar hand gelos het, is traumaties. Hoe kan 'n gelowige wat bereid was om alles vir die Here te gee, begryp wat gebeur as dit voel of die Here Hom aan jou onttrek het? Die antwoord wat haar boek op hierdie vraag bied, is dat dit erge depressie was. Die pastor en sy of haar eggenote wat intens met die lidmate in sy gemeente meeleef, word dikwels blootgestel aan sekondêre traumatiese stres. Hy of sy word gereeld uitgeroep na 'n sterfbed. Die dood of selfmoord van lidmate en veral kinders wek stres en medelye. Die pastor word blootgestel aan die skokkende beserings van lidmate na motorongelukke. Hy moet luister na die skokkende of tragiese verhale van medegeloofsgenote. Hierdie predikantsvrou vertel ons dat sy die skok en sekondêre traumatiese stres op die bleek gesig van haar man kon sien. Sy kon haar man se gemoed lees en aanvoel. Sy kon sien as daar groot fout is. En alhoewel die depressie bevinding deel van die probleem mag wees, is dit 'n vraag of daar werklik deurgedring is na die dieperliggende oorsaak. Is dit nie waarskynlik dat sekondêre traumatiese stres, of te wel medelye-moegheid aan die wortel van dié depressie gelê het nie. Kon die intense gevoelens wat sy vrou in die proses beleef het, nie moontlik die gevolg van sekondêre trauma gewees het nie?

Die verhaal laat mens dus wonder of ons hier nie benewens die diagnose van depressie, ook met die voorkoms van medelye-moegheid, soos waargeneem en nagevors by traumaterapeute en ander nooddienste se personeel te make het nie? Navorsers het maar eers gedurende die laat tagtigerjare intensief begin aandag gee aan hierdie verskynsel en dit sou gevolglik in alle waarskynlikheid nog nie as diagnostiese kriterium in SA in gebruik gewees het, ten tye van Sielie Laubscher se siekte nie. Teen die agtergrond van die huidige stand van navorsing, wil dit in retrospeksie eerder blyk dat dit by haar sou gegaan het om liggaamlike en emosionele uitputting as gevolg van die twee beroepe (predikantsvrou en bibliotekaris) wat sy beklee het. As gevolg van die gepaardgaande intense betrokkenheid by ander mense en hul probleme sou medelye-moegheid gevolglik 'n baie groot faktor gewees het. Depressie sou dan maar net 'n verdere uitvloeisel hiervan gewees het en nie noodwendig die hoofoorsaak nie. Kan dit dalk wees dat hierdie predikantsvrou slegs die "geïdentifiseerde pasiënt" (Müller,1996:76-77,107) of te wel die "simptoomdraer" (Patton en Childs,1988:150) van haar man se patologie is? Kan dit wees dat haar simptome in die lig van die sisteemteorie die funksie vervul het, om haar man teen homself

### *2.1.3 Basisteoretiese vertrekpunt*

Basisteorieë word gevorm deur die interpretasie van die Skrif. Hoewel die pastoraat werk met geloofsapriori's wat nie empiries verifieerbaar is nie (Louw, 1999:51), is die praktiese teologie betrokke by die interaksie van die verbondsmatige ontmoeting tussen God en die mens (Louw, 1999:28). Die Bybel word hier in ooreenstemming met die gereformeerde tradisie (Louw, 1993:ix) verklaar en gebruik as die geïnspireerde Woord van God, waarop die pastor en gelowige geestelike werkers hul roeping en dienswerk begrond.

Geloof in die Bybel as die Woord van God, skep 'n bipolêre spanning tussen God en die mens (Heitink, 1984:79; Louw, 1999:35, 51). Die verhouding tussen God en mens en tussen openbaring en eksistensie, kan beskryf word as 'n onoplosbare spanning, want die waarheid van die christelike geloof en die empiriese situasie val nie noodwendig saam nie (Louw, 1999:50). Die geestelike werkers wat hulp verleen aan die getraumatiseerde staan midde in die spanning. Die bemiddelende funksie van die pastorale optrede vind alleenlik plaas omdat God sy Woord aan mense toevertrou (Louw, 1999:42). Firet (in Louw, 1999:42) noem dit die kom van God deur sy Woord na die mens in nood.

## 2.2 METODE

Die doel van hierdie studie is die formulering van 'n praktyk-teologiese teorie met riglyne vir die voorkoming van medelye-moegheid en die pastorale begeleiding van geestelike werkers met medelye-moegheid. Om in hierdie doel te slaag, sal daar gepoog word om na die eie aard van die Praktiese teologie as wetenskap, die mens wat in die lig van sy geloofsisteme in gehoorsaamheid aan God hierdie dienswerk verrig, te bestudeer. Die inisiële ontmoeting met God en die daaropvolgende tyd waarin die geestelike werker groei tot sy eie unieke verstaan van sy roeping om ander te help wat deur nood en krisis gaan, moet ook nagevolg word, want dit mag ernstige implikasies vir die geestelike werker inhou. Die praktiese teologie (Heyns & Pieterse, 1990:6) bestudeer immers die mens se godsdienstige handelinge.

Hier sal verder gelet moet word op die vroeëre bewering dat die taak van die Praktiese teologie baie beperk is. Hiervolgens het die Praktiese teologie geen selfstandige wetenskapsbeoefening behels nie. Die Praktiese teologie moes hiervolgens bloot aan pastors die nodige afronding en vaardighede gee om hul eintlike teologiese kennis (soos die Bybelvakke en dogmatiek) in die praktyk toe te pas (Heyns & Pieterse, 1990:7). Dit sou impliseer dat die Praktiese teologie aanvanklik slegs daarop gefokus was, om die pastor met die nodige vaardighede te bemagtig om aan die eise van die bediening te voldoen. Dit sal gevolglik belangrik wees vir hierdie studie om te bepaal watter pastorale waardes deur die loop van eeue in die Reformatoriese kerke aan sy pastors en geestelike werkers deurgegee is.

Die Praktiese teologie wil die ontmoeting tussen God en mens bestudeer. In hierdie studie gaan dit om die pastor en geestelike werker wat as tussenganger (Heitink, 1984: 55) tussen God en die beseerde mens, tussen die Woord van God en die getraumatiseerde, inbeweeg om hom geestelik te versorg. Hierdie tussengangers kan ook nie slegs as individue waargeneem word nie, maar moet binne die konteks van die sturende gemeenskap van gelowiges, naamlik die plaaslike gemeente, waargeneem word. Heyns (Heyns & Pieterse, 1990:6) toon aan dat die tussengangers se verstaan van die Bybel en hul persoonlike ervaring van hul ontmoeting met die Here beïnvloed word deur hul godsdienstige agtergrond, die leringe in hulle kerke en kategeseskole waarvan hulle deel is, asook natuurlik deur die persone agter die leringe (byvoorbeeld die predikers en kategete) wat ook insluit die ervaringe met God deur die Bybelse outeurs wat in die Woord gedokumenteer is.

As kernmetafoor vir die pastoraat word die paraklesemetafoor benut (Heitink, 1984: 295; Louw, 1999: 69). Die paraklesemetafoor gee uitdrukking aan "beide die indikatiewe element van sorg en troos (die heil in Christus op grond van sy versoeningswerk en opstandingsoorwinning) en die imperatiewe komponent van sorg (vermaning, teregwysing, bemoediging) met die oog op verandering van lewensrigting" (Louw, 1999:72). Deur die Woord en die werk van die Heilige Gees, roep, stuur en rig God mense om met Hom mee te werk aan die heling van gebroke en in sondegevalle mense.

### *2.2.1 Die teorie-praktyk spanning.*

Die taak van die Praktiese teologie (Heyns & Pieterse, 1990:7) is die vorming van teorie vir die praxis van kerklike en godsdienstige handelinge. Teorieë word egter nie net deur die Praktiese teologie ontwikkel nie maar word ook gevorm deur en in die praktyk. Trouens, alle praktyk is aldus Heyns (in Heyns & Pieterse, 1990:19) teoreties gebaseer. Gelowiges skep bewustelike en onbewustelik teorieë op grond van hul praktiese geloofshandelinge en geloofservaringe. Dit geskied weer op grond van hul interpretasie van die Skrif en soos dit aan hulle geleer is in die geloofsgemeenskap. Hierdie naïewe of voorwetenskaplike teorieë is ook die voorwerp van studie deur die Praktiese teologie. Die gelowiges is egter steeds besig om hul geloofsteorieë te heroorweeg in die lig van hul daaglikse lewenservaringe en in die lig van die wetenskaplike kennis uit ander vakgebiede, soos byvoorbeeld die Sielkunde, waarmee hulle in kontak kom. Die geldigheid en effektiwiteit van die bestaande teorieë en praxis moet gevolglik voortdurend onder die vergrootglas kom.

Die doel van hierdie studie is dan om vas te stel watter bestaande teorieë en praxis bewustelik of onbewustelik funksioneer in die sorg aan die getraumatiseerde deur geestelike werkers. Ook die Praktiese teologiese teorie vir die pastorale praktyk val onder die soeklig. Die ondersoek fokus dus op die bestaande praktyk van pastorale hulpverlening, asook die pastorale selfverstaan van

te beskerm, deur die tempo van sy lewe te verlangsaam en hom te dwing om minder intens by die pyn van ander betrokke te raak?

### *2.1.1 Voorlopige vrae*

Van die vrae wat dus in hierdie studie om verheldering vra is: Is die verskynsel van medelye-moegheid nie meer algemeen en dalk een van die grootste stresfaktore onder pastors, hul eggenotes, ander geestelike werkers en hul gesinne nie? Is medelye-moegheid en uitbranding nie dalk die teenpole van dieselfde probleem is nie? Is dit dalk so dat juis die bewustheid van hul geroepenheid, pastors en geestelike werkers dryf om hulleself met soveel oorgawe aan hul taak te wy? Word daar genoeg aandag gegee aan die verskynsel van medelye-moegheid in die teologiese en professionele opleiding van pastors en ander geestelike werkers? Het die geestelike werkers wat wel aan medelye-moegheid ly, self geestelik genoeg gegroei om die traumatiese data wat deur die primêre slagoffers aan hulle oorgedra is, gelowig te verwerk? Daar sal ook in die loop van die studie besin moet word of al bogenoemde vrae legitiem en ter saaklik vir die studie was.

### *2.1.2 Doelstelling*

Soos reeds aangedui, is die doel van hierdie studie om vanuit 'n pastorale vertrekpunt praktiese riglyne daar te stel vir geestelike werkers. Dit kan verhoed dat hulle nie weens medelye-moegheid emosioneel en geestelik so afgestomp raak dat hulle uiteindelik óf hulle beroepe verlaat óf nie meer effektief funksioneer nie. Hierdie doel kan alleen bereik word na die verkenning van die basisteoretiese perspektiewe met betrekking tot die moontlike bydrae wat die reformatoriese kerklike tradisie en Skrifinterpretasie gelewer het, tot die stimulering van medelye-moegheid by geestelike werkers en pastors.

Die vrae wat hier om verheldering vra is veelvuldig: Is dit so dat in die Reformatoriese kerklike tradisie daar in die verlede van die pastor en geestelike hulpverleners verwag is, om te alle tye gereed te wees om hulp te verleen en selfs ten koste van hulleself empaties en met oorgawe diensbaar te wees? Is hierdie oortuiginge gegrond op 'n suiwere interpretasie van die Skrif? Is die oortuiginge dalk gebaseer op ongegronde interpretasies of 'n eensydige beklemtoning van sekere gedeeltes in die Skrif wat nie in samehang met die ander toepaslike en balanserende Skrifgedeeltes gebruik is nie. Sou hierdie diep gewortelde oortuiginge, gegrond op bepaalde interpretasies van die Skrif, daartoe kon lei dat pastors en hulpwerkers hulleself emosioneel, liggaamlik en selfs geestelik beskadig het? Is daar Bybelse narratiewe waarin dit sou blyk dat die Skrif geestelike hulpverleners wat hulle met oorgawe toewy aan hulle bediening om die heilswerk van Christus in die gebroke lewens van mense te laat tuiskom, vermaan om in die proses ook na hul eie geestelike en emosionele welsyn om te sien?

geestelike werkers. Betekenisvolle momente in die geskiedenis van die pastorale versorging van mense in nood deur geestelike werkers, sal ook aan die orde gestel word.

### *2.2.2 Zerfass se model dien as nuttige instrument vir hierdie ondersoek*


Aan die hand van Zerfass se model sal die studie gestruktureer word (Klosterman & Zerfass, 1974:167; Heyns & Pieterse, 1990:35-17) . Die hoofstukindeling sal ooreenstem met die stappe uiteengesit in die model.

**Praxis 1**

Ons sal dus begin met praxis (1) en hopelik eindig met 'n nuwe en verbeterde praxis (2). Praxis een in hierdie studie veronderstel dat geestelike werkers wat traumawerk verrig, 'n probleem met medelye-moegheid mag ervaar en dat die bestaande situasie roep om pastorale riglyne daar te stel vir die hantering van medelye-moegheid. Praxis (1) stem dus ooreen met die probleemstelling wat in hoofstuk een van hierdie studie aangebied is.

Beraders (soos onder andere predikante en maatskaplike werkers) wat voortdurend blootgestel word aan die pyn en lyding van getraumatiseerde mense, raak mettertyd afgestomp en gevoelloos. Dit word vir hulle gaandeweg al moeiliker om empaties en met oorgawe hulleself te gee en sommiges tree mettertyd uit hulle beroepe. Die waarskynlikheid is groot dat talle gesinne en huwelike reeds op hierdie wyse skade gely het.

Die volgende diagram is 'n grafiese voorstelling van Zerfass se metode (Klosterman & Zerfass, 1974:167).




**Teologiese oorlewering (Hoofstuk 2 en 3)**

Praxis (I) spruit hipoteties gedeeltelik voort vanuit 'n bepaalde teologiese tradisie en neem ons dus na pyltjie (2). Die rigting van die pyltjie (2) noop die navorser om die teologiese tradisie waarbinne die bestaande praktyk ontwikkel het, te ondersoek. Van die pastor en geestelike werkers word van altyd af verwag om empaties en met oorgawe betrokke te wees by die nood en lyding van andere. Binne die kerkgeskiedenis is daar talle voorbeelde van sendelinge, predikante, Christen medici en evangelisasie werkers wat in hierdie proses alles opgeoffer het om diensbaar te wees. Heintink formuleer die diepste motiewe van die pastorale optrede, wat uiteraard deel van die teologiese oorlewering vorm. "Het evangelisch karakter van het werk komt echter in de eerste plaats hierin tot uidrukking, dat het om Christus' wil gedaan wordt, met het oog op Hem, op zijn Koninkrijk, de vernieuwing van mens en wêreld" (1984:155). Hy toon aan dat hierdie taak in die lig van die evangelie volvoer word. Daarom sal die Bybelse riglyne 'n kragtige invloed uitoefen op die geestelike werkers wat hierdie werk doen. Maar hierdie basisteoretiese uitgangspunte staan in 'n polêre spanning met die bestaande praxis. Die bestaande praxis in hierdie studie wentel om die geestelike werker se verstaan van sy roeping, sy interpretasie van Skrifuitsprake wat op homself en die werk wat hy doen van toepassing is, asook die praktyk van sy sorg aan die getraumatiseerde.

Omdat hierdie 'n pastorale studie is, sal die gesag en die voorrang van die Woord van God nie misken word nie. In die volgende hoofstuk sal intensief aan hierdie aspek aandag gegee word.

**Situasie analise (Hoofstuk 4 en 5)**

Hier sal 'n empiriese ondersoek gedoen word om vas te stel waarom die situasie ontwikkel het soos beskryf onder praxis (1). Praxis (1) noop die navorsing om ook bronne in die grenswetenskappe te raadpleeg ten einde groter begrip vir die probleem in praxis (1) te verkry en neem ons dus na pyltjie (3). Aan die hand van vraelyste wat deur predikante, maatskaplike werkers en ander geestelike werkers voltooi word, sal die probleem geïdentifiseer in praxis 1 verhelder word. Persoonlike gesprekke sal ook in die verband gevoer word. Die resultate van studies op die terrein van die Sielkunde, Maatskaplike werk, asook die Mediese veld rondom die tema van trauma, medelye-moegheid en sekondêre traumatisering sal ook verdiskonteer word. Pyltjie (5) dui daarop dat die teologiese tradisie en die situasie analise voortdurend met mekaar in verband gebring word ten einde groeiende insig in die probleem te ontwikkel.

**'n Nuwe prakties-teologiese teorie (Hoofstuk 6)**

Uit die resultate van bogenoemde twee bewegings sal gepoog word om 'n prakties-teologiese teorie te formuleer. Die empiriese navorsingsdata sal met die teologiese tradisie in verband gebring word (pyltjie 5) en dit bring ons by pyltjies (7) en (8).

**Praxis 2 (Hoofstuk 6)**

Hier sal die praktiese toepassing van die prakties-teologiese teorie aan die orde kom. Daar sal gepoog word om duidelike riglyne neer te lê vir die bekamping van medelye-moegheid en sekondêre traumatisering. Omdat hierdie model gerig is op voortgaande teologiese ontwikkeling, sal die teorie steeds getoets moet word aan die teologiese tradisie en situasie analise. Die leser hiervan moet bewus wees dat uit die resultate van hierdie studie daar moontlik 'n nuwe praxis (1) tot stand mag kom wat dan weer onderhewig sal wees aan voortgaande prakties-teologiese navorsing.

## 2.3 BASISTEORETIESE VERTREKPUNTE TEN OPIGTE VAN DIE SELFBEWUSSYN VAN DIE PASTOR EN GEESTELIKE WERKER

Die hipotese word gestel dat geestelike werkers wat hul in die veld van die hulpverlening aan getraumatiseerde mense begeef, hulleself met soveel oorgawe toewy aan hul taak "dat hij door die ander tot in die kern van zijn bestaan getroffen wordt, zo dus, dat het hem 'iets doet', dat hij er anders van word" *(Firet in Heitink, 1984:162).* Hoewel hierdie stelling gemik is op die pastorale optrede, dit wil sê eintlik op die mens in nood na wie die geestelike werker uitreik, is dit

ook van toepassing op die geestelike werker self. Hierdie pastorale ontmoeting tref die geestelike werker ook in die kern van sy bestaan.

Heitink beskryf die pastoraat onder andere as "de beweging van het heil" (1984:155) en "evangelie in actu" (1984:161). Die volgende kernwoorde gee die beweging van die heil weer, naamlik *ontferming, omsien* en *red.* Met verwysing na Mat. 9:36 waar Jesus die skare sien en innig jammer kry, asook na die gelykenis van die barmhartige Samaritaan wat die gewonde reisiger sien en innig jammer kry ('splagnizomai') toon Heitink aan dat in die Bybelse term *ontferming / innig jammer kry* "een beweging op gang (komt), een stroom van gevoelens in een directe ontmoeting met mensen. In deze beweging voltrekt zich het evangelie" (1984:156-157). Hy toon aan dat die woord *splagna* die mees diepgaande uitdrukking van gevoelens is wat die Bybel ken. Iemand word in sy 'splagna', naamlik hart, niere en ingewande, geraak. In hierdie studie word daar dan uitgegaan van die hipotese dat om in jou hart en wese geraak te wees deur die nood van andere, deel van die geloofsonderbewussyn en geloofswaardes van menigte geestelike werkers en pastors is. Op die gebied van traumawerk laat dit die geestelike werkers meer kwesbaar. Daar is reeds aangetoon dat die vermoë om met medelye en empatie by getraumatiseerde mense betrokke te raak, een van die traumawerkers se grootste kwaliteite is.

Die tweede kernwoord omsien (episkepsetai), word deur Heitink (1984:157) verbind aan die herdermotief teen die agtergrond van die Ou Testamentiese heilsgeskiedenis. Volgens Esegiël 34:11-16 sal God self na sy kleinvee omsien en die wonde versorg van dié wat seergekry het. Hierdie motief vind weerklank in die finale oordeel wanneer die skape van die bokke in Mat.25:31-46 geskei word. Dié wat gered word, is hulle wat na die geringstes omgesien en hulle besoek het. Die Bybelse benaming vir 'n ampsdraer naamlik *episkopos* hang saam met die werkwoord "omsien". In Joh.10 verklaar Jesus Christus dat Hy die goeie Herder is wat Sy lewe aflê vir Sy skape. Wanneer die apostel Petrus opnuut deur die Here Jesus geroep word om in Sy diens te staan, gee Jesus aan hom die opdrag: "Laat my lammers wei" (Joh.21:15-17). Dit is gevolglik belangrik vir die geestelike werker om volkome duidelikheid te hê met betrekking tot die betekenis van die herdermetafoor. Hierdie persoon moet dus vir homself duidelikheid hê betreffende die mate van identifisering met die taak van die herder, wat weer verband hou met die *omsien na* en die *versorging van wonde.* Die uitgangspunt van hierdie studie is dat die herdermetafoor in die verlede 'n baie sterk rol gespeel het betreffende die pastorale identiteit van die pastor en geestelike werker. Dit mag die geestelike werker in 'n sekere sin motiveer om tot die uiterste te gaan om die getraumatiseerde persoon selfs ten koste van homself by te staan.

Die derde kernwoord *sòzò*, beteken 'om te red'. Soos ontferming ('splagnizomai') gerig is op omsien, so is omsien (episkepsetai) gerig op redding. In die derde werkwoord *red* (sòzò), word die momentum voortgesit. In hierdie term kry God se ontferming 'n aangesig en 'n naam: Jesus (Heitink, 1984:158). Hoewel die term onder die invloed van die piëtisme en Metodisme die enger

betekenis van 'n oproep tot bekering kry, en van "siele red", het dit eintlik 'n veel meer omvattende betekenis. Dit gaan inderdaad om genesing asook redding van siekte, vyande en dood. Dit gaan verder om redding in die sin van behoud, (vergelyk Mark 8:35). In Luk.19:10 verneem ons "Die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is". Die vraag is of *redder wees* en *redding bemiddel* nie ook deel van die pastorale identiteit van die pastor en geestelike werker is nie? Indien dit die geval is, dan kan dit verseker bydra tot uitermatige stres by die geestelike werker indien daar veral ook 'n oormatige verantwoordelikheidsgevoel is, asook 'n oormatige identifisering met hierdie kwaliteite. Dit mag ook daartoe aanleiding gee dat die geestelike werker homself uitermate verantwoordelik ag vir die redding/heling van die getraumatiseerde. As dooplidmaat van die Ned. Geref. Kerk is navorser as kind meegevoer deur die inhoud van liedere soos Hallelujalied 159 (N.G. Kerk-Uitgewers, 1966:71).

1 Red wat verlore gaan,
soek die wat sterwe,
ruk hul ontfermend uit sonde en dood!

Ween oor die dwalendes,
rig op wat struikel,
bring hul die liefde van Jesus
so groot!

Koor:
Red wat verlore gaan,
soek die wat sterwe!
Jesus is liefdevol.
Jesus kan red.

4 Red wat verlore gaan.
Jesus verwag dit,
krag tot die werk sal Gods Gees
u verleen;

Lei na die noue weg
almal geduldig,
Juis oor verdwaaldes het Jesus
geween.

### *2.3.1 Afleidings*

- Dit blyk dat die prakties-teologiese tradisie self deeglik bewus is van en erkenning gee aan die noodsaak vir die pastorale werkers om hulleself volledig oop te stel vir die nood en pyn van andere.
- Die Praktiese teologie as wetenskap vandag, gesien in die lig van Zerfass se model, is dus self reeds deel van die teologiese tradisie op grond waarvan hierdie ondersoek gedoen word.

- Dit is belangrik vir hierdie studie om 'n evaluering te doen betreffende uitgangspunte binne die Reformatoriese tradisie omtrent roeping, selfprysgawe en diens aan die naaste.

## 2.4 TEOLOGIESE OORLEWERING

### *2.4.1 Inleiding*

In hierdie afdeling word die fokus geplaas op die vraag of die "voorbeeld van Christene wat 'n roeping van God ontvang" (4.4) het, of die aspek van "roeping in die prediking" (4.2 & 4.3), eerste aan die orde gestel moet word. Die vraag is eintlik of die praktyk deur die teorie gevorm is en of die teorie uit die praktyk ontstaan het. Die navorser is van oordeel dat die teorie en praktyk wederkerig op mekaar ingewerk het. Dit sou haas onmoontlik wees om die sirkelgang te ontrafel en waarskynlik ook onnodig. Van groter belang is die besef dat die Protestantisme eintlik weer die Bybel "herontdek" en begin het om die boodskap kragtig en radikaal op hul eie lewens van toepassing te maak (Stitzinger, 1995:49-50). Die Protestantisme het ook 'n nuwe era in die geskiedenis van die kerk ingelei. Soos die volgende punt (4.1) aandui, sal ons sien dat "roeping" voortaan nie gelowiges uit die werklikheid van die lewe verplaas na die afsondering van die kloosterlewe nie maar hulle oproep, om die wêreld met die evangelie in te gaan (Smit, 2003:9). Uit die voorbeelde wat volg, sal ook duidelik blyk met watter oorgawe en passie sulke persone uiteindelik bereid was om 'n offer te bring in diens van die Koninkryk – dikwels ten koste van hulself en/of hulle gesinne.

### *2.4.2 Die beskouing van roeping sedert die Hervorming*

Smit (in Burger *et al.*, 2003:8-9) wys daarop dat sedert die Hervorming en inisiëring van die Protestantisme die siening en belewenis van *roeping* binne die Christendom radikaal verander het. Tot en met die Hervorming is roeping hoofsaaklik gesien as roeping uit die wêreld of uit die alledaagse lewe uit, "in voltydse amptelike geestelike diens in". Dit het beteken dat iemand by 'n geestelike orde of klooster inskakel. Omdat Luther egter die onderskeid tussen geestelikes en leke verwerp het en hy die algemene priesterskap van alle gelowiges beklemtoon, beteken dit nou dat alle gelowiges deur God geroep word as Sy medewerkers. Hierdie siening dat alle gelowiges geroepe is om God se medewerkers te wees, sou inderdaad vir werkers wat in hul onderskeie beroepe met getraumatiseerde mense werk, van groot betekenis wees. Smith (in Burger et al., 2003:10) wys ook op die Protestantse werksetiek wat uit Luther se beskouinge ontwikkel het. Hy wys op die twee groot deugde naamlik "getrouheid en gehoorsaamheid jeens God en God se roeping." Ywer, vlyt en fluksheid het die bekende karakteristiek van die Protestantse werksetiek geword. Navorser het tydens huisbesoek aan 'n maatskaplike werker wat by Boystown SA werk, gevra waarom sy die werk doen, aangesien sy laat blyk het dat dit baie van haar persoonlik eis en

haar ook emosioneel tap. Haar antwoord was, "Dit is iets van Bo en iets van binne wat my dring - ek kan nie anders nie."

### *2.4.3 Voorbeelde uit die kerkgeskiedenis van Christene se interpretasie van God se roeping*

#### 2.4.3.1 Die lewe en werk van Hudson Taylor (1832-1905)

In sy biografie, Hudson Taylor and Maria. A new intimate portrait of a man who influenced millions, beskryf Pollock (1962) die roeping, lewe en werk van Hudson Taylor, stigter van die China Inland Mission (C.I.M.). Dit is 'n verhaal van passie, ontbering, selfprysgawe en swak gesondheid. Hierdie verhaal word voorgehou as inspirasie vir geestelike werkers.

> *"The spirit and personality of Taylor permeate the C.I.M. still ... Thus, although the story that is unfolded here provides an exciting slice of missionary biography, it has a wider, undying appeal as a proof of the wonder of power of christian love" (Pollock, 1962:8).*

Pollock argumenteer dat die C.I.M. ten tye van die skrywe van sy boek nog 'n kragtige invloed op Christen werkers uitgeoefen het, en dat dit op hierdie wyse sy onmiddellike invloedsfeer ver oortref het. Hy skryf dit toe aan die hoë standaard van leierskap in die C.I.M. en die kwaliteite wat van die medewerkers vereis is. Volgens Pollock is die rede vir hul sukses die feit dat die C.I.M. en met name Taylor, alles in eenvoudige geloof en afhanklikheid van God aangepak het, en dat hulle boonop bereid was om baie finansiële tekorte en laste as 'n geloofsaak te oorkom. Die les van die boek vir geestelike werkers is gevolglik die voorbeeld van Taylor, sy vrou en medewerkers wat sulke geweldige opofferings gemaak het vir die sending in China, dikwels ten koste van hulleself.

Die volgende belangrike momente het in Taylor se verhaal ontvou. Taylor het as jong sendeling tydelik die administratiewe en mediese las van die sendinghospitaal in Ningpo, Sjina oorgeneem. Hy het wel twee jaar medies studeer maar dit toe prysgegee ter wille van sy roeping om sendingwerk te gaan doen. Hy moes selfs operasies doen. Op 'n stadium het hy homself egter in so 'n mate ooreis dat Pollock (1962:95) melding maak van die feit dat sy "fragile health had collapsed under the strain of the hospital, until by summer he was faced by the alternative of certain death or a long voyage home to England". Dit is ook duidelik dat Taylor baie verbitter geraak het teen die sendinggenootskap wat hom gestuur het. Die rede blyk te wees dat Taylor volgens Pollock (1962:99) "suffered from the neglect and inefficiency of the C.E.S." Hierdie aspek van die verwaarlosing van die geestelike werker deur die indiensnemings-organisasies sal in die loop van hierdie studie 'n belangrike faktor blyk te wees wanneer die probleem van medelye-moegheid hanteer word. Gelukkig het Taylor se jong eggenote, Maria, hom dikwels

gedwing om met verlof te gaan (Pollock, 1962:91) en die kort jag uitstappies het beide van hulle blykbaar baie goed gedoen (Pollock, 1962:153).

Taylor het sy sendingaksie gegrond op Mat.6:33 "Nee, beywer julle allereers vir die Koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee." By geleentheid toe Taylor gereageer het op 'n oproep om mediese aandag aan 'n siek medewerker te gaan verleen (dit was 'n vals alarm), het sy dogter, Gracie, siek geword en tydens sy afwesigheid gesterf. Die golf van simpatie na Gracie se dood laat Pollock (1962:158) wonder of haar dood moontlik die C.I.M. gered het, aangesien daar op daardie stadium geweldige interne konflik binne die organisasie was. Daar sou aanvaar kon word dat Taylor waarskynlik met heelwat selfverwyt geworstel het, te midde van hierdie omstandighede.

#### 2.4.3.2 Afleidings

- Taylor was bereid om alles op te offer en prys te gee vir die een groot droom wat hy gehad het. Tog is dit duidelik dat hy verbitterd geraak het teen die finansiële verwaarlosing en die nie nakoming van die beloftes van die sturende sendinggenootskap.
- Hy het onwrikbaar geglo dat God in alles sou voorsien. Hy het egter dikwels 'n innerlike stryd gevoer wat sy persoon en werk aangetas het. Vrees vir mislukking en verwerping was somtyds byna ondraaglik.
- Somtyds was hy baie oorwerk, selfs tot op die punt waar dit sy lewe in gevaar gestel het. Slegs die dood wat hom in die oë gestaar het, het hom gedwing om na Engeland terug te keer.
- Ná sy troue het sy vrou hom somtyds gedwing om met vakansie te gaan en dit het hom en haar geestelik en liggaamlik baie goed gedoen.

#### 2.4.3.3 Die lewe en werk van David Brainerd (1718-1747)

David Brainerd het bekendheid verwerf vir sy onvermoeide sendingwerk onder die Rooi Indiane in die VSA. Hy het as pastoriekind grootgeword in Connecticut en later sy teologiese studies aan die Yale College begin. Hulle was vier broers waarvan drie predikante geword het. Jonathan Edwards, 'n hoogaangeskrewe teoloog en Puriteinse pastor (Stitzinger *in* MacArthur, 1995:59-60), het Brainerd se dagboek, waarin sy geloofsworstelinge aangeteken is, na sy dood saamgestel. Hy het dit gepubliseer tesame met 'n aantal teologiese refleksies wat aan die einde bygevoeg is. Laasgenoemde is deur Edwards (1978:357) dan ook aan die lesers voorgehou as "instruction to Christians in general; as it shows, in many respects, the right way of practising religion, in order to obtain the ends, and receive the benefits of it."

Brainerd se biografie vertel die verhaal van 'n sober jongman wat alles wou gee om God te behaag en diensbaar in die Koninkryk van God te wees. Brainerd het eintlik verskriklik met God geworstel oor sy eie sondigheid, sy menslike tekortkominge, sy innerlike vyandskap teen

God, asook die groot waarheid omtrent homself soos hy dit self stel, naamlik, "*that I was dead in tresspasses and sin*" (Edwards, 1978:21). Die leser van sy verhaal word soms ontstel deur die krasse wyse waarop Brainerd homself op godsdienstige en emosionele vlak beoordeel het (1978: 20-23). Dit is duidelik dat hy met tye erg depressief was en baie onwaardig gevoel het om die evangelie aan ander te verkondig (1978: 66). Dit blyk dat hy ook nie baie ingestel was op die versorging van sy liggaam asook 'n goeie dieet nie. Hy kla dat hy omtrent tien of vyftien myl te perd moes aflê om brood te bekom, maar sê dan, "*I found a disposition to be contented in any circumstances. Blessed be God*" (1978: 69). Sy geloofsdagboek vertel dan ook hoedat hy gefokus was op "*secret fasting and prayer, from morning till night*" en ook die verhale van Elia en die Baälprofete (1Kon.17-19 en 2 Kon.2-4) bestudeer het (Edwards, 1978: 76).

> *"My soul was much moved, observing the faith, zeal, and power of that holy man; how he wrestled with God in prayer ..... my soul then cried with Elisha, "Where is the Lord God of Elijah!" O I longed for more faith!" (Edwards, 1978: 76).*

Brainerd het gesmag om net 'n instrument te wees sodat hy "spesiale" dienswerk vir God in die wêreld kon verrig. Hy skryf dat hy ná die verhale van Elia ook die verhale van die roeping en leierskap van Moses verslind het. Hy is aangegryp toe hy as't ware nuut ontdek het hoe God Moses gebruik het in die bevryding van Israel. Hy vertel dat hy daarna deur die geloofsverhale van Abraham, wat alleen op God gesteun en met God gewandel het, gewerk het. Ook die verhale van Josef wat geduldig moes wag op God, het hom aangegryp. Op grond hiervan vertel hy dat,

> *"My soul was ardent in prayer, was enabled to wrestle ardently for myself, for christian friends, and for the church of God; and felt more desire for the conversion of souls, than I have done for a long season". (Edwards, 1978: 77).*

Brainerd se passie om mense vir die Koninkryk van God te wen, het nie getaan tot en met die einde van sy lewe nie.

Hy vertel verder hoedat een van die Indiane onder sy bediening tot bekering gekom het.

> *"He told me he had often heard me say that persons must see and feel themselves utterly helpless and undone - that they must be emptied of a dependence upon themselves, and of all hope of saving themselves, in order to their coming to Christ for salvation. He had long been striving after this view of things; supposing that this would be an excellent frame of mind, to be thus emptied of a dependence upon his own goodness; ...*

*Instead of imagining now that God would be pleased with him for the sake of this frame of mind, and this view of his undone estate, he saw clearly, and felt that it would be just with God to send him to eternal misery" (Edwards, 1978:213-214).*

Brainerd beskryf dan egter die persoon se bekering asook die wonderlike gevoel wat daarmee gepaard gaan, soos die persoon dit aan hom vertel het. Dit wil egter voorkom asof die resultate van Brainerd se werk 'n groot ooreenkoms toon met sy eie persoonlike bekering en gepaardgaande ervaringe. Dit wil dus blyk dat Brainerd se eie geloofsraamwerke 'n groot impak gehad het op die mense aan wie hy die evangelie bedien het. Andersyds blyk dit dat sy eie geloofsraamwerke wat sigbaar word in sy persoonlike godsdiensbeoefening en interpretasie van die Skrif, ook 'n groot invloed op sy gemoedstoestand uitgeoefen het. Die bydrae wat dit tot die ontwikkeling van medelye-moegheid, asook tot die uiteindelike aftakeling van sy liggaam kon lewer, moet nie mis gekyk word nie.

Edwards (1978:345) is van mening dat in teenstelling met baie ander "geestelikes" wat gou weer na hul bekering na die "gewone toestand voor die bekering" terugkeer het, het Brainerd se passie, sy liefde vir God, sy berou oor sonde en sy strewe na heiligmaking, nooit getaan nie. Edwards (1978:346) lewer in hierdie verband dan ook die volgende kommentaar:

*"His religion apparently and greatly differed from that of many high pretenders to religion, who are frequently actuated by vehement emotions of mind, and are carried on a course of sudden and strong impressions and high illuminations and immediate discoveries."*

Hoewel Brainerd dus nooit gesigte gesien en direkte openbaringe gehad het nie, het hy deurgaans as student en sendeling gereeld gevas en gebid. Hy volhard hierin met die bedoeling om God te behaag, die teenwoordigheid van die Here te ervaar, asook die ondersteunende krag van God in sy bediening te beleef. Dit is dus duidelik dat hy slegs 'n verdiepte verhouding met God geag het as die enigste antwoord op al die probleme wat hy ervaar het.

Brainerd het ook ontsaglik hard gewerk-selfs in die tye wat hy baie siek, uitgeput en ná aan die dood was. Reeds in een van die vroeëre fases van sy bediening skryf hy ná een van sy lang uitputtende reise tydens 'n tydelike siektetoestand:

*"Eternity appeared very near; my nature was very weak, and seemed ready to be dissolved .... O I longed to fill up the remaining moments all for God! Though my body was so feeble, and wearied with preaching and much private conversation, yet I wanted to sit up all night to do something for God" (Edwards, 1978: 90).*

Brainerd is aan tuberkulose dood. Nadat sy gesondheid finaal begin ingee het, skryf hy hoe tevrede en onderdanig hy gevoel het oor sy eie lewe en dood. *"It was indeed a peculiar satisfaction to me, to think that it was not my concern or business to determine whether I should live or die."* Maar dan het hy ook weer met skuldgevoelens geworstel: *"Whereas, at other times, my mind was perplexed with fears that I was a misimprover of time, by conceiving I was sick, when I was not in reality so"* (Edwards, 1978:208).

Oor Brainerd se strewe na heiligmaking merk Edwards op, "giving himself up to Him, abasing himself before Him, denying himself for Him, depending upon Him.... were the grounds of his strong and abiding consolation" (1978: 347). Daarby was hy so bewus van sy "utter insufficiency, despicableness, and odiousness" en het hy homself gereeld verag oor sy "ignorance, pride, deadness, unsteadiness, barrenness!" (1978:345). Dit het Brainerd gereeld vervul met 'n "inward shame and confusion!" (1978:349).

#### 2.4.3.4 Afleidings en vrae

- Geestelik beskou, het God groot dinge deur die lewe en werk van David Brainerd vermag – menslik beskou, is hy egter voortydig oorlede.
- Dit was vir hierdie jong geestelike werker ontsaglik belangrik om God te behaag. Hy het homself egter uiters kras in die proses beoordeel. Alle geestelike en persoonlike gebreke in sy menslike mondering is in die fynste detail deur homself ontmasker en dit het hom met 'n innerlike skaamte en verwarring vervul (1978:349).
- Die geweldige omvang en verantwoordelikheid van die bediening het 'n swaar, amper ondraaglike las op die gemoed van Brainerd geplaas (1978: 356).
- Brainerd het die verhale van die geestelike leiers in die Bybel, soos Moses en Elia, grootliks op homself van toepassing gemaak.
- Hy het tot bykans in die skadu van die dood nie ophou werk nie en homself verknies oor sy nuttelose toestand tydens sy siekte.
- Hy word voorgehou as 'n voorbeeld vir geestelike werkers wat God in waarheid wil dien.
- In sy biografie is daar nêrens 'n aanduiding dat Brainerd sy eie welsyn, gesondheid en persoonlike belange as van enige waarde geag het nie. Hy het trouens geen belange buiten sy bediening aan die Indiane gehad nie. Daar is geen sprake van enige belangstelling of stokperdjie wat hy beoefen het nie.
- Geestelike antwoorde en oplossings was ál advies wat Brainerd gesoek het vir alle probleme wat hy ervaar het.
- Die lewe en getuienis van iemand soos David Brainerd stel inderdaad belangrike kwessies aan die orde. Die vraag is of sy lewe en toewyding 'n aanduiding is van die enigste wyse waarop God van geestelike werkers verwag om Hom te dien en hul dienswerk te verrig. Daar sou ook gevra kan word of die Bybel enigsins riglyne bied vir

'n meer gebalanseerde wyse van selfsorg van geestelike werkers. Sou 'n Christen werker en berader ook van nie-Bybelse wysheid en kundigheid gebruik kon maak in die hantering van sekere probleme?

### 2.4.3.5 Die lewe en werk van Richard Baxter (1615-1691)

Hoewel daar veel gesê kan word oor die omstredenheid van die persoon, werk en teologie van Baxter (Brown *in* Baxter, 1974:9) is sy boek, The Reformed Pastor, sedert 1656 verskeie kere herdruk en etlike kere deur The Banner of Truth Trust sedert 1974 uitgegee. Packer (in Baxter, 1974:11) is van mening dat *"as a Pastor, however, Baxter was incomparable, and it is in this capacity that he concerns us now."* Die werk is gelees deur bekende predikers soos John Wesley en Spurgeon en het weerklank in die Metodiste Kerke in die VSA en Engeland gevind (Baxter, 1974:15). Ook Stitzinger (in MacArthur, 1995: 34) vermeld Baxter as 'n leier wat in die moderne era Bybelse beginsels toegepas het binne die pastorale bediening.

Die groot indruk wat sy werk in die kollektiewe onderbewussyn van geestelike werkers en veral leraars gelaat het, is sy passievolle aandrang dat die pastor *"must be content to accept any degree of discomfort, poverty, overwork, and loss of material good, if only souls might be saved."* Baxter (1974:18) het groot klem gelê op die bediening van die evangelie in 'n een tot een verhouding met elke lidmaat in die gemeente. Hy ag dit noodsaaklik dat die pastor, in geval van siekte, onverwyld die geleentheid aangryp om die sieke te help *"to prepare for life or a happy death"* (1974:102). Hy beskou dit ook as belangrik dat pastors gereeld tussen die sterwendes beweeg, omdat dit 'n belangrike toets vir hul geloof en medelye is. Die redding van ongelowiges op hul sterfbed en die begeleiding van siele voordat hulle na hul ewige tuiste vertrek, is volgens hom 'n uiters belangrike taak.

Die pastor moet bewus wees dat daar nie tyd is om te vermors in onnodige gekuier, private besigheid, reise en ontspanning nie – die werk waarmee hulle besig is, is van 'n te verhewe aard (Baxter, 1974:186-187). Hardwerkendheid sal ook die monde snoer van mense wat die pastor verwyt dat hy sport beoefen terwyl daar ander verpligtinge is wat sy aandag vereis. Dit is duidelik dat hy besorg is oor die baie predikers wat die tyd tot hul beskikking nie goed gebruik nie.

### 2.4.3.6 Afleidings

- Dit is duidelik dat daar van werkers op geestelike terrein verwag word om alle vlakke van ongerief, armoede en uitputting te aanvaar as deel van die konsekwensies van hul roeping.
- Geestelike werkers wat oproepe soos hierdie ernstig opneem, mag voel dat om na jouself om te sien en jouself te beskerm, 'n aanduiding van ongeloof , ongehoorsaamheid en selfsug mag wees.

- Geestelike werkers kan gevolglik tot die oortuiging raak dat hulle as lui en onbetroubaar geag mag word indien hulle nie vier-en-twintig uur van elke dag beskikbaar is nie.
- Daar word van geestelike werkers verwag om sterwendes getrou, emosioneel en geestelik by te staan. Hier word geen melding gemaak van die emosionele impak wat sterwensbegeleiding op die langtermyn op die werker self mag hê nie.
- Geestelike werkers is veronderstel om deeglik bewus te wees van die verhewe aard van hul werk.
- Om tyd te spandeer aan ontspanning, private sake, sport en kuier word as die verspilling van kosbare tyd geag. Dit grens aan sonde om tyd aan jouself te spandeer.

## 2.5 DIE BYDRAE VAN DR. MARJORY FOYLE (1921)

Foyle bied die volgende bondige outobiografiese gegewens in haar werk, *Honourably Wounded. Stress among Christian workers* (2001) aan. Sy getuig dat sy as mediese student in 1942 'n Christen (2001:13) geword het en aanvanklik deur die reisende sekretaresse van 'n sendingorganisasie geestelik begelei is. Sy het op 'n stadium een van die boeke van die destyds bekende Dr. Dame Mary Scharleib gelees waarin onder andere bekommernis uitgespreek is oor Indiese vroue wat om godsdienstige redes nie 'n manlike dokter kon spreek nie. Hierdie aangeleentheid het haar in so 'n mate aangespreek dat sy dit uiteindelik as die beginpunt van haar roeping tot mediese dokter ervaar het (2001:14). Na haar mediese studies het sy twee jaar aan 'n Bybelskool studeer en daarna na Indië vertrek. Na ongeveer tien jaar diens in Indië het sy 'n tydperk van siekte deurgegaan waaroor sy vandag nog innig dankbaar is. Haar belewenis was dat hierdie tydperk van siekte haar op 'n nuwe weg van persoonlike ontwikkeling geplaas het. Sy het hierna in psigiatrie gespesialiseer en met betrekking tot hierdie fase sê sy:

> *"I began to understand that dedication and commitment to God, while essential if we want to go on with God, do not mean wholesale denial of the real person within, but provide us with freedom to expand, develop, and enjoy the good things God has created" (2001:14).*

Sy is daarna terug na Indië waar sy voortaan as psigiater gaan gewerk het. Na haar aftrede het God haar geroep om vir die volgende twintig jaar (!) as reisende psigiater elementêre psigiatriese lesings in plattelandse sendinghospitale te lewer en na die behoeftes van geestelike werkers om te sien. Gedurende die laaste ses jaar het sy weer akademies aktief geraak en 'n doktorale proefskrif oor *Expatriate Mental Health* aan die Universiteit van Londen gedoen (2001:15). Sy het onder andere bevind dat beide die gewapende magte en sekulêre vrywilliger groepe wat nooddienste in die buiteland lewer "are facing the same issues as Christian groups" (2001:15).

Foyle is besonder geïnteresseerd in die vraag na waarom geestelike werkers somtyds ineenstort? Hoewel daar 'n menigte antwoorde mag wees, sonder sy veral twee standpunte uit: Die een is dat geestelike werkers *"are engaged in a spiritual battle against evil of many forms"* (2001:40). God se diensknegte kan in hierdie geestelike oorlog in gedagte, liggaam en private lewe gewond word. Sy beskou dit 'n tragedie dat geestelike werkers wat psigologies beskadig is, self so skuldig voel, en somtyds nog boonop vrees dat hulle as mislukkings deur hul kerke getipeer mag word of as *"returned empties"* gesien word. Foyle (2001:40) beskou vervolgens die psigologies beskadigde werkers as *"God's honourably wounded"*.

Die tweede rede vir die emosioneel-liggaamlike ineenstorting van geestelike werkers hou volgens Foyle (2001:40-41) verband met *"overload in the personality structure"*. Dit kan volgens haar moontlik gewyt word aan ou stukkende verhoudinge en ou negatiewe emosies soos onopgeloste jaloesie, bitterheid en haat.

In hierdie verband wys Foyle ook op die

> *"...vocal minority that claims Christians should not feel stressed. In the old days to acknowledge that you felt anxious, depressed or stressed-out indicated spiritual backsliding, failure in your devotional live or your Christian service. As a result, many people keep quiet about it and just tried to cope" Foyle (2001:26).*

### *2.5.1 Afleidings*

- Foyle het as Christen en mediese dokter naby aan geestelike werkers gelewe en eerstehands hul emosionele reaksies, waaronder stress, woede en totale ineenstortings, waargeneem.
- Foyle toon aan hoe moeilik dit vir geestelike werkers is om oor hul persoonlike stres en emosionele agteruitgang te kommunikeer vanweë die naïewe vrees dat dit 'n aanduiding van 'n gebrekkige geloof of geestelike agteruitgang sou wees.
- Sy maak die opmerking dat gelowiges te skaam (2001:27) voel om stres ook as lyding ter wille van Christus te tipeer, maar glo dat God in sy vaderlike liefde begrip daarvoor het. Sy glo dat hierdie stres mettertyd mag blyk vrugte in die Koninkryk van God te wees en *"usually includes an element of personal growth and enhancement of the ministry God has given us in this world"* (2001: 27).
- Die outeur van hierdie studie maak die aanname dat Foyle moontlik self op 'n stadium as roepingsbewuste dienskneg van die Here 'n liggaamlik-emosionele ineenstorting beleef het (in haar behandeling van stress vermeld sy, *"I certainly suffered from occupational*

*overload*", Foyle, 2001:27) en dat dit moontlik die groot motivering vir haar verdere studies in die psigiatrie kon wees. Die skrywer erken dat dit bloot 'n aanname is.

- Foyle het ooreenstemmende tekens van emosionele uitbranding waargeneem by die vrywilligers wat nooddienste in sekulêre hulporganisasies lewer as wat die geval is by geestelike werkers. Haar waarnemings mag dui op medelye-moegheid, alhoewel sy dit nie self so tipeer nie.
- Foyle maak die belangrike opmerking dat sy self moes leer dat toewyding aan die Here nie noodwendig die totale *ontkenning* van jou unieke menswees behels nie, maar dat God aan ons die vryheid en ruimte vir persoonlikheidsgroei bied en om ook al Sy goeie gawes te geniet.

## 2.6 RESENTE PREEKRIGLYNE OOR ROEPING AAN BEDIENAARS VAN DIE WOORD UIT DIE PROTESTANTSE TRADISIE

### *2.6.1 Die roeping van Moses. Eks 3:1-4:17*

Woest (in Burger *et al.*, 2003:87) wys op 'n aantal belangrike fasette in die verhaal van Moses se roeping. Voorop staan God se motivering vir die roeping van Moses. God het die ellende van sy volk en hul noodkrete gehoor. Hy het hul lyding ter harte geneem. Jahwe word beweeg deur die nood van mense. Vervolgens sien ons dat God, wanneer Hy in beweging kom, mense roep en gebruik. Moses se roeping om Israel te gaan bevry, kan volgens Woest (in Burger et al., 2003:89) "eties-normatief en/of inspirerend" geïnterpreteer word. Eties-normatief sou dit beteken dat geestelike werkers, wanneer hulle die nood van ander mense raaksien, reeds daarin 'n roeping van God ontvang. Die inspirerende interpretasie beklemtoon die volhardende bemoediging, hulp en bystand wat God die geroepene toesê. Moses se aanhoudende onwilligheid, en God wat vir hom kwaad word, is ook veelseggend. Moses voel onwaardig, bang en onbekwaam, maar deurdat hy wyfel en twyfel laat hy sy wantroue in God blyk, want God het reeds op treffende wyse Homself aan Moses openbaar. Woest (in Burger et al., 2003:90-91) wys daarop dat daar by die mens, dikwels in teenstelling met God se besorgdheid oor mense wat seer- en swaarkry, 'n ernstige gebrek aan meegevoel en medelye is. Die doel van 'n boodskap oor die roeping van Moses is egter om aan te toon dat God wat vir Moses, die onwillige, geroep het

> *"ook vir ons roep om diensbaar te wees in belang van ons sukkelende medemense, nie opgehou het om met Moses te roei nie en ook nie ophou om met ons te roei nie, omdat Hy wil hê dat sy en ons harte ook soos die Here s'n moet oopgaan vir die nood van mense wat hulp nodig het" (Burger et al., 2003:91).*

### 2.6.2 *Afleidings*

- Gelowiges wat by getraumatiseerde mense betrokke raak uit die aard van hul beroep of as mede gelowiges, mag na alle waarskynlikheid dit sien as 'n roeping van God en 'n geleentheid om God tot diens te wees.
- Geestelike werkers mag in alle waarskynlik hulleself dus met oorgawe gee en bereid wees om baie op te offer om aan God gehoorsaam en aan die mens in nood. diensbaar te wees.
- Dit sal vir geestelike werkers baie moeilik wees om hulle emosioneel los te maak of fisies te onttrek van mense in nood.
- Geestelike werkers sal dit baie moeilik vind om verskonings te kan aanvoer vir hul eie emosionele uitputting en nood. Hulle mag byvoorbeeld hul emosionele afstomping en terapeutiese onbekwaamheid verkeerdelik interpreteer as ongevoeligheid, ongelowigheid en ongehoorsaamheid.

### 2.6.3 *Die roeping van Paulus*

In 'n passievolle reeks preke tydens 'n sendingweek in Stellenbosch, sluit Prof. W.D. Jonker (1976:7) aan by 2 Kor.5:14-15 "Die liefde van Christus dring ons, ..... sodat dié wat lewe nie meer vir hulleself moet lewe nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en uit die dood opgewek is." Jonker vra wat dit kan wees wat 'n mens soos Paulus gedring het om een van die geweldigste sendelinge van alle tye te word? Wat het daaragter gesit dat hierdie uiters begaafde man wat duisende ander opsies tot sy beskikking gehad het om 'n man van betekenis en aansien te word, uiteindelik bereid was om alles te gee vir hierdie een geweldige saak wat hom gedring het. Wat is dit wat hom gedring het om 'n lewe te kies van absolute opoffering waarin hy alles ontbeer het wat 'n mens eintlik in 'n normale rustige lewe graag sou wou hê? Jonker (1976:9) antwoord deur daarop te wys dat om gedring te word, is om so deur 'n saak oormeester te word dat die innerlike mag van daardie saak so op jou afkom dat jy jou nie daaraan kan onttrek nie en dat jy bereid is om jouself absoluut daarvoor te gee. Enersyds is daar diegene wat miskien vreeslik ywerig in die gemeente werk maar dan tog êrens ontdek dat hulle dit eintlik maar vir hulself doen omdat dit vir hulle belangrik is dat die mense sien hoe hulle presteer. Andersyds is daar egter die liefde van Christus wat so 'n persoon kan dring. Hierdie liefde is die oorweldigende mag wat in Paulus se lewe na sy bekering hom gedring het. Jonker (1976:17) sê, "Sending is die beweging van God se hart na die wêreld toe," en met verwysing na Rom.6:13 roep Jonker die gelowiges op om hulself dan tot beskikking van God te stel. Later in dieselfde preekreeks wys Jonker (1976:39) op die vleeswording van Christus en verklaar, "Sy vleeswording beteken werklik dat Hy ingegaan het tot in die diepste van ons ellende, van ons armoede en van ons nood." Met verwysing na 1 Kor.9:19-22 wys Jonker (1976:42) daarop dat "Paulus herhaal as't ware in sy sendingaksie die vleeswording van ons Here Jesus Christus. Hy is 'n gesant na die styl van Christus", want dit is

die liefde van Christus wat hom dring om "in te kom in hulle nood, om hulle te bereik waar hulle is."

### *2.6.4 Afleidings*

- Paulus en geestelike werkers na hom word oormeester deur 'n innerlike mag. Die liefde van Christus dring hulle.
- Die Bybel verhaal hoedat Paulus homself prysgegee het in diens van die Evangelie.
- Die inkarnasie van Christus beteken dat Hy ingegaan het in ons diepste ellende en nood.
- Geroepenes in diens van Christus herhaal volgens Jonker "as't ware die vleeswording" van Christus deurdat hulle ook in ander se nood ingaan. Dit is kragtige taal wat 'n groot impak op die selfbewussyn van geestelike werkers sal maak.
- Die Evangelie word in die lig van bogenoemde aan gelowiges verkondig en dit sal dus deel wees van die verwagting wat aan geestelike werkers gestel word in gemeentes. Dit vorm ook deel van die verwagting wat werkers aan hulleself stel. Heyns (1990:6) se uitspraak, "people acts as mediators", is hier ook weer van toepassing. Dit het betrekking op die pastor, kategete, ouers en die verbondsgemeenskap wat die evangelie interpreteer en verkondig.
- Die hart van God is in Christus in beweging na die mensdom, en geestelike werkers sien hulleself as instrumente in sy diens, en is bereid om menslik gesproke hulle alles te gee.
- Dit is inderdaad so dat die evangelie geweldige eise aan die pastor en geestelike werkers stel.

## 2.7 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

In hierdie hoofstuk het die fokus geval op die Protestantse tradisie met betrekking tot gelowiges se diens aan God en ook aan mense in nood. Daar is verwys na voorbeelde van bedienaars van die Woord wat letterlik hul alles en hulself geoffer het in diens van die evangelie. Hulle dienswerk het dikwels met geloofswroeging en persoonlike lyding gepaard gegaan.

Uit die geskiedkundige oorsig het verder geblyk dat daar inderdaad in die verlede van pastors verwag is om te alle tye beskikbaar te wees ten einde hulp te verleen. Daarbenewens is dikwels van geestelike werkers verwag om vergenoegd te wees en gevolglik alle vorme van ongemak, gebrek en armoede te verduur in belang van die mens in nood (vergelyk 4.5 hierbo). Die Protestantse werksetiek van getrouheid en gehoorsaamheid, het op hierdie wyse deel van die Christelike sosiale onderbewussyn geword. Navorser is oortuig dat daar huidiglik steeds in 'n groot mate van pastors binne die kerklike gemeenskap verwag word om alles op te offer – dikwels ten koste van hulself, hul gesondheid en dikwels ook hul gesinslewe. Teen hierdie

agtergrond is dit vervolgens noodsaaklik dat daar in 'n volgende hoofstuk in diepte aandag gegee word aan sekere Skriftuurplase waar daar 'n gebalanseerde uitkyk is op die holistiese versorging van die geestelike werker.

Uit die lewensverhaal van Brainerd het byvoorbeeld geblyk hoe sy eie godsdiens-belewing en na alle waarskynlikheid ook sy emosionele donkerte en depressie oorgedra is aan die mense wat hy bedien het (afgesien van die agting wat ons mag hê vir die wonderlike werk wat hy gedoen het, in belang van die Koninkryk). Geestelike werkers is nie altyd bewus van die invloed van hul eie onverwerkte emosionele probleme en traumas op die pastorale situasies waar hulp verleen word aan mense in nood nie.

Daar is verder ook aandag gegee aan meer resente outeurs soos Heitink en Louw wat skryf oor die pastoraat as sodanig vir vandag. Outeurs soos Jonker en Woest het ook weer eens die radikaliteit van die Bybelse roeping aan die gelowiges van vandag gekonkretiseer. Dit is inderdaad so dat die Bybel radikale eise aan die gelowige stel in navolging van Christus. Daar is aangetoon dat die geestelike werker wat hulp aan die getraumatiseerde verleen, homself in 'n spanningsveld bevind. Bybels gesproke word hulle selfs in hul ingewande (vergelyk p.9) geraak en verander deur die nood van ander.

Dit blyk dus baie duidelik dat geestelike werkers wat hulle werk as 'n roeping van die Here beskou en wat hulleself op die gebied van traumaberading waag, self baie kwesbaar is.

# HOOFSTUK 3

## EKSEGETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT MEDELYE-MOEGHEID

### 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk: eksegetiese perspektiewe met betrekking tot medelye-moegheid in die lig van Elia se emosionele ineenstorting en sy ervaringe met God. Hier word op verskeie sake gefokus

- Na aanleiding van 1 Konings 19
    - Elia se emosionele ineenstorting en aflegging van sy lewe en roeping.
    - Elia neem weer sy roeping op na 'n ontmoeting met God.

Die riglyne in die publikasie *Preekgeboorte* (De Klerk & J van Rensburg, 2005) word gebruik.

### 3.2 EKSEGESE VAN 1 KONINGS 19 EN BASIS-TEORETIESE AFLEIDINGS

Afdelings 5.3 tot 5.10 bied 'n inleiding en agtergrond vir die interpretasie van die verhaal wat afspeel in 1 Kon. 19. In afdelings 5.11 tot 5.16 kom verskillende afdelings in die eksegese van 1 Kon.19 aan die orde. Afdeling 5.17 bied 'n narratief hermeneutiese verklaring en interpretasie terwyl 5.18 fokus op die toepassingmoontlikhede van die verhaal vir die behandeling van medelye-moegheid.

### 3.3 DIE KEUSE VAN 1 KONINGS 19

Hierdie is 'n pastorale studie wat uitgaan van die aanname dat geestelike werkers met 'n sterk roepingsbewussyn veral kwesbaar kan wees vir medelye-moegheid. Wanneer 1 Konings 19 vergelyk word met die algehele toewyding aan die diens van die Here van die sendelinge Hudson Taylor en John Brainard in hoofstuk 2, sien ons 'n patroon na vore kom. Geestelike werkers wat hulle taak as 'n roeping van God sien, wy hulleself met hart en siel toe aan hulle taak. In die proses oorskry hulle dikwels hulle eie liggaamlike en psigiese vermoëns. So loop hulle dan die gevaar om hulleself in die proses te beskadig. Indien hulle dan op die trant sou voortgaan kan dit tot nadeel van hulle roeping en die goeie werk wat hulle doen strek. Dit kan die jammer gevolge inhou dat hulle selfs hulle roeping versaak en dat hulle hulself psigies kasty. Dit wat ons sien met Elia gebeur in 1 Konings 19 dien dus na ons oordeel as 'n waarskuwing aan geestelike werkers en

belig die kwesbaarheid van alle geestelike werkers. Die kontras tussen die kragtige optrede van Elia in 1 Konings 18 waar hy met die Baälpriesters afreken en sy verkrummeling, sy geestelik-emosionele ineenstorting daarna, belig die probleem.

"Daar het hy onder 'n besembos gaan sit en gewens hy gaan dood. Hy het gesê: Nou is dit genoeg, Here! Neem my lewe, want ek is niks beter as my voorvaders nie" (1 Konings 19:4.)

Elia se klag, "... Ek het my met hart en siel gewy aan u saak, Here, Almagtige God...", belig die nood van 'n man wat sy alles in diens van die Here gestel het en daarna tog verpletter voel. Die slagting van die Baälpriesters in opdrag van die Here kan in die lig van die traumatologie as uiters traumatiserend gesien word. Elia se ineenstorting na die dreigement van Isabel, die vrou van Koning Agab, is verstommend en onlogies gesien sy vreeslose en kragdadige optrede in die vorige hoofstuk.

Die geweldige kontras tussen die tussen die vreeslose en kragdadige Elia in Hoofstuk 18 en die gebroke Elia wat wens om te sterwe in Hoofstuk 19 is veelseggend.

God se handelinge met Elia spreek kragtig aan. God praat met Elia. God praat met Elia in bepaalde omstandighede. Die Here ontmoet Elia in die woestyn waar alleen is. God openbaar Homself aan Elia op 'n unieke wyse. Vir die pastorale begelyding van geestelike werkers met sekondêre trauma is die handelswyse van God van groot betekenis. Elia word deur die Here versorg na liggaam en gees. Elia moet eet, slaap en ver stap voor die Here Hom aan Elia openbaar en hom weer bemagtig om sy roeping op te neem. Hierdie verhaal van God met Elia, kan weereens geïnterpreteer en toegepas word op die lewe van geestelike werkers wat worstel met medelye-moegheid. Dit geskied amper soos die Deuteronomis die geskiedenis in 1Konings her-interpreteer teen die agtergrond van die traumatiese gebeure van die Ballingskap (vergelyk hieronder onder die opskrif *Die skrywer/s*).

## 3.4 DIE PLEK VAN DIE PERIKOOP IN 1KONINGS EN DIE BYBEL

Volgens Cogan (2001:84) is die boek Konings die vierde boek van die eerste (of vroeë) profete. 1 Konings vorm deel van die Deuteronomistiese Geskiedwerk wat begin by die boek Deuteronomium en met 2 Kronieke eindig (Bosman, 1987:44; Vosloo & Van Rensburg, 1993:241). 1 en 2 Konings was oorspronklik een boek. Die samestellers van die Hebreeuse Kanon het onder invloed van die Septuaginta en die Vulgata die boeke eers in die 15e eeu geskei, om dit makliker hanteerbaar te maak (Bosman & Loader, 1987: 56).

1 Konings 19 vorm deel van die Elia siklus wat strek van 1 Konings 17:1 tot 1Konings 22:54 (Vosloo & Van Rensburg, 1993:465). Die doel van die Konings was om die glorie van Salomo wat spruit uit die seën van die Here te teken. Dit teken egter dan hoe die glorie van Salomo gelei

het tot die einde van die ryk. Die lotgevalle van die Noordryk word dan geteken vanuit die perspektief van die profete. Die lotgevalle van Juda word geteken deur die konings aan Dawid te meet. Die optrede van Elia as profeet van die Here word geteken.

Kronologies beskryf 1 Konings die tydperk van Dawid plus minus 1000 vC tot die sterwe van Agab 851vC. Elia se optrede begin 870 vC. Teen die einde van die bewind van Salomo het ernstige tekens van onstabiliteit in die ryk kop uitgesteek. In die regeringstyd van Rehabeam (seun van Salomo) het die ryk in twee geskeur en dit was alles die gevolg van die feit dat selfs Salomo in die latere deel van sy bewind nie die bepalings van die Here nagekom het nie en selfs afgodery begin beoefen het. Die afvalligheid is deur die een na die ander opvolgende konings voortgesit. Onder koning Agab se bewind (in die Noordryk) het die afgodery 'n hoogtepunt bereik met die invoer van die Baälkultus met sy priesters en profete (Vosloo & Van Rensburg, 1993:464). Voordat Elia op die toneel verskyn het, het die profete wat opgetree het om die konings tereg te wys, min welslae behaal.

Die Elia-tydperk (1 Konings 17:1-22:54 en 2 Konings 1:1-2:18) toon die volgende groot struktuur (Vosloo & Van Rensburg, 1993:464).

1. Elia en die Baäldiens (17:1-19:21)
2. Agab en die Arameërs (20:1-43)
3. Nabot se Wingerd (21:1-29)
4. Agab, Josafat en die Arameërs (22:1-54)
5. Ahasia raadpleeg Baäl-Sebub en Elia kondig sy straf aan 2 Konings 1:1-18
6. Elia word in die hemel opgeneem 2 Konings 2:1-18

## 3.5 DIE VORM EN STRUKTUUR VAN 1 KONINGS 19

Die struktuur wat hier voorgehou word is 'n verwerking en uitbreiding van die struktuur soos voorgestel deur DeVries (2003:234).

1. Isebel sweer wraak en Elia keer terug na Horeb, die berg van God
    a. Elia vlug en doen afstand van sy roeping as profeet
        1. Die bedreiging van misbruikte politiese mag, vers (2)
        2. Elia vlug na die woestyn
            (a) Hy verlaat die land van Jahwe, vers (3-4a)
            (b) Hy laat vaar sy lewe, vers (4b)
    b. Elia moet teruggaan na Horeb
        1. Hy word versterk
            (a) Die eerste besoek van die engel, vers (5-6)
            (b) Die tweede besoek van die engel, vers (7)

2. Sy wonderlike reis van 40 dae en nagte

2. Die teofanie

Oorgang: Elia se aankoms by die berg van God, vers (9a)

a. Die eerste ondervraging

1. Jahwe se uitdaging, vers (9b)
2. Elia se wanhopige antwoord
   (a) Sy alles opofferende ywer, vers (10a)
   (b) Die oorheersende mag van sy geloofsversaking, vers (10b-d)
3. Die oproep tot 'n nuwe openbaring, vers (11)
   a. Die drie geweldadige kragte en die geluid van die stilte, vers (11b-12)
   b. Elia aanbid Jahwe, vers (13a)

b. Die tweede ondervraging

1. Jahwe se tweede uitdaging, vers (13b)
2. Elia se wanhopige antwoord, vers (14)
   (a) Sy alles opofferende ywer, vers (14a)
   (b) Die oorheersende mag van sy geloofsversaking, vers (14b-d)

3. Jahwe se opdrag om tot aksie oor te gaan

a. Intervensie in Sirië, vers (15)

1. Die opdrag om Gasael te salf tot koning vir Aram

b. Intervensie in Israel, vers (16)

1. Die opdrag om Jehu tot koning van Israel te salf
2. Die opdrag om Elisa as sy opvolger te salf

c. Die doel van Jahwe

1. Die drievoudige kastyding van die afgodsaanbidders, vers (17)
2. Die gelowige oorblyfsel, vers (18)

4. Elia gaan tot aksie oor, vers (19-21)

Brueggemann (1982:87-88) stel die volgende struktuur voor:

*A Wanted Man! (19:-21)*

*(1) Elijah is wanted by the queen (1-3)*

*(2) Elijah may be wanted by the state. But he does not want himself. (4-8)*

*(3) Elijah is wanted by God (9-18)*

*(a) First exchange (9-13a)*

*(i) God asks about Elijah's purpose (9)*

*(ii) Elijah' answers*

*(iii) Yahweh graciously makes himself available (11-13a)*

*(b) The second series of exchanges (13b-18)*

*(i) The same lordly question*

*(ii) Elijah's response*

*(iii) Elijah is wanted by Yahweh for a particular reason*

*(4) Looking ahead*

## 3.6 DIE LITERÊRE GENRE VAN KONINGS

Die genre van 1 Konings is die van geskiedskrywing (De Klerk & Van Rensburg, 2005:19). 1 Konings is egter nie 'n poging tot objektiewe geskiedskrywing nie. Die materiaal vir die vertelling is selektief geselekteer om die teologiese motief te dien. Die teologiese motief is die beoordeling van die opkoms, verval en val van die Hebreër monargie (Gray, 1964:12). Die Joodse tradisie gee erkenning aan hierdie beskouing deur die boek Konings in hul kanon van vroeë of eerste profete boeke op te neem (Cogan, 2001:84). "Die geskiedenis is 'n preek en die preekteks die geskiedenis van Israel (Boshoff, 1999:363).

1 Konings sluit dan ook af met 'n aantal vertellings oor die optrede van die profeet Elia (Boshoff, 1999:359). Op godsdienstige vlak kan die optrede van Elia gesien word as 'n konfrontasie tussen die God van Israel en die gode van die Kanaänitiese natuurgodsdiens (Boshoff, 1999:359). Boshoff (1999:359) noem dit 'n geskiedenis van rou omdat dit van die verspeelde kanse van die konings en van hul volk vertel. Hulle het God óf misverstaan óf hulle was blatant ongehoorsaam. Die verhale betreffende die noordelike ryk word verder gekenmerk deur profetiese weerstand teen die amptelike afgodery wat daar gepleeg is (Vosloo, 1985:90).

## 3.7 DIE SKRYWER/S

1 Konings vorm deel van die Deuteronomistiese Geskiedwerk en bestaan uit die huidige samestelling van Deuteronomium tot 2 Konings. Die Deuteronomistiese geskiedenis is die hervertelling van Israel se geskiedenis in die lig van die ballingskap. Die ou Israeliete het nie geskroom nie om die verhale van die ou aartsvaders, die konings en die profete weer te vertel, en so te vertel dat nuwe luisteraars dit binne hulle eie situasie kon verstaan. Die Deuteronomis vertel die geskiedenis van 1 Konings teen die agtergrond van die traumatiese gebeurtenis van die agteruitgang van die Judese staat en die uiteindelike wegvoer van die volk in Ballingskap (Bosman, 1996: 44). Israel moes hulle geskiedenis in heroorweging neem, om 'n rede vir die ballingskap te vind. Bosman (1996:44) wys verder daarop dat daar 'n rede bestaan vir die reïnterpretasie van Israel se geskiedenis. Hy wys daarop dat *geheue* en *sinvolheid* altyd met

mekaar in noue verband staan. Die verklaring is dan dat Israel toe hulle voortbestaan op die spel was, die sin van die ballingskap probeer verstaan het.

In die sin beskou die navorser die gedeelte dan ook as 'n pastorale geskrif wat die ballinge wou help om sin te maak in hul benarde omstandighede. Dit sê alreeds baie omtrent die God van die Bybel. Diegene wat met trauma werk en dalk self met medelye-moegheid worstel, sal soveel te meer rede hê om te luister na ander se pogings om sin te maak in hulle geskiedenis. Elia se ervaring met die God wat hom geroep het, behoort verder kragtig te spreek met traumawerkers.

## 3.8 DIE ONTSTAAN VAN DIE BOEK

Dit word algemeen aanvaar dat die Koningsboek oor 'n lang tydperk ontstaan het en eers tydens en na die ballingskap sy huidige vorm bereik het en dit eers na 560 vC (Boshoff, 1999:360). Cogan (2001:85) meen dit sou aanmatigend wees om te dink dat mens die oorspronklike boek Konings kan rekonstrueer deur die gebruik van beproefde tekskritiese metodes. Selfs van die antieke vertalings is volgens hom moontlik getuies van die groei en ontwikkeling van die Bybelse boeke in sekere gemeenskappe en behoort bestudeer te word as deel van die geskiedenis van die interpretasie van die Bybel. Na die boek Konings word byvoorbeeld nog in die Talmud verwys as 'n enkele boek wat toegedig is aan die profeet Jeremia (Cogan, 2001:84).

Die bronne waaruit die boek ontstaan het is ou kronieke en vertellings oor die wel en weë van die konings. Daar word byvoorbeeld in die boeke self verwys na die annale van Salomo (1 Konings 11:41), die anale van die konings van Israel (1 Konings 14:19), en die van die konings van Juda (1 Konings 14: 29). Dit kan gesien word as die boustene wat mettertyd uitgebrei is. Die eerste groot werk het waarskynlik in die tyd van Josia (622 vC) as deel van die Deuteronomistiese geskiedwerk tot stand gekom (Boshoff, 1999:360). Die Deuteronomiese geskiedenis is dus 'n hervertelling van die geskiedenis van Israel in die lig van die Ballingskap.

Die Deuteronomies-Deuteronomistiese groep se wortels strek terug tot in die laaste jare van die Israelitiese Ryk (Noordryk) en het waarskynlik uit profete, priesters en wysheidsleerraars bestaan (Bosman, 1996:73). Daar is 'n paar ooreenstemmende stromings onder geleerdes se beskouing van die onstaan van die Deuteronomistiese Geskiedwerk. Die een stroming meen dat daar 'n gelaagdheid in die finale teks te bespeur is. Die gelaagdheid is dan moontlik die resultaat van verskillende skrywers of redakteurs (Bosman, 1996:74). Die verhale het dus deur die eeue heen gegroei deur die byvoeging van eietydse interpretasies. 'n Volgende stroming geleerdes veronderstel die bestaan van groot tradisieblokke wat later deur 'n redakteur bymekaar gevoeg is. 'n Verdere groep behels 'n kompromis tussen eersgenoemde twee strominge. Dit behels die kombinasie van die blok- en die laagmodel (Bosman, 1996:74; Cogan, 2001:97).

## 3.9 DIE SOSIOHISTORIESE KONTEKS EN DIE VERSKILLENDE TEOLOGIESE REÏNTERPRETASIES

Bosman (1996: 74) onderskei die volgende teologiese reïnterpretasies. Die reïnterpretasie van die geskiedenis van Israel tydens die regeringstyd van die koning Josia "beklemtoon dat gehoorsaamheid aan God 'n voorwaarde is vir die belofte van die ewige Dawidiese dinastie." Tydens die eksiliese reïnterpretasie word die oordeel van God oor die ongehoorsaamheid van die volk geregverdig. Die reïnterpretasie tydens die ballingskap beklemtoon dat die verbreking van die wet lei tot die verbreking van die verbond. "Die enigste hoop wat nog in die ballingskap oorbly, is dat die volk tot inkeer sal kom en dat God uitkoms sal bied" (Bosman, 1996: 74).

'n Verdere standpunt voer aan dat "1 Konings 19 'n onafhanklike verhaal was wat deur 'n redaktor uit die regeertyd van Jehu redaksioneel verbind is aan 1 Konings 17-18" (Denton & Gantana, 2008:201). In hierdie vertelling van die ondergang van die twee ryke vind ons 'n noue samehang tussen die politieke en godsdienstige geskiedenis. Die vertelraamwerk is die van die politieke geskiedenis terwyl die godsdienstige geskiedenis in die sentrum staan (Denton & Gantana, 2008:201). Cogan (2001:93) meen verder dat 1 Konings 19, in besonder die godsopenbaring op Horeb, tans lees asof dit 'n naskrif is, so asof die oorwinning oor Baäl nog ietwat onvoltooid is. Cogan wys ook op die legendariese motiewe wat die Eliaverhale deel met die argetipiese profeet Moses. Volgens Cogan is dit 'n aanduiding van die respek en verering wat Elia geniet het in die kringe waar sy lewensverhaal oorvertel is.

## 3.10 HOOFTEMAS VAN DIE BOEK

**Die God van Israel**

Die God van Israel is die ware God. Die Here en niemand anders nie beheer die natuur en die geskiedenis. Hy is die een wat reën gee, of dit weerhou. Die God van Israel werk in die geskiedenis al lyk dit of dit nie so is nie. Ook die omringende konings en volke is bloot instrumente waarmee Hy bereik wat Hy wil (Boshoff, 1999:361).

Selfs wanneer gebeurtenisse in die Bybel beskryf word, word daar nie altyd gesê water rol God daarin vertolk nie. Somtyds lyk dit of die verhale maar net die beskrywing van menslike intriges is wat voortgedryf is deur menslike planne, drange en emosies. Tog blyk dit dat God wel daarby betrokke was. "Die belewenis dat dinge elke dag sy gang gaan sonder dat God daarmee gemoeid is, speel hom elke dag af" (Vosloo, 1993:465). Hieroor is gelowiges dikwels angstig en bekommerd. Die rede hiervoor is dat baie gelowiges dink dat God se betrokkenheid slegs in die wêreld sigbaar word deur abnormale gebeurtenisse. 1 Konings maak dit duidelik dat gelowiges gerus kan wees dat God diep betrokke is in die geskiedenis.

**Egte godsdiens**

God eis eksklusiewe verering. Party van Israel se konings sal spesifiek onthou word vir hulle bydrae tot valse godsdiens. Hulle word godsdienstig beoordeel. Die boek illustreer op aangrypende wyse hoe belangrik dit is hoe mense in belangrike posisies lewe. Dit geld elke mens wat aan God verbind is. Verdeelde lojaliteit is nie aanvaarbaar nie. Afgodery is 'n erge en gevaarlike misdryf teen God (Vosloo, 1993:466).

**Die profetiese woord**

Profete en die profetiese woord speel 'n belangrike rol in die Koningsboeke. Die profete praat in God se naam. God gebruik profete in alle tydperke. Dit is duidelik dat maghebbers somtyds daarna streef om profete te neutraliseer soos in die geval van Elia duidelik blyk. Die tema van profesie en die vervulling van die profetiese woord as die waarheid is 'n belangrike saak in Konings (Gray,1964:18). Elia se kapitulasie nadat hy die wil van God volvoer het, dui daarop dat profete mense is wat in swakheid God se woord oordra (Vosloo, 1993:466). Hulle betaal somtyds 'n kwaai persoonlik prys vir hul gehoorsaamheid aan God. God bly egter getrou.

**Besinning oor die ballingskap**

Die Deuteronomistiese geskiedwerk is 'n beoordeling van 'n lang geskiedenis. Groot terugslae en ernstige verliese laat mense ernstig nadink oor die sin en betekenis van alles. 1 en 2 Konings kyk dan spesifiek na die wyse waarop dinge in die geskiedenis gebeur het en bevind dat die ballingskap nie God se skuld is nie. Die skrywers het moeite gedoen om te wys hoe dikwels die Here die konings en die volk deur die profete tot orde probeer roep het. Daarom skryf Boshoff (1999:363) aangrypend: "Die geskiedenis is 'n preek en die preekteks is die geskiedenis van Israel." Die skrywers het dus die bekende geskiedenis gebruik om oor God te praat. Oor eeue heen het die volk en hulle leiers 'n eie koers gekies omdat hulle nie met God rekening gehou het nie.

## 3.11 BEPALING VAN DIE KERNVERSE

Dit sal waarskynlik nie moontlik wees om 'n enkele vers as die kernvers uit te sonder nie. Dit gaan om die geheel van die narratief. Die verhaal vertel van die skokkende ontdekking van hoe swak en breekbaar Elia is. God het Elia egter nie verwyt nie maar hom liggaamlik en geestelik versorg deur hom te voed sodat hy baie ver kon stap. Elia het tot by Horeb gestap waar die Here homself weer aan Elia openbaar. God het Elia se nood gehoor en hom geantwoord deur Homself aan Elia te openbaar en aan Elia 'n nuwe opdrag te gee.

*"Elia het bang geword en terwille van sy lewe gevlug" vers (3a).*

Elia het onder die besembos en weer voor en na die Godsopenbaring sy nood en klag teenoor die Here kon uitspreek:

> *"Nou is dit genoeg, Here! Neem my lewe want ek is niks beter as my voorvaders nie" vers (4c).*

> *"Ek het my met hart en siel gewy aan u saak, Here, Almagtige God. Die Israeliete het die verbond met U verbreek. Hulle het u altare afgebreek en u profete doodgemaak. Net ek alleen het oorgebly, en hulle soek my om my ook om die lewe te bring" vers (10) en weer in vers (14).*

Die Godsopenbaring:

> *"En na die vuur was daar 'n fluistering in die windstilte. Toe Elia dit hoor, het hy sy gesig met sy mantel toegemaak..." vers (12b) en (13a)*

Die Here het Homself aan Elia geopenbaar deur met hom te praat:

> *"Wat maak jy hier, Elia?" vers (9c en weer 13c).*

Maar die Here het aan hom gesê:

> *"Draai in jou spore om ..." vers (15c).*

## 3.12 RAADPLEGING VAN EKSEGETIESE BRONNE

### *3.12.1 Sleutel figure*

**Agab seun van Omri:** Agab het in sy pa se voetspore gevolg en koning van Israel in die Noordryk geword in die agt en dertigste jaar van koning Asa van Juda. Hy het twee en twintig jaar uit Samaria geregeer (1Konings 16:29). Volgend die beoordeling van die Woord het hy "gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here, meer as al sy voorgangers" (1Konings 16:30). Hy het voortgegaan met die sondes van Jerobeam. Hy het boonop met Isebel dogter van koning Etbaäl van die Sidoniërs getrou. Hy het 'n altaar vir die god Baäl opgerig by die Baälstempel wat hy in Samaria gebou het (1Konings 16:31).

Die Here het ook sy profete na Agab toe gestuur om hom te vermaan. Hy het die geleenheid gehad om hom aan die profetiese kritiek van Elia te onderwerp, maar hy het hom verset en Elia as sy vyand beskou. Hy het Elia verkwalik eerder as hom te steur aan die oordeel van die Here wat Elia moes verkondig. Hy het dan ook eerder na die raad van sy vrou Isebel geluister as dat hy

hom aan die voorskrifte van die Here gesteur het (Vosloo, 1993: 504). Elia moes dan ook aan Agab verkondig hoe aaklig hy en sy vrou Isebel sou sterf (1 Konings 21:17-21).

**Isebel:** Isebel was die dogter van die koning Etbaäl van die Sidoniërs. Sy was die laaste vonk wat Elia laat knak het. Isebel was waarskynlik die groot verborge mag agter die troon van haar man. Isebel het bygeleentheid die profete van die Here doodgemaak maar Obadja kon darem 'n honderd red deur hulle in grotte weg te steek (1 Konings 18:4). Isebel se aggressiewe godsdienspolitiek blyk ook uit Obadja se verhaal (Boshoff, 1999:393).

**Elia die Tisbiet:** Hy was volgens 1Konings 17:1 'n bywoner uit Gilead. Verder word daar nie veel meer oor sy herkoms bekend gemaak nie. Hy verskyn as't ware uit die niet op die toneel. Hy het in opdrag van die Here die groot droogte aangekondig. Hy het Agab die koning in opdrag van die Here met hierdie boodskap gekonfronteer (Boshoff, 1999:392).

"Elia se toewyding aan God is enersyds skokkend en andersyds uitdagend" (Vosloo, 1993:499). Onverskrokke moes hy God se woorde aan 'n vyandige en ongehoorsame koning oordra. Elia sal tel as een van die groot geloofshelde in die Bybel. Sy bewonderaars het sy optrede geïdealiseer en hy het mettertyd 'n legendariese karakter geword (Boshoff, 1999:392). Sy onverskrokke optrede op Karmel moet ons egter nie mislei om hom as persoon te verheerlik nie. Elia was 'n nietige mens. Alles het eintlik gewentel om sy verhouding met die Here. Dit gaan dus eintlik om 'n wondelike God wat kan werk deur 'n nietige mens.

Elia het anders as die profete voor hom by die volle spektrum van die volkslewe betrokke geraak: "politiek, godsdiens, oorlog, natuur, reën en vrugbaarheid" (Boshoff, 1999:392). "Die verkondiging van God as Heer van die skepping is die sentrale boodskap van die verhale" (Boshoff, 1999:392).

## 3.13 ELIA SE VOORBEREIDING VIR SY GROOT TAAK

Hoewel Elia in die sentrum van die groot konfrontasie met die Baälprofete sou staan is dit eintlik nie 'n konfrontasie tussen Elia en die profete van Baäl nie. "Dit was 'n direkte konfrontasie tussen die Here, Israel se Verbondsgod en Baäl, die natuurgod van die Kanaäniete" (Boshoff, 1999:392). Die groot vraag was of die Here Baäl se werk kan dwarsboom. Het die Here groter mag oor die skepping as die Kanaäniete se god van vrugbaarheid.

Boshoff (1999:393) wys op die drie ervaringslesse waardeur die Here Elia neem, voorbereidend tot die groot opdrag om die Baälprofete op die berg Karmel te konfronteer en te oorwin. Ervaringsles 1 word beskryf in 1 Konings 17:2-7. Elia leer dat God die natuur beheer deurdat hy in die onherbergsame gebied versorg word deur kraaie. Hy is daar ook weggesteek van die toorn van koning Agab. Ervaringsles 2 volg in 1 Konings 17:8-16. Elia moes na die hartland van die

Baälverering gaan. Daar het 'n heidense weduwee die woord van Elia aanvaar en hom versorg. Haar geloof staan in skrille kontras met die van die koning. Ervaringsles 3. Elia ontdek dat God gebed verhoor en selfs oor die mag beskik om 'n kind uit die dood op te wek. Die weduwee se reaksie op haar kind se dood is 'n tipies menslike reaksie. Al het sy die wonder van God se versorging beleef, sien sy haar kind se dood as 'n straf of 'n oordeel.

## 3.14 TEKSKRITIESE OORWEGINGS

1Konings 19 lewer nie belangrike tekskritiese probleme op nie. In die teks vir teks vertaling word na enkele byvoegings in die Septuagint verwys. Dit wysig egter geensins die betekenis van die teks nie.

## 3.15 TEKS VIR TEKS VERTALING

### 19:1-2 Isabel word ingelig en haar hewige reaksie

In hoofstuk 18:45 haas Agab hom terug na Jisreêl om aan sy vrou Isebel, 'n prinses van Sidon te rapporteer, wat Elia met die vier honderd en vyftig profete van Baäl gedoen het. Isebel was 'n fanatiese aanbidder van Baäl (NIV, 1999:139.) Isabel se boodskap aan Elia is bedoel as 'n dreigement en openlike uitdaging (DeVries, 2003:235). Cogan (2001:450) noem dit 'n bekende eed "mag die gode my om die lewe bring ..." Die byvoeging in die LXX "As jou are Elijah and I am Jezebel" word as oorspronklik beskou deur 'n aantal kommentators en nog ander verwys na die "fine and unique psychological note." Die baasspelerige en selfversekerde toon van die woorde is egter in lyn met die karakter van Isebel die koningin (Cogan, 2001:450.) Isabel plaas haar naam wat verwys na Baäl direk teenoor Elia wie se naam na God wys. Die punt is egter dat Isebel met woede reageer en wraak sweer. Dit blyk dat Isebel 'n magtige posisie in die koninklike hof gehad het en in sekere opsigte die "mag agter die troon" (21:4-7) was (Boshoff, 1999:395). Dat Isabel 'n boodskapper (*mal'āk* is dieselfde woord wat later as engel van die Here in vers 5 en 7 vertaal word) na Elia stuur en hom nie summier laat arresteer nie laat die kommentators (Cogan, 2001:451; DeVries, 2003:235) wonder of Isabel werklik nog so selfversekerd is as toe sy die profete van die Here laat doodmaak het (1 Konings 18:4). Waarom het sy nie iemand gestuur om hom summier te vermoor of te laat arresteer nie? Waarom eers 'n boodskapper stuur met 'n dreigement wat beteken dat Elia kans kry om te ontsnap? Moontlik moet daar nie te veel hierin gelees word nie. Wat ons hier het, is literatuur, 'n teologiese herinterpretasie en nie 'n historiese verslag van gebeure nie (Seow, 1999:139). Cogan (1999:450) wys daarop dat Isebel deur die stuur van 'n boodskapper nie onmiddelik daarop uit was om hom te laat vang nie. Met die stuur van die boodskapper het Isabel Elia laat verstaan dat hy hom uit die voete moet maak. Cogan (2001:451) en ander kommentare (DeVries, 2003:235) spekuleer daaroor of Isebel dalk glad nie

nou meer so vol selfvertroue was na die slagting van die Baälprofete as toe sy destyds die profete van die Here om die lewe gebring het nie (1Konings 18:4). Sy het moontlik gevoel dat sy nie nou meer oor die vrye hand beskik noudat Elia die Baälprofete gedood het nie.

**19:3 Elia vlug die wildernis in**

Elia reageer met vrees en moedeloosheid op Isebel se dreigement. Cogan (2001:450) meen die masoretiese teks se *wayyar'* (hy het gesien) met die betekenis van *hy het besef dat hy in gevaar is,* is te wyte aan foutiewe vokalisering en stel voor dat ons moet lees wayyirā' met die betekenis *hy was bang.* Wayyāqom en wayyēlek vertaal Cogan (2001:450) as "he set right out" met as objek "for the sake of his life."

Gray (1963:407) spekuleer dat die gebeurtenis in die geskiedenis dalk terugdateer na vroeër gebeurtenis in die lewe van Elia toe hy vir Isebel op vlug was. Vergelyk 1 Konings 17 in die verband.

Die vermelding dat hy verby Berseba in Juda gevlug het, toon aan dat hy uit die magsgebied van Agab vlug en meer nog, tot op die rand van die Koninkryk van Juda vlug met net die wildernis voor hom (NIV,1999:140; Cogan, 2001:451). DeVries (2003:235) meen dat dit beteken dat Elia die land van Jahwe finaal verlaat. By Berseba laat hy sy slaaf agterbly net soos Abram destyds toe hy Isak gaan offer het (Genesis 22:5).

**19:4 Elia gee boedel oor**

Brueggemann (1982:87) wys daarop dat Elia nie sy eie lewe na waarde skat nie. Die gedeelte vorm dan die oorgang van Elia se konfrontasie met die koning/gin en sy konfrontasie met die ware Koning.

Elia voel na 'n mislukking. Ten spyte van "sy grootse oorwinning" op die berg Karmel word sy lewe nou bedreig. Hy wil dus eintlik graag as profeet bedank (Boshoff, 1999:395-396). Hy laat sy slaaf agter as teken dat hy sy amp neerlê (Vosloo, 1993:503). Cogan (2001:451) meen hy laat sy slaaf agter as teken dat dit nou 'n privaat aangeleentheid tussen Elia en die Here is soos toe Abram alleen verder gegaan het om Isak te offer op Moria. Brueggemann (1982: 87) sien die woestyn as "a place for sanctuary" en verwys na Lukas 3:2.

Vosloo (1993:503) wys daarop dat Elia se reaksie tipies is van iemand wat onder swaar stres gebuk gaan. Die geringste reaksie ontketen 'n hele reeks negatiewe persepsies en belewenisse:

> *"Sulke moedeloosheid tref nie die lui persoon nie maar die hardwerkende een; nie die uitgeruste en gesonde een nie, maar die een wat moeg is en siek; nie wanneer jy op pad is na 'n doel toe nie, maar*

*nadat jy 'n hoogtepunt bereik het; nie die swakkeling nie, maar die een met potensiaal en dryfkrag."*

Hy noem as rede vir hierdie reaksie die feit dat die persoon fisiek en psigies uitgeput is tot op die punt waar dit die persoon se oordeel en insig beperk. Moontlik het Elia te hoë verwagtings gekoester naamlik dat alle teenstand na die grootse oorwinning op Karmel finaal uitgewis sou wees. Toe dit nie gebeur nie het dit hom gedompel in 'n toestand van depressie.

Hy het "gewens hy gaan dood ... dit is genoeg Here! Neem my lewe..." Elia het gebid dat die Here nou maar sy lewe moet vat. Hy het geen insig getoon in die grootheid van sy eie suksesse nie en kon maar net kla "ek is niks beter as my voorvaders nie". Daarom sien hy ook nie meer kans vir die lewe nie en wens hy dat hy sterf. Sy optrede is so teenstrydig soos die van 'n persoon wat reeds perspektief verloor het. Aan die een kant vlug hy ter wille van sy lewe en aan die ander kant wens hy dat hy doodgaan (Vosloo, 1993:503). Hy vlug eers na Juda net om weg te kom van Isebel, maar dan stap hy die wildernis in om te sterf. Dit is irrasioneel. Cogan (2001:451) wys op die bitter ironie dat hy vlug vir sy lewe weg van Isabel maar eintlik tog begeer om te sterf solank dit nie aan die hand van Isebel is nie. Hy beleef sy lewe as sinloos en pleit dat die Here eerder sy lewe moet neem. In Elia se uitspraak dat hy "niks beter as sy voorvaders is nie" blyk dit verder dat hy homself nie meer sien as iemand met 'n baie spesiale verhouding met die Here nie. Boshoff (1999:396) meen dat Elia se noodkreet soos die van Moses in Numeri 11:14-15 klink:

> *"Ek sien nie langer kans om hierdie hele volk alleen te dra nie, want dit is te swaar vir my. As U so met my wil maak, kan U my gerus maar om die lewe bring as U my goedgesind is. Hierdie slegte behandeling kan ek nie meer verduur nie."*

Die NIV (1999:140) meen dit is moontlik dat hy nie na sy voorvaarders per se verwys nie maar na sy voorgangers in die profetiese bediening. Moontlik het hy selfs aan Moses gedink wat in die woestyn gekla het dat sy las te groot is, om alleen te dra. Later het hy probeer om die Here daarop te wys dat hy alleen is: *"Net ek alleen het oorgebly, en hulle soek my om my ook om die lewe te bring"* (19:10c).

Boshoff (1999:395) meen dat ons hierdie soort reaksie elke dag by mense sien wat iets besonders gesien of ervaar het. "Dit is asof daar 'n leegheid intree. Jy het met soveel energie en krag 'n doelwit nagestreef dat die bereiking daarvan eintlik 'n antiklimaks is." Elia het dalk verwag dat na Karmel alle teenstand en weerstand sou verkrummel. Hy het egter nie rekening gehou met Isebel se hernude ywer en woede nie. Sy is in haar eer gekrenk en sou baie waag om Elia te ontmagtig. Elia reageer hierop asof alles tevergeefs was. Na die besondere ervaring op Karmel is hy afgemat, teleurgestel en depressief. Brueggeman (1982:87) wys daarop dat Elia sy *roeping so ernstig opgeneem* het dat hy homself in die proses *geïsoleer* het en nou oor geen moed en krag beskik om

aan te gaan nie. Binne in homself het hy nie meer enige reserwes oor nie maar die reserwes word in die vloei van die verhaal aan hom gegee "unexpectedly, inexplicable-just given."

**19:4-7 Elia slaap onder 'n besembos. Elia word deur 'n engel aangeraak en gevoed**

Elia het egter nog nie by die einde van sy reis gekom nie. "But he must travel further, physically and spiritually" (DeVries, 2003:235). Hy ontvang twee keer besoek van 'n engel van Jahwe. Die selfde woord *mal'āk* wat in vers 2 as die boodskapper van Isebel vertaal is, word hier (Vers 7) met die engel van die Here vertaal. Die LXX laat die woord engel weg wat bydrae tot die misterie van die oomblik (Cogan, 2001:451).

Die Hebreeuse woord vir *warm klippe/kole* רצפימ is raar en word sleg nog in Jesaja 6:6 gebruik waar die Seraf Jesaja se lippe met 'n warm kool aanraak. Cogan wys verder daarop dat wonderbaarlike voeding glad nie iets vreemd in die Elia tradisie is nie. Cogan (2001:452) meen die eerste maaltyd was om die node van Elia se onmiddelike verlede aan te spreek, naamlik Elia se selfopgelegde vas tydens sy tog na die wildernis van Berseba. Die tweede maaltyd moes Elia se toekomstige nood aanspreek naamlik die Reis van veertig dae na die Berg Horeb. Daar is egter geen aanduiding in die teks self dat Elia gevas het toe hy op vlug was nie. Brueggemann (1992:88) wys daarop dat 'n eenvoudige iets soos roosterkoek en water die effektiewe teken van God se teenwoordigheid word. Die konkrete lewensreddende funksie van brood is ook die mees elementêre teken van God se sorg.

Die engel verduidelik aan Elia dat hy al die krag van die kos wat hy ontvang nodig sal kry vir die reis wat God vir Elia beoog. Hoewel geeneen van die geraadpleegde kommentare hieroor uitbrei nie, is die navorser getref deur die feit dat die engel vir Elia toelaat om weer te slaap na die eerste maaltyd. Seow (1967:145) merk op: "The prophet who used to refer to himself as one who is standing before the Lord (17:1; 18:15) seems to be sleeping 'n lot in this passage." God sorg vir Elia na liggaam en na gees. Hy het voedsel nodig vir sy liggaam en hy het liggaamlike en geestelike rus en slaap nodig.

**19:9 Elia stap tot by Horeb. God praat met Elia**

Horeb, die berg van God is die alternatiewe bekende naam vir die berg Sinai. Hoewel geen direkte opdrag aan Elia gegee is nie weet hy om aan te stap na die berg Horeb (Cogan, 2001:452). Die veertig dae en veertig nagte ego die tyd wat Moses op dieselfde berg moes spandeer waar hy God ontmoet het. Vergelyk Eksodus 24:18, 34:28; Deuteronomium 9:9, 11, 18, 25. Op die berg het Elia by 'n grot gekom. Die Hebreeus gebruik die definitiewe lidwoord vir *die grot* (הַמערה) wat moontlik 'n verwysing kan wees na die skeur in die rots waar Moses gestaan het toe die Here verbygegaan het Eksodus 33:22 (NIV, 1999:142; Gray, 1964:409), maar dit ego ook iets van Moses se verblyf op die berg (Cogan, 2001:452).

*"Wat maak jy hier, Elia?"*

Cogan (2001:452) ag dit 'n retoriese vraag wat die gesprek open. Die Here se vraag aan Elia het egter 'n verwytende toon. Die Here het duidelik nie vir Elia hier verwag so kort na sy oorwinning op Karmel nie (Boshoff, 1999:396). Navorser meen egter dat die wonder dat God Elia eers laat haal en hier ontmoet die wesenlike van die oomblik is. Dat God Elia aanspreek en navraag doen oor sy situasie is reeds wonderlik genoeg. Elia word deur die Here gedaag om sy wanhoop te heroorweeg.

**19:10 Elia se klag**

"Elia se antwoord dui aan dat hy eintlik tred met die werklikheid verloor het (Boshoff, 1999:396). Dit is werklik so dat hy hom met hart en siel aan die Here se werk gewy het. Om egter nou te sê dat die Israeliete die verbond verbeek het net nadat hulle op Karmel uitgeroep het "die Here is God" (18:39), is erg oordrewe. Om te beweer dat hulle die altare afgebreek het net nadat die altaar op Karmel herbou en weer gebruik is, is eensydig negatief. Die verste van die feitelike waarheid is Elia se bewering dat hulle al die profete doodgemaak het, en dat hy alleen oorgebly het (Boshoff, 1999:396). Isebel het wel van die profete van die Here laat doodmaak maar Obadja het 'n honderd van hulle gered wat hy versteek en onderhou het (18:4). Elia staan dus nie werklik so alleen nie. Sy lewe word bedreig en dit het hom sy perspektief op die werklikheid laat verloor. Brueggeman (1992:89) maak baie van Elija se selfdienende antwoord deurdat hy die Here wys op hoe getrou hy was, hoe baie risiko's hy geloop het maar dat sy lewe nou bedreig word. Dis asof Elia beweer dat hy *stank vir dank* na al sy opofferinge ontvang.

Cogan (2001:452) wonder of die Horeb verhaal nie eers apart van die Karmel verhaal bestaan het nie, gesien Elia se verassende onlogiese klagte dat die Israeliete die verbond verbreek het terwyl die *hele volk* kort te vore op Karmel *op hulle knieë neergeval en uitgeroep het* uitgeroep het *"die Here is God! Die Here is God!"* (1Konings 18:39). Ook Elia se klag dat die volk die profete gedood het terwyl Isebel die werklike skuldige was, is volgens hom bydraende getuienis vir die onafhanklike bestaan van die verhale voordat dit saamgevoeg is.

**19:11-14 Die teofanie**

Die opdrag om uit te gaan en op die berg voor die Here te gaan staan herinner sterk aan Eksodus 33:19-22 waar die Here Moses met sy hande toegedek, verbygegaan en Moses toegelaat het om Hom van agter af te sien (Cogan, 2001: ; NIV,1999: 142; DeVries, 2003:236). Vosloo (1994:504) wys daarop dat die verskyning van die Here die keer nie in die wind en nie in die aardbewing of die vuur plaasgevind het nie. Dit was altyd, as ons dit so kan sê, die gewone vreesaanjaende tekens van sy verskyning. Vergelyk hier byvoorbeeld Eksodus 19:18-19. Hy wys daarop dat die Karmel gebeure ook nog in die teken van hierdie vrees inboesemende optrede

gestaan het. Die tyd het egter aangebreek vir 'n groot verandering om te kom. “Sulke bonatuurlike gebeurtenisse wek vrees en verwondering, maar verander nie mense se gesindhede nie.” Dit mag hulle wel koue rillings gee, maar laat hulle harte koud. 'n Nuwe manier sal van nou af gevolg word. Die profetewoord moenie meer met kragwerking en verskrikking soos op Karmelberg gepaard gaan nie. Die Woord moet voortaan met sagtheid en skynbare swakheid na mense gebring word, sodat die innerlike werklik kan verander. Die swakheid van die profeet, waarvan Elia nou die perfekte voorbeeld is, sal voortaan die teken van God se kragtige werking wees. Daarom verskyn die Here eers in die “fluistering van die windstilte” wat op die vreesaanjaende tekens volg. Vosloo (1994:504) vervolg:

> *"Van nou af is God se instrumente die swakheid van die woord, die broosheid van die boodskapper, die lydende kneg, die gekruisigde Seun van God."*

Boshoff (1999:397) wys daarop dat soos Israel op drie maniere teen God gesondig het, so is daar drie hewige natuurverskynsels waarin die Here nie verskyn nie, maar die keer verskyn die Here saggies. Hy verskyn in 'n fluistering in 'n windstilte en dit lok Elia uit die grot en uit meer as die grot. Elia bedek onmiddelik sy gesig, net soos Moses toe hy die Here ontmoet het. Vergelyk ook Eksodus 3:6 en 33:22-32.

Seow (1999:142) verwys na die Stilte as “a sound of fine silence” en probeer die קול דממה דקה verklaar. Let op die pragtige oksimoron: “the sound of silence.” Die Hebreeuse woorde vir stilte דממה en geluid דקה kom verwys hiervolgens moontlik na die geluid wat na 'n storm kom, “a gentle whisper” volgens die NIV. NIV voer dan aan dat die struktuur van die teks impliseer dat “ that it is in this stillness that Elijah somehow encounters the Lord: The Lord was not in the storm, not in the earthquake, not in the fire, but after the fire there is this *sound.*” Toe het Elia sy gesig met die mantel toegemaak. 'n Gebaar wat suggereer *"that he is, indeed, encountering the numinous in that stillness."* Brueggemann (1982:89) wys daarop dat die stem nie verwar moet word met die stem van jou gewete of met romantiese fluisteringe nie, maar eerder verwondering in die majesteit van die Here impliseer. Die punt is egter dat Elija se vrese deur dit in perspektief geplaas is. Daar is slegs Een om te vrees en dit is dieselfde Een wat gehoorsaam moet word.

Maar die verskyning van die Here aan Elia het nog nie 'n verskil aan Elia se ervaring van sy sinlose bediening gemaak nie. Elia het toe weer 'n geluid gehoor maar die keer is die geluid die onmiskenbare stem van die Here. Uit die vraag wat gevra word lui die leser af dat dit die stem van die Here is (Seow, 1999:142). Hy het weer op die Here se vraag: “Wat maak jy hier, Elia?” met presies dieselfde klagte geantwoord. Vergelyk weer vers 10 en vers 14. Dit blyk dus dat die manifestasie van God se teenwoordigheid oënskynlik nog geen verskil aan Elia se verstaan van die situasie gemaak het nie. Elia het woord vir woord sy klagte herhaal asof niks na die teofanie verander nie (Cogan, 2001:457). Trouens dit blyk dat sy vertroue in sy rol as profeet geensins

verander het nie. Elia se volharding met sy negatiewe antwoord was egter van korte duur. Kort hierna sien ons Elia met nuwe energie en oorgawe toegewy aan sy taak.

**19:15-18 Drie nuwe opdragte**

Jahwe praat 'n derde keer met Elia. Dit is simbolies betekenisvol (NIV,1999:143). Letterlik sê Jahwe: Gaan, draai om op jou pad (לך שׁוב לדרשׁך). Die vorige verwysing na דרך in vers 7 was met verwysing na die pad wat vir Elia te lank sou wees sonder goddelike voorsiening in sy fisiese behoeftes. Die keer egter lê die woestyn nie in die suide nie maar in die noorde naamlik die woestyn van Damaskus.

Die drie opdragte aan Elia is vreemd. Elia moet Gasael salf tot koning van Aram (die Siriërs), Jehu as koning van Israel en Elisa as sy opvolger. Dit is nie die gewone taak van 'n Israelitiese profeet om 'n heidenkoning te salf nie. Dit beteken egter dat die Here oor die hele wêreld regeer nie net in Israel nie (Boshoff, 1993:397). Elisa het die taak eventueel as't ware in Elia se naam volvoer toe hy vir Gasael gesê het dat hy koning sou word. Hy het hom nie gesalf nie. Die tweede opdrag aan Elia het hy ook nie self uitgevoer nie. Elisa het veel later 'n jong profeet gestuur om Jehu met olie te salf (2Konings 9:1-7). Elia het die derde opdrag naamlik om Elisa as sy opvolger te salf nie letterlik uitgevoer nie. In stede van hom te salf het hy sy mantel op hom gegooi. Cogan (2001:464) wys daarop dat profete normaalweg nie gesalf is nie maar wel konings en priesters. Boshoff (1999:397) wys daarop dat die aanwysing van 'n nuwe profeet Elia daarop wys dat iemand ander onvermoeid sal voortgaan met sy se werk vir die Here. Alles hang dus nie van Elia af nie. Hy is maar in skakel in God se groter raad. Die verwysing na Gasael en Jehu antisipeer die gebeure beskryf in 2 Konings 8:7-15 met die verskil dat Elia nie persoonlik die opdragte uitvoer nie maar sy opvolger Elia. Navorser vind dit betekenisvol dat daar geen negatiewe kommentaar in die Bybel te bespeur is oor die feit dat Elia nie al die opdragte persoonlik en letterlik uitgevoer het nie. Seow (1999:143) wys daarop dat ons moontlik hier te make het met 'n komplekse redaksionele proses en die moontlikheid bestaan dat hierdie 'n sekondêre invoeging van 'n reeds oorgewerkte fragment uit die Elia siklus is. Die gedeelte bied ons egter die uitkoms van Elia se wegvlug vir Isebel. Die antwoord op die dreigement van Isebel gaan nie in sensasionele vorm en deur 'n onmiddelike ingryping plaasvind, soos op die berg Karmel wel die situasie was nie. Dit gaan nie kom langs die weg van 'n geweldige reënstorm of deur vuur wat uit die hoogte neerdaal nie. Die uitkoms kom op 'n stille manier langs die nie sensasionele weg van profetiese opvolging. Die antwoord kom in die praktiese uitwerk (of deurwerking) van God se wil in 'n historiese proses (Seow, 1999:143). Die roeping van Elisa sal deurwerk in die salwing van Gasel en Jehu wat mettertyd die probleem van Isebel aanspreek. Jare later, tydens die regering van Jehu, is Isebel en Agab dood (2 Konings 9:30-37). Dieselfde geld die dood van die Baälprofete deur Jehu (2 Konings 10:18-28). Boshoff (1999:397) wys daarop dat die drievoudige opdrag aan Elia God se reaksie op Israel se sonde is. Die koning van Aram sou Israel bedreig weens hul sonde. Die

aanwys van 'n nuwe koning vir Israel is reeds 'n oordeel op die huis van Agab. Die aanwys van 'n nuwe profeet wys dat daar ook ander is wat sal voortgaan in opdrag en diens van die Here.

Cogan (2001:458) maak heelwat daarvan dat Elia klaarblyklik slegs gedeeltelik suksesvol was in sy poging om die verspreiding van die Baälkultus teen te werk. Maar die vertraging in Elia se afhandeling van sy opgesette ywer om die Baälkultus teë te werk, was deel van Jahwe se plan want Hy is die Here van die geskiedenis. Soos Moses wat nie toegelaat is om die beloofde land in te gaan nie maar dit darem van ver af te sien, weet Elia nou dat die finale oorwinning oor die Baälkultus deur sy opvolgers behaal sou word (Cogan, 2001:457).

In teenstelling met Elia se negatiewe persepsie dat hy alleen as 'n dienaar van die Here oorgebly het, het die Here sewe duisend in Israel laat oorbly wat nie Baäl aanbid het nie (1 Konings 19:18). Die sewe duisend is 'n simboliese getal (Seow, 1999:143). Hulle mag tans anoniem en onbekend bly, maar hulle sal Jahwe se werk doen wanneer dit nodig is (DeVries, 236). Brueggemann (1982:90) skryf dat Jahwe net in 'n pragtige voetnoot vir Elia daarop wys dat hy sy somme verkeerd gemaak het. Hy het gedink hy is die enigste een oor. Hy, Elija neem homself gans te ernstig op. Hy het 6999 misgetel. Hy behoort homself nou in beter perspektief te sien. God se saak is nie naasteby so verlore as wat hy gedink het nie. Hy kan bemoediging put uit die wete van die orige sewe duisend. En so is Elia uit die dieptes van sy depressie gelig en bemoedig. Sy geloof is versterk en hy kon weer voortgaan met sy werk.

**19:19-21 Elia beweeg aan**

Die verteller kyk vorentoe en wys op die voortgang van die nuwe generasie profete. Elisa se roeping is net so radikaal as die van Elia. Elisa weet onmiddelik hy moet volg. Elisa se roeping is ook nie 'n mistiese gebeurtenis nie. Hy word aangewys deur 'n bekende persoon. Dat Elisa die radikaliteit van sy roeping verstaan blyk daaraan dat hy die gereedskap van sy ou professie offer. Hy het met die juk van die osse twee osse gebraai (Seow, 1999:144). Die gedeelte herinner ook sterk aan Lukas 9:61. Die vinnige voortgaan en beweging in die gedeelte is treffend. Elia het nie net herstel nie, hy is met spoed aan die beweeg. Hy tree op met nuwe energie en entoesiasme. Elia se versaking van sy roeping en die prysgawe van sy eie lewe is oorkom deur die nuwe opdrag van die Here. “Doubts will cease and misgivings vanish when God puts him to work” (DeVries, 2003:237). Elia is nou ook bereid om as 'n werwingsoffisier met die oog op die toekoms op te tree. Vir tyd en wyle sal Elisa optree as sy assistent.

# 3.16 VERWYSINGS NA ELIA IN DIE NUWE TESTAMENT

Na Elia word by herhaling in die Nuwe Testament verwys: Matteus 11:14; 16:14; 17:3-13; 27:47-49; Markus 6:15; 8:28; 9:4-13; 15:35-36; Lukas 1:17; 4:25-27;9:8; 9:19; 9:30; 9:33; Johannes 1:19-27; Romeine 11:2-5; Jakobus 5:16b-18.

# 3.17 'N NARRATIEF HERMENEUTIESE INTERPRETASIE EN VERKLARING

## *3.17.1 Inleiding*

In hierdie afdeling word weereens die paradigma waarmee die navorser die stof hanteer duidelik. Daarna sal oorgegaan word tot die interpretasie en toepassing van die stof in die lewe van geestelike werkers wat aan medelye-moegheid ly. Delport en Fouché (2005:261) verwys daarna as die "Paradigm that underpins the study- the researcher's point if view, or frame of reference for looking at life or understanding reality." Navorser het reeds aangedui dat hy aansluiting vind by die model en uitgangspunte van Gerkin (1991:16) wat hy noem: "narratiewe hermeneutiese praktiese teologie." Hierdie paradigma neem met groot erns die normatiewe begronding van die Christelike gemeenskap in die Bybel en die teologiese tradisie waarvan die gelowiges deel is. Dit bejeën eweneens met net soveel erns die kontemporêre situasie waarin die lewe geleef word en waarin die evangelie "moet gebeur." 'n Belangrike vraag vir die praktiese teoloog is: Wat sê die Bybel hiervan? Hier word dus gesoek na dialoog met God, wetenskaplike literatuur en gekweste individue. Gerkin noem dat in hierdie proses die moontlikheid van die "fusion of horizons" mag plaasvind. "God moet verstaan, vertolk en geïnterpreteer word in terme van reële kontekste" (Louw, 1999:23). Die drie temas aldus Gerkin (1991:93) wat so 'n normatiewe visie begelei is teenwoordigheid ("presence") gemeenskap, ("community") en roeping ("vocation") want

> *"those themes and their accompanying dilemmas in contemporary life, provide us with a new sense of wisdom and aesthetic vision for ministry and, indeed provide us with a renewed wisdom about how life together should be lived. It can give depth and authority to the pastoral guidance we are to provide for God's people in our time".*

Wat die leser dus hier vind is die grondliggende eerste stap om die toepassingsmoontlikhede van die Woord van God in die lewe van sekondêr getraumatiseerde geestelike werkers te vind. Dit blyk reeds dat die Elia verhale deur 'n aantal herinterpretasies kon gegaan het. Die navorser aanvaar die huidige vertelling onvoorwaardelik as die Woord van God. En tog maak dit sin om narratiewe weer te interpreteer in die lig van nuwe omstandighede. Wat hier volg is dus ook 'n

interpretasie, nogeens 'n reïnterpretasie om die Woord van God in 'n bepaalde konteks te laat spreek.

1 Konings 19 is 'n teologies ryk gedeelte. Dit vorm oënskynlik by die eerste lees hiervan 'n skokkende antiklimaks na die groot oorwinning op die berg Karmel in hoofstuk 18. Die leser is verstom om die protagonis van hoofstuk 18 nou op vlug vir sy lewe aan te tref. In hoofstuk 17-18 is Elia die bona fide geloofsheld *"larger than life – faithful, confident, and authorative* (Seow, 1999:138). Elia doen wonderwerke deur gebed. Hy wek 'n kind op uit die dood. Hy bid vuur uit die hemel neer. Hy konfronteer 'n magtige koning en daag 'n groot groep Baälpriesters uit. Hy spreek in die naam van die Here en hardloop die sewentien kilometer voor Agab se strydwa. Die leser het dus glad nie verwag om Elia kort na sy roemryke geloofsdade aan te tref waar hy deur die dreigement van 'n vrou so geïntimideer is, dat hy vir sy lewe vlug nie. Elia, so pas nog vol vertoue (noem dit maar selfvertroue), verander skielik in 'n twyfelaar ('n man sonder enige selfvertroue) wat homself oorgee aan sy selfmoordgedagtes. Deur dit alles bly Elia oënskynlik ook nog eie-geregtig en poog hy om homself voor God te handhaaf. Die toon van hoofstuk 19 is so totaal anders as die van hoofstuk 18 dat navorsers "suggest a complex compositional history". Navorser is dit egter eens met Seow (1999:138) dat die teks soos ons dit in die kanon ontvang het, gelees moet word as 'n geheel en dat dit inderdaad as die opvolg van die Karmelgebeure gelees moet word.

### *3.17.2 'n Narratief hermeneutiese besinning*

**Kontrasterende openbarings**

Die oksimoron "die geluid van 'n sagte fluistering" (Nuwe Lewende Vertaling, 2006:346) herinner sterk aan die Engelse uitdrukking "the sound of silence." Vosloo (1986:139) beskryf dit as 'n sagte stilte: "Eers toe daar 'n sagte stilte kom, het Elia die Here gehoor." In die voorafgaande hoofstukke is die Here geopenbaar in skouspelagtige manifestasies van vuur uit die hemel en 'n skielike reënstorm na die droogte. In Israel was dit bekend dat die verskyning van die Here gepaard gaan met skrikwekkende natuurverskynsels (Vosloo, 1986:138). In 1 Konings word dit egter duidelik dat God nie in 'n sekere modus van openbaring ingeperk kan word nie. God word nie net geopenbaar is aanskoulike gebeurtenisse soos vuur, 'n sterk wind wat rotse breek en aardbewings nie. God openbaar homself ook deur die stille ontvouing en ontknoping van die geskiedenis.

Hoewel Elia die teenwoordigheid van God geken het deur die werklikheid van God se wonderlike versorging en deur die wonderdade wat hy in opdrag van God kon voltrek, is God se wil ook gemanifesteer in die opdrag om sy opvolger te orden. Elia is geroep om Elisa te bemagtig en toe te rus om God se saak verder te voer. Sonder dat Elia ingelig is oor al die toekomsgebeure het sy

ordening van Elisa op die platteland, gelei tot ander gebeure in die vervulling van God se wil in die geskiedenis.

Die Bybel leer ons dat God se stem dikwels gehoor kan word in onaanskoulike gebeurtenisse en deur onaansienlike gewone mense.

> *"God's voice may be present even amid God's silence, as in the birth of a child to an unwed mother amid scandalous circumstances or in the death of an innocent man on the cross" (Seow, 1999:145).*

**Verrassende wendings in Elia se roeping as profeet**

Om 'n geroepene van die Here te wees en in 'n bediening te staan kan verskeie vorme aanneem. Elia se take as profeet in hoofstuk 18 behels die tradisionele vorm van sy soort bediening: Hy konfronteer 'n magtige koning met sy sonde en hy roep die volk op tot bekering. Maar hier in hoofstuk 19 behels die bediening die oordrag van die mantel van leierskap. Getrouheid aan die Here behels die toerusting en bemagtiging van ander vir hulle bediening.

**Die swak menslikheid van God se diensknegte**

Die Bybel is blatant eerlik omtrent die swak menslikheid van God se diensknegte (Seow, 1999:145). Seow voer dan aan dat

> *"in this story we find all the signs of ministerial burnout. Those who are psychologically inclined might point out that Elijah manifests all the signs of depression. He appears to be totally worn out, fatigued"*

Hierdie kragman van God, om dit so te stel, het sy donker momente. Selfs hierdie spesiale profeet en besondere mens wat reeds die wonder van God se getroue versorging beleef het, het sy beperkinge. Elia wat so geseënd was met groot sukses misluk met die eerste tekens van ernstige weerstand.

Boshoff (1999:395) skryf:

> *"Ons sien **hierdie soort reaksie elke dag** by mense wat iets besonders ervaar of bereik het. Dit is asof daar 'n leegheid intree. Jy het met soveel energie en krag 'n doelwit nagestreef dat die bereiking daarvan eintlik 'n antiklimaks is."*

Vosloo (1994:503) meen Elia se reaksie is tipies van iemand wat onder swaar stres gebuk gegaan het en dat die geringste teenstand in sulke omstandighede "'n hele reeks negatiewe persepsies en belewenisse" ontketen. Hy voer dan verder aan dat sulke moedeloosheid nie die lui persoon tref

nie, maar die hardwerkende een. Dit tref ook nie die uitgeruste en gesonde persoon nie, maar die een wat uitgeput is en moontlik reeds siek is. Dit tref die persoon nie wanneer hy nog op pad is na die doel nie, maar nadat die doel bereik, nadat die hoogtepunt bereik is. Vosloo voer verder aan dat dit nie die lui persoon of die swakkeling tref nie, maar die een met potensiaal en dryfkrag. Vosloo gee ook duidelike oorsake vir hierdie toestand. Omdat so 'n persoon fisies en psigies uitgeput is, tas dit sy insig en oordeel aan. As rede hiervoor is dit moontlik dat Elia te hoë verwagtings gekoester het, naamlik dat alle teenstand na die groot oorwinning op Karmel finaal uitgewis sou wees. Toe dit nie so gebeur nie het dit hom gedompel in 'n toestand van depressie sodat hy sy eie suksesse nie meer in perspektief kon sien nie. Elia het gepleit dat die Here nou sy lewe neem omdat hy niks beter as sy voorvaarders is nie. Hy het nie meer kan gesien vir die lewe nie. Elia het die woestyn ingestap om te sterf!

Ook Boshoff (1999:396) voer aan dat Elia eintlik tred met die werklikheid verloor het. Hoewel Elia reg is as hy sê dat hy hom met hart en siel aan die Here gewy het, is dit erg oordrewe om nou met die Here te argumenteer dat al die Israeliete die verbond verbreek het. Die Israeliete se eerste reaksie op Karmel was om uit te roep: "die Here is God!" Ook Elia se argument dat hulle die altare afgebreek het net nadat die altaar op Karmel weer opgebou is, is eensydig negatief. "Die verste van die waarheid af is sy klagte dat *hulle* die profete doodgemaak het en dat hy *alleen oorgebly het*." Hoewel Isebel van die profete van die Here laat doodmaak het, het Obadja 'n honderd profete gered (18:4), in grotte weggesteek en onderhou. Elia staan dus in werklikheid nie alleen nie. Omdat sy lewe bedreig is, het dit hom sy perspektief op die werklikheid gekos. Boshoff kom dan tot die gevolgtrekking:

"**Depressie** is nie 'n grap nie. As die donkerte so om 'n mens toevou, kan geen nuus goeie nuus wees nie. Enigiets laat die wêreld net nóg donkerder en ingewikkelder lyk. Dan lyk die ondenkbare logies. Dan pleeg gebalanseerde, nugter mense skielik selfmoord of wens hulleself dood. Dít is die drif waardeur Elia moes gaan."

Boshoff maak dan die gevolgtrekking dat gelowiges troos kan put uit die feit dat 'n geloofsheld soos Elia ook so gereageer het. Dit bevestig net weer die wonder dat God gewone mense in sy diens gebruik. **"Ons is ook goed genoeg."**

- Dit word dus duidelik dat van die kommentatore hier reeds besig is, om ander horisonne van verstaan aan te wend. Die "leegheid" wat intree korrespondeer met Hart (2001:109) se postadrenalien uitputting as een van die oorsake vir depressie by geestelike werkers. Hy noem dat postadrenalien depressie dikwels gemaskeer word as a "fatigue syndrome." Hy stel verder dat depressie betekenisvol vererger word deur oormatige stres.
- Wanneer Vosloo (bo) aanvoer dat so 'n reaksie nie die lui persoon tref nie maar die hardwerkende een is hy reeds besig om ander horisonne van verstaan te raadpleeg. Hy is reeds (bewustelik of onbewustelik) besig om kennis aangaande die uitbranding sindroom

vanuit die grenswetenskappe toe te pas. In 'n belangrike sin is dit dus ook 'n bepaalde reïnterpretasie van die Bybel binne die reële kontekste van vandag. Dit laat die Bybel spreek tot diensknegte van God vandag.

- Johnson (2002:255) wys op die vertwyfeling van Elia wat homself wil ontslaan as profeet en gaan onmiddelik oor na die diensknegte van die Here wat vandag self soortgelyke tye ervaar. Dit gebeur vandag weer wanneer onmag, uitsigloosheid en 'n ervaring van die *totale moegheid van die siel* ons oorrompel. Elia sou hiervolgens dus eintlik twee stemme hoor naamlik die stem van swaarmoedigheid en 'n stem teen swaarmoedigheid. Wat Elia dus op die berg Horeb beleef het is hoe God hierdie aanvegting met hoop en troos vervul.
- Johnson (2002:255) wys daarop hoe die terugkeer van Isebel op die toneel van Elia 'n slagoffer van vrees maak. Elia word as profeet geïmmobiliseer tot in so 'n mate dat hy nie meer deur die Woord van die Here geïnspireer is nie. Maar dan vind ons dat God met meer passie na Elia soek as wat Isabel na hom soek.

### *3.17.3 Elia en sekondêre trauma*

Geeneen van die geraadpleegde kommentare het oorweeg dat Elia moontlik aan die gevolge van trauma en sekondêre trauma kon ly nie. Daar kan verskeie redes aangevoer word. Die verstaan van trauma is 'n relatief nuwe ontwikkeling in die wetenskappe. Coetzer (2005:12) wys daarop dat sistematiese en intensiewe navorsing eers na die Viëtnam (1965-1975) oorlog begin het en dat openbare belangstelling toe eers begin het. Navorser is die mening toegedaan dat dit in die lig van die bevindinge van die grenswetenskappe met betrekking tot traumanavorsing dit uiters vreemd sou gewees het as Elia nie aan vorme van trauma, sekondêre trauma en uitermate hoë stres gelei het nie. Die volgende redes kan aangevoer word:

- Elia moes vir sy lewe vlug na die aankondiging van die droogte aan Agab die koning (1 Konings 17:3).
- Elia het verneem dat Isebel die profete van die Here doodgemaak en dat Obadja 'n honderd van die profete versteek het, om hulle lewens te red. Elia het verder Obadja se skok gesien toe hy Obadja versoek om vir die koning te vertel "Elia is hier" (1 Konings 18:7-14). Dit is duidelik dat Elia vir sy eie lewe vrees. Obadja het Elia meegedeel wat die koning alles in die stryd gewerp het om hom (Elia) op te spoor.
- Elia het Agab vervolgens met sy sonde gekonfronteer. Agab se vraag en beskuldiging "Is dit jy, jy wat die dood oor Israel bring" was 'n duidelike boodskap aan Elia dat hy, menslik gesien, met sy eie lewe dobbel.
- Elia se konfrontasie met die Baälprofete te aanskoue van die vyandige koning Agab moes by Elia geweldige stres ontketen het.
- Ons lees dat Elia die Baälprofete laat afbring het na die Kisonspruit en "daar het hy hulle doodgemaak" (1 Konings 18:14). Boshoff (1999:395) noem dit 'n *massamoord* en voeg

by dat die soort geweldadigheid die moderne Christelike leser teen die bors stuit. Dit was immers 'n menseslagting en bloedbad van groot omvang. Navorser is van mening dat die uitvoering van hierdie opdrag van die Here, al was dit hoe geregverdig en in opdrag van die Here self, ernstige traumatiese gevolge vir Elia kon inhou. Dit het waarskynlik geestelik en emosioneel sowel as liggaamlik 'n geweldige impak op Elia gehad.

### *3.17.4 God se handelinge met 'n gewonde dienskneg*

Navorser wil poog om hier aan te toon dat die handelinge van God met Elia aandui dat God presies verstaan wat binne in Elia aan die gang is. Dit word verder duidelik uit die wyse waarop God met Elia praat asook in die opdragte wat die Here aan hom gee. Alhoewel hier geensins beweer word dat God, om Elia te genees van psigologiese praktyke gebruik moet maak nie, ag die navorser God se handelinge met Elia van die grootste betekenis. God kon Elia op enige wyse genees en versterk het, maar in die Woord spreek God vandag steeds met gelowiges wat in sy diens staan en na antwoorde soek op die gevolge van hul ontberinge in sy diens. Navorser gaan uit van die standpunt dat berading en beradingstegnieke vir die behandeling van medelye-moegheid groot waarde het, maar dat dit steeds mense faal indien dit hulle bring tot 'n ontmoeting met die lewende God nie. Die volgende gebeure in 1 Konings 19 is betekenisvol.

- Elia het in sy nood (gewoon menslik beskou) instinktief gevlug na 'n plek van veiligheid. Getraumatiseerde individue moet so gou moontlik na 'n plek van veiligheid geneem word. Uit 'n geloofsperspekief is navorser van mensing dat Elia deur die Gees van God gelei is. Sy rusplek onder die besembos is deur God gekies.
- Elia het homself geïsoleer van die mense om hom. Hy het sy slaaf in Berseba laat agterbly. Dit is die tipiese reaksie van 'n getraumatiseerde en depressiewe persoon. God het vir Elia opgesoek en kontak met hom bewerkstellig. Na die vir Elia genesende periode van alleenheid en tot verhaal kom en na sy wonderlike ontmoeting en gesprek met die Here stuur God egter Elia terug om 'n kollega te vind en die toe te rus vir sy taak. *Dit het Elia se isolasie verbreek.* Elia het spreukwoordelik van die perd afgeval. Die Here het hom egter so gou moontlik teruggestuur om sy taak en roeping as profeet op te neem.
- Elia het onder die besembos in die woestyn aan die slaap geraak vir hoe lank weet ons nie. Daar het die engel van die Here hom wakker gemaak en hom laat eet. Elia is toegelaat om weer te slaap vir hoe lank weet ons nie. Getraumatiseerde en depressiewe mense het slaap en rus nodig. Na al die stres van die gebeure op Karmel het sy liggaam en gees die slaap baie nodig. Elia se reaksies op stres as gestuurde profeet van die Here was dus nie die handelinge van 'n persoon met bo-menslike vermoëns nie. Diensknegte van die Here bly steeds mens met menslike behoeftes, beperkinge en swakhede. Elia was 'n kwesbare mens soos enige van God se diensknegte vandag. Die handelinge van God met Elia is 'n wonderlike bewys van God se begrip vir sy gekweste diensknegte.

- Die Here het na Elia se liggaamlike (menslike) behoeftes omgesien deur hom met die nodig voedsel te voorsien. Elia het in sy toestand moontlik glad nie eers daaraan gedink om voedsel saam te vat nie. Gesonde voedsel is 'n belangrike aspek van selfsorg vir diegene wat onder emosionele stres gebuk gaan.
- God verwyt nie Elia sy menslike swakheid nie. God laat Elia toe om te praat en klaar te praat. Elia kry selfs kans om sy nood te herhaal.
- Die Here laat Elia geweldig vêr stap na die berg Horeb. Die Bybel gebruik die simboliese tydperk van veertig dae en nagte. Liggaamlik oefening is 'n belangrike komponent van die genesingsproses vir enige iemand wat aan stres, trauma en depressie ly. Ook Paulus en sy medewerkers wat traumatiese ervaringe gehad het, moes geweldige afstande te voet aflê. Dit het vir die geestelike werkers in daardie konteks tyd gegee, om traumatiese ervaringe te verwerk, te slaap en te rus. Hulle het tyd gehad vir genesing. Vandag is tyd en gepaardgaande fisiese inspanning en oefening 'n skaars kommoditeit. Moderne vervoermiddele; die gejaagdheid van die lewe; die aanhoudende bombardering in die media met traumatiese nuusberigte maak dit soveel moeiliker om tyd vir selfsorg te vind. Die gevolg is dat mense dit al moeiliker sal vind om genoegsame tyd te vind om hul traumas met God deur te werk.
- Elia gaan waarskynlik na dieselfde berg waar Moses baie jare gelede ook 'n wonderlike ontmoeting met die Here gehad het (Eksodus 33). Dit moes vir Elia van groot simboliese en rituele betekenis gewees het. Simbole en rituele is betekenisvolle instrumente in die verwerking van trauma.
- God het Elia aangespreek en wou weet wat hy daar maak. God het Elia die geleentheid gegee om te praat en sy klag uit te stort. Elia is nie verwyt nie. God het alle rede gehad om Elia te verwyt gesien die wonderlike ervaringslesse wat hy reeds met die Here gehad het. Die wonderlike feit dat Elia besef die Here luister na hom en spreek hom aan, het die groot verskil gemaak. So is sy waarde as dienskneg van God weer besvestig. Elia moes besef het dat God hom nie afgeskryf het nie.
- God beveel Elia om sy in sy spore om te draai. Elia moet teruggaan en sy vrese konfronteer. Dit is die perfekte advies aan iemand wat na 'n trauma nie sy vrese wil konfronteer nie.
- God laat Elia kontak maak met die natuur. Hy ervaar die skoonheid en wonder van natuurverskynsels. Al sy sintuie word ingespan. Gelowiges vind dikwels die religieuse atmosfeer van die natuur aangrypend en verkwikkend en praat van die vingerafdrukke van God daarin. In die volgende hoofstukke sal duidelik word van hoeveel waarde dit vir die genesing van medelye-moegheid inhou. Van die oefeninge wat in die literatuur vir die genesing van medelye-moegheid voorgehou word is byvoorbeeld 'n wandel in die park met al jou sintuie opgeskerp. Kontak met die natuur gee mens 'n groter visie op die wêreld en ons plek daarin. Sielkundiges beskryf "grounding" as 'n teenmiddel vir stres

(Yassen, 1995:186). Ook Paulus en die dissipels ervaar die wonder van God in die storms op die see. Die gevolg is dat Elia die stilte hoor en die Onsienlike "sien."

- Elia moes tot die wonderlike ontdekking kom dat die herstel en genesing van Israel, die volk van die Here, nie van hom alleen afhang nie. Hy volvoer 'n klein deeltjie in God se raadsplan. Daar is nog baie ander, die oorblyfsel asook ander geroepe profete, wat nes hy Elia 'n skakel in God se raadsplan is. Dit moes Elia se toekomsvisie verbreed en moes vir hom bevrydend wees. Die redding, die herstel en genesing van Israel asook die handhawing van reg en geregtigheid, was nie van hom alleen afhanklik nie. God self doen dit. God self handel met Agab en Isebel. Hy kon maar die probleem van Agab en Isebel laat vaar.
- Die moontlikheid is nie uitgesluit nie dat Elia na sy wonderlike oorwinning op Karmel en alles wat hy met God ervaar het, 'n grootheidswaan in die sin van die godsindroom soos in hoofstuk drie vermeld kon openbaar nie. Miskien moes Elia ontdek wat Paulus ontdek het in 2 Korintiërs 12:9: " 'My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is.' Daarom sal ek baie liewer oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees." En selfs al sou dit nie die geval wees nie, (dat Elia aan 'n grootheidswaan ly nie) is die ontdekking van God se krag in ons menslike swakheid vir 'n dienskneg van God van groot betekenis. Dit is eintlik waaroor die Evangelie gaan.
- Die kommentaar van Vosloo (1993:504) na aanleiding van die Godsopenbaring op Horeb is betekenisvol. Hy voer aan dat Horeb 'n keerpunt in die geskiedenis van die Godsopenbaring en die profetewoord inlui. Die profetewoord sal nie meer met kragwerking en verskrikking soos op die Karmelberg die geval was, gepaard gaan nie. Voortaan moet die Woord met sagtheid en skynbare swakheid na mense gebring word. Dit bring verandering in die innerlike teweeg:

  *"Die swakheid van die profeet, waarvan Elia so pas 'n voorbeeld geword het, sal van nou af die teken van God se kragtige werking wees. Daarom verskyn die Here eers in die "fluistering van die windstilte". Van nou af is God se instrumente die swakheid van die woord, die broosheid van die boodskapper, die lydende kneg, die gekruisigde Seun van God."*

## 3.18 DIE TOEPASSINGSMOONTLIKHEDE VIR DIE PASTORALE VERSORGING VAN PERSONE WAT AAN MEDELYE-MOEGHEID LY

Die gedeelte is geskik vir die neem van individue op 'n naweek "retreat" in die natuur waar 'n eiland-atmosfeer geskep kan word, dit wil sê waar die groepie mense van ander afgesonder is.

Benewens gesprekke rondom die taal en konsepte van medelye-moegheid wat deel uitmaak van die naweek program kan daar by verskeie geleenthede stilgestaan word by 1Konings 19.

Nadat daar 'n kort skets gegee is van die gebeure wat 1 Koning 19 voorafgaan word daar oorgegaan tot "Wandel in die Woord". Dit beteken dat 'n voorleser die gedeelte voorlees. Daarna kry die deelnemers geleenheid om die gedeelte self in stilte deur te lees en te merk wat vir hulle daar van betekenis is. Hulle kry geleentheid om dit met mekaar te deel. Die metode van die publikasie *God praat – leef luisterryk* (Van Wyk & Simpson, 2006) waarin die sogenaamde luistersiklus uiteengesit word, kan goedskiks gebruik word. Die boekie is 'n hulpmiddel vir mense om na God en na mekaar te luister. Die gedeelte kan ook in beradingsessies met gekweste traumawerkers toegepas word.

### *3.18.1 Riglyne vir die hantering van traumawerkers met medelye-moegheid*

- Dit is belangrik vir die individu om te *erken en te verstaan* wat besig is om met hom te gebeur.
- Die individu moet gehelp word om te verstaan dat sy menslike broosheid en swakheid na vore kom. Dit is nie vreemd dat God se diensknegte gely het en self gekwes is in die uitvoering van hulle roeping nie. Dit is juis hul sagtheid wat hulle geskik vir God se diens gemaak het.
- Individue kan gehelp word om hul worstelstryd met God te openbaar. Dalk moet hul nog ontdek dat hul juis met God worstel. God se hantering van gekweste diensknegte staan voorop. Ook Jesus Christus is "gewond" in sy reddingswerk.
- Soos Elia toegelaat het dat God hom fisies en geestelik versorg, is dit belangrike dat die persoon ook toelaat dat ander hom geestelik en fisies versorg.
- Persone kan daarop gewys word dat medelye-moegheid 'n kragtige impak op mense se fisiese krag en gesondheid mag uitoefen. God het dit verstaan en Elia vêr laat stap ter wille van sy fisiese genesing.
- Die persoon kan daarop gewys word dat trauma en sekondêre trauma jou wêreldbeeld en denkraamwerk waardeur jy die lewe sien verander. Wat met Elia gebeur het is 'n geskikte voorbeeld hiervan. Die verruiming van 'n persoon se wêreldbeeld is 'n kragtige instrument in die genesingsproses. God het Elia se visie en verstaan van sy en Israel se situasie herstel.
- Elia moes sy situasie van isolasie verander deur die aanstel van 'n kollega. Niemand kan trauma alleen verwerk nie.
- Elia het gevoel soos 'n mislukking. Gekweste traumawerkers sal ly onder baie skuldgevoelens waaronder die gevoel van mislukking. Aan Elia is geopenbaar dat God se redding en herstel van sy volk nie van Elia alleen afhanklik was nie. Nog baie ander profete en diensknegte van die Here sou in hierdie proses gebruik word. Uiteindelik moes

Elia verstaan dat die genesing van Israel eintlik God se eie werk is waarin hy nog van baie ander diensknegte ook sou gebruik maak. Alles van nie van Elia se sukses afhanklik nie.

- Die traumawerker moet God weer ontmoet wat hom tot hierdie dienswerk geroep het.
- Moontlik kan 'n traumawerker begelei word tot 'n nuwe reïnterpretasie van sy persoonlike geskiedenis in die lig van die Woord van God. Daar kan gewys word hoe hoog Elia geag word deur die Bybelskrywers. Daar kan gewys word hoe Elia teenwoordig was saam met Moses op die berg van verheerliking in Lukas 9:8-36 en dat hulle "met Hom (Jesus) gepraat (het) oor sy uittog wat Hy in Jerusalem sou voltooi." Kan dit dalk wees dat Elia se persoonlike ervaring van trauma en sy eie lyding daaraan om juis geskik gemaak het vir hierdie ontmoeting met Jesus? Hoewel dit menslik nie moontlik is om die misterie van God se handelinge presies te verstaan nie, is die verwondering in God se handelinge met mense alreeds kosbaar en genesend.

# AFDELING B: METATEORIE

# HOOFSTUK 4

## METATEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT MEDELYE-MOEGHEID

*"Trauma can be terrifying, and fear can be debilitating, but these experiences can present opportunities. Engaging the power of trauma will change us, and it has the power to harm us when we engage it in such close quarters. But, engaging it can bring us to the edge of the human condition and offer us opportunities to move beyond the common distractions of life, which frees us to deal with the unspeakable which is happening in our very experience" (Stamm, 1999:xvi).*

## 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal daar 'n metateoretiese ondersoek gedoen word om vas te stel waarom die situasie ontwikkel het soos beskryf onder praxis(1) volgens die model van Zerfass. In hierdie studie veronderstel Praxis (1) dat geestelike werkers wat traumawerk verrig, 'n probleem met medelye-moegheid mag ondervind (vergelyk hoofstuk 2 punt 2.2). Praxis (1) stem dus ooreen met die probleemstelling wat in hoofstuk een van hierdie studie aangebied is. Hoofstuk twee het reeds die kwesbaarheid van die geestelike werkers belig wat hulleself met oorgawe wy aan hulle roeping. Die probleem soos gestel in hoofstuk een noop die navorser om die grenswetenskappe te raadpleeg ten einde beter begrip te ontwikkel vir die probleem. Metateorieë dien hier as wetenskaplike vertrekpunte (Venter, 1996:89) om die teologiese basisteorie te verhelder en te operasionaliseer (Louw, 1999:29). Volgens Louw, 1999:176) is hierdie fenomenologiese gegewens uit byvoorbeeld die mediese, psigologiese en sosiologiese wetenskap onontbeerlik. Dit help die teologie om sy mensekennis te konkretiseer en op sy wesenlike behoeftes toe te spits. Die ondersoek van die probleem belig ook die noodsaaklike bydrae wat die pastorale teologie as wetenskap tot die teologiese ontwikkeling behoort te lewer. Heitink (1994:88) wys in sy uitwerk van 'n pastoraal- teologiese antropologie dat dit in die pastoraat gaan om die ontmoeting en verstaan van die "hele" mens in al die verhoudinge waarin hy bestaan. Dit sluit in die mens se verhouding met die wêreld waarvan hy onlosmaaklik deel is. Die taak van die praktiese teologie is naamlik "die konkretisering van die Woord, geloofsrealisering en transformasie van die werklikheid" (Louw,1993:82). Die ondersoek wat hier geloods word deur die grenswetenskappe

te raadpleeg, help die praktiese teologie "to obtain a true picture of reality" (Heyns & Pieterse, 1990:36) sodat "die akkuraatheid en aktualiteit van die toepassingsmoontlikhede van Skrifwaarhede vir die mens in sy wêreld" belig word (Louw, 1993:83).

Die bevindinge in hierdie hoofstuk sal opgevolg word met 'n empiriese ondersoek na die voorkoms al dan nie van medelye-moegheid in die leefwêreld van gelowiges wat een of ander vorm van traumawerk doen. In hierdie hoofstuk sal dus eerstens die verskynsel van medelye-moegheid ondersoek word en fenomenologies beskryf word en daarna sal die ooreenkomste en die verskille tussen medelye-moegheid en uitbranding belig word. In die volgende hoofstuk sal daar aan die hand van vrae wat gedistilleer is uit die resultate van bogenoemde navorsing, gesprekke gevoer word met gelowige hulpverleners wat gereeld aan die traumatiese data van mense blootgestel word. Omdat hierdie 'n pastorale studie is, sal daar spesifiek gelet word op die implikasies wat traumawerk op die geestelike lewe van die traumawerker het.

## 4.2 DIE KOSTE VERBONDE AAN OMGEE

In hoofstuk 1 is die probleem gestel dat daar 'n koste verbonde is aan omgee. Daar is gesien hoedat traumawerkers in die gang van hulle beroepe bewus geraak het hoe groot die impak van hulle werk op hulle eie menswees is. Die probleem is gestel dat pastors en geestelike werkers met die brandende begeerte om hulp te verleen, die veld van trauma intervensie betree juis omdat hulle 'n passie vir die nood van ander mense het. Die wesenlike gevaar bestaan egter dat traumawerkers sekondêr getraumatiseer kan word. Dit blyk dus noodsaaklik te wees om die passie vir die nood van ander te balanseer met die nodige kundigheid oor die koste verbonde aan die werk. Die spektrum van hulpverleners op hierdie terrein is groot en die oortuiging is reeds in hooftuk 1 uitgespreek dat daar met betrekking tot die verskillende kerklike dimensies van hulpverlening 'n behoefte bestaan aan 'n pastoraal-teologiese benadering ten opsigte van hierdie probleem.

### *4.2.1 'n Kringloop van helende- en/of beskadigende verhoudings ontstaan wanneer krisiswerk gedoen word*

Die kernbelewenis van psigologiese trauma is dié van ontmagtiging en diskonneksie (Herman, 1997:133). Dit is tekenend van beskadigde verhoudinge en emosies soos in die geval van 'n gemolesteerde kind of dié van 'n slagoffer van gewapende roof. Dit ontmagtig mens en beroof jou van jou outonomiteit (Matsakis, 1996:88). Dit "diskonnekteer" jou van jouself en van ander. Dit beskik oor die potensiaal om wantroue en agterdog teenoor God, medemense en jouself te skep. Die genesing van trauma, daarenteen, is afhanklik van die bemagtiging (Matsakis, 1996:217) en die skep van nuwe helende verbintenisse en vertrouensverhoudinge (Matsakis,

1996:241) in die slagoffer se lewe. Dit sal dus in 'n sekere sin van die hulpverlener die bereidheid verg om die trauma en pyn van die slagoffer 'in homself op te neem' en daaraan te help dra - dit impliseer egter die bereidheid om jouself aan te bied vir medelye-moegheid. Saakvitne stel dit onomwonde deur te sê "the nature of our work contributes to vicarious traumatization" (1996:41). Traumawerkers weet ook dat "recovery can take place only within the context of relationships; it cannot occur in isolation" (Herman, 1997:133). Dit herinner die navorser aan Jesaja 53:4a en 5c waar daar verwys word na die plaasbekledende lyding van die dienaar van die Here (Kruger, 2002:475): "*Tog het hy ons lyding op hom geneem... deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.*"

#### 4.2.1.1 Bomenslike uitdagings

Trauma is aansteeklik. Figley (2002:3) toon aan dat "PTSD spreads in families like a virus unless they have ways to cope" (Die afkorting PTSD is die Engelese afkorting vir posttraumatiese stres versteuring). Dieselfde psigososiale meganismes wat trauma aansteeklik maak in 'n gesin, is aanwesig in die pastorale en terapeutiese verhouding met die getraumatiseerde persoon (Figley, 2002:3). Die uitdaging wat so 'n verhouding van die hulpverlener verg, is in 'n sekere sin bomenslik. Maar Stamm (1999:xxv) skryf dit is voorspelbaar dat "the image of self-sacrificing, dedicated workers who never give a care to their own needs is potentially dangerous". In hoofstuk 1 is reeds gewys op die gevaar dat beraders met medelye-moegheid hulleself en die mense wat hulle wil help, kan benadeel as gevolg van medelye-moegheid.

### *4.2.2 Medelye-moegheid is 'n beroepsgevaar*

Daar is baie verskillende professies in traumawerk betrokke. Die spektrum van hulpverleners strek oor 'n wye front en dit raak professionele beroepe, para- professionele beroepe en vrywilligers. Dit strek vanaf krisiswerkers wat eerste op 'n traumatoneel hulp verleen tot onderwysers wat later met die getraumatiseerde kinders moet werk. Gentry *et. al.* (2002:126-127) noem benewens professionele sielkundige beraders, psigiaters en die familie en vriende ook mediese dokters, verpleegsters, polisie, regsverteenwoordigers, predikante, nooddienswerkers, joernaliste, traumanavorsers, maatskaplike werkers, paramedici, telefoon operateurs en telefoon beraders.

#### 4.2.2.1 Leraars, sendelinge en gemeentes

"Hierdie saak (medelye-moegheid) het die potensiaal om elkeen te raak wat met passie betrokke raak by die nood van 'n medemens" (Coetzer, 2004b:131). Dit is die navorser se ervaring dat die tragedies wat in mede-geloofsgenote se lewens afspeel 'n dempende effek op 'n hele gemeente kan uitoefen. Vroeër hierdie jaar het 'n kleuter seuntjie van 'n plaaslike

gemeente in sy ouerhuis se swembad verdrink. Kort daarna is 'n laerskool dogter in 'n fratsongeluk oorlede. Die gemeente was verslae. Navorser kon die gedemptheid in homself, kollegas en gemeentelede waarneem.

Oglesby (1984:85) skryf oor die werk van leraars as pastorale versorgers wat gereeld die laste van ander help dra en wys op die weerstand van sommige leraars om eienaarskap van hul eie behoeftes te aanvaar. Paylor (1984:97) wys ook daarop dat sommige pastors egter hulpeloos voorkom in hospitale waar al die personeel, behalwe die leraar spesifieke funksies het om te vervul. Hulle weet nie waar hulle presies inpas nie. Hulle identifiseer gevolglik so intens met die pasiënte se nood dat dit moeilik is om te onderskei wie die "swaarste kry." "The intention of the identifications seems to be the effecting of a cure" (Paylor, 1984:96.) Ander leraars daarenteen ervaar die aansprake wat siekes op hul maak as so erg dat hulle vyandige uitsprake omtrent mense in nood maak. Paylor haal die dogter van 'n Protestantse leraar aan wat sê: "They were the enemy" (Paylor, 1984:96).

Geestelike werkers soos predikante en kapelane wat op 'n gereelde basis mense in tye van krisis bystaan en versorg, is potensieel dus vatbaar vir medelye-moegheid. Hulle doen onder andere gereeld sterwensbegeleiding en staan ook die getraumatiseerde naasbestaandes by. Zimmerman en Weber (2000:687) toon aan dat hoewel daar aandag gegee is aan die militêre personeel wat in die Noord Atlantiese Verdragsorganisasie (NAVO) se vredesmagte moeilike en traumatiese ontplooiings ervaar het, "the effects on military chaplains attending to the needs of deployed troops have received little attention." Nadat daar in sulke gevalle klagtes ontvang is van post-ontplooiingsstres, is begin met die ontwikkeling van die program "care for the caregivers" (Zimmerman & Weber, 2000:687). Hulle wys op die sekondêre verliese wat in besonder beslissend vir geestelike werkers is. Dit kan die verbrokkeling van hul huwelike insluit, verlating van die beroep en verlies van geloof, wat teruggevoer kan word na posttraumatiese stressindroom en plaasbekledende traumatisering (Zimmerman & Weber, 2000:687).

Zimmerman en Weber (2000:687) meen dat daar wat die onderwerp van plaasbekledende-medelye betref, weinig aandag gegee word aan die die werk, behoeftes en ervaringe van die militêre kapelane. Hierdie besuiniging op navorsing is teenstrydig, gesien die belangrike en bekende bydraes wat geestelike werkers as traumawerkers in die voorste linies lewer, op burgelike sowel as militêre gebied.

Uit hierdie navorsing blyk die volgende bevindinge besonder betekenisvol te wees (Zimmerman & Weber, 2000:689):

- Die kapelane het hulle bydrae as "caregivers" onderskat

- Hulle was verras dat die personeel hulle bydrae as betekenisvol ag en hulle professionele bekwaamheid respekteer.

Die gruwelike moord op drie sendelinge vroeër vanjaar in Turkye, waarvan een van die vermoorde sendelinge die kollega van 'n plaaslike gemeente se sendeling is, (Gibson, 2007:1) het 'n geweldige reaksie in die plaaslike gemeente veroorsaak - navorser is self betrokke as leraar by hierdie gemeente (Die Ned.Geref.Gemeente, Randfontein-Noord). Die sendeling wat onder Moslems werk en wie se kollega vermoor is, se sekondêre trauma het geblyk uit sy briewe (Sy naam en besonderhede word om veiligheids redes verswyg. Inligting is by navorser beskikbaar) waarin die aaklike grafiese detail uitgespel is. Die navorsing van Irvin *et. al* (2006) bespreek verskeie faktore wat inwerk op die sekondêre traumatisering van sendelinge. Die gebrek aan die ondersteuning van die sturende organisasie blyk dikwels ook 'n belangrike faktor te wees.

### 4.2.2.2 Verpleging

Die term "compassion fatigue" is eerste deur Carla Joinson in die verplegingberoep gebruik (Stebnicki, 2000:11). Vir baie jare is die voorkoms van uitbranding in die verplegingberoep bestudeer, maar baie min aandag is aan die konsep van posttraumatiese stres sindroom gewy (Schwam, 1998:642). Dit is bekend dat baie verpleegsters van jonk af hulself in die rol van verpleegster gesien het. Die gevolg is dat hulle reeds van jongs af deur hul ouers en vriende geïdentifiseer is as mense wat sê dat hulle graag help omdat hulle omgee - dit word uiteindelik deel van hul professionele identiteit. "Many nurses define themselves as caregivers ... nurses are rewarded for putting others' needs before their own" (Joinson, 1992:118). Namate hulle in die rol ingegroei het, is sommige van hulle geneig om al hoe verder verwyder te raak van hul eie behoeftes en verloor in die proses sensitiwiteit vir hul eie stressors "because they learned to turn them off" (Joinson, 1992:118). 'n Verpleegster het dikwels te doen met pasiënte wat hoogs traumatiese ervaringe gehad het. Schwam (1998:642) beskryf 'n week in die ongevalle afdeling waar sy gewerk het. Hulle moes 'n hele aantal tieners behandel wat met skietwonde en beserings as gevolg van motorfiets ongelukke opgeneem is. Sy vertel dat sy daardie week gevoel het of sy na 'n filmvertoning kyk. Die droë humor en emosielose kommentaar van haar kollegas was intens.

> *"As if watching a movie, nurses were moving about in a detached manner. A surrealistic atmosphere developed. At the time care was being provided, the nurses believed they were absolutely in control and providing the best care possible. ... at the same time, it was apparent that something was wrong" (Schwam, 1998:642).*

### 4.2.2.3 Joernalistiek - 'n professie met openbare gevolge

Joernaliste is getuies en draers van traumaverhale. Die tsoenami ramp van 26 Desember 2004 is deur die fotografiese beeldmateriaal van verslaggewers aan die wêreld uitbasuin. Mens kan aanvaar dat die publiek en owerhede nie so vinnig met hulp en bystand sou gerageer het nie, as dit nie was vir die volhardende verslaggewing nie - maar die emosionele en fisiese prys vir die joernaliste was hoog. Colón (2005) reageer op die verhaal van die CNN joernalis wat na die tsoenami sy lesers vertel het van die "moment when he stopped feeling like a reporter and felt more like a father." Dit was nadat hy die ineengestrengelde liggame van klein kindertjies gesien het. Colón (2005) vestig die aandag op die wyse waarop sulke rampe op die "skill and stamina" van verslaggewers impakteer. Verslaggewers op die toneel, dié in die nuuskamer, en ook die werker wat selfs net die fotos moet liaseer, is geweldig blootgestel aan traumatiese materiaal. Daar word dikwels baie lang ure teen sperdatums gewerk. Dit impakteer dan op hul persoonlike lewe sowel as hul professionele werk. Fisiese uitpuntting, gepaard met emosionele oorlading is gevolglik 'n groot faktor in die ontwikkeling van medelye-moegheid vir joernaliste.

Werblin en Moon (1999:58) vertel hoedat hulle as joernaliste verskeie kere emosioneel getraumatiseer is. Jare gelede het haar navorsing oor mishandelde vrouens 'n onuitwisbare indruk op haar gemaak. Van Niekerk (2002:6) wys in sy artikel op die boek van Susan D. Moeller, *Compassion fatigue: How the media sell disease, famine, war and death,* waarin sy tot die gevolgtrekking kom dat Britse televisiekykers so gereeld tonele van dood en waansin sien, dat 'n psigiese verdedigingsmeganisme hierteen in werking tree. Phillips (1999:133) lig uit dat Moeller

> *"in developing her concept of compassion fatigue as both the cause and effect of shoddy journalism ... offers a fresh way of understanding the media's decline into mere 'infotainment'".*

Hy toon aan dat die besnoeiings in groot media maatskappye, joernaliste daartoe dwing om 'n soort van "parachute journalism" te volg. Hulle vlieg van die een krisis na die volgende en beskik nie oor genoegsame tyd om ten volle die agtergrond, geskiedenis, en konteks na te speur nie. Die rede hiervoor is dat die groot nuusmaatskappy vrees dat die nuus nie meer sal verkoop nie, omdat die publiek aan medelye-moegheid ly.

### 4.2.2.4 Sterwensberaders en die tragiese verhaal van Elizabeth Kübler-Ross

Sterwensberaders ervaar talle stressors wat direk verband hou met die tema waaroor dit hier gaan. Dit was met 'n gevoel van teleurstelling dat die navorser afgekom het op 'n artikel oor die bekende Elisabeth Kübler-Ross, skrywer van die boek "On death and dying". Die artikel beweer sy "question her own legacy and ... reconsider her ideas about life, death and 'the other side'" (Lattin, 1997:1). Die leser hiervan moet die volgende vraag in gedagte hou. Het Kübler-

Ross goed na haarself omgesien in die jare wat sy sterwensbegelyding nagevors en gedoen het? Kan dit wees dat die professionele en sosiale konteks waarbinne sy geopereer het tot haar verbittering aanleiding gegee het? Aldus Lattin (1997:1) sou Kübler-Ross gesê het:

> *"My only regret is that for 40 years I spoke of a good God who helps people, who knows what you need and how all you have to do is ask for it. Well, that's baloney. I want to tell the world that it's a bunch of bull. Don't believe a word of it."*

### 4.2.2.5 Veeartsenykunde

Dit is maklik om uit die oog te verloor dat die verhouding tussen mens en dier dikwels van die mooiste is wat daar is (Mitchener & Ogilvie, 2002:307). Mitchener en Ogilvie (2002:307) sê dat

> *"veterinary medicine has been well recognized as one of the most caring of all professions. This responsibilty to care for both the client and the patient, ... has led us to a place where we experience the "cost" of this care."*

Mitchener en Zaparanick (2001: 52) skryf oor die voorkoms van medelye-moegheid binne die veeartsenykunde beroep. Hulle (Mitchener & Zaparanick, 2001: 55) wys daarop dat veeartse ongeveer vyf keer soveel pasiënte verloor as mediese dokters. Dit hou natuurlik verband met die feit dat diere vinniger volwassenheid en ouderdom bereik as mense en dat veeartse dus meer gereeld deur die emosionele siklusse van lewe en dood beweeg as ander dokters. Die hartseer van eienaars van troeteldiere word in 'n sekere sin op die dokter oorgeprojekteer (Du Toit, 2004: 9). "These cases are perfect compassion fatigue triggers because they demand more support and empathy from you" (Mitchener & Zaparanick, 2001: 56).

### 4.2.2.6 Maatskaplike werk

Maatskaplike werk is moontlik een van die mees emosioneel blootstellende beroepe met betrekking tot medelye-moegheid (Meyers & Cornille, 2002:42). Kindersorg- en beskerming is deel van die werker se pligte . Hulle beskik ook oor statutêre magte en kan mishandelde en gemolesteerde kinders uit die sorg van hulle ouers verwyder. Adams *et al.* (2004:3) waarsku dat hulle "may have occupational environments and caregiving demands that increase the likelihood of adverse psychological outcomes." Follette *et al.*(1994:275) wys daarop dat die seksuele misbruik van kinders in die VSA 'n groot en ernstige sosiale probleem is. Dit affekteer bykans 'n derde van alle vroue en 'n sesde van alle mans. Die ondersoek is ook geloods met die doel om die voorkoms en impak van persoonlike trauma in die lewe van die werkers na te vors (Cunningham, 1999:145). As deel van die ondersoek is sielkundiges en maatskaplike

werkers saam geklassifiseer en is daar bevind dat meer as 36% vroulike werkers en 23% manlike werkers self 'n geskiedenis van molestering tydens hul kinderjare het. Hoewel hierdie statistieke nie net so op die situasie in die RSA oorgedra kan word nie is dit nogtans betekenisvol (Follette *et al.*, 1994:278).

#### 4.2.2.7 Polisiewerk

Die polisie is dikwels die persone wat eerste op traumatiese tonele aankom.Die volgende berig in die Beeld (Kok, 2004:2) illustreer iets van die impak waaraan talle polisielede gereeld blootgestel word:

> *"Geharde polisiemanne het gister geskok en stil langs die Liebenbergsvlei gestaan waar 'n tas met die lyke van twee jong boeties wat na bewering deur hul pa vermoor is, uit die water gehaal is."*

Die polisie werk gereeld met die slagoffers van trauma, soos onder andere verkragting. Coetzer (2004b: 134) haal 'n televisieprogram aan wat 16 Oktober 2002 op TV1 uitgesaai is wat gehandel het oor die effek van die blootstelling aan trauma op polisie. 'n Onderhoud is gevoer met 'n vrou wat deel was van 'n span wat met verkragtingslagoffers gewerk het, maar

> *"...ten tye van die onderhoud het sy egter bloot administratiewe take verrig aangesien sy by 'n totale breekpunt gekom het en nie langer as lid van die span kon funksioneer nie ... sy vertel dat sy 'n punt bereik het waar elke slagoffer se verhaal haar eie verhaal geword het ... dit het vir haar gevoel asof syself telkens verkrag word wanneer sy luister na 'n ander persoon se verhaal. ..."*

## 4.3 WAT DOEN TRAUMAWERK AAN INDIVIDUE EN ORGANISASIES?

### *4.3.1 Definisie*

Saakvitne en Pearlman (1996:40) definieer plaasbekledende traumatisering (wat in hierdie studie grootliks as 'n sinoniem vir medelye-moegheid gebruik word) as volg:

> *Die transformering van die hulpverlener se innerlike ervaringswêreld, wat die gevolg is van sy empatiese betrokkenheid by die traumamateriaal van slagoffers.*

Die volgende definisie deur Figley (1995: xiv) van medelye-moegheid is egter meer omvattende en gebruikersvriendelik:

> *"... the natural behaviors and emotions that arise from knowing about a traumatizing event experienced by a significant other – the stress from helping or wanting to help a traumatized person."*

Hy stel dat dit feitlik identies is aan posttraumatiese stresversteuring, met slegs die verskil dat dit van toepassing is op die persone wat deur 'n ander se trauma geaffekteer is. Die term medelye-moegheid is dus waarskynlik wyd genoeg om die ander verwante konsepte soos sekondêre traumatiese stres te akkommodeer wat Figley (2002:3) waarsku "may have masked this common problem."

### *4.3.2 Tekens en simptome*

In die gedeelte wat hier volg (3.3.3 tot 3.3.10) kom die wyduiteenlopende tekens en simptome van medelye-moegheid aan die orde. Bylaag L bied verder 'n beknopte inventaris van die persoonlike impak en die impak op die professionele funksionering van persone as gevolg van sekondêre traumatiese stres.

### *4.3.3 Veranderinge wat in die traumawerker plaasvind*

Saakvitne en Pearlman (1996:40) gee 'n beknopte samevatting en vooruitskouing van die tekens en simptome asook bydraende faktore wat mag dui op plaasbekledende traumatisering in die lewe van traumawerkers:

- Geen tyd en energie vir self;
- Diskonneksie van geliefdes;
- Sosiale onttrekking en isolering;
- Verhoogde sensitiwiteit vir geweld;
- Sinisme;
- Veralgemeende wanhoop en hooploosheid en nagmerries.

Hiermee saam wys hierdie outeurs op die spesifieke veranderinge wat dikwels die uitvloeisel is van traumawerk, naamlik:

- 'n Ontwrigte verwysingsraamwerk;
- Veranderinge in identiteit, wêreldbeskouing en geestelike lewe;
- Afname in persoonlike vermoëns ("*impaired ego resources*");
- Die ontwrigting van psigologiese behoeftes en kognitiewe skemas;

- Veranderinge in sensoriese ervaringe (opdringende verbeeldingflitse, dissosiasie en depersonalisasie.)

### *4.3.4 Traumawerk veroorsaak lang- en korttermyn reaksies*

Die korttermyn reaksies bring McCann en Pearlman (1990:132) met *teenoordrag* in verband, (kortliks gedefinieer beteken teenoordrag die proses waardeur die berader homself in die kliënt sien, oor-identifiseer met die kliënt, of waar eie behoeftes deur middel van die kliënt betrek word (Coetzer, 2004b:202, Collins, 1982:125-127) terwyl die langtermyn veranderinge in die berader se "cognitive schemas, or believes, expectations, and assumptions about self and others" sigbaar word. Hulle beskou die effek van sekondêre trauma as

> *"pervasive, that is, potentially affecting all realms of the therapist's life; cummulative, in that each client's story can reinforce the therapst's gradually changing schemas; and likely permanent, even if worked through completely" (McCann en Pearlman, 1990:136).*

Hierdie outeurs verwys ook na Jung wat na sekondêre trauma verwys as "an unconscious infection" en na Chessick se term "soul sadness," wat verwant is aan die getraumatiseerde se depressie en wanhoop.

### *4.3.5 Medelye-moegheid ontwrig langtermyn basiese sielkundige behoeftes*

#### 4.3.5.1 Die behoefte aan veiligheid

Ten opsigte van die gevoel van veiligheid, is aspekte soos die volgende dikwels aan die orde waar traumawerkers herhaaldelik blootgestel is aan die pyn en leed van andere. Die werker se eie kwesbaarheid word 'n allesoorweldigende werklikheid (McCann en Pearlman, 1990:138). 'n Oorweldigende vrees vir sy geliefdes se veiligheid ontwikkel en strem die persoonlike gevoel van vryheid (Rosenbloom *et al.*, 1999:70). Gedragsveranderinge wat voorkom as gevolg van die gevoel van verlies van veiligheid, is onder andere die volgende:

- Hy probeer vermy dat mense agter hulle loop;
- Hy maak voortdurend seker dat alles dig gesluit is en is voordurend op hul hoede vir vreemde geluide (Pearlman & Saakvitne, 1995).

#### 4.3.5.2 Die behoefte aan vertroue, outonomie en onafhanklikheid

Beraders word blootgestel aan die baie wrede maniere waarop mense die vertroue van juis diegene wat van hul afhanklik is, misbruik, mislei, verraai en geweld aangedoen het. Dit word dikwels waargeneem met betrekking tot kinders. Herman (1997:81) skryf oor die realiteit dat mense in gevangenisskap selfs emosioneel afhanklik kan raak van die oortreder. Die gevolg is

dat beraders hulle vertroue in mense verloor en hulle is geneig om te veralgemeen deur alle mense met suspisie, wantroue, en agterdog te bejeën. Mense se motiewe word oor die algemeen bevraagteken en sinisme word dan 'n kenmerk van so 'n persoon. Beraders mag selfs voel dat hulle vertroue geskend is, deurdat 'n kliënt byvoorbeeld teen goeie advies in teruggekeer het na haar gewelddadige eggenoot (Rosenbloom *et al.,* in Stamm, 1999:71). "This may well disrupt the therapist's schemas about trust" (McCann en Pearlman, 1990:138). Identifisering met iemand se verlies van onafhanklikheid en outonomie mag die vrees vir soortgelyke verliese aanwakker. Dit verhoog ook soms die vrees vir persoonlike kwesbaarheid.

### 4.3.5.3 Die behoefte aan beheer en mag

Die ekstreme hulpeloosheid, magteloosheid, kwesbaarheid en verlamming wat deel is van baie getraumatiseerde persone se verhale, mag vrese by die berader oor eie mag, beheer en effektiwiteit laat posvat (McCann & Pearlman, 1995: 139). Selfbeheer hou onder andere verband met die behoefte om kontrole oor jou gedagtes, gevoelens en aksies uit te oefen. Ontwrigting op hierdie terrein laat beraders self buite beheer voel. "The helper's resulting feelings of helplessness or terror may parallel the victim's experience" (Rosenbloom *et al.*, 1999:75). Dit mag daartoe lei dat beraders kliënte ontoepaslik mag aanpor om tot aksie oor te gaan. Verkragtingsterapeute begin dikwels selfverdedigingklasse neem. Beraders wat groter behoefte aan mag het, begin soms op 'n onvanpaste wyse dominerend optree. Beraders ontwikkel ook fantasieë oor hoe hulle weerstand sal bied teen kriminele en hoe hulle sal optree in verkragting scenario's.

Die behoefte om deur ander en jouself as waardevol bejeën te word, is inherent aan elke mens. Mense het ook die behoefte om ander as waardevol te sien. Hierdie persepsie kan egter deur medelye-moegheid verander word. "Self-esteem is the need to be valued by others" (Rosenbloom *et al.*, in Stamm, 1999:76). Traumawerkers mag later hul eie vermoëns en waarde bevraagteken om andere te help omdat hul weinig kan doen om verdere pyn te verhoed (Pearlman & Saakvitne, 1995: 291.) Om ander mense met respek te bejeën en hoog te ag, is tekenend van 'n gesonde lewensbenadering. McCann en Pearlman (1990:140) sê dat werkers wat gedurig gekonfronteer word met die ontdekking van hoeveel mense geweld aangedoen is deur die moedswillige, wrede en gemene dade van hul medemens, hul agting vir die mensdom in sy geheel verloor. Traumawerkers raak in die proses soms baie sinies, bitter en pessimisties oor die mensdom.

### 4.3.5.4 Die behoefte aan intimiteit

Herman (1997:50) toon aan dat die beskadiging van mens se basiese intieme verhoudinge as gevolg van trauma lei tot die beskadiging van die "construction of the self that is formed and sustained in relationship to others". Ook beraders ervaar dit indirek vanweë hulle blootstelling

hieraan. Dit kan negatief inwerk in die berader se intieme verhoudinge deurdat hy homself wil beskerm teen nog pyn deur hulself al hoe meer te isoleer (Rosenbloom *et al.,* 1999:75). Kollegas kyk soms neer op die werk wat hulle doen en verkragtingsterapeute voel soms net so gestigmatiseer as die eintlike slagoffers. Die gevolg is dat van die terapeute ook afgeskei voel van hulle kollegas, familie en vriende. Die konfidensialiteit wat die terapeutiese verhouding vereis, dra daartoe by (McCann & Pearlman, 1990:141). Kollegas kommunikeer soms ook onbewustelik die negatiewe boodskap dat terapeute juis hierdie werk gekies het vanweë hul eie onopgeloste konflikte (McCann & Pearlman, 1990:141).

### *4.3.6 Medelye-moegheid skend die traumawerker se verwysingsraamwerk*

Volgens McCann en Pearlman (1990:137) konstrueer mense hul eie persoonlike realiteit deur die ontwikkeling van kognitiewe denkrame waardeur die wêreld verstaan word. Hierdie raamwerke behels jou geloofsisteme, jou veronderstellinge of aannames en jou verwagtinge ten opsigte van self en die wêreld waarvan jy sin probeer maak. Pearlman (1999:53) en Pearlman en Saakvitne (1995:282) stel dat die watermerk van plaasbekledende-medelye 'n ontwrigte verwysingsraamwerk is. Hulle beklemtoon die feit dat 'n persoon se identiteit, wêreldbeskouing en geestelikheid uiteindelik sy verwysingsraamwerk konstitueer. Die outeurs sluit nou aan by Janoff-Bulman (1985:19-22) se benadering dat trauma die basiese aannames, naamlik die geloof in jou onkwesbaarheid, die sien van jouself in 'n positiewe lig (veronderstelling van identiteit), en die geloof in 'n sinvolle rasionele wêreld uitdaag.

Volgens Pearlman (1999: 53, 57) bied die elemente van die traumawerker se verwysingsraamwerk die lens waardeur hy die lewe sien, ervaar en interpreteer. Ook Rosenbloom *et al.* (1999:69) sluit hierby aan en voer dit verder deur daarop te wys dat traumawerkers as gevolg van medelye-moegheid mag begin om ander *mense* en *die wêreld* te sien as *"dangerous and threatening, malevolent and evil, untrustworthy and unreliable, exploitative and controlling, and/or disconnected and alienating."*

### *4.3.7 Lewens- en wêreldbeskouing*

Mense se lewens- en wêreldbeskouing anker hom in die groter konteks van menslike- bestaan en gemeenskap. As sy uitkyk op die lewe self onseker is mag traumawerk sy grootste vrese omtrent die mensdom bevestig en dit mag aanleiding gee tot 'n wanhoop wat sy persoonlike lewe en werk benadeel. Die traumawerker mag wonder of dit enige waarde het om iemand anders by te staan. As die traumawerker dus nie die veld betree met 'n duidelike doel en geloof in die waarde van die beroep wat hy volg nie en as sy opleiding nie 'n duidelike teoretiese raamwerk bied om die proses van genesing van trauma te begryp nie, is hy baie kwesbaar vir plaasbekledende traumatisering. Terapeutiese impasse en mislukkings mag die berader laat wanhoop tot op die vlak waar hy magiese verduidelikings aanbied vir die suksesse wat daar ook mag wees (Pearlman & Saakvitne,

1995: 307). Wanneer traumawerk die berader se ergste vrese omtrent die mensdom bevestig en die berader sy ervarings met slagoffers van trauma veralgemeen, stel die werk die terapeut bloot aan 'n gevoel van eksistensiële verlatenheid en isolasie (Pearlman & Saakvitne, 1995: 286, 307; Hugo, 2006: 92-96).

### *4.3.8 Identiteit*

"Vicarious traumatization causes disconnection from one's usual experience of oneself (Pearlman & Saakvitne, 1995:283). Hierdie vervreemding van die self lei onwillekeurig tot die gevoel van onwerklikheid, affektiewe gevoelloosheid en vervreemding van ander. Pearlman en Saakvitne (1995:283-5) dui die volgende aspekte aan as tipies met betrekking tot hierdie proses:

- Werkers wat hulself aanvanklik gesien het as warm, optimistiese en empatiese mense raak in hulself teleurgestel.
- Die werk met "survivors" van seksuele misbruik, dwing die werker om sy eie geslagtelike identiteit in heroorweging te neem.
- Om te hoor van ander se seksuele misbruik, benadeel die werker se verwerking van sy seksuele trauma asook die integrasie daarvan in die eie identiteit.
- Traumawerkers kan hulself isoleer van mense deur hul professionele identiteit geheim te hou omdat hulle sien dat sommige mense nuuskierig is – in ander gevalle mag dit weer blyk dat beradenes geneig is om weg te deins wanneer die traumawerker iets omtrent sy werk openbaar.
- Die berader se professionele identiteit is deurentyd in gedrang as gevolg van sy bevraagtekening van eie bekwaamheid, of selfs deur die bevraagtekening deur 'n moeilike kliënt (Pearlman & Saakvitne, 1995:307)

### *4.3.9 Geestelik ontwrigting*

Uit 'n suiwer psigologiese oogpunt meen Pearlman en Saakvitne (1995:308) dat geestelikheid 'n inherente menslike bekwaamheid is wat jou die bewussyn gee van die ontwykende nie-materiële aspek van ervaring. As 'n terapeut dus ontwrigting beleef betreffende die sin en betekenis van die lewe en besig is om sy hoop te verloor, sal traumawerk hom verder ontwrig. Terapeute wat dus geen ruimte laat vir die *nie-materiële* aspek van menslike ervaring nie, gaan in alle waarskynlikheid heeltemal verlore voel wanneer hulle gekonfronteer word met die diep geestelike wonde van diegene wat so deur die lewe gekwes is. Daar moet ruimte wees vir die gedagte van "some ultimate meaning" (Coetzer, 2004b:125, Hugo, 2006:95).

### *4.3.10 Die verlies van 'n gesonde selfbewussyn*

Met selfbewussyn word bedoel die vermoë om in voeling met jou eie innerlike self en behoeftes te wees. Hierdie bewustheid van self saam met die vermoë om introspeksie te doen, is onontbeerlik vir die terapeut. "Self-awareness and introspection are essential tools to the therapist..." en 'n gebrek aan selfinsig "erodes a therapist's esteem and hope" met die gevolg dat hy alle lewensvreugde kan verloor (Pearlman & Saakvitne, 1995: 308-309). Gebrek aan selfinsig verhoed die terapeut om sy eie tekortkominge raak te sien en te besef dat dit op 'n stadium eintlik nodig is om in konsultasie met 'n kollega te gaan, of om selfs net 'n verposing te neem. Gebrek aan selfinsig verhoed die terapeut om sy eie teenoordrag reaksie te herken en te verwerk. Hy sal ook nie in staat wees om die oordragreaksies van 'n kliënt te hanteer nie. Hierdie gebrekkige insig mag die beginpunt wees van die teenoordrag-plaasbekledende-medelye siklus (Pearlman & Saakvitne, 1995:309). Die onderliggende belangrike aspek is die behoud van *perspektief*. Sonder die behoud van perspektief raak traumaterapie dodelik. Dit beteken dat die terapeut begrip moet behou vir die bronne waaroor die kliënt beskik, sy eie plek in die lewe van die slagoffer, en die belang van die werk wat hy doen. Traumawerk is emosioneel intens en veeleisend wat die affektiewe aspek van die traumawerker se menswees betref. Indien die terapeut moeilik intense emosies hanteer, mag hy emosionele oorlading beleef wat amper onhoudbaar sterk is. Die gemak of ongemak waarmee die terapeut sy eie kragtige en somtyds primitiewe emosies hanteer, sal ook 'n groot invloed op sy identiteit en selfbeeld uitoefen. Hierdie gevoelens mag boonop lei tot 'n reeks verdere emosies soos angs, skaamte en verwarring (Pearlman & Saakvitne, 1995:308).

### *4.3.11 Krisiswerkers en die ontwikkeling van medelye-moegheid*

Krisiswerkers se beroepe behels dat hulle potensieel *daagliks* aan trauma blootgestel word. Personeel in die ongevalle-afdelings van hospitale en intensiewe sorgeenhede klassifiseer ook eintlik onder hierdie kategorie. Beaton en Murphy (1995:51) stel dat krisiswerkers se blootstelling aan trauma herhalend is, potensieel kumulatief is en dat dit ook 'n bedreiging inhou vir hul persoonlike veiligheid, gesondheid en welsyn. Sekondêre traumatiese stres het volgens Beaton en Murphy (1995:53) drie operasionele komponenete wat die krisiswerker affekteer:

- Die konfrontasie met die dood of die gevaar van ernstige besering en dood ten opsigte van die eie persoon of dié van 'n ander
- Die gebeurtenis wek by die werker gevoelens van vrees, hulpeloosheid, skok en afgryse
- Direkte of indirekte blootstelling aan 'n buitengewone fisiese of gewaande stressor.

Hierdie proses kan verder onderskei word in die onmiddelike, korttermyn en langtermyn effekte op die krisiswerker (Coetzer, 2005: 63.) Wat die onmiddelike impak na blootstelling betref, kan die volgende aspekte vermeld word (Coetzer, 2005:63 en Beaton & Murphy, 1995:53-54):

- Die hantering van dooie liggame
- Blootstelling aan gevaarlike situasies
- Die aanskoue van eiendoms- en omgewingsverliese
- Die funksionering onder subnormale toestande en die fisiese stremming daaraan verbonde
- Die oordra van die doodstyding aan familie en vriende
- Krisiswerkers wat soms grootskaalse dood en verminking aanskou
- Die dood van jong mense en kinders
- Die reuke en beelde van dooie mense
- Identifikasie met slagoffers wat trekke of karaktereienskappe van die helper self vertoon.

Traumareaksies (Coetzer, 2005:63; Beaton & Murphy, 1995:3) wat hieruit mag voortspruit, sluit in:

- Perseptuele- en tyddistorsies word vermeld vanweë die tyd-drukte waaronder gewerk word en die groteske omvang van die gebeurtenis
- Gevoelens van depersonalisasie word gerapporteer vanweë die gevoelens van onwerklikheid gedurende 'n katastrofale gebeurtenis
- Oorweldigende emosies word tydens reddingspogings onderdruk sodat effektiewe hulp verleen kan word ten spyte van die krisis
- Die verlies aan selfvertroue en treurreaksies is soms ook aanwesig na die blootstelling aan massa ongevalle.

Akute of korttermyn posttraumatiese reaksies sluit in:

- Die herbelewenis van die traumatiese gebeurtenis
- Afstomping en/of die ontkenning van gevoelens
- Terugflitse.

Beaton en Murphy (1995:59) beskryf die aanvang van wat hulle noem die "delayed onset of post-trauma symptoms" van brandweermanne meer as elf maande na 'n veldbrand in Australië. Hulle het bevind dat 'n lae tot matige graad van posttraumatiese stresversteuring voorgekom het en verwys na gelyktydige voorkoms van vermydings- en opdringende simptome (terugflitse) - dit wil sê "a denial symptom pattern occurred along with the reexperiencing symptom pattern" (Beaton & Murphy, 1995:59-60.) Die voorkoms van ernstige somatiese, emosionele, en gedragsprobleme is by krisiswerkers gedokumenteer (Beaton & Murphy, 1995:60.) Gedrag en simptome wat geblyk het belangrik te wees by hierdie groep, is die volgende: ooraktiewe fisiese- en emosionele waaksaamheid, versteurde slaappatrone, demoraliserende denke, woede, vrees, gevoelens van vervreemding, isolasie, die verlies aan vertroue, skuldgevoelens, gevoelens van

versteurdheid, gevoelens van verlies van beheer en selfmoordgedagtes (Beaton & Murphy, 1995:61-62, Taylor & Wilson, 1997:35).

Die gevaar bestaan dat krisiswerkers alkohol of dwelms (Beaton & Murphy, 1995:63) kan gebruik om posttraumatiese stresversteuring simptome soos terugflitse en nagmerries te probeer voorkom. Eiesoortige faktore wat kan bydrae tot medelye-moegheid in krisiswerkers is onder andere aspekte soos die volgende (Beaton & Murphy, 1995:63):

- Hulle sien trauma as deel van die pakket van hul werk.
- Hulle is toegewy aan die visie rondom die "redding van lewens" en dit vorm deel van hul beroepsidentiteit
- Ervaring verleen oënskynlik 'n weerstand teen sekondêre traumatiese stres. Daarenteen is hul herhalende blootstelling aan trauma potensieel kumulatief en word hulle voortdurend herinner aan vorige kritiese insidente.
- Hulle word voortdurend blootgestel aan onsekerheid en onvoorspelbaarheid - hulle weet nie wat gedurende die skof op hulle wag nie.
- Slaapversteurings word geassosieer as eie aan skofte-werk en dit is een van die belangrike simptome in posttraumatiese stresversteuring

Valent (1995:41) wys op sommige van die teenstrydige emosies wat helpers mag ervaar. Aan die een kant kan hulle wraakgedagtes koester teenoor slagoffers wat nie hulp aanvaar nie en wat hul helpers in gevaarlike posisies plaas deur byvoorbeeld nie betyds te ontruim nie. Aan die ander kant kan die werkers "survivor guilt" ervaar deurdat hulle dalk nie genoeg gedoen het om mense te red nie. Die krisiswerker wat toegewy 'n slagoffer help, kan in die proses homself in so 'n mate identifiseer met die slagoffer se trauma dat hy dit so intens ervaar dat hyself uiteindelik 'n mede-slagoffer word (Valent, 1995:41). McCammon en Allison (1995:116) wys op die weerstand onder krisiswerkers om te erken dat die traumaties-psigologiese impak van hul werk die bron van hul nood is. Hulle skryf dit gewoonlik toe aan die irritasies verbonde aan die werk. Weiss et al. (1995: 367) wys in hierdie verband daarop dat 'n geskiedenis van traumatiese dissosiasie 'n belangrike risikofaktor vir krisiswerkers inhou

## 4.4 DIE FAKTORE IN TRAUMAWERK WAT 'N BEPALENDE ROL IN DIE ONTWIKKELING VAN MEDELYE-MOEGHEID VERVUL

Figley (in Stamm, 1999:20-21) noem dat *empatie* en *blootstelling* aan die wortel van die begrip medelye-moegheid lê. Daarby is die persoonlike vorige traumatiese ervaringe en onopgeloste trauma in die verlede van die werker uiters belangrik – net so ook enige betrokkenheid by die trauma ervaringe van kinders. Saakvitne en Pearlman (1996:40) wys ook op die volgende bydraende faktore: naamlik,

- Die aard van die werk;
- Die aard van die kliënte;
- Die effek van die kumulatiewe blootstelling aan traumamateriaal;
- Die organisatoriese konteks en die sosiale en kulturele konteks.

### *4.4.1 Traumawerk vereis empatie*

Om werklik andere wat deur trauma gaan, by te staan, vereis dat die helper in 'n sekere sin self deur die trauma van die ander persoon aangeraak moet word. "Empathy is a major resource for trauma workers to help the traumatized" (Figley, 1999:20). Die traumawerker moet hom-/haarself in die ander se skoene kan plaas. Ware ontmoeting vra om oor grense te beweeg en dit buite jou eie sekuriteit te waag. "Dit laat jou kwesbaar, maar juis jou kwesbaarheid is die voorwaarde vir ware verstaan" (Müller, 1996:12).

> *"If we are not engaged with others sufficiently to understand their pain and their experiences, then how could we truly be with them" (Stamm, 1999:xxxiv).*

'n Traumawerker se kwesbaarheid betreffende plaasbekledende traumatisering is onvermydelik omdat die werk empatiese luister behels, met die doel om te help (Saakvitne & Pearlman, 1996:25).

Rothschild (2006:35) behandel die neurofisiologie van empatie en verduidelik dan interpersoonlike fenomene waaronder die somaties-emosionele gevolge van empatie. Sy verduidelik die konsep van (weer)spieëlende neurone in empatie (2006:43-45) wat op sy beurt die outomatiese senuweesisteem van die empaties betrokke persoon aktiveer (2006:55). Dit verklaar dus die somatiese reaksies wat betrokke is in empatie soos 'n verandering in liggaamstemperatuur, die hartslag tempo wat verander en die verandering in spierspanning (2006:52). Hierdie neurofisiologie van empatie verklaar egter ook die onderliggende meganisme betrokke in emosionele kontaminasie. Emosies en gevoelens is dus aansteeklik (2006:57) en het 'n fisiese onderbou wat ook hormonale veranderinge ten gevolge het (2006:101). Indien hierdie prosesse onbewustelik in die traumawerker plaasvind, het dit 'n potensieel ernstige nadelige effek (2006:59). Rothschild gee kragtige riglyne vir die beheer en kontrole van somatiese empatie, waaronder die belangrikheid van bewustheid (2006:106) en wat sy noem die terapeut se *brieke* (2006:112). Sy bespreek verder die belang van professionele grense (2006:125, Cloud & Townsend, 1993:111), die beheer van empatiese verbeelding (2006:146), die belang van selfkennis (2006:171) en bied dan 'n riglyn vir gestruktureerde selfsorg (2006:191-194).

Pearlman en Saakvitne (1995:296) onderskei twee soorte empatiese betrokkenheid by trauma slagoffers, naamlik kognitiewe en affektiewe empatie, asook twee betekenisvolle tydraamwerke

waarbinne die kliënt se ervaring deur die terapeut ervaar word. Die twee soorte empatiese betrokkenheid word soos volg beskryf:

- *Kognitiewe empatie:* Dit is die kognitiewe verstaan van die verhaal van die kliënt. Dit is die kliënt se verhaal van wat gebeur het, wat hy ervaar het, hoe dit gekom het dat dit so kon gebeur, watter betekenis die kliënt daaraan heg en watter nagevolge dit vir hom inhou.
- *Affektiewe empatie:* Die berader voel iets van die kliënt se pyn, sy woede, vrees, rou en die reeks intense emosies gekoppel aan die trauma.

Die impak van verskillende tydraamwerke soos verlede en teenswoordige tyd op empatiese belewenisse, word deur Pearlman en Saakvitne (1995:297) soos volg verklaar: Tydens die trauma, as kind, het die kliënt beide kognitiewe en affektiewe ervaringe gehad. Tans, in die terapeutiese situasie, as volwasse "survivor", het die kliënt ook kognitiewe en affektiewe ervaringe van wat gebeur het. Dus kan die terapeut die kliënt op vier domeine empaties ontmoet naamlik:

- Die kognitiewe ervaring in die verlede;
- Die affektiewe ervaring in die verlede;
- Die kognitiewe ervaring in die hede;
- Die affektiewe ervaring in die hede.

In die eerste domein (verlede kognitief) probeer die terapeut byvoorbeeld verstaan watter gedagtes 'n meisie wat gemolesteer is, oor die molestering gekoester het. Die terapeut wil weet hoe sy die volwassenes om haar gesien het, hoe sy die gebeure verwerk het en aan wie sy probeer het om dit te vertel. In die tweede domein (teenswoordige kognitief) wil die terapeut verstaan hoe die "survivor" kliënt die gebeurtenisse teenswoordig vertolk. Die terapeut wil weet hoe hy reageer op die gebeure en hoe dit sy volwasse lewe beïnvloed. In die derde domein (verlede affektief) ervaar die terapeut byvoorbeeld die dogter se vrees, woede, kwesbaarheid tydens die gebeurtenis in die verlede. In die vierde domein (teenswoordig affektief) beleef die terapeut die pyn, woede, en rousmart van die dogter (nou 'n volwassene) wat beter verstaan wat destyds gebeur het, hoe weinig beheer sy oor die molestering kon uitoefen en die verliese waaroor sy rou as die gevolg van wat gebeur het (Schauben, 1995:49-50, Taylor & Wilson, 1997:39).

### *4.4.2 Unieke blootstelling aan die trauma en pyn van andere*

Pearlman en Saakvitne (1995:298-299) onderskei drie soorte traumamateriaal, naamlik grafiese traumamateriaal, moedswillige wreedheid, en die kliënte self.

#### 4.4.2.1 Grafiese traumamateriaal

Beraders werk met die emosioneel skokkende beelde van afgryse en lyding van mense (Follette *et al.*, 1994:279). "Professionals who listen to reports of trauma, horror, human cruelty and extreme loss can be overwhelmed (Sexton, 1999:393, Schauben, 1995:61). Die grafiese beskrywings van verkragting en sadisme wat sommige volwasse "survivor" kliënte aan die berader moet vertel ten einde genesing te bevorder, kan die berader agtervolg en met afsku vervul. Die duidelike beelde (woordprentjies) wat voor die terapeut afspeel, gaan soms gepaard met spesifieke reuke, klanke en liggaamlike pyn wat die terapeut skok en ontstel.

> *"The therapist's body may be involuntarily recruited for affect management as he works with graphic details of bodily experience or his clients' somatic symptoms" (Pearlman en Saakvitne, 1995:298).*

#### 4.4.2.2 Intensionele wreedheid

Beraders se verwysingsraamwerke word herhaaldelik deur die wrede dade wat mense aan mekaar doen, uitgedaag. Wanneer dit gepaard gaan met die besef van hoe kwesbaar kinders in die hande van onbetroubare volwassenes is en dat volwassenes kinders op veelvuldige maniere beseer, verneder, molesteer en sistematies afbreek, tref dit die berader in sy diepste wese. Daarom is dit so moeilik vir die berader om steeds te glo aan die goeie intensies van vreemdelinge. Die siening van kinderdae as 'n tyd van onskuld, vreugde en van liedevolle familielewe gaan dikwels in die proses verlore (Pearlman & Saakvitne, 1995:298).

#### 4.4.2.3 Die kliënte self

Saakvitne & Pearlman (1996:44) gee samevattend die volgende beskrywing van slagoffers:

- Hulle veelvoudige probleme en beperkte bronne;
- die skokkendheid van hul geskiedenis van mishandeling;
- die intensiteit van hul lyding;
- die krisis van onlangse trauma; die problematiek van hul interpersoonlike style wat dikwels ontwikkel het uit reaksie op die uitbuitende konteks waarbinne hulle grootgeword het;
- hul oor-idealisering of intense negatiewe verwagtinge van die helpers;
- die aanwesigheid van gevare wat hulle steeds bedreig (bekommernisse oor hul veiligheid);
- die vrees en skaamte wat hulle verlam;
- die hulpeloosheid en kwesbaarheid van kinders asook selfvernietigende gedrag, selfhaat, wanhoop en kroniese selfmoordwense.

## 4.5 OORSAKE EIE AAN DIE VERHOUDING TRAUMAWERKER-SLAGOFFER

### *4.5.1 Oordrag*

Die aksie van *oordrag* is aanwesig in alle terapeutiese verhoudinge. In traumaberading neem dit egter unieke intense dimensies aan. Volgens Herman (1997:136) hou *oordrag* verband met die kliënt se ontwrigte emosionele reaksie op enige gesagsfiguur – dit is dan ook dikwels die gevolg van trauma aan die hand van 'n oortreder. Cerney (1995:133-134) wys op die kliënt wat aanvanklik reageer asof die terapeut die "all caring" ouer is na wie die kliënt nog altyd gesoek het. Gou egter slaan die positiewe oordrag om in negatiewe oordrag en dan word die terapeut gesien as die mishandelende ouer, of broer, of familielid of vreemdeling, ensomeer.

Die traumatiese oordrag reflekteer oor die algemeen die kliënt se geweldige verskrikking, verwarring en hulpeloosheid in hierdie verband. Hy voel verlaat, versaak en onmagtig om iets aan die situasie te doen en het nou 'n desperate nood aan 'n alomteenwoordige redder. Hy het 'n geweldige behoefte om iemand te vind wat hulle vertrou ... maar die dilemma is dat hy niemand kan vertrou nie. Die terapeut word vervolgens in hierdie rol geprojekteer.

### *4.5.2 Tipiese inhoude van oordrag*

Die kliënt laat byvoorbeeld deurskemer dat die terapeut nie by magte of gewillig is om te help nie; die terapeut se motiewe word bevraagteken en sy optredes word voortdurend verkeerd geïnterpreteer; die kliënt se verhouding met die oortreder kan in uitreagerende gedrag (*acting out*) herleef word teenoor die terapeut (wanneer daar 'n herbelewenis van die traumatiese gebeure plaasvind). Die terapeut kan byvoorbeeld met die folteraar verwar word, of die kliënt sou kon aandring op 'n seksuele verhouding met die terapeut wat in 'n sekere sin vir hom as 'bewys' sou dien dat alle menslike verhoudinge korrup is (Herman, 1997:138-134).

Trauma-spesifieke *oordrag* is dus die wyse waarop die kliënt onbewustelik 'n verhouding met die terapeut aangaan waarin die onopgeloste trauma manifesteer. Die kliënt projekteer die terapeut in een of meer rolle, geassosieer met die oorspronklike trauma (Sexton, 1999:395). Diagnosties gesien fasiliteer *oordrag* terapeutiese insig in die verborge psigologiese skade wat die trauma in die kliënt aangerig het. *Oordrag* ontbloot die innerlike pyn, diepste begeertes, asook die gevoelens van woede en skuld wat uit die trauma spruit (Taylor & Wilson, 1997:39, Pattison, 1965:197-199). Wanneer 'n terapeut verstaan wat gebeur wanneer oordrag plaasvind, kan die kliënt se vorige verhoudinge beter verstaan word en deur positiewe herformulering nuut verstaan en moontlik genees word (Cerney, 1995:134).

### *4.5.3 Teenoordrag*

Teenoordrag word gedefinieer as

> "... *die proses waardeur die berader hom-/haarself in die kliënt sien, oor-identifiseer met die kliënt, of waar eie behoeftes deur middel van die kliënt betrek word (Coetzer, 2004:203).*

Dit kan ook gesien word in

> "... *the affective, ideational, physical responses a therapist has to a client, his clinical material, transference and re-enactments, and the therapist's conscious and unconscious defences against affects, intrapsychic conflicts and associations aroused in the former" (Sexton, 1999:394).*

Die geweldige impak van *oordrag* van kliënt op hul beraders moet nie onderskat word nie (Hart,2003b:9). In 'n ommekeer van rolle is dit moontlik dat beraders so wanhopig raak en gevoelens van vrees, verskrikking en hulpeloosheid ervaar dat hulle hulself as die slagoffers sien, terwyl die kliënte nou die rol van wrede folteraars vervul. (Cerney, 1995:134). Hierdie teenoordrag reaksies van die terapeut kan insluit gevoelens van hartseer, woede, rou, skaamte, angs, afsku, selfvertwyfeleling, verwarring, terugflitse (*intrusive images*), nagmerries, liggaamlike reaksies, slaapversteurings, opgewondenheid en duiseligheid (Sexton, 1999:394). Twee tipes verdedigingsreaksies kan onderskei word by beraders naamlik vermydingsreaksies en oormatige identifiseringsreaksies (Sexton, 1999:394-395; Figley, 1995:9-10).

#### 4.5.3.1 Vermydings- en oormatige identifiseringsreaksies

Vermydingsreaksies word volgens Sexton (1999:394) gekenmerk deur aspekte soos die volgende:

- Die ontkenning van die verskriklike werklikheid van die trauma van die kliënt;
- die minimalisering van die trauma;
- distorsie van die realiteit;
- fobiese teenoordrag reaksies;
- Die losmaking van die empatiese rol.

Identifiseringsreaksies word volgens Figley (1995:9-10) en Sexton (1999:394) gekenmerk deur:

- Die terapeut sien hom-/haar self in die kliënt;
- oormatige identifisering met kliënt;
- pogings om eie behoeftes deur die kliënt te vervul;

- emosionele vervlegting met die kliënt;
- affektiewe en fisiese reaksies wat kan insluit reaksies van harseer, woede , vrees, rousmart, angs, skaamte, verwarring, nagmerries ensomeer;
- die idealisering van die kliënt;
- oormatige intree vir en verdediging van die kliënt / om as kampvegter vir kliënt op te tree;
- skuldgevoelens as gevolg van die oënskynlike mislukking van die terapeut om voldoende ondersteuning te bied.

#### 4.5.3.2 Teenoordrag as geprojekteerde identifikasie

Cerney (1995:136) wys op die probleem van geprojekteerde identifikasie. In die loop van 'n terapeutiese proses kan dit gebeur dat 'n kliënt die ervaring het van 'vervolg' te word deur selfs die mees saggeaarde terapeut. Wanneer hierdie gevoelens ondraaglik raak, gebeur dit dat die kliënt dit op die terapeut projekteer. Dit geskied dikwels met soveel intensiteit dat die terapeut die projeksie internaliseer tot op 'n punt waar hy dan daarmee identifiseer. Die verdere gevolg is dat die terapeut daarvolgens reageer en dan inderdaad as die kliënt se 'vervolger' begin optree, al is dit nie sy normale styl nie. Die terapeut tree dan onbeskof, beledigend en selfs wreed op teen die kliënt. Die gevolg is dat beide onder hierdie oordrag en teenoordrag ly. Die kliënt ondergaan weer die trauma van viktimisering en die terapeut se selfpersepsie as 'n goedhartige begripvolle persoon, ly skade.

#### 4.5.3.3 Teenoordrag as identifikasie

Cerney (1995:136-137) stel dat identifisering verskil van empatie. Met empatie voel die terapeut met die kliënt sonder om afstand te verloor. Met identifisering word die kliënt se gevoelens egter versterk sonder om hom te help om deur die gevoelens te werk en daarvan verlos te word. In traumaberading is dit ook maklik vir beraders om byvoorbeeld met die slagoffers se woede en sug na vergelding te identifiseer. Ooridentifisering is veral 'n probleem as die kliënt en die terapeut vanuit dieselfde kulturele, sosiale en ervaringsagtergronde kom Collins, 1982:130).

#### 4.5.3.4 Algemene teenoordrag reaksies op die terrein van traumaberading

Die volgende algemene teenoordrag reaksies is baie tipies ten opsigte van beraders wat voortdurend blootgestel word aan die trauma van beradenes:

- Reddingsfantasieë. Die terapeut sien homself as held wat op die toneel verskyn (Neumann & Gamble, 1995:341.)
- Voyeuristiese teenoordrag reaksies. Al is kliënte se ervaringe skokkend en pynlik om aan te hoor, is dit ook weer fassinerend. Die terapeut mag byvoorbeeld nuuskierig,

gestimuleer en gefassineer word deur die verhaal van sadistiese seksuele misbruik. As die terapeut bewus raak van sy fassinering mag hy in homself teleurgesteld, skaam, skuldig en geskok voel. Hierdie gevoelens van skok, skuld en teleurstelling mag weer na die kliënt geprojekteer word (Neumann & Gamble, 1995:341; Pearlman & Saakvitne, 1996:90 ).

- Oorlewingskuld byvoorbeeld in "non-survivor" terapeute. Dit is veral van toepassing op terapeute van dieselfde nasionaliteit as die oortreders (Pearlman & Saakvitne, 1996:80).
- Teenoordrag as 'n reaksie op die taboe van kindermolestering en die beskadiging van die terapeut se ouerskappersepsies as dié van koesterende versorgers. Skok en woede ontbrand in die terapeut teenoor die gemeenskap en ouers wat sulke gedrag toelaat (Pearlman & Saakvitne, 1996:79).
- Skok, woede en onsteltenis reflekteer op die getuienistaak van die terapeut. Die terapeut moet getuie wees van skokkende dinge wat mense aan mekaar doen. In die proses gee die terapeut erkenning aan die kliënt ten opsigte van die aakligheid van die oortreding en demonstreer dus so die gepaste reaksie (Pearlman & Saakvitne, 1996:80).
- Ouerinstink teenoordrag. Terapeute wil graag die beskadiging heel en dan ook opmaak vir die emosionele (en moontlik ook fisiese) skade wat die kliënt gely het (Pearlman & Saakvitne, 1996:82). Dit is positiewe oordrag as dit gaan om die herstel van veiligheid, die stel van grense in die terapeutiese verhouding en die erkenning van die kliënt se outonomie. Dit word egter negatief as die terapeut optree as die outoritêre ouer wat weet wat die beste is vir die kliënt (Pearlman & Saakvitne, 1996:83-84).
- Liggaamsgesentreerde teenoordrag. "We hold our affects physically and we will respond unconsciously through our bodies ..." (Pearlman & Saakvitne, 1996:91).
- Teenoordrag as die kliënt die oortreder is. Slagoffers kan die rol van die oortreder aanneem en in die terapeutiese sessie in 'n sekere sin hierdie rol vervul (*acting out*). Dit gebeur byvoorbeeld soms dat kliënte hul eie frustrasies op hul kinders uitwoed of dat hulle hul woede op ander uithaal in 'n poging om 'n gevoel van kontrole of eiewaarde te herwin. Terapeute kan gevolglik onwillig wees om te glo en te hoor dat die kliënt self 'n oortreder is (Pearlman & Saakvitne, 1996:93).
- Teenoordrag liefde. Die gemolesteerde kliënt het die liefde van sy ouers ontbeer en streef na die 'oordoen' van hierdie ervaringe in die terapeutiese situasie. Teenoordrag liefde kan positief wees as dit blyk uit die terapeut se aanvaarding, warmte en die bevestiging van die kliënt se waarde as mens (Pearlman & Saakvitne, 1996:86).
- Teenoordrag rou. Die terapeut rou oor die verlore kindwees van die kliënt (Pearlman & Saakvitne, 1996:87).

### 4.5.3.5 Die noodsaaklikheid betreffende opleiding in die hantering van die kumulatiewe effek van 'n aantal gelyktydige oordragte

In die literatuur wat handel oor medelye-moegheid word baie gemaak van die noodsaaklikheid om opleiding te ondergaan betreffende *oordrag en teenoordrag* in die terapeutiese verhouding (Figley, 1995:10; Cerney, 1995:134; Neumann & Gamble, 1995:341). Cerney (1995:135) waarsku dat teenoordrag gevoelens, " if not recognized, can raise havoc in treatment". Pearlman en Saakvitne (1995:92) wys daarop dat volwasse "survivors" van kindertrauma die trauma dikwels in die terapeutiese situasie in 'n sekere sin weer herhaal *(acting out)*. Dit is angswekkende ervaringe vir beide kliënt en terapeut, veral as dit gepaard gaan met herhalende selfmoord gevoelens, self afbrekende gedrag en intense selfhaat. Die kumulatiewe effek van die vashou en dra van sulke selfvernietigende wense, impulse en gedrag is skrikwekkend vir terapeute. Teenoordrag reaksies behels dus intense angs, woede, uitputting, gevoelens van hopeloosheid, gevoelens van wanhoop, reddingsfantasieë, die betwyfeling van jouself as terapeut en eksistensiële geloofskrisisse (Pearlman & Saakvitne, 1995:93).

### 4.5.3.6 Die swyg-dit-dood reaksie

Empatiese traumawerk is 'n tweesnydende swaard. Aan die een kant behels dit die oopmaak van ou wonde. Aan die ander kant gaan dit egter gepaard met die wete dat daar weer pyn toegedien word, terwyl die werker eintlik heling wil bewerk. Die verdedigingsmeganisme wat hier in werking tree in die berader, is al in die literatuur na verwys as "the silencing response" (Baranowsky, 2002:157). Die "silencing response" beteken dan dat die traumawerker "redirect, shutdown, minimize, or neglect the trauma material brought by another to the care provider (Baranowsky, 2002:156.) Dit beteken dat die traumawerker subtiel die kliënt aanmoedig om trauma ervaringe uit die beradingsessies te laat omdat die berader dit self onhoudbaar vind om te hanteer. Hierdie tipe ontkenning van kliënte se traumatiese meteriaal deur beraders is in die literatuur ook al beskryf as "the Conspiracy of Silence" (Baranowsky, 2002:158.) Hierdie probleem kom algemeen by die familie, vriende en kollegas van die slagoffers van trauma voor. Saakvitne en Pearlman (1995:88) verwys daarna as ontkenning en 'n instinktiewe weg beweeg vanaf pyn. Hulle wys daarop dat kliente instinktief kan aanvoel of die berader dit kan hanteer en onttrek gou as hulle daaraan twyfel. Die gevolge van hierdie reaksie ondermyn egter die helingsproses, want dit impliseer dat die slagoffers van trauma versaak is deurdat hulle moet voortgaan sonder dat die emosionele pyn van die verlede werklik deurgewerk is (Baranowsky, 2002:158). Dit kan daartoe lei dat die kliënt met die las van geheimhouding moet voortgaan omdat hy glo dat sy ervaringe ondraaglik vir ander mense is, dat die waarheid onuitspreekbaar is en dat hul noodkrete dalk weer geëtiketteer sal word as verwronge of as leuens (Saakvitne & Pearlman, 1995:88). Baranowsky (2002:160) wys op die volgende voorveronderstellinge wat dikwels geïmpliseer is in die "silencing response":

- Ek kan in elk geval niks daaraan doen nie;
- luister gaan in elk geval nie help nie;
- as ons nou die traumatiese gebeure van die kliënt hanteer gaan hy uitmekaar val en sal hy in die proses vernietig word;
- ek sal vernietig word as ek hieraan blootgestel word;
- goeie dinge gebeur met goeie mense, dus die kliënt is sleg of self verantwoordelik vir wat gebeur het;
- dit is te verskriklik om waar te wees;
- hierdie storie verkrag my wêreld van vooronderstellinge (My woonbuurt is veilig en sulke dinge kan nie daar gebeur nie);
- die berader wil die kliënt help om net oor die gebeure te kom;
- as dit met jou kon gebeur kan dit met my ook gebeur;
- die berader vrees dat sulke verskriklike gebeure aansteeklik is en hom-/haar kan oorkom.

Beraders hoef nie beskaam en gediskwalifiseer te voel wanneer hulle bewus raak dat hulle op 'n subtiele wyse kliënte aanmoedig om die traumatiese aspekte nie op te haal nie, aangesien dit 'n algemene probleem is. Wat wel belangrik is, is dat die traumawerker moet besef dat daar dus 'n dieperliggende probleem is wat êrens wel ten volle hanteer sal moet word. Baranowsky (2002:162) gee die volgende gevaartekens waarop die berader in hierdie verband bedag moet wees:

- Die berader verander of vermy die onderwerp;
- die berader gee strelende antwoorde;
- die berader minimaliseer die kliënt se nood;
- die berader word kwaad vir die kliënt en ook sarkasties;
- die berader vrees dat hy nie by magte is om hulp te verleen nie;
- die berader blameer die kliënt en wys dat hy self verantwoordelik is;
- die berader word voortdurend aan eie traumatiese ervaringe herinner.

#### 4.5.3.7 Die onderskeid tussen teenoordrag en medelye-moegheid

Dit is belangrik om teenoordrag van medelye-moegheid te onderskei. Saakvitne & Pearlman (1996:46) toon aan dat dit onderskeie konstrukte is wat op mekaar inspeel. Teenoordrag is 'n spesifieke gegewe in 'n spesifieke terapeutiese verhouding. Medelye-moegheid daarenteen is die kumulatiewe resultaat van 'n aantal sekondêr traumatiese verhoudinge. Medelye-moegheid strek ook veel verder as oordrag en teenoordrag en raak die totale persoonlike en professionele lewe van 'n terapeut (Wicks, 1985:76). "Vicarious traumatization is permanently transformative, while countertransference is temporally and temporarily linked to a particular period" (Saakvitne & Pearlman, 1996:46).

## 4.6 FAKTORE IN DIE TRAUMAWERKER SELF WAT 'N BYDRAE KAN LEWER TOT DIE ONTWIKKELING VAN MEDELYE-MOEGHEID

### *4.6.1 Aspekte betreffende die traumawerker*

Die volgende groot bydraende faktor in die ontwikkeling van medelye-moegheid is die traumawerker self. Daar is baie veranderlikes in die interaksie tussen die werk en die traumawerker wat tot die ontwikkeling van medelye-moegheid aanleiding kan gee. Al die spesifieke faktore wat egter kon bydra tot die ontwikkeling van medelye-moegheid bly afhanklik van die indiwidu en sy unieke reaksie daarop. Pearlman en Saakvitne (1995:307) stel dat plaasbekledende traumatisering ontwikkel uit die komplekse interaksie van sentrale aspekte in die individuele terapeut met aspekte van die werk. Die effekte van plaasbekledende traumatisering sal dus uniek aan elke individu wees omdat dit afhanklik is van die terapeut se persoonlikheid, defensiewe styl en menslike bronne. Plaasbekledende traumatisering kan 'n geweldige invloed op die indiwidu uitoefen.

"Vicarious traumatization can leave the therapist serious, cynical, sad. He may develop an increased sensitivity to violence, or be prone to hours of grief and despair for humanity. It can affect his ability to live fully, to love, to work, to play, to create" (Pearlman & Saakvitne, 1995:281).

### *4.6.2 'n Persoonlike traumageskiedenis*

Die werker se eie traumageskiedenis sal sy reaksie op die kliënt se traumamateriaal beïnvloed. In traumawerk word "the therapist's old scars and injuries (are) constantly rubbed anew" (McCann & Pearlman, 1990:134). Gedeelde ervaringe met die kliënt mag die werker se begrip verdiep en 'n bydrae lewer. Maar as die werker nie sy eie trauma herken nie en as dit boonop nie opgelos is nie, mag die helper se eie emosionele nood en behoeftes die terapeutiese proses benadeel (Rosenbloom *et al.*, 1999:75). Pearlman en Mac Ian (1995: 561-564) het 'n in-diepte studie gedoen oor die nadelige gevolge van traumawerk in die lewe van spesialis traumaterapeute en bevind dat 'n persoonlike traumageskiedenis 'n groot bydrae tot die sekondêre traumatisering van terapeute lewer. Van die ondersoekgroep het 60% wel 'n persoonlike traumageskiedenis gehad (Pearlman & Mac Ian, 1995:561). Die jonger terapeute (minder as twee jaar ondervinding) het ernstiger ontwrigting deurgemaak, maar dié met meer ervaring in berading het selfs beter gevaar as diegene sonder 'n traumageskiedenis. Hierdie navorsers is van mening dat dit mag wees dat van die jong beraders met 'n traumageskiedenis gou wegbeweeg het van traumaberading of selfs die beroep laat vaar het. Dit kan egter ook wees dat dié wat volhard het, wat hulle eie menswees

betref, emosioneel gegroei het (Pearlman & Mac Ian, 1995:561). Hulle vermoed verder dat wanneer iemand ontdek dat hy 'n betekenisvolle bydrae in ander se lewe maak, dit sy eie funksionering verbeter. "Survivor therapists may, to some degree, contribute to their own healing, as they share in their clients' growth and change." Hierdie "survivor" terapeute is moontlik ook betrokke in 'n proses van persoonlike ontwikkeling en genesing deur voortgesette professionele opleiding wat hulle bemagtig.

### *4.6.3 Die ontkenning van eie persoonlike behoeftes*

Pearlman en Saakvitne (1995:309) wys op die gevare van die ontkenning van eie behoeftes. Wanneer nie aan die normale behoeftes van die terapeut voldoen word nie, is hy meer kwesbaar. Terapeute met ontwrigte persoonlike veiligheidskemas mag verhoogde gevoelens van vrees en kwesbaarheid ontwikkel. Terapeute met persoonlike ontwrigte en beskadigde vertrouensverhoudings kan moontlik verdere bewyse in sy kliënte se verhale vind wat as verdere 'bevestiging' sou dien waarom hulle niemand kan vertrou nie. As intimiteit reeds 'n probleem in die terapeut se lewe is, mag sy werk daartoe bydra dat hy nog verder vervreemd voel. As sy selfbeeld gekwes is, sal die stories waarin kinders bespotlik gemaak is deur volwassenes en selfs die negatiewe selfbespotting van kliënte daartoe bydra dat hy homself nog meer devalueer. Die terapeut wat aan homself hoë standaarde stel en geneig is tot meedoënlose selfkritiek, stel homself verder kwesbaar om deur medelye-moegheid beskadig te word. Dit kan lei tot die bevraagtekening van sy bekwaamheid as terapeut en sy terapeutiese identiteit beskadig. Van der Merwe (2006: 132) wys ook nog op die persoonlike en professionele kwesbaarhede soos emosionele onsekerheid en eensaamheid wat daartoe kan lei dat die berader/terapeut homself oorinvesteer in 'n poging om in die slagoffer se behoeftes te voorsien

### *4.6.4 Persoonlike omstandighede*

Die persoonlike lewensomstandighede van 'n traumawerker beïnvloed sy vatbaarheid vir medelye-moegheid. Die komplekse eise van familieverhoudinge, stresvolle gebeure soos die siekte of dood van 'n geliefde, egskeiding of traumas in die lewe van familie kan alles 'n tol eis (Pearlman & Saakvitne, 1995:311). Wêreldgebeure en misdaad mag hom ook meer oopstel vir die pyn van die groter gemeenskap. Beraders wat self worstel met persoonlike verlies mag wanhopig raak wanneer hy al die verhale van verlies en rou van kliënte moet absorbeer. Persoonlike lewensomstandighede mag ook die terapeut verhoed om *oordrag* waar te neem en dan uiteindelik self te voel soos 'n hopelose moeder of 'n passiewe bystander. Eie trauma kan ook die terapeut beïnvloed om die ontwrigte skemas van die kliënt verder te ontwrig. As die kliënt dalk sou beweer dat 'n mens nie homself aan iemand kan verbind en niemand kan vertrou nie, omdat 'n mens gou in die steek gelaat sal word, kan die terapeut dit beaam. Daarenteen sou die regte antwoord immers wees dat alhoewel verliese deel van die lewe is, die ontdekking van

intimiteit 'n wonderlike beloning mag inhou en die verlies help balanseer (Pearlman & Saakvitne, 1995:311). Persoonlike konflikte of 'n eie traumageskiedenis mag deur die aard van traumawerk asook die berader se persoonlike omstandighede versterk word (Munro *et al.,* 1995). Kroniese lewenstressors soos om onder gevaarlike omstandighede te werk, 'n familie te onderhou met gebrekkige middele, byvoorbeeld die gebrek aan en mediese dekking, gesondheidsprobleme, oorwerk en uitputting, kan aanleiding gee tot die ooridentifisering met kliënte deur by hulle aan te sluit in hul wanhoop. Akute kleiner stressors soos gesondheidsprobleme, oorwerk, oorskedulering, eksamens en op bystand wees, kan ook 'n bydrae lewer. Baie traumaterapeute met jong kinders erken dat hulle hul kinders oorbeskerm en soms akute angs oor hul veiligheid ervaar (Pearlman & Saakvitne, 1995:312).

### *4.6.5 Gebrekkige opleiding, supervisie en ervaring*

Beraders wat traumawerk sonder deeglike opleiding betree, loop groot emosionele risiko's (Pearlman & Saakvitne, 1995:312). Sonder spesifieke opleiding in traumawerk, beskik die terapeut nie oor die nodige raamwerk om sy eie reaksie op die kliënt se ervaring van die krisis te verstaan nie. Pearlman en Maclan (1994:563) het bevind dat goed opgeleide traumaterapeute beter gevaar het wat plaasbekledende traumatisering betref. Dit kan te wyte wees aan 'n hele aantal faktore soos 'n beter teoretiese raamwerk, groter effektiwiteit in die handhawing van terapeutiese grense en meer ervaring (Cloud & Townsend, 1994:193, 197). Ook wat krisiswerkers oor die algemeen betref, is deeglike opleiding en ervaring belangrike faktore. Daar is bevind dat vrywilligers en krisiswerkers met min ervaring baie meer vatbaar is vir sekondêre traumatisering (Beaton en Murphy (1995:70). Professionele roloriëntering kan die impak van trauma verminder. Die noodsaaklike elemente vir die voorkomende opleiding van krisiswerkers behels persoonlike streshantering en hoe om moeilike pasiënte en situasies te hanteer. Voorbeelde van sodanige situasies kan wees 'n vrou wat reeds in kraam is, persone wat geestelike afwykings openbaar of gewelddadig optree, sterwend is, beseer is as gevolg van die gebruik van dwelms, slagoffers van verkragting of gevalle van geweldsmisdade en vergiftiging. Dit blyk dat opleiding in konflikhantering en kommunikasievaardighede, opleiding in ramppsigologie en hoe om bystand aan families van die afgestorwenes of ernstig beseerde slagoffers te verleen, 'n groot behoefte by krisiswerkers is (McCammon & Jackson, 1995: 118).

### *4.6.6 Die trauma van om met getraumatiseerde kinders te werk*

Benewens die feit dat medelye-moegheid 'n natuurlike byproduk van traumawerk is, sonder Figley (1995:16) die trauma van kinders uit. Polisielede, brandweermanne, mediese noodtegnici en ander noodwerkers rapporteer dat hulle die meeste kwesbaar vir medelye-moegheid is, wanneer hulle met die pyn van kinders moet werk (Cunningham, 1999:155).

In 'n studie van Meyers en Cornille (2002:41) blyk dit moeilik te wees, om maatskaplike werkers en werkers in kinderbeskermingseenhede te werf en as werkers te behou. Hulle het bevind dat 88% van die werkers het ten minste vier jaar kollege opleiding ondergaan en 35% was gegradueerd. Hulle toon egter aan dat die hoë omset van werkers in hierdie beroepe 'n negatiewe invloed het op die werkers se ervaring en die kwaliteit van diens wat 'n kinderbeskermingsorganisasie kan lewer. Verskeie studies toon dat kinderslagoffers byvoorbeeld nie genoeg beskerming ontvang het nie en dit, terwyl hulle reeds onder die sorg van die beskermingseenhede was. Meyers en Cornille (2002:41) wys op 'n studie wat bevind het dat gedurende 1990-1992 derduisende kinders steeds ernstig beseer is en gesterf het nadat hulle reeds by kinderbeskermingseenhede aangemeld was (Meyers & Cornille, 2002:41). Vanweë die hoë bedankingsyfer moet gevalle heel dikwels ook meer as een keer aan ander werkers toegewys word, terwyl hulle gevallelading reeds oorlaai is. Die rede wat vir hierdie toestand aangevoer word, is gewoonlik die die uitbranding van werkers. Meyers en Cornille (2002:42) het bevind dat hierdie werkers so getraumatiseer raak dat hulle aan simptome ly wat hulle bekwaamheid om die werk te verrig, ondermyn. Die impak van wreedheid en sadistiese oortredings teenoor onskuldige kinders het gewoonlik 'n groot impak op krisiswerkers en dra in talle gevalle by tot die probleem, soos tot dusver beskryf (Cerney, 1995:132).

### *4.6.7 Aspekte gekoppel aan spesifieke situasies*

#### 4.6.7.1 Om getuie te wees van werklike of dreigende dood of besering

Beaton en Murphy (1995:53) toon aan dat blootstelling aan die beserings van slagoffers, of om na sterwendes om te sien, geweldig stresvol is en 'n betekenisvolle negatiewe effek op die werkers se geestelike en fisiese gesondheid het. Feite soos hierdie is volgens Beaton en Murphy goed gedokumenteer en bevestig deur verskeie studies. Hulle wys in hierdie verband byvoorbeeld op 'n bevinding in 1982 in die VSA dat van die 180 krisiswerkers wat na 'n DC 10 vliegtuigramp getuies was van die massaslagting en verminking, 80% agterna aan ontwrigte slaappatrone en aan veranderinge in aptyt gely het en 'n verdere 40% van die krisiswerkers het ook veranderinge in hul sosiale interaksiepatrone ondergaan. Beaton en Murphy (1995:53) wys op die resultate van navorsing met betrekking tot 'n brand in 'n restaurant waarin 'n aantal jongmense omgekom het. Hieruit het geblyk dat die dood van jongmense, die aanskoue en reuke van dooie mense asook die betrokkenheid by veelvuldige sterftes in 'n spesifieke situasie, die oorsaak van betekenisvolle stres onder 70% van die werkers tot gevolg gehad het.

#### 4.6.7.2 Gevoel van mislukking

Talle mense met posttraumatiese stresversteuring is kronies geneig tot selfmoord. Selfmoordgedagtes moet gesien word as 'n modus van "self-soothing as it provides an illusion of control and escape" (Pearlman & Saakvitne, 1995:301). Daar is egter bevind dat wanneer

kliente die wens uitspreek om selfmoord te pleeg dit van die mees stresvolle gedrag en uitsprake vir terapeute is om te hanteer. Wanneer verskillende kliente dus sukkel om die sin van hul lewe te verstaan, aan die worstel is met ondraaglike woede en rou asook selfveragting en uiteindelik tot die gevolgtrekking kom dat daar geen rede is om voor te leef nie, skud dit aan die fondasies van die terapeut se eie geestelike lewe. Dit geld ook die selfhaat, selfveragting, ondraaglike rou en pyn asook selfbenadelende gedrag soos selfbesering van kliente. Fox en Cooper (1998:143) beklemtoon die potensiëel emosionele gevolge van die selfmoord van 'n kliënt vir die berader. Dit sluit aspekte soos die volgende in:

- Skuldgevoelens oor die mislukking om die waarskuwingstekens raak te sien;
- vrees oor eie onbekwaamheid of onverantwoordelikheid;
- skaamte;
- vrees vir blamering deur die familie, geliefdes en kollegas.

Gevoelens van hulpeloosheid en onmagtigheid mag krisiswerkers oorval wanneer hulle besef dat hulle in hul sending misluk om die werk te doen waarvoor hulle daar is (Beaton & Murphy, 1995:73.) Die omvang van sommige krisisse is so groot dat die krisiswerkers "major role stress" ervaar, vanweë hulle onmag om die take uit te voer waarvoor hulle daar is en waarvoor hulle opgelei is. Onderliggend aan die probleem kan wees die houding van krisiswerkers wat glo *almal moet gered kan word* - dit word soms ook die "God syndrome" genoem (Beaton & Murphy, 1995:69, Olsen & Grosch, 1991:299).

### *4.6.8 Emosies en medelye-moegheid*

Van der Merwe (2006:151) skryf oor die effektiewe funksionering van die Christen berader op emosionele vlak en verdiskonteer medelye-moegheid in haar studie. Die berader/terapeut wat met getraumatiseerde kliënte werk, dien ook in sy professionele kapasiteit as emsoionele afrigter van mense. Die berader/terapeut gebruik sy eie emosionele lewe as terapeutiese instrument om kliënte te help.

## 4.7 DIE IMPAK VAN KONTEKSTUELE FAKTORE

Die organisatoriese, professionele en sosiale kontekste het normaalweg ook 'n groot invloed op werkers se sensitiwiteit vir medelye-moegheid (Pearlman & Saakvitne, 1995:302). Catherall (1995:232) wys daarop dat alle instellings wat met getraumatiseerde mense werk aan sekondêre traumatiese stres blootgestel is. Daar is ook verskille tussen die organisatoriese, professionele en sosiale kontekste waarbinne verskillene beroepe opereer. Die konteks waarbinne traumawerk gedoen word, beïnvloed dan ook terapeute se weerstand teen en kwesbaarheid vir medelye-moegheid (Beaton & Murphy, 1995:70; Pearlman &, Saakvitne 1996:302). Saakvitne en

Pearlman (1996:45) bied 'n beknopte oorsig en vooruitskouing van die kontekste wat oor die algemeen 'n nadelige invloed op traumawerk het en wys in hierdie verband byvoorbeeld op die volgende aspekte:

- 'n Sosiale konteks wat trauma en die nagevolge daarvan ontken;
- 'n Politiek-ekonomiese konteks wat weinig fondse bewillig vir die psigologiese behandeling van trauma;
- 'n Kulturele konteks wat die slagoffer blameer, terwyl geweld en viktimisasie as vermaak op die silwerdoek verheerlik word;
- 'n Organisatoriese konteks wat kliënte sonder respek behandel;
- 'n Organisatoriese konteks wat nie daarin slaag om aan die personeel die nodige bronne beskikbaar te stel, om hul kliënte effektief te behandel nie.

### *4.7.1 Die sosiale konteks*

Pearlman en Saakvitne (1995:305) wys daarop dat die sosiale konteks waarbinne traumawerk gedoen word 'n traumawerker ondersteun of dreineer. As die gemeenskap byvoorbeeld vrouens blameer vir hul mishandeling sal die berader dit moeilik vind om te glo dat hy die ondersteuning geniet wat nodig is om die werk effektief te doen. Om die traumawerk in 'n sosiale konteks te doen waarin die seksuele eksploitasie van en geweld teenoor vrouens die basis is van 'n biljoen dollar vermaakliklikheidsindustrie, is vir terapeute demoraliserend. Dit is angswekkend en maak 'n mens woedend om heeldag die oorlewendes van seksuele aanranding te behandel en in die aand die opdringing van geweld teenoor vrouens as gesinsvermaak op televisie en die silwerdoek te aanskou (Pearlman & Saakvitne, 1995:305).

Herman (1997:151) en Pearlman en Saakvitne (1995:306) wys ook op die probleem van sosiale ontkenning van kindermolestering en trauma in die algemeen. Die sosiale ontkenning van kindermolestering het dekades lank die behandeling van die slagoffers benadeel. Saakvitne en Pearlman (1996:45) waarsku teen 'n sosiale konteks wat die slagoffers blameer. Aggressiewe pogings in die regsisteem om die professionele bekwaamheid van terapeute te kompromitteer met betrekking tot 'n eie kindertraumageskiedenis wanneer hulle vir kliënte in hofsake getuig, is bekend (Follette *et al.*, 1994:280.) Verder is dit ook so dat mediese fondse (Saakvitne & Pearlman, 1996:45) wat koste besnoei, veroorsaak dat talle terapeute net die pynlike deel van kliente se stories aanhoor en nie die positiewe uitkomste nie. "The therapist bears wittness to the pain but may not be around to celebrate the healing" (Pearlman & Saakvitne, 1995:306).

### *4.7.2 Die organisatoriese konteks*

Pearlman en Saakvitne (1995:303) wys daarop dat die missie van 'n betrokke organisasie, asook die wyse waarop traumawerk daarby inpas, gewoonlik bepalend is vir die ondersteuning wat die

werker kan verwag. Die visie van 'n instelling mag ook 'n nadelige bydrae lewer tot die welsyn van sy werkers. So kan 'n missie soos "die gemeenskap se veiligheid bo alles," sy werkers benadeel as daar nie ook bygevoeg word dat die welsyn van al sy lede belangrik is nie (Catherall, 1995:238). Die samestelling van die personeel kan ook die gevoel van isolasie of verbondenheid verhoog, terwyl organisatoriese politiek ook 'n invloed het. Dit bepaal byvoorbeeld hoeveel geld daar beskikbaar is vir programme om hulp aan kliënte te lewer (Pearlman & Saakvitne, 1995:303). Traumawerkers in diensorganisasies ervaar dikwels baie spanning wat nie direk spruit uit die diens wat hulle lewer nie - dit raak onder andere aangeleenthede soos hul gebrek aan gesag om hul eie werkslading te beheer. Ander aspekte is die korttermyn aard van die behandeling wat hulle moet verskaf, veral as daar nie bykomende strukture beskikbaar is waarheen hul kliënte kan verwys nie. Dit skep frustrasie as die terapeut nie in staat is om sy doelwitte te bereik nie en kliente in die steek gelaat word. Pearlman en Saakvitne (1995:304) wys ook op die subtiele maniere waarop organisasies hul traumawerkers aan medelye-moegheid blootstel. 'n Voorbeeld hiervan is die gebrek aan respek vir die kliënte, byvoorbeeld wanneer kliënt-vertroulikheid nie meer gehandhaaf word nie. Catherall (1995:234) verwys na "healthy institutions that facilitate the effective prevention of STS" maar stel daarteen dat daar organisasies is wat ly aan "institutional STS" (secondary traumatic stress) (Catherall, 1995:233)

### *4.7.3 Oorlading van self en/of personeel*

Dit blyk dat personeel in kinderbeskermingseenhede en in die maatskaplike werk beroepe dikwels oorlaai is en soms planne beraam om hulle beroepe te verlaat (Sexton, 1999:397). Vir krisiswerkers wat ook in "vrye tyd" nog op bystand is, is dit bykans onmoontlik om grense daar te stel. Beraders moet gevoglik aangemoedig word om hul grense aan organisasie en kliënte te kommunikeer - dit is bekend dat terapeute dit dikwels nie doen nie. "When we overwork, we are endlessly available to clients between sessions, ignore session starting end ending times" (Pearlman & Saakvitne, 1995:386). Kliënte en die terapeut word aan gevaar blootgestel as die terapeut homself in die proses emosioneel, geestelik, fisiese en psigies skade berokken. Du Toit (2007a:6) maak die stelling dat Suid-Afrika

> *"... gans te min maatskaplike werkers het om aan die minimum noodvereistes te voldoen. Boonop gaan die vereistes in die volgende jare verdubbbel."*

Hy haal ook vir Waters aan wat in die parlement na aanleiding van 'n voorlegging deur die Suid-Afrikaanse raad vir maatskaplike diensberoepe (SACSSP) gesê het

> *"... ons het al die nodige kundigheid in ons land nodig om maatskaplike werkers by te staan wat, in alle eerlikheid, oorwerk en oorweldig is."*

Dr. Zola Skweyiya, minister van maatskaplike ontwikkeling het erken dat diensvoorwaardes en werksomstandighede van maatskaplike werkers moet verbeter "sodat ons die uittog van beroepsmense kan stuit" (Du Toit, 2007b:4).

### *4.7.4 Die eiesoortige konteks van krisiswerkers*

Talle krisiswerkers werk in 'n para-militêre konteks met 'n bepaalde gesagstruktuur en bevelslyn. Hier speel rang, outoriteit en die funksie wat die werker vervul 'n bepaalde rol. Groeps- en kulturele norme dikteer heel dikwels ook die wyse waarop krisiswerkers sal reageer in 'n bepaalde krisis (Beaton & Murphy, 1995:70). Die brandweerkultuur beklemtoon byvoorbeeld baie sterk eenheid en selfbeheersing, maar vrese, angs en persoonlik kwesbaarheid word feitlik nie bespreek nie. Hierdie sameswering om die swye te handhaaf, is funksioneel in die sin dat dit 'n mate van selfbeskerming bied. Dit is waarskynlik so dat sonder 'n element van 'selfmisleiding' omtrent die gevare wat hulle in hul werk moet trotseer, hulle moontlik deur hul eie vrese oorweldig sou gewees het. Ongelukkig is dit egter so dat die "nie praat nie reël" nie help om stres af te weer na traumatiese insidente nie. (Beaton & Murphy, 1995:70). Volgens Beaton en Murphy (1995:73) loop daar binne die milieu van krisiswerkers 'n goue draad van gedeelde kulturele betekenisse soos byvoorbeeld die volgende:

- Die "redding van mense;"
- absolute toewyding en opoffering om in hierdie doelwit te slaag;
- die bereidheid om die dood in die oë te kyk;
- om mense en families wat in nood en lyding verkeer te hulp te snel;
- blootstelling aan gevaar word dikwels dan ook beskou as 'n "empowering survival experience" (Beaton & Murphy, 1995:74).

Om hierdie rede is getraumatiseerde krisiswerkers meer blootgestel aan die stigmatisering deur medewerkers as die primêre slagoffers self. Hul traumatisering is 'n herinnering aan kollegas dat dit ook met hulle kan gebeur (Beaton & Murphy, 1995:75). Die gevolg is dat geïdentifiseerde werkers met suspisie bejeën word, omdat hul effektiwiteit onder gevaarlike omstandighede verdag is en 'n gevaar vir medewerkers inhou.

Die meerderheid krisiswerkers is gewoonlik manlik en dit lewer'n bydrae tot die ontwikkeling van "macho attitudes that pervade the crisis worker culture" (Beaton & Murphy, 1995:70). Beraders sal verder ook moet besef dat die erkenning van post traumatiese reaksies, maklik ontken of geïgnoreer kan word en dit bemoeilik die behandeling van sekondêre trauma. Nog 'n struikelblok in die identifisering van sekondêre stres is die sogenaamde *John Wayne sindroom* (Beaton & Murphy, 1995:65). Dit impliseer dat krisiswerkers nie maklik die rol van die pasiënt aanvaar nie. Die gebruik van psigies selfbeskermde meganismes soos ontkenning en onderdrukking van gevoelens is ook baie bekend. Beaton en Murphy (1995:70) het verder bevind

dat ondervinding, opleiding, roloriëntasie en die beoefening van 'n tweede beroep, stresfaktore is wat bydra tot sekondêre traumatisering. Krisiswerkers is dikwels ook skofwerkers en slaapsteurnisse kom algemeen voor (Beaton & Murphy, 1995:65). Krisiswerkers word ook voortdurend blootgestel aan die herinneringe van vorige kritiese insidente deur herhalende blootstelling. Verder is daar ook 'n inherente wantroue teenoor buitestaanders in die meeste krisiswerker-organisasies (Beaton & Murphy, 1995:76).

### *4.7.5 Die impak van medelye-moegheid op organisasies*

Sexton (1999:397) maak die belangrike opmerking:

> *"When therapists are suffering, there is likely to be a consequent detrimental effect on the organisations within which they work. The quality and effectiveness of the organisation's work can be compromised."*

Wanneer daar nie gehandel word met die medelye-moegheid van personeel nie, lei dit tot terapeutiese impasse en onafgehandelde sake. Bedankings as gevolg van medelye-moegheid sal tot 'n groter personeel omset lei, wat aanleiding gee tot die verlies van ervaring en professionaliteit . Die organisasie moet bewus wees daarvan dat die nuwelinge nog swaarder gaan kry, dat hulle 'n groter gevaar loop om deur medelye-moegheid benadeel te word en dat hulle 'n groter behoefte aan ondersteuning en supervisie het. Boonop lei dit dan tot die verlies van energie, toewydig en optimisme van die personeel met die gevolglike "depressing effect on organisational climate and culture" (Sexton, 1999:397). Daar is kragtige prosesse operasioneel in die sosiale onderbewussyn van organisasies. Die gevolg is dat 'n organisasie in totaliteit vasgevang kan raak in "a similar 'state of mind' to the client group it serves." As die kliënte wat hulle bedien baie bedruk is, word die bedruktheid onbewus op die personeel oorgedra. Die kliente se probleme word dan in 'n sekere sin oorgeprojekteer op die onderlinge wisselwerking van personeel met mekaar (Sexton, 1999:398). McCann en Pearlman (1990:141) wys ook op die gevare van professionele stigmatisering en isolasie.

### *4.7.6 Die professionele konteks*

Indien beraders werk met kliënte in gespesialiseerde kliniese areas waarvoor daar nie altyd die nodige erkenning en begrip deur kollegas is nie, mag dit lei tot 'n gebrek aan ondersteuning. Van die areas wat Pearlman en Saakvitne (1995:305) uitsonder, is naamlik bloedskande, rituele misbruik en dissosiasie. Herman is van oordeel dat niemand in staat is om trauma alleen te hanteer nie. As 'n terapeut hom-/haarself geïsoleer in 'n praktyk bevind, behoort hy die werk met getraumatiseerde kliënte te staak (Herman, 1997:153). Vir traumaterapeute wat die outentisiteit van hul kliënte se verhale moet verdedig, voel dit later na vrugtelose debatte. Die gevolg is dat

die terapeut as't ware die werk in geheimhouding doen deur sy ervaringe met niemand anders te deel nie. Hierdie isolasie van die self en kliënte kan baie nadelige gevolge vir die kliënt en die terapeut inhou (Herman, 1997:152). Die probleem van professionele stigmatisering is dus weer eens ter sake.

## 4.8 DIE VERHOUDING TUSSEN UITBRANDING EN MEDELYE-MOEGHEID

Uitbranding, medelye-moegheid, sekondêre traumatisering en plaasbekledende traumatisering word dikwels in dieselfde asem in die literatuur gebruik. Daar is ooreenkomste maar beslis ook verskille wat deur die outeurs erken word (Jenkins & Baird, 2002:428). Uitbranding kan gedefinieer word as 'n sindroom van emosionele uitputting, depersonalisasie en verlaagde persoonlik prestasie en funksionering. Freudenberger (in Grosch & Olsen, 1994:4) noem dit

> *"a state of fatigue or frustration brought about by devotion to a cause, way of life, or relationship that failed to produce the expected rewards."*

Hart (2003a:1) noem dit

> *"a syndrome of emotional exhaustion, depersonalization, and reduced personal accomplishment that can occur among individuals who do 'people work' of some kind."*

Dit realiseer dus veral in die helpende professies waar mense gedien word (Jenkins & Baird, 2002:423-425). Dit is gewoonlik ook 'n reaksie op die kroniese stres wat gepaard gaan met die begeleiding van mense in verskillende kontekste. 'n Patroon van emosionele oorlading en gevolglike emosionele uitputting, lê dus aan die wortel van die uitbrandingsindroom (Grosch & Olsen, 1994:5-6; Evers & Tomic, 2003:332). Die werker het homself aanvanklik volledig toegewy aan sy taak maar heel dikwels ook ooreis om aan die emosionele eise van ander te voldoen. Hart (2003a:9) vat die essensie van ekstreme uitbranding saam:

- Demoralisasie – 'n geloof dat jy nie meer effektief as 'n pastor funksioneer nie;
- Depersonalisasie – die hantering van jouself en ander op 'n onpersoonlike wyse;
- Afgetrokkenheid – onttrekking van (alle) verantwoordelikheid;
- Distansiëring – die vermyding van sosiale en interpersoonlike kontakte;
- Défaitisme – 'n gevoel van verslaan wees en 'n opgee van enige hoop om in staat te wees om verydeling te verhoed

Uitbranding moet van stres onderskei word. Hoewel stres by baie mense mag voorkom, kom uitbranding slegs voor by diegene wat hul professies met die hoogste ideale en motivering

ingegaan het (Freudenberger, 1974:161). Dit word daarom die *erosie van die siel* genoem, want dit gaan gepaard met die "loss of faith in our capacity to make a difference in a generous calling" (Grosch & Olsen, 1994:4).

Uitbranding het fisiologiese, gedragsmatige, psigologiese en geestelike kenmerke (Grosch & Olsen, 1994:5). Fisiologies gaan dit gepaard met uitputting, afmatting, irritasie, spysverteringprobleme, hoofpyn, rugpyn, gewigsverlies en slaaploosheid. Die gedragsmatige kenmerke kan in inter- en intra-persoonlike kenmerke onderskei word. Interpersoonlike gedragsverandering gaan gepaard met onttrekking en isolasie van kollegas en geliefdes, laatkom vir werk, verveling, irritasie met medewerkers, ensovoorts. Intra-persoonlike kenmerke is byvoorbeeld die verhoogde inname van alkohol en ander kalmeermiddels in 'n poging om die erosie van die innerlike te versag en die daaglikse pyn van die lewe te verlig. Die persoon werk ongewone lang ure sonder om veel te bereik, besluitneming raak al moeiliker, verlies van entoesiasme word sigbaar en rigiditeit kry die oorhand (Grosch & Olsen, 1994:5). Psigologiese kenmerke is depressie, 'n negatiewe selfkonsep, negatiewe houding ten opsigte van werk en die lewe in die algemeen. Die negatiewe houding kom ook tot uiting teenoor mense in die algemeen. Skuldgevoelens en selfblamering kan afgewissel word met gevoelens van "almagtigheid." Die persoon mag meen hy is tot alles in staat "since he has been through it all, ... he can take chances that others cant" (Freudenberger, 1974:160). Geestelik gaan dit gepaard met 'n verlies van geloof, sin en betekenis. Die persoon se persoonlike verhouding met God kwyn en kan gesien word in 'n gebrekkige gebedslewe (Olsen & Grosch, 1991:299; Hart 2003b: 11).. Die ineenstorting van 'n uitgebrande persoon se waardestelsel skep 'n verdere krisis. Die plaas van afbrekende etikette in hierdie verband op mense is ook bekend (Grosch & Olsen, 1994:4). 'n Uitgebrande leraar mag as gevolg van hierdie proses ook lidmate verwyt en vyandig raak in sy optrede. Uitbranding is egter spesifiek 'n gevaar in die helpende professies, omdat die vermoë om 'n verskil te kan maak dikwels eers na jare se ondervinding en opleiding kom (Grosch & Olsen, 1994:8). Die groot gevaar van uitbranding is dat die persoon dit nie self ontdek nie omdat dit so moeilik vir iemand is om hierdie werklikheid in die oë te kyk en aan jouself te erken (Grosch & Olsen, 1994:8). Leraars en geestelike werkers mag bevrees wees dat uitbranding net 'n verskoning vir ongehoorsaamheid en luiheid is en sommige meen dit is net

> *"an excuse to leave the ministry, abandon a marriage, or give up on any activity that demands persistent, unrelenting dedication" (Hart, 2003a:3).*

Dit mag selfs vir sommige 'n byna onhoudbare paradoks wees om enersyds te glo dat jy 'n dienskneg van God is, en andersyds te erken dat jy op die pad van uitbranding is (Coetzer, 2004b:60).

### *4.8.1 Redes waarom dit moeilik vir beraders is om uitbranding te erken*

Mense wat na die helpende professies getrek word, is oor die algemeen geneig om selfloos in hul optrede te wees. Hulle is ook skaam om beskuldig te word dat hulle voortdurend mor en kla en vir hulleself jammer voel. Helpers wil ook nie graag openbaar dat hulle twyfel aan die resultate wat hulle bereik nie- dit is moeilik om aan jouself te erken as jy nie regtig 'n impak maak nie (Grosch & Olsen, 1994:10). Wat is die belangrikste oorsake ten opsigte van hierdie tipe van denke? Grosch en Olsen (1994:11) onderskei drie herhalende temas wat in die navorsing omtrent uitbranding te voorskyn tree, naamlik intrapsigiese oorsake, sistemiese of omgewingsfaktore en dan ook die interaksie van die psigiese en sistemiese oorsake.

#### 4.8.1.1 Intrapsigiese oorsake

Deur absolute toegewyding en emosionele oorbetrokkenheid kan die helper wat homself altyd wil "oortref," as gevolg van onrealistiese hoë ideale en hoë verwagtinge ooreis word (Freudenberger, 1974:161). Deur gedurig te veel op jouself te neem en deur innerlike druk om te presteer, raak jy emosioneel gedreineer. (Grosch & Olsen, 1994:12). Jou interne standaarde is dalk onmoontlik hoog. Skuldgevoelens dryf jou om nog meer van jouself te gee (Freudenberger, 1974:161; Hart, 2003a:3). Selfbeeld en selfagting word gebou of gebreek deur die bereiking of mislukking van jou ideale (Jeffrey Means, 2002:42). Veral geestelike werkers is geneig om verantwoordelik te voel vir almal se gevoelens omdat hulle nie geleer is om op die regte manier vir ander om te gee nie. Hulle skakel nie af nie, maar "care to much all of the time" (Hart, 2003a:2).

#### 4.8.1.2 Sistemiese oorsake

Maschlach en Leiter (1997:10-16,) toon aan dat daar dikwels 'n wanbalans, 'n "mismatch" tussen die werker en sy werk, tussen die persoon en die eise wat die werk aan hom stel, bestaan. Hulle onderskei dan die volgende ses moontlike wanbalanse in hierdie verband:

- Werksoorlading en rigiede werkskedules waarin werkers oorlaai is en self geen inspraak het op dit wat hulle moet doen nie;
- die gevoel van 'n verlies van beheer, outonomiteit en magteloosheid;
- onvoldoende beloning in verhouding met die uitsette wat geëis word;
- verbreking van gemeenskap deur konflik en binne-politiek in die werksomgewing;
- inherente onregverdigheid, byvoorbeeld deur swak lone en konflik in waardes

Groch en Olsen (1994:25) onderskei ook die volgende bydraende sistemiese faktore:

- Die aard van kliëntelading kan dreinerend wees;
- die nie-wederkerige terapeutiese verhoudinge (*nonreciprocated attentiveness*) deurdat die kliënt nie juis positiewe terugvoer gee nie;

- wanneer die werker se eie gesinsverhoudinge stroef raak.

#### 4.8.1.3 Interaksie van die psigiese en sistemiese oorsake

Grosch en Olsen (1994:26) wys ook op die interaksie tussen die intrapsigiese en die sistemiese oorsake. In hierdie geval neig die familie van oorsprongsproblematiek om te herhaal in die werkomgewing. Dit kan ook verband hou met die feit dat helpers moontlik onbewus gemotiveer word om spesifieke kontekste uit te kies "to work out old dramas." Die interaksie van sistemiese- en psigiese oorsake het tot gevolg dat die atmosfeer fragmenteer en polariseer (Maschlach & Leiter, 1997:48-49). Dit lei gevolglik daartoe dat die indiwidu worstel met die vraag hoe en of hy nog inpas in die werksomgewing en in sy beroep (Grosch & Olsen, 1994:26, Olsen & Grosch, 1991:300).

### *4.8.2 Die verwantskap tussen medelye-moegheid en uitbranding*

Gentry *et al.* (2002:124) wys daarop dat medelye-moegheid die samevloeiing is van sekondêre traumatiese stres, asook uitbranding in die lewe van mense in die helpende professies. Sekondêre trauma gebeur wanneer mens blootgestel is aan ekstreme gebeure wat direk deur 'n ander ervaar is. Medelye-moegheid is verder die natuurlike, voorspelbare en voorkombare gevolg van empatiese hulpverlening waardeur mens se eie welsyn benadeel word. Uitbranding daarenteen is 'n toestand van fisiese, emosionele en geestelike uitputting deur die dreinering van die persoon se vermoë om aan die oneindige eise (stressors) van die die lewe te voldoen (Schlebusch, 2000.44). Hierdie aftakelende effek van uitbranding maak die persoon dan ook meer kwesbaar vir medelye-moegheid (Gentry *et al.,* 2002:125). Daar kan gevolglik saam met Figley (2002:5) gekonkludeer word dat sekondêre traumatiese stres gekombineer met uitbranding uitloop op medelye-moegheid. Prepsky & Knowles (1993:110) waarsku teen die vergeesteliking van stres.

## 4.9 DIE BEHANDELING VAN MEDELYE-MOEGHEID

### *4.9.1 Ekologiese model vir die bekamping van medelye-moegheid*

Die bekamping van medelye-moegheid kan van verskillende vertrekpunte af benader word. Daar kan begin word by die indiwidu en sy belewenisse of by die sosiale- en organisatoriese kontekste en weer terugbeweeg tot by die indiwidu. Die ekologiese model van Yassen (1995:178) bied 'n skematiese visie van die faktore wat aangespreek moet word (illustrasie op bladsy 106).

### *4.9.2 Sosiale verantwoordelikheid en betrokkenheid*

Traumatiese gebeure raak die hele gemeenskap. Niemand kan neutraal staan nie. Die trauma van mishandeling verbreek byvoorbeeld gemeenskap. Die herstel van verhoudings daarenteen is genesend. Die sosiale ondersteuning vir die werk van traumawerkers staan sentraal in die genesing van medelye-moegheid (Yassen, 1995:188). 'n Gemeenskap absorbeer en help dra aan die traumatiese ervaringe van individue deur die demonstrasie van begrip en empatie met oorlewendes, byvoorbeeld waar mense saamkom om met ander te rou oor hulle verliese. Hiermee word erkenning aan die pyn en gevoelens van getraumatiseerde mense verleen. Indien die owerheid (die staatspresident), die kerk en gemeenskap op 'n parallelle wyse uitgesproke hul agting vir die werk van traumawerkers toon, erkenning gee aan die las wat hulle namens die hele gemeenskap dra, hul uitspreek teen kindermolestering en TV programme wat geweld verheerlik, word daar aan die werkers bevestig dat daar groot betekenis is in die werk wat hulle doen (Munroe *et. al.*, 1995:215).

Opvoedkundige strategieë in die gemeenskap byvoorbeeld deur die opvoeding van ouers, kinders en onderwysers (byvoorbeeld na die selfmoord van 'n kind), toerusting van kerkrade en lidmate na skokkende gebeurtenisse betreffende die impak van die gebeure op hulself en die bou van emosionele weerstandigheid, vestig ook die aandag op die stres wat traumawerkers in die gesig staar.

Sosiale aktivisme beveg die gevoel van magteloosheid en skep hoop en visie (Yassen, 1995:189). Dit gee die gevoel van 'n gedeelde missie en dien as uitlaatklep vir frustrasie (Coetzer, 2005b:84). Erkenning moet in hierdie verband ook gegee word aan die rol van die media in S.A. om die regering se aandag op misdaad te vestig, asook aan die bydrae deur openbare figure wat op 'n gereëlde basis hul medelye aan die slagoffers van veral kindergeweld betoon.

Verder moet openbare aandag en betrokkenheid by die hervorming van wetgewing betreffende kindermolestering en mishandeling, aangemoedig word asook die bou van goeie betrekkinge tussen verskillende organisasies wat betrokke is in traumawerk.

### *4.9.3 Organisatoriese strategieë vir die bekamping van medelye-moegheid*

Rosenbloom *et. al.* (1999:76) wys op die invloed van die organisasie se houding en gesindheid ten opsigte van die impak van trauma op personeel. Die organisasie waarvan hulle deel is (Traumatic Stress Institute), erken dat sekondêre traumatiese stres 'n beroepsgevaar is en werk doelbewus daaraan om 'n atmosfeer van begrip te skep waarin erkenning verleen word aan die sterk emosies wat personeel ervaar (Rosenbloom *et. al.*, 1999:67). Die gevolg is dan dat personeel met plaasbekledende trauma nie in die verleentheid gestel word nie. Hul kliënte word gerespekteer, kliënt-terapeut vertroulikheid word gehandhaaf en kliënte word nie geblameer vir

die personeel se emosies nie. Hierdie organisasie bied dan ook aan hul personeel 'n sterk teoretiese raamwerk betreffende plaasbekledende traumatisering en voortgesette opleiding in die verband is verpligtend. Hul erns in die bekamping van medelye stres word bevestig deur verpligte individuele en groepsupervisie, tweeweeklikse seminare en die beskikbaarheid van informele konsultasie (Saakvitne & Pearlman, 1996:79-82; Yassen 1995:194). Supervisie geskied in 'n atmosfeer van respek, veiligheid en die erkenning van die individuele berader/terapeut se beheer en kontrole oor sy persoonlike situasie. Respek vir die berader/terapeut word deurentyd gehandhaaf, selfs as die berader/terapeut terapeutiese foute en pynlike teenoordrag faktore moet hanteer. Terapeutiese intervensies word op hulself sonder huiwering toegepas.

Volgens Saakvitne en Pearlman (1996:82) is ook die volgende aspekte in hierdie verband belangrik:

- Elke berader/terapeut behoort sy eie private en veilige toegeruste kantoor te hê;
- 'n Geskikte mediese fonds behoort beskikbar te wees vir personeel, asook 'n genoegsame vergoedingspakket. Daar behoort ook verpligte afneemtyd en verlof beskikbaar te wees;
- Organisatoriese ondersteuning deur die allokering van fondse vir gespesialiseerde dienste aan kliënte, is noodsaaklik;
- Voortgesette opleiding van personeel is noodsaaklik;

### *4.9.4 Professionele strategieë*

Saakvitne en Pearlman (1996:78, Markham, 1995:144) stel dat *bewustheid*, *balans* en *verbintenis* die kernaspekte vir die bekamping van medelye-moegheid is. Dit is belangrik om bereid te wees om medelye-moegheid te erken as 'n normale reaksie sodat die berader/terapeut vir homself die ruimte kan gee om konstruktief daaraan te werk. Balans behels onder andere aspekte soos die volgende:

- Variasie in terapeutiese en ander take asook kategorieë van slagoffers wat gesien word
- Skedulering van kort breuke, die neem van etenstye en soms net gaan stap of die doen van strek oefeninge
- Waak teen die oorlading van skedules en handhaaf grense en limiete betreffende persoonlike en professionele grense (Yassen, 1995:192, 190)
- Nooddienste personeel soos polisie, brandbestryders, en paramedici behoort vir hulself duidelike operasionele strategieë te ontwikkel (Yassen, 1995:195).

#### 4.9.4.1 Die vestiging van groepnorme wat genesing van sekondêre trauma bevorder

Catherall (1999:85-86) wys op groepnorme wat bevorderlik is vir die genesing van krisiswerkers:

- Stressors word erken as legitiem en wettig.
- Die probleem is dié van die hele groep en nie noodwendig slegs dié van die indiwidu nie.
- Daar word gesamentlik na oplossings gestrewe en blamering word nie geduld nie
- Ondersteuning word direk, hard en duidelik gekommunikeer.
- Kommunikasie is oop en effektief.
- Die samehorigheidsgevoel is sterk en word kosbaar geag.
- Dwelmmisbruik word nie toegelaat nie.
- Individue volg unieke roetes op die weg van genesing.
- Simptome en gevoelens van sekondêre traumatiese stres word genormaliseer.
- Individue word bemagtig deur die erkenning dat elkeen 'n mede-outeur van sy genesing moet wees.

#### 4.9.4.2 Professionele strategieë

Die vestiging van 'n netwerk van professionele verbintenisse as ondersteuningsbasis is noodsaaklik vir die berader/terapeut (Catherall, 1999:83). Die persoonlike en intieme aard van traumawerk kan daartoe bydra dat die berader/terapeut perspektief verloor en professionele grense oorskry, deur te subjektief betrokke te raak. Konsultasie met kollegas help gevolglik om perspektief te herwin en werk die gevoel van isolasie teë.

#### 4.9.4.3 Balans tussen professionele en persoonlike lewe

Om balans tussen die professionele en persoonlike lewe te handhaaf, is ook uiters noodsaaklik. Die berader/terapeut is ook eggenoot, vader of moeder, tuinier vriend ens. (Van Jaarsveld, 2003:141). Die persoonlike lewe moet egter ook gebalanseer wees tussen geestelike, fisiese, emosionele, kreatiewe, sensuele aspekte ensomeer. van 'n gesonde mens met familie- en ander verhoudings (Yassen,1995:190; Saakvitne & Pearlman, 1996:83, Roux, 1998:9, Van Jaarsveld, 2003:138)).

### *4.9.5 Persoonlike strategieë ter bekamping van medelye-moegheid*

"The most important strategy in your personal life is to have one" (Saakvitne & Pearlman, 1996:83). Die gebrek aan 'n persoonlike lewe bied 'n slegte model vir kliënte. Elke mens het die behoefte om soms sorgvry te 'speel' sonder die las van verantwoordelikhede teenoor ander - dit is veral van belang vir die traumawerker. In hierdie verband is dit belangrik om te onderskei ten opsigte van geestelike, liggaamlike en psigologiese behoeftes.

#### 4.9.5.1 Streef na geestelike vernuwing

Hierdie aspek het aanvanklik weinig aandag in die psigologiese wêreld geniet en baie psigoloë sou dan ook die vraag aangaande God se posisie met betrekking tot die trauma van 'n kliënt as

bloot 'n emosionele reaksie beskou. Hicks (1985:106) wys egter op die feit dat daar in hierdie opsig stadig maar seker 'n kentering begin plaasvind en dat die psigologie huidiglik al meer geneig is om erkenning te gee aan geestelike vraagstukke waarmee kliënte worstel as direkte uitvloeisel van traumatiese ervarings. Louw (1999:275) sluit hierby aan wanneer hy sê dat

> *"Huidige navorsing in die godsdienspsigologie neig al meer in die rigting van 'n positiewe beskrywing van die waarde van religieuse ervaringe"*

'n Groot aantal werke deur navorser geraadpleeg betreffende hierdie studie wys op die belangrike aspek van geestelike vernuwing as teenvoeter vir medelye-moegheid. In hierdie verband beskryf Hicks (1985:106) byvoorbeeld die publikasie van die psigiater, M. Scott Peck (1983), met die tittel *People of the lie: The hope for healing human evil,* as 'n atoombom in die psigiatriese wêreld. Hicks is van oortuiging dat daar sedertdien 'n kentering in die psigologiese wêreld ingetree het en dat daar al meer 'n bewussyn vir menslike boosheid en die Bose bespeur word. Hy wys daarop dat elke slagoffer van trauma iewers in die proses 'n verklaring begeer van hoe 'n goeie God inpas in die prentjie van lewensbedreigende trauma. Die berader/terapeut kan self nie hieraan ontkom nie.

Erkenning van die belang van geestelike selfsorg vir die berader/terapeut en ander traumawerkers word gegee deur 'n aantal traumatoloë en hulle stel die volgende voor: (Pearlman en Saakvitne, 1996:61 e.v.; Yassen, 1995:187, Van Jaarrsveld, 2003:136).

- Geestelike gemeenskap en verbintenisse.
- Gebed.
- 'n Openheid ten opsigte van geestelike inspirasie.
- 'n Bewustheid van die nie-materiële aspekte van bestaan.

#### 4.9.5.2 Liggaamlike selfsorg

Liggaamlike reaksies op trauma en sekondêre traumatiese stres, is goed gedokumenteer (Backus, 1996:22, McMillen & Stern,2000:169). Emosies word in die liggaam en brein ervaar in "die vorm van chemiese reaksies in die liggaam en brein ... " (Coetzer & Kotzé, 2007, Buys,2001:63, 59). Coetzer en Kotzé (2007) toon verder die duidelike verband aan tussen trauma en ernstige liggaamlike siektes onder sekere omstandighede asook die belang van emosionele genesing ten bate van liggaamlike gesondheid. Liggaamlike selfsorg (Saakvitne & Pearlman, 1996:62) behoort hoog op die berader/terapeut se agenda te wees en behels aangeleenthede soos die volgende:

- Dieet.
- Oefening en deelname aan sport (pret) aktiwiteite.

- Mediese sorg en die neem van siekverlof.
- Seksuele intimiteit.
- Mini vakansies en tyd weg van die telefoon.
- Genoegsame slaap en rusperiodes.

#### 4.9.5.3 Psigologiese selfsorg

Coetzer en Kotzé (2007) gee die volgende belangrike riglyne:

- Wees bereid om eie motiewe te ondersoek en stel vas wat die dryfveer is.
- Leer om eerlik te praat/skryf oor eie gevoelens.
- Ken en respekteer eie beperkinge.
- Neem eienaarskap van die probleem en aanvaar verantwoordelikheid vir mislukkings.
- Soms moet die berader bereid wees om hom op 'n liefdevolle wyse van ander te onttrek.
- Objektiwiteit en balans is belangrik
- Beperk die aantal getraumatiseerde kliënte

### *4.9.6 Die belang van medelye-satisfaksie*

Medelye spruit uit 'n diepe empatie met slagoffers van trauma. Die motivering om hiermee te volhard ondanks moontlike negatiewe implikasies, spruit deels uit die satisfaksie en selfvervulling wat die traumawerker ervaar wanneer ander gehelp word (Stamm, 1995:107). Begrip vir die koste verbonde aan omgee, behoort aangevul te word met begrip vir die positiewe krediete wat die werk lewer. Stamm (1995:110) vertel in hierdie verband van haar betrokkenheid in die RSA en noem dit "a celebration of hope." Sy beskryf daarenteen die negatiewe ervarings met psigometriese toetse. Die psigometriese toetse wat hulle destyds gebruik het, het implisiet veronderstel "something was wrong" ... dit wil sê een of ander vorm van psigologiese patologie voortspruitend uit traumawerkers, is byvoorbaat veronderstel in die toetse. Stamm gaan voort en deel dan hoe sy met die inspirasie van Figley begin het met die ontwikkeling van 'n nuwe instrument, naamlik die "Compassion Satisfaction and fatigue test" (Stamm, 1995:110). Hierdie instrument, met die riglyne wat dit bied, sal in die studie benut word. (Vergelyk in hierdie verband Bylaag A).

**'n Ekologiese model (vgl. 4.9.1).**

**Individueel**

**Persoonlik**

**Liggaamlik**

- Oefening
- Slaap
- Dieet

**Sosiaal**

- Sosiale ondersteuning
- Sosiale aktivisme
- Koester

**Psigologies**

- Verkry balans
- Ontspanning
- Kontak met die natuur
- Ontwikkel ander vaardighede
- Kreatiwiteit
- Geestelike aktiwiteite

**Professioneel**

- Balans
- Grense en limiete
- Verkry hulp/ondersteuning van kollegas
- Volg gesonde selfhandhawende strategie
- Professionele ontwikkeling
- Evalueer eie gesondheid
- Toewyding aan werk
- Vul persoonlike bronne aan ("replenishment")
- Identiteit

**Ekologies**

**Sosiaal**

- Opvoedkundige strategieë
- Bou koalisies
- Hervorming van

**Werksomgewing**

- Fisiese opset
- Waardesisteem
- Take en riglyne vir personeel
- Supervisie en ondersteuning
- Kwaliteit van kollegiale verhoudinge

(Yassen, 1995: 178).

## 4.10 DIE BELANGRIKSTE GEVAARTEKENS TEN OPSIGTE VAN MEDELYE-MOEGHEID

Coetzer (2004a:211) gee 'n beknopte samevatting ten opsigte van die belangrikste gevaartekens wat kan dui op medelye-moegheid. Gevaartekens is aanwesig wanneer die berader/terapeut:

- nie daarin slaag om redelike grense en limiete vir hom-/haarself te definieer en te handhaaf nie;
- te veel kliënte te woord staan en te veel ure spandeer aan werk/berading;
- verlig is as kliënte afsprake kanselleer of nie opdaag nie;
- begin ervaar dat kliënte te afhanklik van hom raak;
- ook afhanklik van kliënte begin raak en as't ware behep raak met die gedagte om hulle te help en ook te afhanklik raak van "bewondering" deur kliënte;
- oormatig identifiseer met 'n kliënt – grense tussen hulle vervaag;
- 'n vrees ontwikkel dat hy in dieselfde krisis/trauma gaan beland as die kliënt;
- obsessiewe gedagtes/bekommernisse het oor kliënte en hul situasies.

'n Berader moet bedag wees op tendense wat kan dui op medelye-moegheid. Hy moet dus onder andere die gevaartekens herken as hy:

- begin agterkom dat werk sy hoofaktiwiteit in die lewe geword het, of aan die ander kant, dat dit geen prioriteit geniet nie;
- probleme begin ondervind om na kliënte te luister;
- die kliënt se krisis minimaliseer of nietig ag, of sy gevoelens gering ag;
- deur kliënte geblameer word vir die feit dat daar nie genoeg hulp verleen word in die oplossing van hul probleme nie;
- woede en bitterheid begin opbou teenoor ondankbare kliënte;
- gevoellose en pynlike humor gebruik ten koste van kliënte;
- geïrriteerd raak, oorreageer, gebrek aan sensitiwiteit toon of krities raak teenoor kliënte en andere.

Negatiewe gevoelens en gedragspatrone wat uitlopers is van medelye-moegheid kan ook manifesteer as 'n berader:

- 'n weersin begin ervaar om boodskappe op die antwoordmasjien op te volg;
- 'n weersin ontwikkel om werk toe te gaan;
- sessies herhaaldelik kanselleer, láát opdaag, en/of die sessies voortydig beëindig;
- enigiets vermy wat hom herinner aan kliënte of werksprobleme;
- niks voel vir die kliënte nie – gevoelloos/afgestomp en teruggetrokke raak.

Die rooi ligte behoort te flikker wanneer 'n berader:

- 'n behoefte het om weg te kruip, te ontvlug of sigself te isoleer;
- begin neig in die rigting van ongesonde verslawende middels, aktiwiteite of verhoudings;
- slaapprobleme, eetprobleme en/of ontstellende drome begin ervaar;
- angstig raak, gedreineer, uitgeput en verward voel;
- oorweldig voel deur gevoelens van hulpeloosheid en hopeloosheid;
- depressiewe gevoelens en 'n begeerte na die dood ervaar;
- irrasionele denke en selfmoordneigings koester."

## 4.11 GEVOLGTREKKINGS

- Medelye-moegheid hou inderdaad gevare in vir elkeen wat 'n hart vir sy medemens het en een of ander vorm van krisiswerk of traumaberading doen. Om voortdurend by ander se verhale van seer en pyn betrokke te wees, kan 'n ingrypende invloed op die traumawerker se lewe hê. Die koste verbonde aan traumawerk is groot en daar is gestel dat traumawerkers die gevaar loop om sekondêr getraumatiseer te word. Medelye-moegheid toon simptomaties al die kenmerke van posttraumatiese stresversteuring met die verskil dat dit voortspruit vanuit die berader/terapeut se betrokkenheid by iemand anders se trauma. Medelye-moegheid raak 'n verskeidenheid beroepe en dissiplines en kan organisasies en selfs gemeentes en gemeenskappe affekteer. Dit blyk belangrik vir die pastor te wees om begrip te ontwikkel hoe medelye-moegheid hom raak, asook 'n verskeidenheid van lidmate betrokke in die gemeente soos sielkundiges, dokters, verpleegsters, polisie, regsverteenwoordigers, nooddienswerkers, joernaliste, trauma navorsers, maatskaplike werkers, paramedici, ens.
- Die wese van medelye-moegheid hou verband met die transformering van die innerlike ervaringswêreld van die berader/terapeut. Dit is die natuurlike emosies en gedragsveranderinge wat spruit uit die wete dat iemand anders die slagoffer van traumatiese ervaringe is/was. Die gevolge hiervan is ernstig en kan lei tot kort-, langtermyn of selfs permanente emosionele, psigiese of gedragsveranderinge. Die indiwidu se geestelike lewe, lewens- en wêreldbeskouing asook basiese sielkundige behoeftes kan in die proses gewysig word.
- Krisiswerkers soos polisie, paramedici en brandweermanne is 'n kategorie van traumawerkers wat tradisioneel manlik is en dikwels binne 'n paramilitêre konteks funksioneer, met 'n bepaalde gesagstruktuur. Groeps- en kulturele norme dikteer dikwels hoe daar binne 'n bepaalde konteks opgetree sal word. Die gevolg is dat

krisiswerkers wat enige simptome openbaar, maklik gestigmatiseer word en dan met wantroue bejeën word. Hulle is ook geneig om mense van buite, wat nie deel van die groep is nie, te wantrou. Die *nie praat nie reël* is kragtig, met die gevolg dat emosies ontken en onderdruk word.

- Die aksie van *oordrag* en *teenoordrag* neem in traumaberading unieke dimensies aan en die opleiding van traumawerkers betreffende hierdie reaksies blyk belangrik te wees. Veral twee tipes oordrag reaksies, naamlik oormatige identifiseringsaksies en vermydingsreaksies blyk belangrik te wees. Vermydingsreaksies word gekenmerk deur ontkenning, verkleining, distorsie en die losmaak van die empatiese rol, terwyl identifiseringsaksies gekenmerk word deur idealisering, vervlegting met die kliënt en skuldgevoelens as gevolg van die berader/terapeut se oënskynlike onvermoë om voldoende ondersteuning te bied
- Persoonlike aspekte wat 'n berader/terapeut meer kwesbaar maak vir medelye-moegheid, is faktore soos 'n eie traumageskiedenis, persoonlike omstandighede en die selflose optrede van die berader/terapeut wat sy eie behoeftes ontken. Gebrekkige opleiding laat individue ook meer kwesbaar. In die verband word die belangrikheid om in spanverband traumawerk te doen, beklemtoon. Beraders/terapeute wat op hulle eie funksioneer, loop 'n groter risiko betreffende medelye-moegheid.
- Wanneer beraders/terapeute en krisiswerkers voortdurend moet werk met die trauma van kinders blyk dit ook die risiko vir medelye-moegheid te verhoog. Die hantering en herwinning van lyke blyk ook nadelig te wees. Navorser is dus verwonderd daaroor dat oënskynlik nie veel aandag in hierdie verband aan werkers by begrafnisondernemings en lykshuise gegee word nie.
- Die sosiale- en organisatoriese kontekste waarbinne traumawerk gedoen word, blyk ook baie belangrik te wees betreffende die skepping van 'n klimaat waarin medelye-moegheid gedy of bestry word. Indien die probleem van medelye-moegheid nie erkenning geniet in hierdie kontekste nie, lei dit tot die sabotering van empatiese vermoëns en mislukkings in die terapeutiese proses. Bedankings as gevolg van medelye-moegheid uit sekere organisasies blyk 'n probleem te wees en die koste verbonde aan die opleiding van traumawerkers regverdig die aandag van organisasies betreffende medelye-moegheid.
- Daar blyk belangrike raakpunte te wees tussen die verskynsel van medelye-moegheid en uitbranding. Individue wat reeds aan uitbranding ly, is meer kwesbaar vir medelye-moegheid.
- Die praktiese riglyne vir die bekamping van medelye-moegheid met betrekking tot die berader self, andere en ook die werkplek behoort bewustelik toegepas te word.

# HOOFSTUK 5

## EMPIRIESE NAVORSING TEN OPSIGTE VAN DIE VOORKOMS VAN MEDELYE-MOEGHEID

## 5.1 INLEIDING

### *5.1.1 Paradigmatiese vertrekpunt*

In 'n kwalitatiewe ondersoek moet die navorser eers sy epistemologiese vertrekpunt uitspel. Delport en Fouché (2005:261) verwys daarna as die

> *"Paradigm that underpins the study- the researcher's point of view, or frame of reference for looking at life or understanding reality."*

Navorser vind aansluiting by die model en uitgangspunte van Gerkin (1991:16) wat hy "narratiewe hermeneutiese praktiese teologie" noem. Hierdie paradigma plaas 'n besondere klem op die normatiewe begronding van die Christelike gemeenskap in die Bybel en die teologiese tradisie waarvan die Christen gelowiges deel is. Dit bejeën eweneens met net soveel erns die kontemporêre situasie waarin die lewe geleef word en waarin die evangelie "moet gebeur." 'n Belangrike vraag vir die praktiese teoloog is: Wat sê die Bybel hiervan? Daarom is die praktiese teologie gefokus op 'n dialoog met God, wetenskaplike literatuur en gekweste individue. Gerkin noem dat in hierdie proses die moontlikheid van die "*fusion of horizons*" mag plaasvind. "God moet verstaan, vertolk en geïnterpreteer word in terme van die netwerk van reële kontekste" (Louw, 1999:23). Die drie temas wat volgens Gerkin (1991:93) sodanige normatiewe visie begelei, is teenwoordigheid *("presence"),* gemeenskap *("community")* en roeping *("vocation")* want

> *"... those themes and their accompanying dilemmas in contemporary life provide us with a new sense of wisdom and aesthetic vision for ministry, and indeed provide us with a renewed wisdom about how life together should be lived. It can give depth and authority to the pastoral guidance we are to provide for God's people in our time".*

Hierdie uitgangspunte sluit aan by die model van Zerfass soos uiteengesit in hoofstuk 2 (vgl. 2.2.2). Soos reeds vermeld in hoofstuk 1, is die doel van hierdie studie die daarstelling van pastorale riglyne om medelye-moegheid te bekamp by geestelike werkers. Die finale oogmerk is dan ook om volgens Zerfass se model uiteindelik te vorder tot 'n nuwe verbeterde praxis met

betrekking tot die problematiek van medelye-moegheid by geestelike werkers (vgl. 2.2.2). Die empiriese navorsing wat vervolgens in hierdie hoofstuk aan die orde gestel word, is dan ook 'n belangrike komponent binne hierdie proses.

### *5.1.2 Literatuurstudie*

Die literatuurstudie (hoofstuk 3) het reeds die navorsingsprobleem verhelder en die logiese raamwerk vir die verdere navorsing aangetoon en ondersteun (Delport & Fouché: 2005:263). Daar sal dus vervolgens vryelik gebruik gemaak word van die reeds beskikbare meetinstrumente betreffende medelye-moegheid. Die "Compassion Satisfaction/Fatigue Self-Test for Helpers (Green Cross Foundation, 2004) van Figley en Stamm is gebruik in die kwantitatiewe studie. Daar is ook van die riglyne betreffende die bekamping en transformering van medelye-moegheid, soos aangedui in die werke van Figley (2002) *Treating compassion fatigue,* Saakvitne en Pearlman (1996) *Transforming the pain en* die werk van Stamm *(1999) Secondary traumatic stress,* gebruik gemaak. Die werk van Rothschild (2006), naamlik *Help for the Helper: The psychophysiology of compassion fatigue and vicarious trauma,* open belangrike perspektiewe op die liggaamlike prosesse betrokke in medelye-moegheid. Rothschild (2000) se *The body remembers, the psychophysiology of trauma and trauma treatment* is 'n kragtige werk en het eweneens belangrike prosesse in primêre en sekondêre trauma belig. Die studies van Coetzer (2004a) *"Medelye-moegheid" – die hantering van sekondêre traumatiese stres* en Coetzer en Kotzé (2007) *Meta-teoretiese perspektiewe op liggaamlike probleme as moontlike uitvloeisel van onverwerkte trauma,* lewer 'n belangrike bydrae in die Suid-Afrikaanse konteks en sal ook verreken word. Nog enkele voorbeelde van navorsing op die Suid-Afrikaanse akademiese terrein (vanuit 'n pastorale vertrekpunt) met raakpunte betreffende hierdie studie, is byvoorbeeld dié van A.J. van der Merwe (2006) wat navorsing gedoen het betreffende die *Effektiewe funksionering van die Christenberader op emosionele vlak.* In die onderafdelings van haar navorsing het sy *emosie en emosionele heling, sekondêre trauma, medelye-moegheid, uitbranding, en die geestelike lewe van die Christenberader* ondersoek. Lindeque (2006) het 'n studie gedoen aangaande *Die pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma,* wat ook raakpunte met die huidige studie vertoon. Die studie van Fourie (2005), *Die vrou se seksuele disfunksie in die huwelik as uitvloeisel van vroeëre seksuele molestering,* is veral belangrik met betrekking tot die aanwesigheid van medelye-moegheid by vroulike beraders.

## 5.2 DIE DOEL VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Die doel van die empiriese ondersoek is om na te vors of medelye-moegheid wel 'n faktor in die lewe van pastors, maatskaplike werkers en geestelike werkers in die algemeen is. Indien dit 'n faktor blyk te wees, moet vasgestel word in watter mate dit moontlik hul professionele en

geestelike lewe kan benadeel. In hierdie opsig sal aspekte betreffende die sosiale en organisatoriese kontekste, wat mag bydra tot medelye-moegheid, verreken word. In hierdie proses sal daar veral gefokus word op die pastorale identiteit wat deur hierdie werkers aangeneem is en ook gepoog word om te verstaan wat hulle oorspronklik geïnspireer het om die werk te doen. Watter Bybelse metafore het hul geïnspireer om by ander mense in nood betrokke te raak en watter Bybelse metafore van *omgee vir ander,* ondersteun hul geestelik in die werk wat hulle doen? Die empiriese ondersoek sal gedoen word aan die hand van 'n kwantitatiewe sowel as 'n kwalitatiewe ondersoek.

In hoofstuk 2 (vgl. 2.1.1) is voorlopige vrae gevra wat pleit om verheldering. Navorser kom tot die gevolgtrekking dat sommige van die vrae alreeds positief beantwoord is deur die metateoretiese navorsingsmateriaal wat in hoofstuk 3 weergegee is. Die navorsing in hoofstuk 3 het aangetoon dat medelye-moegheid in alle waarskynlikheid nog altyd aanwesig was waar traumawerk gedoen is, maar dat die traumawerkers nie noodwendig altyd oor die taal en konsepte beskik het om die uitputtende en negatiewe reaksies op hul werk te interpreteer en te verwoord nie. Navorser gaan uit van die hipotese dat, in die geval van geestelike werkers, hulle dit moontlik kon toeskryf aan hulle swak geloof, hipersensitiwiteit of blote uitbranding. Moontlik worstel hulle met baie skuldgevoelens hieromtrent. Indien dit sou blyk dat van hulle dit stilswyend oorweeg om hulle beroepe te verlaat, sal dit 'n aanduiding wees van die pyn waarmee hulle worstel. Moontlik is daar in die dienswerk beroepe, soos maatskaplike werk, meer "returned empties" soos Dr. Marjory Foyle (2001) dit gestel het in haar boek, *Honorably wounded,* wat oor getraumatiseerde sendelinge handel. Die bevindings van hoofstuk 3 sal egter in hierdie hoofstuk in 'n kwalitatiewe ondersoek verder gevoer word.

### *5.2.1 Gekombineerde kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing*

'n Kwantitatiewe en kwalitatiewe studie word gedoen deur gebruik te maak van

- Kwantitatiewe navorsing aan die hand van 'n wetenskaplik gestruktureerde vraelys.
- Kwalitatiewe navorsing deur die voer van semi - gestruktureerde onderhoude (Greef, 2005:297).
- 'n Kombinasie van kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing wat komplimenteer en aanvul (Neuman, 1997:335).

### *5.2.2 Verskille tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing*

#### 5.2.2.1 Kwantitatiewe navorsing

Met kwantitatiewe navorsing word daar gesoek na die sogenaamde objektiewe feite en die fokus is op die veranderlikes waar betroubaarheid vooropstaan. Dit word opsommend gekenmerk deur aspekte soos die volgende (Strydom, 1999:74):

- Die navorser bly op die agtergrond.
- Statistiese analise van data is moontlik.
- Meet objektiewe feite.
- Betroubaarheid van die data staan voorop.
- Meer "gevalle" kan geanaliseer word.

#### 5.2.2.2 Kwalitatiewe navorsing

Strydom (2005:276-277) wys op die volgende karakteristieke van deelnemende navorsing:

- Die navorser streef na in-diepte insig in die manifestering van realiteite.
- Die navorser streef na die versameling van die gevoelens en ervaringe van die deelnemers en wil dus poog om die ervaringswêreld van die deelnemers te betree.
- Al die sintuie van die navorser word betrek. Hy moet oor die vermoë beskik om te luister, te sien, waar te neem en ondersoekende vrae te vra.
- Betroubaarheid en geldigheid kan 'n probleem wees.

## 5.3 KOMBINASIE VAN KWANTITATIEWE EN KWALITATIEWE NAVORSING WAT KOMPLIMENTEER EN AANVUL

Janse van Rensburg (2007:3) wys daarop dat die grondmotief vir kwantitatiewe navorsing logiese positivisme is wat met bewese feite wil werk. Navorser is van oordeel dat uit die metateoretiese afdeling (hoofstuk 3) reeds "bewese empirie" bestaan wat die voorkoms van medelye-moegheid aantoon. Die geraadpleegde literatuur bied reeds die logiese raamwerk, die onderliggende aannames en waardes wat die verdere navorsing stuur (Delport & Fouché, 2005: 263). Medelye-moegheid kom oënskynlik algemeen voor in 'n verskeidenheid van beroepe waar hulpverlening aan getraumatiseerde mense verleen word. Delport en Fouché (1995: 264) verwys daarna as "*a general description of the phenomenon as seen through the eyes of people who have experienced it first hand.*" Die doelwit wat dus in hierdie afdeling met die kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing beoog word, is om vas te stel of die voorkoms van medelye-moegheid wel onder Christelike traumawerkers voorkom en indien wel, hoe dit hul menswees, geloof en Christelike lewe beïnvloed.

### *5.3.1 Tipes navorsingsontwerpe*

Fouche (2005:269) onderskei vyf soorte navorsingsontwerpe in 'n kwalitatiewe studie, naamlik *biografiese; fenomenologies; begrondingsteorie (grounded theory), etnografies en gevalle studie.* Hierbenewens is 'n aantal metodes of navorsingsprosedures tot beskikking van die navorser naamlik *die enkelstelselontwerp, eksperimentele navorsing, deelnemende aksie navorsing, intervensie navorsing, ontwikkelings- en benuttingsnavorsing (die DR&U-model), gevallestudies, deelnemende waarneming en sekondêre analise* (Strydom, 1999:78-84). Van die metodes wat moontlik oorweeg kan word vir hierdie studie, is onder andere *deelnemende aksie navorsing, intervensie navorsing en deelnemende waarneming.* Deelnemende aksienavorsing sal egter van die navorser verg om oor 'n langer periode en op groter skaal by die persone oor 'n verspreide geografiese gebied betrokke te wees. Intervensie navorsing het ten doel die daarstelling van " *prosedures vir die ontwerp, toetsing, evaluering en verfyning met die oog op intervensie ingryping ...,* " (Strydom,1999: 141). Dit is egter nie die spesifieke doel van hierdie studie nie.

Deelnemende aksienavorsing (PAR model) word veral deur professionele gesondheidswerkers benut deur gemeenskappe aktief betrokke te maak ten einde grootskaalse sosiale veranderinge te skep (Strydom 2005:409.) *Deelnemende navorsing* laat die navorser toe om alle navorsingsontwerpe te benut (Strydom, 2005:283). *Deelnemende navorsing* beteken dat die individue wat betrek word, van die begin af ten volle bewus is van die doel en implikasie van die ondersoek (Strydom, 1999:174). Dit beteken dat die deelnemers saam met die navorser betrokke raak in die navorsingsprojek, "*... in this way approximating participatory action research*" (Strydom, 2005:276). Die studie het ten doel om die sin en betekenis wat mense aan hul lewens en werk gee, te ontbloot (Strydom, 1999:176). Die rol wat die navorser inneem, kan wissel van "*complete observer to complete participant with a variety of degrees of involvement in between*" (Strydom. 2005:276). Dit maak hierdie metode geskik vir die navorsing wat beoog word.

#### 5.3.1.1 Keuse van 'n navorsingsontwerp

Die keuse in hierdie studie betreffende 'n spesifieke metode en ontwerp wat aangewend sal word om die kwalitatiewe navorsing mee te doen, val op *deelnemende navorsing* (Fouché, 2005:269). Navorser beoog om, betreffende die kategorieë van betrokkenheid, die rol van *deelnemer as waarnemer* te vervul (Strydom, 2005:280). Betrokkenheid op hierdie wyse by die proses behoort die deelnemers te help om oop te maak en sal tot die rykheid van die inligting wat versamel word, bydra. Navorser sal egter moet waak teen sy persoonlike subjektiwiteit. Die gekombineerde ondersoek van kwantitatiewe- en kwalitatiewe data behoort die wetenskaplikheid van die navorsing te verhoog.

Nadat die kwantitatiewe ondersoek voltooi en meer objektiewe feite versamel is met die medelye-satisfaksie/ moegheid toets (Bylaag A), sal enkele van die respondente op 'n meer

persoonlike basis en meer in-diepte opgevolg word – hier kom die kwalitatiewe benadering dan meer na vore. 'n *Fenomenologiese benadering* is belangrik in deelnemende waarneming omdat die navorser beoog om, met betrekking tot die tema van hierdie studie, tot 'n in-diepte verstaan en interpretasie te kom van gelowiges se ervaring en belewing van 'n spesifieke onderwerp, te wete medelye-moegheid (Fouché, 2005:270; Strydom, 2005:271). Die doel van verstaan is om tot die formulering van 'n nuwe pastorale praksis te vorder. Deur middel van die prosedure van *deelnemende navorsing,* waardeur die navorser toegelaat word om alle navorsingsontwerpe te benut, kan die navorser ook nog op 'n verskeidenheid punte betrokke wees (Strydom, 2005:283). Die navorser se "rol kan wissel van algehele waarnemer tot algehele deelnemer" (Strydom, 1999:84).

Navorser beoog dus om deur "*interpretive inquiry*" en "*participant observation*" die deelnemers se "*Sitz im leben*" te betree en deur middel van persoonlike en (of groepsgewys) semi-gestruktureerde vraelyste, die onderhoude te voer (Greef, 2005:292).

In hierdie proses sal dan ook vryelik gebruik gemaak word van die metateoretiese inligting wat reeds in hoofstuk 3 aan die orde gestel is. Van die vrae in die vraelyste met betrekking tot medelye-moegheid en medelye-satisfaksie soos opgestel deur bogenoemde traumatoloë (Punt 1.2), sal gebruik word in kombinasie met die teologies-pastorale aspekte wat daaruit voorspruit. Met hierdie studie word immers die godsdienstige asook die emosioneel-fisiese impak van traumawerk op gelowiges nagevors. Wat die gekombineerde kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing in hierdie studie so geskik maak, is dat dit enersyds die vooroordeel van die navorser neutraliseer (De Vos, 2005:361). Die navorser is dan beter in staat om die werklike probleem te konseptualiseer. Deur die proses van driehoeksvorming (byvoorbeeld deur die konvergensie van verskillende bronne van data), wat in hierdie geval sou impliseer die vergelyking van die kwalitatiewe- en kwantitatiewe bevindinge met die metateoretiese bronne, word die proses bevorder waardeur 'n meer akkurate konsep van die probleem bekom word. Omdat daar verskillende aspekte betrokke is in die onwikkeling van medelye-moegheid, help die proses van driehoeksvorming dus die navorser om die bevindinge van die kwalitatiewe- en kwantitatiewe navorsing vanuit verskillende teoretiese perspektiewe te beskou. Die proses van driehoeksvorming word hierna voltooi, deur die opstel van die gepaste vrae wat aansluit by en voortspruit uit die metateoretiese problematiek wat reeds gestel is.

### *5.3.2 Godsdienstige aspekte*

Deelnemende navorsing is dus ook die instrument waardeur gepoog sal word om die onderliggende religieuse dryfvere na te vors, wat daartoe gelei het dat die onderskeie werkers hulle beroepe gekies het. Vrae wat byvoorbeeld hier relevant sal wees, is die volgende:

- "Waarom het jy maatskaplike werk gaan studeer?"

- "Wat dryf jou om hiermee te volhard as dit blyk dat die persoonlike impak van die werk groot is?"
- "Kon jy steeds aan God veranker bly, en watter teologiese inhoude het jou daarmee gehelp?"
- "Wat het die werk aan jou geloof en verhouding met Jesus Christus gedoen?"
- "Het dit jou geloof verdiep en het jy geestelik gegroei of gestagneer?"
- "Hoe het jou werk jou gebedslewe beïnvloed?"
- "Voel jy godsdienstig en geestelik toegerus vir die eise van jou beroep?"
- "Sou jy dalk graag die beroep wil verlaat?"

### *5.3.3 Metateoretiese aspekte*

#### 5.3.3.1 Emosionele aspekte

Daar sal gepoog word om vas te stel *of* traumawerk 'n kragtige emosionele impak op gelowige traumawerkers het. Navraag sal gedoen word of die werkers oor die emosionele vaardighede beskik om dit te verwerk. Daar sal ook navraag gedoen word oor hulle kennis van wat traumawerk aan die traumawerker kan doen. Was dit in hulle leerplanne opgeneem? Was hulle voorbereid op dit wat op hulle gewag het toe hulle die beroepe gekies het?

#### 5.3.3.2 Fisiese aspekte

Daar sal gepoog word om vas te stel hoe en of die werk wat hulle doen op hulle liggame en fisiese gesondheid 'n effek het. Daar sal byvoorbeeld navraag gedoen word of die werkers ooit bewus was van negatiewe persoonlike liggaamlike reaksies en indien wel, of hulle dit in verband met die werk wat hulle doen, gebring het.

Met die voor- en nadele verbonde aan deelnemende observasie in ag genomë (Strydom, 2005:283-289), sal die navorser navraag doen, byvoorbeeld na die impak van hul werk op hul persoonlike intieme verhoudinge. Navorser sal subtiel en diskreet probeer *invra* of daar dalk in die werker se verlede 'n persoonlike onverwerkte traumatiese ervaring was? Indien dit blyk dat daar wel 'n geskiedenis van onverwerkte trauma aanwesig is, sal gepoog word om die positiewe aspekte betreffende geestelik-emosionele groei te eksploreer, sowel as die addisionele risikofaktore soos blyk uit die metateoretiese navorsing.

#### 5.3.3.3 Professioneel organisatoriese aspekte

Die navorsingsliteratuur bied treffende en betekenisvolle riglyne vir die bekamping van medelye-moegheid betreffende die professioneel organisatoriese aspekte. Navorser het vrae wat uit hierdie afdeling gedistilleer is, in die raamwerk van vrae ingewerk. Navorser is van oortuiging dat van die aspekte wat hieruit na vore mag kom, ook vir die funksionering van die

kerk as liggaam van Christus, ingrypende implikasies mag hê - dit mag die verstaan van kerkwees bevestig en moontlik verruim. Navorser gaan uit van die geloofsoortuiging dat die kerk veral in die wêreld, dit wil sê binne die professionele lewens en beroepe van sy lidmate, aanwesig is. Navorser is gevolglik van mening dat die organisatoriese en professionele kontekste waarin traumawerkers wat byvoorbeeld vir Christelike welsynsorganisasies werk, 'n refleksie op die kerk is - soveel te meer dan die belangrikheid van navorsing soos die onderhawige studie.

'n Verdere belangrike aspek wat in hierdie verband geëksploreer moet word, is die funksionering van die onderlinge sorg, moontlik deur supervisie, binne die breëre kerklike verband. Die verwagting word gekoester dat van die aspekte wat binne die empiriese hoofstuk aan die orde gestel is, uiteindelik ook van besondere waarde kan wees met betrekking tot die situasie van die kerk in sy breë. Die vermoede dat gelowige traumawerkers in hul professionele kontekste (as gevolg van die problematiek van medelye-moegheid), moontlik op 'n gereelde basis onder mekaar teologiseer oor die vraagstuk 'God en lyding,' moet in ag geneem word. In hierdie lig sal daar verken word watter pastorale (terapeutiese) Bybelse metafore deel van hul identiteit vorm. Navorser wonder dus of gelowige traumawerkers hulself steeds as diensknegte van die Here sien, terwyl hulle hul onderskeie professies beoefen. Speel enige Bybelse metafore (pastorale metafore) 'n rol hierin? Sou dit dalk vir gelowige traumawerkers betekenisvol wees as hulle deur hul plaaslike gemeentes as *gestuurde ampsdraers* of as *diensknegte van die Here "georden"* word. Sou so 'n "ordening" 'n verskil in hul pastorale identiteit en gelowige weerstandigheid betreffende medelye-moegheid maak, omdat dit moontlik sou kon bydrae tot groter medelye-satisfaksie? Kan dit daartoe bydrae dat die kerk op 'n nuwe manier by traumawerkers betrokke raak?

#### 5.3.3.4 Die interaksie van basisteoretiese en metateoretiese aspekte

Daar sal deurentyd op die interaksie van basisteoretiese en metateoretiese aspekte gelet word. Geloof en wetenskap speel op mekaar in. Geloof beïnvloed die indiwidu se persepsie van wetenskaplike kennis, byvoorbeeld oor trauma. Wetenskaplike kennis van trauma en medelye-moegheid beïnvloed dan ook weer die geloof. Die persoonlike ervaring van primêre en sekondêre trauma sal ook die traumawerker se geloof beïnvloed.

## 5.4 TOEPASSING EN METODE

### *5.4.1 Die kwantitatiewe ondersoek*

Die wetenskaplike verantwoorde "Medelye-moegheid/satisfaksie vraelys" (soos vertaal deur Coetzer, 2004b:215), met nakoming van die voorbehoude van die outeurs (Stamm, B.H. &

Figley, C.R. 1996) is gebruik vir die kwantitatiewe ondersoek. Die vraelys is met Prof. H.S. Steyn van die Statistiese Konsultasiediens van Noordwes-Universiteit bespreek en aspekte betreffende die voltooiing daarvan en die elektroniese verspreiding daarvan is uitgeklaar. Die vraelys is aan al die predikante van die Ned. Geref. Kerk, Sinode van Wes-Transvaal gestuur deur middel van *Wesvonk,* die e-pos nuusbrief in die sinodale gebied. 'n Seleksie uit die leraars wat op die vraelys gereageer het, word vervolgens gemaak vir die voer van persoonlike onderhoude.

Toestemming is verkry by Ds. Anton Mocke, predikant in sinodale diens vir die Diens van Barmhartigheid van die Ned.Geref. Kerk en direkteur van NG Welsyn, om die vraelys onder die maatskaplike werkers in diens van die Ned. Geref. Kerk, binne die betrokke area te sirkuleer. Hy het ook sy ondersteuning vir die navorsing uitgespreek in 'n begeleidende brief. Die brief is elektronies via die hoofkantoor van NG Welsyn in Potchefstroom na al die dienslewering sentra versend. Die begeleidende brief is as Bylaag B beskikbaar.

### *5.4.2 Navorsingsresultate van die kwantitatiewe ondersoek*

Die respons van predikante op die vraelys, wat deur middel van *Wesvonk,* elektronies aan al die predikante in die Sinode van Wes-Transvaal versprei is, was swak. Slegs ses het gereageer. Die respons van die maatskaplike werkers verbonde aan NG Welsyn was uitstekend. Die voltooide vraelyste is deur die Statistiese Konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit verwerk en is as Bylaag C aangeheg.

#### 5.4.2.1 Leraars in diens van die Ned. Geref. Kerk, Sinode van Wes-Transvaal

Dit was werklik 'n teleurstelling dat slegs 6 leraars, uit 'n potensiaal van 193, die vraelys voltooi en teruggestuur het. Die geldigheid van die toets met betrekking tot leraars is dus in gedrang (Janse van Rensburg, 2007: 4). Daar kan verskeie redes vir die reaksie aangevoer word.

- Leraars was moontlik onwillig om geïdentifiseer te word deur die gebruik van hulle e-pos adresse.
- Leraars het moontlik nie kans gesien om twintig minute aan 'n vraelys af te staan nie. Dit mag beteken dat hulle alreeds oorlaai voel. Hulle kon dit nie sien as gemorspos nie omdat dit via *Wesvonk,* die amptelike sinodale elektroniese posdiens, geskied het.
- Leraars se programme is oorvol en hulle sien nie kans om tyd aan hulle eie persoonlike selfsorg te wy nie. Hulle kon moontlik wel die vraelys op hul eie voltooi het en daarna moontlik nie kans gesien het om die resultate weer te gee nie.
- Daar was egter wel een leraar wat navorser geskakel het en vertel het dat hy erg aan uitbranding lei. Hy het homself dan ook beskikbaar gestel vir 'n persoonlike onderhoud.

#### 5.4.2.2 Resultate met betrekking tot leraars

| Die potensiaal vir medelye-satisfaksie | Frekwensie | Persentasie | Kumulatiewe frekwensie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| 1: Uitsonderlik hoë potensiaal | 2 | 33.33 | 2 | 33.33 |
| 2: Hoë potensiaal | 1 | 16.67 | 3 | 50.00 |
| 3: Redelike potensiaal | 3 | 50.00 | 6 | 100.00 |
| **Die risiko vir uitbranding** | | | | |
| 4: Besondere lae risiko | 6 | 100.00 | 6 | 100.00 |
| **Die risiko vir medelye-moegheid** | | | | |
| 2: Hoë risiko | 1 | 16.67 | 1 | 16.67 |
| 3: Matige risiko | 1 | 16.67 | 2 | 33.33 |
| 4: Lae risiko | | | | |
| 5: Besonder lae risiko | 4 | 66.67 | 6 | 100.00 |

#### 5.4.2.3 Afleidings

- Die leraars het as groep *uitsonderlik hoë medelye-satisfaksie potensiaal* geopenbaar. Op die skaal van 1-5 het 50% *uitsonderlik hoë potensiaal* en *hoë potensiaal* gemeet. Die oorblywende 50% het 'n *redelike* potensiaal vir medelye satisfaksie geopenbaar.
- Ten opsigte van die *risiko vir uitbranding* het die leraars 100% *besonder laag* gemeet. Navorser is van oortuiging dat hierdie syfer nie as algemeen geldend vir leraars in die bediening beskou moet word nie.
- 33.33% leraars het 'n hoë tot matige risiko vir medelye-moegheid geopenbaar, terwyl 66.67% besonder laag gemeet het. Geeneen het 'n uitsonderlike hoë risiko geopenbaar nie.
- Die matige risiko vir medelye-moegheid dien moontlik as aanbeveling vir die leraars vir hul betrokkenheid by lidmate in nood. Dit is die twee kante van die munt. Diegene met geen risiko vir medelye-moegheid nie, is moontlik nie pastoraal betrokke by lidmate in nood nie.
- Die feit dat die jare van diens nie vermeld moes word nie kan as 'n moontlike tekortkoming van die meetinstrument aangedui word. Daaruit kon moontlik sekere

afleidings gemaak word. Navorser wonder oor die betrokkenheid van leraars by die nood en trauma van lidmate en wonder verder oor die selfbeskermingsmeganismes wat leraars gebruik in die bediening.

### *5.4.3 Maatskaplike werkers in diens van NG Welsyn*

Die reaksie en deelname van die maatskaplike werkers was verrassend positief (Janse van Rensburg, 2007:4). 35 uit 'n potensiaal van ongeveer 45 maatskaplike werkers het die vraelyste voltooi en teruggestuur. Dit is 'n respons van ongeveer 77.7% wat as uitstekend beskou word. Twee vraelyste het egter ongelukkig in die elektroniese versending so beskadig geraak, dat dit nie gebruik kon word nie. Dit het die werklike respons verminder na 74%.

#### 5.4.3.1 Resultate

| **Potensiaal: medelye-satisfaksie** | **Frekwensie** | **Persentasie** | **Kumulatiewe frekwensie** | **Kumulatiewe persentasie** |
|---|---|---|---|---|
| **1:Uitsonderlik hoë potensiaal** | 1 | 3.03 | 1 | 3.03 |
| **2: Hoë potensiaal** | | | | |
| **3: Redelike potensiaal** | 28 | 84.85 | 29 | 87.88 |
| **4: Matige poten...** | 4 | 12.12 | 33 | 100.00 |
| **5: Lae potensiaal** | | | | |
| **Die risiko vir uitbranding** | **Frekwensie** | **Persentasie** | **Kumulatiewe frekwensie** | **Kumulatiewe persentasie** |
| **1: Uitsonderlik hoë risiko** | | | | |
| **2: Hoë risiko** | 2 | 6.45 | 2 | 6.45 |
| **3:Matige risiko** | 8 | 25.81 | 10 | 32.26 |
| **4: Besonder lae risiko** | 21 | 67.74 | 31 | 100.00 |
| **Die risiko vir medelye-moegheid** | **Frekwensie** | **Persentasie** | **Kumulatiewe frekwensie** | **Kumulatiewe persentasie** |
| **1: Uitsonderlik hoë risiko** | 17 | 51.52 | 17 | 51.52 |
| **2: Hoë risiko** | 4 | 12.12 | 21 | 63.64 |
| **3: Matige risiko** | 3 | 9.09 | 24 | 72.73 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **4: Lae risiko** | 5 | 15.15 | 29 | 87.88 |
| **5: Besonder lae risiko** | 4 | 12.12 | 33 | 100.00 |

Vir 'n grafiese voorstelling, vgl. Bylaag D

### 5.4.3.2 Afleidings

- Die potensiaal vir medelye-satisfaksie was oorwegend gemiddeld, met 'n persentasie van 84.85. (Drie op die skaal van 1-5). Net een maatskaplike werker het volgens die skaal 'n uitermate hoë potensiaal vir medelye-satisfaksie gemeet . Hierdie uitslag het by die navorser bepaalde vrae laat ontstaan. Sou dit kon beteken dat maatskaplike werkers moontlik voel dat hulle werk slegs gedeeltelik suksesvol is? Voel hulle dalk deur die owerhede, die regsisteem, die kerk en die gemeenskap in die steek gelaat? Voel hulle dalk dat die situasie van die kinders wat deur hulle gehelp word, so hopeloos is dat hulle net maar gedeeltelik suksesvol is in die werk wat hulle doen? Hierdie vrae is verder opgevolg tydens die kwalitatiewe ondersoek.
- Die maatskaplike werkers se verslag toon verder 'n *besondere lae risiko vir uitbranding* (67.64%) asook 'n *matige risiko* van (25.81%) aan. Die toets dui aan dat slegs 6.84% 'n *hoë risiko* vir uitbranding het en geeneen loop 'n *uitsonderlike hoë risiko nie.*
- Die kontras tussen die risiko vir uitbranding wat baie laag is en medelye-moegheid wat baie hoog is, was vir die navorser opmerklik en uiters verrassend. Die *uitsonderlike hoë risiko* vir medelye-moegheid wat 51.52% (kategorie 1) is, plus die *hoë risiko* vir medelye-moegheid 12.12% (kategorie 2), is gesamentlik 63.64%. Slegs 27.27% het 'n *lae risiko* en *besondere lae risiko* gemeet.
- Hierdie resultate het die noodsaaklikheid van hierdie navorsing bevestig. Dit behoort van groot belang vir welsynsorganisasies en welsynswerkers individueel te wees, om hiervan kennis te neem - persoonlike en organisatoriese welsyn is immers op die spel.
- Wanneer werkers persoonlike, liggaamlike, geestelike, en emosionele risiko's loop, soos hier die geval blyk te wees, behoort die betrokke organisasie stappe te neem om die probleem aan te spreek. In hierdie geval raak dit in besonder NG Welsyn as nie winsgewende diensorganisasie en die Ned. Geref. Kerk van Wes-Transvaal se kommissie vir die Diens van Barmhartigheid. Vanuit 'n ander perspektief gesien, behoort elke gemeente, ongeag denominasie, wat 'n maatskaplike werker as lidmaat het, veel moeite te doen met die omsien en geestelike versorging van so 'n persoon.
- Die vraelyste en gesprekke wat deel uitgemaak het van hierdie ondersoek het plaasgevind nadat die Ned. Geref. Sinode van Wes-Transvaal die besluit geneem het om die salarisse van die werkers in lyn te bring met dié van die staat - dit het 'n redelike verhoging in salaris beteken. Navorser wonder of dit enige uitwerking op die resultate het. Navorser is

bewus van 'n aantal maatskaplike werkers wat besig was om die diens te verlaat as gevolg van swak salarisse gedurende die fase waartydens hierdie ondersoek plaasgevind het.

#### 5.4.3.3 Spesifieke belangrike response

Sekere vrae en antwoorde het spesifiek die aandag getrek:

- Met betrekking tot vraag 3 van die meetinstrument "Ek het geloofstandpunte wat vir my as anker dien," het 90.91% van die maatskaplike werkers (op die skaal indeks van 1-5 (baie dikwels= 5)) daaraan die hoogste of tweede hoogste waarde toegeken. Dit beteken dat geloof vir die werkers baie belangrik is.
- Slegs 4 van die 33 werkers het geen kinder-traumatiese ervaring gehad nie, terwyl 30.3% 'n waarde tussen 3-5 (van die skaal indeks) daaraan toeken.
- 21.2% sê dat daar traumatiese ervaringe in hul kinderjare was (vraag 21) en 21.2% voel dat daar traumatiese ervaringe is wat nog "deurgewerk" moet word (vraag 22: 4 en 5 uit 5).
- Met betrekking tot vraag 24, "Ek het niemand om mee te praat betreffende hoogs stresvolle ervarings nie", het 33.3% 'n waarde van 3 plus daaraan toegeken. Dit blyk dus dat maatskaplike werkers voel dat hulle dikwels alleen staan. Dit is verrassend, gesien die feit dat 84.5% aandui dat hulle die interaksie met hul medewerkers geniet (vraag 52). 'n Verdere 69% dui aan dat hulle baie staatmaak (4-5 uit 5) op die ondersteuning van hul medewerkers (vraag 53) en 84% (4-5 uit 5) dui aan dat hulle hul medewerkers vertrou (vraag 55) en dat hul medewerkers op hul hulp kan staatmaak (vraag 54). Hierdie diskrepansie met vraag 24 laat die vermoede ontstaan dat maatskaplike werkers behoefte het aan gesprek met mense anders as diegene in eie professionele kring.
- 33% van die maatskaplike werkers dui aan dat "aspekte van hul professionele lewe soms in hul persoonlike en gesinslewe indruis" en ken 'n waarde van 3-4 uit 5 daaraan toe.

## 5.5 DIE KWALITATIEWE ONDERSOEK

### *5.5.1 Doel en metode*

Die voer van onderhoude in 'n kwalitatiewe ondersoek geskied met die doel om die ander persone se belewing van die realiteit te betree. Dit verg van die navorser die bereidheid om na ander se verhale te luister. Die vertel van verhale is die konstruksie van betekenis. Elke woord wat mense gebruik in die vertel van hul verhale is 'n mikrokosmos van hul bewussyn (Greef, 2005:287) en beklemtoon die sosiaal gekonstrueerde aard van die werklikheid (Lindeque, 2006:198). Dit gee die navorser ook die geleentheid om sekere aspekte wat in die kwantitatiewe ondersoek na vore gekom het, verder te voer ten einde te kom tot 'n beter verstaan van die probleem.

Navorser het ook oor 'n aantal jare, sedert 2003, persoonlike pastorale gesprekke met 'n aantal maatskaplike werkers gevoer. Telkemale is die toestemming van die betrokke persone verkry om van die onderhoude as navorsingsmateriaal te gebruik. Omdat die navorser toe nie van 'n stemopnemer gebruik gemaak het nie is sekere beradenes versoek om gedeeltes van hul lewensverhaal op skrif aan die navorser beskikbaar te stel. Navorser beskik gevolglik in hierdie verband oor 'n aantal geskrewe dokumente wat in veilige bewaring gehou word.

Die volgende stappe is verder geneem:

- Ds. Anton Mocke, besturende direkteur NG Welsyn, is gekontak vir toestemming om die veld te betree en groep- sowel as persoonlike onderhoude te voer.
- 'n Afspraak is gemaak waar die groep privaat bymekaar kon kom en daar die minste moontlikheid vir steurnisse is.
- Die eerste rondte van onderhoude is in groepsverband gedoen. 'n Raamwerk van oop vrae is opgestel. Die stemopnemer is aan die groep bekend gestel en die versekering is aan die deelnemers gegee dat die inligting vertroulik hanteer sal word.
- Die taalkundige, Mev. H.J.A. van Aardt, wat die taalversorging van hierdie proefskrif behartig, het ook die eerste rondte bygewoon om notas af te neem.

### 5.5.2 *Inleiding tot groepsonderhoud*

Die inleiding tot die onderhoude en 'n raamwerk van vrae is gebruik in 'n poging om die gesprek te stuur, sodat die tersaaklike aspekte aan die orde kom. Die raamwerk is nie woordeliks nagevolg nie, maar dien as 'n goeie aanduiding van hoe die gesprekke gevoer is en watter sake aan die orde gekom het. Die onderhoud is semi-gestruktureer. Die skema van vrae is bedoel as 'n riglyn om die gesprek op koers te hou en as gids te dien vir die onderhoud (Greef, 2005:296). Sake wat deur die gespreksgenote aan die orde gestel is, is as kosbare bykomende bronne van inligting benut. Die inleiding, die sluiting van 'n professionele ooreenkoms en raamwerk van vrae is ter insae in Bylaag E.

### 5.5.3 *Verwerking van data*

- Die data wat met die kwantitatiewe ondersoek versamel is, is op 'n wetenskaplik verantwoorde wyse geanaliseer.
- Die data wat met die kwalitatiewe ondersoek versamel is, is elektronies gestoor en sommige onderhoude is getranskribeer.
- Kategorieë vir die verwerking van data stem grootliks ooreen met die kategorieë van die vraelys.

## 5.6 RESULTATE VAN DIE KWALITATIEWE ONDERSOEK: AFLEIDINGS EN GEVOLGTREKKINGS

### *5.6.1 Die eerste onderhoud met 'n groep maatskaplike werkers.*

Die samestelling van die eerste groepsonderhoud: Vier maatskaplike werkers van 'n bepaalde kantoor was aanwesig terwyl een siek was. Die kantoorhoof en supervisor was teenwoordig. Die ouderdomme het gewissel van 22 tot 60 plus. Twee van die werkers was in die eerste jaar van hul bediening. Die bevindinge vanuit hierdie onderhoud is telkemale in verband gebring met individuele opvolgonderhoude sowel as onderhoude wat voor en na die groepsonderhoud gevoer is.

### *5.6.2 Individuele onderhoude met maatskaplike werkers*

Persoonlike onderhoude is met 'n aantal werkers gevoer. Hul toestemming is verkry om van die data wat so bekom is op 'n wetenskaplike verantwoorde wyse te gebruik. Van die werkers is na so 'n berading sessie versoek om hul verhale op skrif te stel vir die benutting daarvan in hierdie studie. Navorser is opreg dankbaar en geëerd deur hulle bereidheid om 'n deel van hulle lewe te deel. Van die onderhoude is met 'n stemopnemer opgeneem, getranskribeer en word veilig bewaar. In die individuele onderhoude is sommige aspekte verder gevoer as tydens die groepsonderhoud. In die analise en verwerking van die data sal dit so aangedui word wanneer dit op geïntegreerde wyse met die groepsonderhoud behandel word.

### *5.6.3 Individuele onderhoude met leraars*

Daar is met een leraar 'n onderhoud gevoer wat, nadat hy die vraelys voltooi het, per e-pos met die navorser in verbinding getree het. Hy was verras oor die uitslag van die toets. Dit het met hom op daardie stadium nie goed gegaan nie. Hy was vir twee maande met siekteverlof op sy dokter se aanbeveling. Die onderhoud is sewe maande na die voltooiing van die vraelys gevoer, nadat hy reeds 'n paar maande terug in die tuig was. Die analise van die gesprek verskyn hieronder (vgl. 5.7.1).

### *5.6.4 Onderhoud betreffende roeping*

Navorser het reeds aan die begin van die studie aangedui dat 'n frase soos plaasbekledende traumatisering (*vicarious traumatization*) sekere geestelike ondertone het. Navorser is derhalwe baie geïnteresseerd in die rol wat roeping en geloof in die keuse van beroepe speel. Raak dit die keuse van beroepe deur mense wat in die Christelike tradisie gevorm is? Trouens, navorser het die verwagting gekoester en die aanname gemaak dat maatskaplike werkers in diens van 'n

organisasie soos NG Welsyn, 'n getuienis betreffende 'n persoonlike roeping sou uitspreek. Die navorser was egter baie verras deur 'n maatskaplike werker (medewerker 1) wat tydens die eerste groepsonderhoud ontken het dat sy by 'n vorige onderhoud die wonder van haar roeping verwoord het. Sy het destyds haar "roepingsverhaal" op skrif gestel vir gebruik in hierdie navorsing. Sy het by daardie geleentheid duidelik aangetoon dat haar beroep baie met geloof te make het, en ander respondente in die groep het dit sterk beaam. "Dit het baie met geloof te make", het feitlik die vorm van 'n *groepsrefrein* aangeneem.

Wat hier volg, is 'n kort samevatting van die skriftelike verhaal van medewerker 1 een jaar tevore. Sy het reeds in standerd ses 'n besliste keuse gemaak om haar lewe aan die Here te gee. In standerd sewe het sy na beroepsvoorligting die besluit in haar hart geneem om maatskaplike werk te gaan studeer. Tydens haar matriekjaar moes sy egter uitvind dat haar ouers haar keuse glad nie goedkeur nie en gevolglik weier om haar na Stellenbosch te stuur as sy maatskaplike werk sou gaan studeer. Sy was gevolglik verplig om 'n ander rigting te kies. Op Universiteit het sy die Christen studente Vereeniging byeenkomste bygewoon en ook die sendingweek in Stellenbosch, waar internasionale sprekers opgetree het. By hierdie geleenthede het sy net meer oortuig geraak dat sy maatskaplike werk as "my godgegewe roeping beskou". Die finale deurslag was een Sondagaand in die studente kerk met die sing van die bekende Halleluja-liedjie: "Moet ek gaan met leë hande, moet ek so my Heer ontmoet?" Sy het die volgende oggend huis toe geskakel en haar ouers van haar besluit ingelig. Sy het toe van studierigting verander en begin met maatskaplike werk en teen die einde van daardie jaar al haar vakke geslaag.

Respondente 2 en 3 het uiteensettings gegee van hoe dit gekom het dat hulle maatskaplik gaan studeer het. Een het ook keuring vir veeartsenykunde gekry, maar besluit dat sy eintlik mense wil help. Sy het gevoel dat sy as maatskaplike werkers soveel meer kan beteken. Die ander medewerker het aangedui dat sy eintlik medies wou studeer, maar nie keuring kon kry nie. Die redes wat aangegee is, moes vir die persoon pynlik gewees het. Sy het toe sielkunde baie ernstig oorweeg maar die feit dat 'n sielkundige eintlik met mense werk in 'n beperkende een tot een konteks het haar daarteen laat besluit. Sy het aangedui dat sy graag met mense binne hul kontekste van huis, huwelik en gesinsverbande wil werk. Albei hierdie respondente het aangedui dat geloof in hul werk van groot belang is - hulle bid gereeld vir hul kliënte vir wysheid van Bo wanneer hulle belangrike besluite moet neem.

Medewerker 4 was as plaaskind van mening dat om maatskaplike werk te studeer, iets behels soos om mense wat hospitaal toe moet gaan, by te staan. Haar Pa het vir haar gesê as sy maatskaplike werk wil doen, kan sy maar net sowel by die plaaslike lekkergoed fabriek gaan werk. Sy het later in die onderhoud gebieg "dat daar van haar net *assies* oor is."

Medewerker 5 het ook aan die navorser haar roepingsverhaal vertel en dit op skrif gestel. Kort voor haar belydenis van geloof het sy ontdek, deur op haar doopseël te kyk, dat sy 'n buite-

egtelike kind was - sy is lank voor haar ouers se huwelik gebore. 'n Verdere skok was die ontdekking dat die vader wat sy as haar vader geken het, nie haar biologiese vader was nie. Sy vertel dat sy totaal ontwrig was en vir maande haar ouers baie moeite besorg het. Medewerker 5 vertel dat sy by die Kerk Jeug Aksie "haar hart volkome aan God gegee het en dat sy 'n gevoel gehad het dat God altyd haar Vader sal wees, ten spyte van die deurmekaarspul met haar aardse vaders - dit was 'n groot troos vir my". Na haar bekering het sy weer ewewig gevind en het sy die moed bymekaar geskraap om kontak met haar biologiese vader te maak. Toetse by universiteite en loopbaanbeplanners het aangedui dat sy rekeningkunde of iets met syfers moet gaan studeer. Sy het egter besluit om maatskaplike werk, teen haar ouers se sin, te gaan studeer. Medewerker 5 skryf:

> *"My Ma het gedink dat arbeidsterapie my eerste keuse was. Ek het jare later eers vir haar vertel dat ek maatskaplike werk as my eerste keuse opgegee het op al die nodige papiere."*

Sy sluit af:

> *"As ek moet terug kyk, het God 'n pad met my geloop om my te laat besluit om 'n maatskaplike werker te word. Alhoewel die salarisse en voordele nie baie goed is nie en die kliënte ons soms mal maak, weet ek dit is waar ek moet wees en dat ek geroepe is vir die beroep. My ma sê altyd, en ek stem saam met haar, dat ek 'n gebore maatskaplike werker is. Eers toe ek uiteindelik in die beroep was, kon ek verstaan hoekom God die moeilike paadjie met my geloop het en wat die doel was van my deurmekaar verlede - dit help my om deernis met kliënte te hê en hulle beter te verstaan."*

Medewerker 6 het baie beslis "ja" geantwoord op die vraag of maatskaplike werk vir haar 'n roeping is. Sy vertel die pragtige verhaal van die aand toe sy kerk "geslip" het - dit was die aand toe sy haar roeping ontvang het. Sy het die program 50/50 op TV gekyk wat daardie aand gehandel het oor vroue wat 'n ouetehuis besoek het - sy het onmiddellik geweet dit is wat sy graag eendag wil doen. Sy het later in die onderhoud aangedui dat haar geloofslewe baie agteruit gegaan het gedurende die aantal jare voor haar bedanking uit NG Welsyn, waar sy gesinsorgdienste gelewer het. Sy was ook besig om haar roepingsbewussyn te verloor, maar dit is nou weer besig om sterk terug te keer. Desnieteenstaande het sy hoë waardering uitgespreek vir die plaaslike leraar en die gemeentelede wat haar baie goed ondersteun het. Omdat sy vanuit 'n kerkgebou geopereer het, was sy baie bewus daarvan dat sy "God se beeld moet vertoon"- dit was vir haar baie belangrik.

Medewerker 7 het by 'n plaaslike gemeente aansoek gedoen vir 'n jeugwerkerspos. Toe dit blyk dat die salariskaal wat aan die pos gekoppel was, nie aan haar behoeftes sou kon voldoen nie, het sy die betrokke kommissie verseker dat die Here vir haar iets anders in gedagte het en dat Hy op daardie stadium besig was om aan haar sekere dinge te leer. Sy het binne 'n jaar hierna 'n betrekking in 'n ander gemeente aanvaar.

Medewerker 8 het vertel hoe sy as jong plaasdogter gepoog het om die kinders van die plaaswerkers (haar maatjies) na die Here te lei. Toe sy in Matriek in die beroepsvoorligting klas kennis maak met maatskaplike werk, het sy onmiddellik geweet dat dit is wat sy met haar toekoms wil doen.

#### 5.6.4.1 Gevolgtrekkings

- Dit blyk dat godsdiens en geloof vir die werkers van groot belang is. Hulle het feitlik almal in hul jeug kerklik intens meegeleef. Die meeste van die respondente het pertinent melding gemaak van 'n intense bekering tydens hul jeugjare. Met enkele uitsonderings leef die werkers vandag nog kerklik mee - navorser is egter ook bewus van onstabiele kerklike betrokkenheid in sekere gevalle, waar tye van intense betrokkenheid afgewissel word met volslae afwesigheid.
- Die spesifieke rede waarom medewerker 1 haar oorspronklike pragtige roepingsverhaal later in die groep ontken het, bly vir die navorser 'n raaisel.
- Dit blyk dat daar 'n getuienis van die ervaring van 'n sterk persoonlike geroepenheid by 'n aantal werkers aanwesig is.
- Feitlik al die werkers het vertel van hul kerklike betrokkenheid en selfs van die besondere verhouding wat hulle met 'n plaaslike leraar het.
- Dit is opmerklik dat 'n hele aantal ouers teen hul keuse van beroep gekant was. Van die ouers het gevoel die werk is onveilig en bied nie goeie finansiële sekuriteit nie.
- Die navorser was veral in die groepsonderhoud bewus van 'n vreemde verslaenheid,of noem dit twyfel. Daar was 'n element van uitsigloosheid of hooploosheid, al het hulle graag vertel hoe hard hulle somtyds bid. Dit het vir die navorser in sterk kontras gestaan met die verwagting van 'n opgewonde, blymoedige geroepenheid.

### *5.6.5 Aspekte betreffende geloof*

Op die vraag of maatskaplike werkers onder mekaar teologiseer oor die kwessie van God en lyding, het medewerker 1 geantwoord:

> *"Ons sal mal word as ons dit doen, dominee. Ons geniet eerder 'n grappie of so - ons het baie humor in die kantoor."*

Medewerkers 3 en 4 is oortuig dit help glad nie om *hoekom* en *waarom* te vra nie.

> *"Jy kan nie verstaan hoekom jy nou deur al daardie pyn en seerkry en hartseer moet gaan nie, maar tog net die wete dat daar 'n plan is, dra jou deur."*

Medewerker 4 sê sy vra nie sulke vrae nie. Wat sy wel weet is dat sy somtyds desperaat bid. Sy bid desperaat vir wysheid eerder as om te bevraagteken hoekom iets gebeur. Medewerker 1 getuig dat die Here dikwels haar gebed op 'n wonderlike manier beantwoord. Op die vraag of hulle meen dat van hulle of hul kollegas se geloof benadeel kon wees deur die werk wat hulle doen, het geeneen die vraag probeer antwoord nie. Medewerker 6 het in 'n persoonlike onderhoud genoem dat haar geloof oor 'n lang periode agteruitgegaan en skade gely het. Medewerker 8 het vertel hoe sy as kind die swart kinders wat haar maatjies was, na die Here wou lei. Maar, hoewel sy dit aanvanklik nie wou erken nie, wou sy later jare as maatskaplike werker nie meer kerk toe gaan nie. Sy sê:

> *"Hierdie Jesus wat sê dat Hy vir my lief is, hoe kan Hy vir my lief wees, en ek het in depressie beland?"*

Medewerker 3 het vertel van die goeie verhouding wat sy met haar plaaslike leraar in die gemeente waar sy groot geword het en tans nog woon, het. Sy is oortuig dat sy haar probleme met hom sal kan bespreek en dat hy haar baie goed ken. Sy gaan gesels met hom as sy hooploos of af voel. Sy het duidelik baie vertroue in haar predikant. Dieselfde reaksie kom van medewerker 2. Hulle is albei jonk en leef kerklik mee. Die ander senior werkers was merkbaar stiller hieromtrent.

### 5.6.5.1 Afleidings en gevolgtrekkings

- Navorser het die afleiding gemaak dat die groep onwillig was om besonder intieme persoonlike geloofsprobleme voor die ander te bespreek.
- Dit kan moontlik die rede wees waarom hulle wegdeins daarvan om oor God en trauma te teologiseer.
- Geloof is vir die groep baie kosbaar en van die onderwerpe wat aangeraak is, is dalk te pynlik om oor te praat. Dit mag ook wees dat van die persone hulleself nie toelaat om godsdienstige kritiese vrae te vra nie.
- Die jonger respondente het feitelik blindelings geglo in God se onbekende goeie plan vir elke mens.
- Die werkers getuig van gebedsverhoring. Hulle bid vir hul kliënte.

- Navorser is oortuig daarvan dat hulle bewus is van kollegas wie se geloof en menswees ernstig geknou is - hul professionaliteit het hulle egter nie toegelaat om dit te bespreek nie.
- Medewerker 1 se opmerking, dat hulle mal sal word as hulle oor God en lyding teologiseer, is moontlik 'n teken van hoe kosbaar hulle hul geloof ag, maar dat hulle in 'n soort teologiese ontkenning funksioneer.

### *5.6.6 Waarom maatskaplike werkers die beroep verlaat of in die beroep volhard*

Aan die groep is genoem dat Figley, 'n groot kenner op die terrein van hulpverleners wat met mense in nood werk (getraumatiseerde mense), sê dat ons van ons beste mense op die terrein verloor. Die vraag was, waarom dink hulle verloor ons baie mense? Die kantoor van NG Welsyn met wie die onderhoud gevoer is, het in die bestek van 18 maande vier baie bekwame werkers verloor.

Hul antwoord was verrassend reguit:

> *"Die enigste rede hoekom ons mense verloor is oor die geld, dis waaroor dit gaan. Die afgelope paar persone wat hier weg is, is weg as gevolg van geld."*

Medewerker 2 reageer toe met die volgende betekenisvolle opmerking:

> *"Ek dink wat dit ook kan wees, is die feit dat hierdie nie 'n werk is waarvoor jy dikwels 'n 'dankie' hoor nie, so jy doen al hierdie harde werk en jy kry hierdie min geld en alles, maar jy voel nie eintlik dat jy waardeer word nie..."*

Die opvolgvraag het belangrike aspekte betreffende die negatiewe elemente wat eie is aan hul beroep geopenbaar: 'Wat laat jou volhard in hierdie beroep?' Medewerker 4:

> *"Daardie een suksesverhaal, dit is wat jou laat aanhou. Daardie een, al is dit net een suksesverhaal, daardie een laat jou aanhou."*

Dan wei sy uit oor hoe jy somtyds sien dat mense sukkel en voortploeter en dan tog uiteindelik iewers gekom het. "*Dit gee nogal vir jou 'n satisfaksie om dit te beleef.*"

Die opvolgvraag het belangrike response gelewer: "Gestel dat jy 'n kind moes verwyder uit 'n nadelige situasie in sy ouerhuis en nou het jy die kind in 'n kinderhuis geplaas, voel jy dat jy regtig 'n verskil gemaak het? Voel jy dat dit die begin van 'n suksesverhaal kan wees?"

Medewerker 1:

> *"Daar is maar baie twyfel. Dis 'n groot ding om 'n besluit te neem want dit is 'n belangrike besluit in 'n kind se lewe en ons bronne... ons hulpbronne, dit is nie altyd genoegsaam nie. Dit is 'n groot behoefte, die hulpbron is nie regtig daar nie, en jy weet nie, jy weet net jy moet hierdie kind beskerm maar hoe? En jy is nie seker of die plek waarna jy hom stuur regtig die regte antwoord is nie... Ek praat nou van kinderhuise, plekke van veiligheid, of pleegouers ... "*

Medewerker 3 het beaam en daarop gewys dat hulle maar baie mismoedigheid word, veral nadat sy al die tiende kinderhuis geskakel het en daar nie plek is nie *"dan voel jy maar bietjie moedeloos verby."*

Medewerker 4 wys daarop dat hul opsies met kinders bo die ouderdom van twaalf jaar uiters beperk is. Hulle kan die kind byvoorbeeld na 'n nywerheidskool toe stuur, maar die produk wat hul terugkry is altyd swakker as die produk wat gestuur is. Sy noem dit 'n konflik tussen twee swak opsies en twyfel of die hele ingryping die moeite werd was.

#### 5.6.6.1 Afleidings en gevolgtrekkings

- Die swak salarisse wat betaal word, is 'n groot probleem. Die mense gee alreeds soveel van hulself.
- Die ondankbaarheid wat die werkers dikwels van kliënte in 'n welsynsomgewing ervaar, het 'n nadelige impak. Hulle kry verder weinig erkenning vir die werk wat hulle doen uit die samelewing of kerklike gemeenskap.
- Die voortdurende twyfel oor ingrypende besluite wat hulle moet neem, veroorsaak groot spanning.
- Die gebrekkige hulpbronne, byvoorbeeld wanneer kinderhuise oorvol is en geskikte pleegouers nie gevind word nie, dra geweldig by tot die gevoel van magtelose hulpeloosheid. Dit saai twyfel in hul gemoed.
- Somtyds wonder hulle of al die moeite wat hulle gedoen het die moeite werd is.
- Die konflik tussen die swak opsies wat as intervensie beskikbaar is, veroorsaak dikwels onsekere gevoelens asook die gevoel van ontoereikendheid.

### *5.6.7 Die invloed van hul beroep op hul persoonlike lewens*

Medewerker 2 het vertel van die Meestersgraad rondom die seksuele misbruik van kinders waarmee sy besig is. By tye moet sy vir 'n week lank in Pretoria bly – na so 'n week van studie moes haar vriend nie aan haar raak of skeef na haar kyk nie. *"Hy kon vir 'n week nie naby aan my kom nie ... "* Dan was die gort gaar. Sy sê dit was vir haar baie erg om te ontdek dat sy haar persoonlike ervaring van die werk huis toe neem en dan boonop op haar suster se kinders uithaal. Sy haal haar frustrasies uit op die kind omdat hy woelig en stout is en hy moet nie naby haar kom of raas nie. Sy word kwaad en is ongeduldig met die kind ...

> *"definitief het dit 'n impak as jy heeldag hier sit en dis net probleme en hartseer en 'n gehuil en jy kom by die huis en jou vriend of jou ouers of iemand het ook nou 'n probleem – dan is jy regtig nie lus vir hulle nie, en dit is wat ek opgemerk het, ek baie doen."*

Medewerker 4 het bygevoeg dat hulle werk konfidensieel is. Sy kan byvoorbeeld nie by die huis kom en vir haar kind sê dat die kind wat langs hom in die skool sit, swanger is of dwelms gebruik nie. Netso kan sy nie vir haar man vertel dat die persoon wat saam met hom werk probleme het nie. Maar as haar man tuis kom, vertel hy van die ongeluk, die *fatal* wat gebeur het en wie betrokke was. Dit is net so 'n werklikheid wanneer hulle saam met hulle vriende is. *"So, jy is vir jou ventilasie van jou kollegas afhanklik,"* maar almal in die kantoor is ook maar besig en wil nie altyd na mekaar se stories luister nie. Vrese bestaan dat hulle ook moeg raak vir mekaar se stories en *"die stories is ook so bietjie erg om te vertel."* Sy loop en bekommer haar ook oor haar eie kinders want sy besef waaraan hulle in die skool blootgestel word. Sy sien hoe min die kinders het met wie hulle werk en hoe swaar hulle kry, en dan irriteer haar bevoorregte kinders haar verskriklik. Sy wil nie na hulle stories luister nie. Hulle behoeftes walg haar, want hulle het reeds alles wat hulle harte begeer. *"Jy wil net by die huis kom en afskakel."* Die "Sewende laan" sepie op TV put haar uit omdat dit oppervlakkig is en ver van die werklikheid verwyder is. Op die vraag of die werk hul menswees verander, bevestig sy: *"Ja, ek dink dit verander jou menswees."* Haar kinders kritiseer haar dat sy moeilikheid in alles sien en sê dat sy met 'n welsynbril na die lewe kyk.

Medewerker 4 voeg by dat sy kleinkinders het wat sy soms onwillekeurig met haar kliënte vergelyk. Sy sien kinders uit swak omstandighede wat presteer en dan wonder sy, *"waar het jy gefaal?"*

Medewerker 3 het ook vertel dat sy 'n twee jaar oue verhouding met 'n vriend beëindig het omdat *"haar oë oopgegaan het"*. Sy het bygevoeg: *"My hart is seer, my hart is baie seer."*

Medewerker 2 het gesê dat jy jou maatskaplike werk in jou alledaagse lewe gebruik, maar dit is belangrik dat jy weet waar om die streep te trek, anders gaan *"jy voel ek is 'n 'social case' myself."*

Medewerker 6 (opvolg individuele onderhoud) het vertel hoe sy haar ouers, die mense wat sy die liefste op aarde het, deur haar optrede seergemaak het en dat sy nooit weer daardie kyk in hulle oë wil sien nie. Sy vertel dat hulle haar baie gedra het in die tye wat sy *af* gevoel het. Ook haar suster het haar aangespreek en daarop gewys dat sy besig is om geheel en al te verander. Op professionele terrein is verhoudings benadeel

> *"as jy vir jou kliënt veg en voel jy word te ná gekom, veral as jy oorwerk en oormoeg is."*

Sy het erken dat sy somtyds nogal kinderagtig was en al haar *"speelgoed uit die pram"* gegooi het (by die werk).

Medewerker 7 was vir beradingsgesprekke by navorser, oor 'n tydperk toe haar huwelik op die rotse was. Haar verhaal word met haar toestemming gebruik. Sy het baie gerou omdat sy haar stiefkinders wat op 'n naweekbesoek by hulle was, so met haar gedrag ontstel het dat hulle nie weer wou kom nie. Sy het die volgende briefie van vergifnis aan haar stiefkinders geskryf (skuilname word gebruik):

> *"Mariana en Renier, ek wil julle om verskoning vra dat ek:*
>
> - *Julle verhouding met julle Pappa benadeel het.*
> - *Veroorsaak het dat julle nie lekker by Pappa gekuier het nie.*
> - *Te kwaai met julle was en julle nie toegelaat het om vry kinders te wees nie, al het ek myself wysgemaak ek doen dit.*
> - *Onredelik teenoor julle was omdat ek aan myself getwyfel het en bedreig gevoel het deur julle.*
> - *Vir julle 'n swak voorbeeld gestel het van hoe om konflik te hanteer.*
> - *Julle Pappa seergemaak het."*

Medewerker 8 het (opvolgonderhoud) uitgewys dat haar werk haar verhouding met haar man en kinders erg benadeel het. Haar gesin het op 'n stadium baie swaar gekry. Sy het haar man begin wantrou en verdink van allerhande negatiewe dinge. Sy was onbewus van die oorsake op daardie stadium. Sy meen die oorsaak was veral die gevoel van persoonlike onveiligheid wat haar beetgepak het. Sy was baie aggressief en ongeduldig met haar eie gesin, terwyl sy die beeld van die goeie maatskaplike werk "tannie" na buite voorgehou het, *"maar hier in my eie huis was ek baie, baie, baie, baie...lelik!"*

#### 5.6.7.1 Afleidings en gevolgtrekkings

- Dit blyk dat die werk 'n groot invloed op maatskaplike werkers se lewe en bestaan uitoefen.
- Die werk verander hul menswees. Dit is eintlik onvermydelik.
- Dit beskadig of benadeel hul persoonlike verhoudings. Die gevaar bestaan dat hulle hiperkrities raak teenoor hul eie betekenisvolle mense.
- Hulle raak geïrriteerd met die mense en kinders in hul eie persoonlike kring.
- Persoonlike gedragsprobleme word geaksentueer.
- Die werk het 'n impak op hul siening van en hul verhoudings met eie kinders.
- Dit het 'n groot invloed hoe hulle na mense om hulle kyk.
- Die las van konfidensialiteit is groot en beïnvloed hul verhoudinge, deurdat hulle nie spontaan hul verhale en die gepaardgaande gevoelens kan en mag bekend maak nie.
- Moegheid, oorwerktheid en stres lei tot konflik op kantoor en kan professionele verhoudinge ook beskadig. Dit mag daartoe lei dat hul verhoudings by die werk oorbelas word. Hulle het slegs kollegas teenoor wie hulle kan ventileer.
- Hul kollegas is vir hul kosbaar, maar hulle besef dat hul kollegas reeds oorbelas is met hul eie gevallelading.

### *5.6.8 Die ontwikkeling van vrese*

Op die vraag of hulle dalk self gekwes voel deur die werk wat hulle doen, is die onderliggende vrees vir verkragting uitgespreek. Slegs die jong werkers het hierop geantwoord naamlik respondente 2 en 3. Hulle spreek ook hul vrees uit as hulle vrou alleen tuisbesoeke moet gaan doen. Hulle het in hul persoonlike lewe nie vantevore geweld ervaar nie, maar na al hul ervarings tot dusver is die vrees vir aanranding groot. Somtyds voel hulle bietjie bang in vreemde mans se geselskap. Hulle wonder oor "die man" wat saam met hulle in die ry staan as hulle kruideniersware koop.

Medewerker 8 wat kliniese assesserings met kinders doen, vertel van die ontwikkeling van nagmerries. Sy sê sy het nooit besef dat die nagmerries wat sy kry, asook haar emosionele onstabiliteit en woedeuitbarstings, verband hou met die werk wat sy doen nie. Vandag besef sy dit.

### *5.6.9 Die impak van maatskaplike werkers se professie op hulle gevoelens en gedrag*

Op die vraag of hulle ook met oortreders werk en hoe dit hul gevoelens en gedrag raak, is aangetoon dat hulle nie met oortreders werk nie. Hul werk met oortreders behels wel die insameling van inligting vir die hofverslae wat hulle moet voorberei. Medewerker 3 wys daarop

dat alhoewel jy maklik jou humeur met so iemand kan verloor, dit professioneel onaanvaarbaar is.

> *"So om net jou kop te hou en mooi te dink voor jy vir hulle nou iets terug sê ... jy kan voel soos wat jy wil hier binne oor hulle, hulle hoef dit net nie te weet nie..."*

Sy wys daarop dat hulle in die beste belang van die kind moet optree en daarom is dit noodsaaklik dat hulle die nodige inligting uit die oortreder moet kry en nie in rusies met hom betrokke moet raak nie. Dit kan in die hof teen jou tel. As jy die inligting het, is jy klaar met hom en gee hom aan die polisie en die hof oor. Medewerker 6 glo in hierdie onderhoude moet jy ten alle koste professioneel optree. Hulle behandel die oortreders menswaardig van hul kant af. Hulle is deeglik bewus daarvan dat van die oortreders nie eintlik weet dat wat hulle gedoen het, verkeerd is nie. Medewerker 6 het daarop gewys dat jy tog ook weer empatie met oortreders kry, wanneer jy besef waardeur hulle as kinders is. Die oortreders is ook maar emosioneel verwonde persone.

#### 5.6.9.1 Afleidings en gevolgtrekkings

- Professionele gedrag inhibeer die uitspreek van persoonlike gevoelens. Sukses en satisfaksie is deels afhanklik van die uitspraak van die hof. Slegs 4% van alle seksuele misdade loop uit op 'n skuldigbevinding en vonnis.
- Die werkers beweer hulle ervaar nie skuldgevoelens wanneer 'n aanklag nie op 'n skuldigbevinding uitloop nie. Gevoelens van frustrasie en onvergenoegdheid in so 'n situasie is tog onvermydelik.
- Hulle ervaar stres in die howe en word onder kruisverhoor geneem. Hulle professionaliteit kom onder die soeklig in die howe wanneer hulle moet getuig, terwyl hulle net die slagoffers van die misdade probeer help.

### *5.6.10 Die organisatoriese en professionele konteks*

Soos reeds bo aangetoon, blyk dit dat die verhouding kerk/organisasie grootliks gesond en gelukkig is. Wat die situasie was toe die werkers wat hulle salarisse betref, ver agter hul kollegas in die staat se diens geraak het, is nie nagevors nie. Dit blyk egter duidelik dat 'n aantal werkers toe die diens verlaat het.

'n Opvolgonderhoud met medewerker 6 wat jare vir NG Welsyn gewerk het en tans 'n aantal maande in 'n nuwe hoedanigheid vir 'n ander organisasie werk, het baie belangrike perspektiewe belig. Sy het baie uitgewei oor die werksdruk waaronder hulle verkeer het. Sy meen dat sy vir 'n tydjie lank 'n bietjie verwyte gehad het teen die organisasie en wou sê *"julle het nie na my gekyk*

*nie"*, maar die realiteit is dat sy nou besef sy het 'n verantwoordelikheid gehad om na haarself te kyk. Sy beweer dat sy nou baie beter na haarself omsien. Sy erken dat sy baie gedrewe was.

Op die vraag: "Kyk NG Welsyn na sy werkers - verstaan NG Welsyn die behoeftes van sy werkers - is daar genoegsame strukture in plek om probleme op te vang?" het sy met onverwagte deernis geantwoord:

> *"Ek dink nie so nie. Ek het die idee gekry dat diegene wat moet kyk, self so oorwerk en oorbluf is - hulle spartel so rond om die organisasie aan die gang te hou want daar is soveel mense wat afhanklik is van hierdie werk, dat hulle so bang is hulle stel hierdie mense teleur – hulle kan dus nie effektiewe hulp verleen nie..."*

Veral met betrekking tot die senior werkers, het sy die gevoel gekry dat hulle vir haar sê:

> *"Jy is mos nou al lank in die land, jy weet mos nou waarvoor jy werk, ... as jy vandag nou 'n bietjie af voel is dit OK, môre sal dit beter gaan, jy weet mos dit raak beter."*

Die medewerker het toe na 'n spesifieke persoon verwys en met groot agting gesê dat die persoon al ongelooflike wonderlike insette in die organisasie gelewer het. Die medewerker het bygevoeg dat die persoon na haar mening baie moeg moet wees van altyd gee en gee. Sy dink gevolglik dat sy nie gehoor is, selfs nie gehoor *kon word* nie en dat dit te wyte is aan die uitputting van die supervisor, toe sy hulp gesoek het. Later in die gesprek het die medewerker bygevoeg dat sy dink die persone wat haar moes help, toe moontlik in dieselfde situasie as sy was. Sy voel dit is belangrik om by te voeg, *"hulle weet dit dalk nie self nie."* Sy voel dat die organisasie dit dalk moet oorweeg om terapeute van buite te gebruik - mense wat met 'n ander *oor* as 'n *welsyn-oor* luister en wat nie in presies dieselfde situasie is nie. 'n Bykomstige rede vir hierdie gedagte is dit wat sy in haarself gesien het. Sy wou dalk self nie hoor wat hierdie bekende mense in eie kring destyds vir haar wou sê nie. Sy het self geworstel met 'n gesindheid van *"hou jou mond van my sake af."* Sy dink nie sy sou hierdie perspektief kon aanbied as sy nie self gedwing was om afstand van die situasie te kry nie. Sy voeg by dat dit ook moeilik is om jou hartsgeheime te deel met iemand wat in 'n gesagsposisie bo jou aangestel is - hulle is dalk net te naby aan jou. Sy wys daarop dat jy iemand *professioneel kan vertrou,* maar dit is nie te sê jy *vertrou die persoon emosioneel* nie. Die medewerker het verklaar dat dit nou met haar duisend maal beter gaan. Dit is egter nie aan slegs enkele positiewe faktore te wyte nie, maar wel 'n totale verandering van situasie. Waar sy tans is, kry sy wonderlike terugvoer omdat die dienswerksituasie anders is en haar salaris beter is. Sy werk nie meer onder soveel druk nie en sy het ook geleer om beter na haarself om te sien.

Na bogenoemde stellings het die medewerker laat blyk hoe geweldig baie waardering sy vir NG Welsyn as organisasie het. Hulle het haar geweldig baie geleer. Die organisasie het geweldig baie om te bied en doen dit ook volgens haar.

Medewerker 8 meen die wortel van baie kwaad is dat maatskaplike werkers nie na mekaar luister nie, omdat hulle met mekaar kompeteer vir erkenning en aanvaarding. Haar eie begeerte om raakgesien te word as iemand wat 'n verskil maak, het haar ondergang beteken. Die gevolge vir haar was emosionele stagnering. Sy het steeds intellektueel gegroei, maar nie geestelik of emosioneel nie. Sy moes op 'n stadium self supervisie doen, maar het daardie tyd geen benul gehad van waaroor dit eintlik gaan nie. Sy voel sterk daaroor dat sy vroeëre jare nie 'n ondersteuningsbasis gehad het nie. Sy meen maatskaplike werkers dink hulle moet *almal red* en dat die drang uit hulle kinderjare kom.

### 5.6.10.1 Afleidings en gevolgtrekkings

- Die onderlinge verhoudings van die personeel in NG Welsyn is van 'n hoogstaande gehalte.
- Die verhouding, leraars en maatskaplike werkers, blyk van groot betekenis te wees. Van die werkers getuig van die mooi verhoudings wat hulle reeds tydens hul jeugjare met hul leraars gehad het.
- Salarisagterstande vir werkers wat professionele werk verrig, is 'n probleem. Benewens die persoonlike koste aan die werk verbonde, gee die werkers beter salarisse prys net om hierdie spesifieke werk te kan doen. Hoewel dit duidelik is dat maatskaplike werkers nie die werk in die eerste plek vir geld doen nie, is dit tog jammer dat lae besoldiging, wat persoonlike oorlewing bemoeilik, aan die orde van die dag is.
- 'n Professionele vertrouensverhouding beteken nie noodwendig 'n emosionele vertrouensverhouding nie. Dit kan egter ook impliseer dat die persoon nie *diep emosies* en *emosionele pyn*, openbaar nie.
- Professionele verhoudings word moontlik oorbelas deurdat die persone wat supervisie doen, somtyds te ná aan die werkers is.
- Emosionele uitputting vind plaas omdat kollegas al byvoorbaat weet wat die ontstelde persoon se probleem is en dat die persoon weet die kollega sit maar in dieselfde situasie.
- Terapeute van buite die organisasie sal moontlik probleme identifiseer en verstaan wat nie binne die organisasie erken word nie.
- Die feit dat die howe maatskaplike werkers van NG Welsyn se kwaliteit van dienslewering respekteer, mag 'n verdere bydrae lewer tot meer werk en tot nog meer werksuitputting /oorwerktheid lei.

- Dit is duidelik dat kennis aangaande die impak van medelye-moegheid veel te wense oorlaat. Die ouer werkers het niks hiervan geweet nie en supervisie het in hierdie opsig dikwels nie ver genoeg gestrek nie.

### *5.6.11 Van empatie tot aggressie*

Op 'n vraag of daar iets soos 'n *gebore maatskaplike werker* is, het medewerker 6 geantwoord: *"Ja ek dink dit is in my bloed, dit is absoluut in my bloed."* Sy vertel hoe 'n oud vriendin haar 'n tydjie gelede herinner het hoe sy op skool was. Na skool moes hulle dikwels in die motor luister hoe die medewerker besorg was oor ander kinders. Daar was glo baie arm kinders in die plaasskool. Haar vriendin moes dikwels aanhoor hoe jammer sy vir iemand is. Sy het haar ma soms gevra om met haar sakgeld byvoorbeeld vir 'n maatjie 'n hemp te koop.

> *"Jy leef hulle lewens, jy voel hulle emosies, jy help dra aan hulle sorge en dit raak partykeer net te veel."*

Sy onthou hoe haar dosent vertel het dat jy bereid moet wees om in 'n ander se skoene te klim. As jy die dag dit nie meer kan doen nie, moet jy die beroep verlaat. Sy vertel egter hoe sy later mure om haarself gebou het. Sy wou niks hoor van ander se probleme nie. Die gevolg was, om dit in haar eie woorde te sê: *"ek was baie bakleierig, ongelooflik bakleierig en aggressief en partykeer sommer net regtig ongeskik."* Sy was dit teenoor haar ouers, wat sy diep seer gemaak het, sowel as teen haar kollegas by die werk. Daarmee saam was sy somtyds net kinderagtig *"as ek die dag al my 'toys' uit die 'pram' gooi"*.

#### 5.6.11.1 Afleidings en gevolgtrekkings

- Omgee vir mense het die werkers aangevuur om hierdie beroep te volg.
- Indien die omgeevlammetjie geblus word, is dit oor die algemeen net 'n kwessie van tyd voordat die persoon met baie hartseer gevoelens uit die beroep tree.
- Die gevaar is groot dat hierdie werkers se gevoelens vir diegene naaste aan hulle mettertyd afgestomp word.

### *5.6.12 Verlies van gesondheid*

Medewerker 6 het daarop gewys dat sy skielik allerhande gesondheidprobleme ontwikkel het, wat sy nooit voorheen gehad het nie. Sy het brongitis en laringitis opgedoen en het dan dikwels vir vier dae in die bed gebly, terwyl die dokter haar twee weke siekteverlof gee. Skuldgevoelens het haar egter telkens uit die siekbed laat opstaan en so verhoed dat sy behoorlik gesond word. Sy het vir lang periodes soggens moeg opgestaan, nooit genoeg geslaap nie, geen liggaamlike oefening gekry nie, nie reg geëet nie, seer plekkies ontwikkel wat vir lang tye nie wou genees nie - *"my brein was die hele tyd besig en my liggaam was moeg."* Sy wys daarop dat sy *"nog nooit 'n*

*depressiewe mens was nie,"* omdat sy baie lief vir die sonkant van die lewe is. Sy het egter begin voel dat sy vir niemand meer emosioneel iets beteken nie.

Medewerker 8 vertel dat sy al die jare by NG Welsyn tot drie keer per jaar brongitis en longontsteking gekry het. Die rooi ligte wat haar gesondheid betref, het vir 18 jaar geflikker maar sy het dit nie erken nie en dit geïgnoreer. Sy besef vandag dat haar werk 'n geweldige liggaamlike impak op haar gehad het. Terwyl sy vertel van hoe dit ook haar eetgewoontes geaffekteer het, roep sy uit, *"ek klink so versteurd."*

### 5.6.12.1 Afleidings en gevolgtrekkings

- Navorser het 'n sterk vermoede dat hierdie werkers hul liggame afskeep en min ontspanning kry. Net medewerker 3 vertel dat sy "dans" as 'n stokperdjie beoefen en dat dit vir haar verskriklik baie beteken.
- Die werkers ignoreer hul liggame en bly in gebreke om ag te slaan op die waarskuwingstekens, betreffende hul liggaamlike gesondheid.
- Versteurde eetgewoontes dra in sommige gevalle by tot die probleem.

### *5.6.13 Veelvuldige rolle*

Medewerker 6 het enkele voorbeelde genoem betreffende die veelvuldige rolle wat die maatskaplike werker in NG Welsyn oor die algemeen moet beklee. Sy moes dikwels in die hof verskyn namens haar kliënte. Wanneer dit kom by die vertolking van die wet, word die maatskaplike werkers se interpretasie eerste gesoek, maar in

> *"die hof is jy eintlik niks, en hulle sleep jou naam deur die modder en hulle probeer jou verkleineer en tekere gaan, want wat weet jy ook nou, jy is nie 'n regsgeleerde nie."*

Daarna is jy traumaberader "van hierdie vrou wat dalk die trauma moet verwerk van haar kind wat in 'n motorongeluk dood is." Jy is ook berader wat mense moet vermaan. Vervolgens is jy die "tannie van die sopkombuis," wat daarna weer die gemeente by die kerk moet gaan oortuig dat hulle ons met fondse moet ondersteun.

> *"Jy moet aan idees dink om mense se koppe in die gemeenskap te swaai sodat hulle jou projek hanteer of vat..."*

### *5.6.14 Omgekeerde rolle*

Medewerker 6 dui aan dat iemand in die beroep nie maklik sal erken as hulle self moeg geraak het nie. *"Dit is nogal 'n groot ding om anderkant die tafel te moet sit."* Hulle is gewoond daaraan dat mense na hulle kom, dat hulle in beheer is, dat ander op hulle raad, bystand en leiding staatmaak. Sy vertel dat al die tekens in haar persoonlike lewe daar was dat sy moes afskaal. Beraders, soos maatskaplike werkers, is baie goed daarmee om *"ander mense 'n rat voor die oë te draai"*. Hulle sal volgens haar slegs een of twee keer vir berading gaan, net om die dinge te hoor wat hulle graag wil hoor omdat hulle nie bereid is om die feite in die gesig te staar nie.

Een medewerker het na 'n traumatiese ervaring waar 'n kollega bykans verkrag en sy self aangerand is, slegs twee keer 'n berader gesien (sy is oor die kop geslaan - die wond het erg gebloei en van haar vingers is in die proses gebreek). Sy was verplig om hulp te kry. Sy het gedink sy het die gebeure oorkom tot 'n aantal jare later toe sy 'n identikit van die persoon in die koerant gesien het. Daarna het sy haar volle samewerking gegee betreffende die traumaberading wat sy gewillig ondergaan het. Navorser wonder in welke mate hierdie insident bygedra het tot haar siekte en die emosionele onstabiliteit wat sy jare daarna beskryf.

Navorser is bewus van 'n werker wat tot so 'n mate geestelike en emosioneel getraumatiseer is deur insidente, gekoppel aan haar beroep, dat persoonlike onderhoude tans nie gewens is nie.

#### 5.6.14.1 Afleidings en gevolgtrekkings

Daar bestaan 'n sterk vermoede dat maatskaplike werkers wat gewoond is om hulp en bystand te verleen, ongemaklik sal wees met die omruil van die rolle van berader en beradene.

## 5.7 ANALISE VAN DIE ONDERHOUDE MET LERAARS

### *5.7.1 Blootstelling aan trauma*

Medewerker L1 (vir leraar 1) sê as jy reeds lank in 'n gemeente is en jy staan Sondag op die kansel, weet jy dat die groter persentasie mense wat voor jou sit reeds deur een of ander vorm van trauma geraak is. Wanneer mense deur 'n trauma gaan, weet die leraar dikwels eerste daarvan, al verwag hulle nie noodwendig van jou om hulle te beraad nie. Hulle wil dit net graag met jou deel - hulle gebruik jou as klankbord - in ernstige gevalle kom hulle jou raad vra. Hy was ook al 'n paar keer op die toneel waar 'n misdaad of 'n moord of 'n ongeluk plaasgevind het. Verskeie van sy lidmate is reeds in huisrooftogte oorval en 'n aantal is gekaap. Van hulle is in die proses

geskiet. In die middedorp waar hy werk, beskryf hy sy lidmate as getraumatiseerde mense. Dit is geskeide of enkellopende vrouens en bejaarde mense wat net goedkoop huisvesting kan bekostig. Hy beskou van sy lidmate as ekonomies getraumatiseer en dit is deels te wyte aan die transformasieproses in die land. 'n Groot persentasie is oud en ly aan gevreesde siektes. Hy beskou selfs die gemeente as 'n getraumatiseerde gemeente. Feitlik al die natuurlike leiersfigure het weggetrek en die gemeente verkeer in 'n oorlewingskrisis. Die gemeente is vir hom soos sy eie familie. Hy vertel hoe een van die professore vir hulle as studente vertel het van die belangrike onderskeid tussen simpatie en empatie, maar sê hy, *"dit is nie so maklik nie"*. Hy is tans voorsitter van die Gemeenskaps-polisieforum waar hy ook help met die traumaberading van polisiebeamptes. Hulle is in die proses om 'n Artikel 21 maatskappy te stig om mense te help met slagoffer ondersteuningsprogramme. Hyself is verbaas dat sy eerste kennismaking met die dood nie vir hom so erg was nie. Hy vertel later egter van sekere persone wie se dood hy helder kan onthou. Hy het byvoorbeeld op 'n lidmaat afgekom wat reeds oorlede was, waar hy nog in die motor gesit het, nadat voortvlugtende rowers in hom vasgejaag het. Van die rowers was ook dood op die toneel. Op die vraag of hy in die tydperk daarna terugflitse ervaar het, het hy geantwoord dat hy nie na ontstellende televisieprogramme soos *Gray's Anatomy* en ander hospitaal programme op TV kyk nie. (Die verhaal van Blakely (2007:59-68) hou verband en is aangrypend. Dit ontlok 'n onaangename gevoel in hom. Hy voeg dan ook by:

> *"Kyk, aanvanklik is daar 'n ontsaglike aggressie by 'n mens aangesien dit voel of jy self aangetas is - dus in 'n sekere sin beleef ek wat die lidmate beleef maar in 'n baie mindere mate, maar ek kan dit kontroleer, waar dit by hulle ongekontroleer is. In die situasie is dit baie sterk gekontroleer, en as jy uit die situasie op jou eie is, is dit weer minder gekontroleer."*

Hy erken dat hy die woede en aggressie van lidmate binne in hom voel.

Op die vraag of hy soms gevra het waar God is, toe hy deur sy eie krisisse gegaan het, was die antwoord *nee.* Hy dink dat hy 'n te reëele ervaring van God in sy lewe het. Maar dan vertel hy van die dag toe hy met God in 'n rusie was oor 'n vrou wat kanker gekry het. Die gesin het geweldig baie vir hom as jong leraar beteken. Hulle het aan hom *"geloof gemodelleer"* en hom ook finansieel ondersteun.

Hy vertel van 'n reeks insidente wat plaasgevind het, waarna hy erg depressief, gestres en uitgebrand was en ook mediese hulp moes gaan soek. Hy meen daar is altyd iets wat die spreekwoordelike kameel se rug breek,

*"van uitbrand wat plaasgevind het toe ek 11 sterftes en 9 begrafnisse in 5 dae beleef het, waarvan een die moord op 'n lidmaat, waarvan ek oortuig was en is, dat haar man haar vermoor het."*

Na een van die begrafnisse wag 'n lidmaat hom dronk voor sy hek in. Die lidmaat word deur hulle finansieel ondersteun. As die dronk man nie weggehardloop het nie, het hy hom aangerand. Toe hy die volgende oggend met sy motor se pap battery sukkel, het hy onbedaarlik aan die huil gegaan.

Hy het altyd vas geglo dat hy in staat is om self die tekens van uitbranding in homself te identifiseer. Hy is egter met die laaste geval (waarvan hy tans besig is, om nog te herstel) heeltemal onverhoeds betrap. Hy doen met 'n paartjie, waarvan die man 'n vroueslaner was, huweliksberading. Dit het op 'n woorde konfrontasie tussen hom en die eggenoot uitgeloop. Hy het opgevlieg en was op die punt om die man te slaan, toe hy besef daar is groot fout met homself. Hierdie insident het hom twee maande uit die bediening gehou. Hy het die volgende dag die dokter gesien wat hom meegedeel het dat hy aan erge stres en uitbranding ly. Vroeër daardie week het hy 'n wonderlike, maar erg emosionele gesprek met 'n kankerpasiënt gevoer waar hy self in trane was. Hy beskryf dan ook hoe teenstrydig hy nou oor lidmate voel:

*"Ek is sat vir hulle. Ek het 'n aggressie, dis 'n vreemde ding, ek het 'n aggressie vir lidmate en terselfdertyd het ek hierdie hunkering om van moeg te word, maar jy is net sat."*

Hy vertel verder dat hy begin agterkom het, dat hy emosionele situasies vermy.

*"Ek het ook agterna besef dat lank voordat ek by uitbranding gekom het, ek al begin het om sekere konfliksituasies te vermy."*

Wat hom moontlik die ergste gewond het was die ontdekking dat van sy leierspan wat hy die meeste vertrou het, tydens sy afwesigheid weens siekte, dinge begin sê het soos dat *"hulle nie die opstandingskrag van Christus in hom sien nie."* Sy gevolgtrekkings was dat hierdie lidmate dit nie kon hanteer dat hul predikant ook vrae het en met God worstel nie. Hierdie keer het hy glad nie die simptome erken nie. Hy is by die dokter meegedeel dat dit hierdie keer anders was as die vorige kere. (Dit was nie nou meer net stres en 'n mate van depressie nie, maar 'n gevorderde staat van uitbranding.) Hy is uiteindelik vir 10 weke op siekteverlof afgeboek. Sy mediese dekking was onvoldoende weens die finansiële situasie van die gemeente. Hy doen ongeveer 250 beradingsessies per jaar, maar moes dit die afgelope tyd afskaal omdat hy nie die energie daarvoor gehad het nie en dit emosioneel te uitputtend geword het.

Die betrokke leraar gaan jaarliks heeltemal alleen op 'n spirituele *retraite,* na 'n jagplaas met minimum fasiliteite, vir ongeveer tien dae met net sy Bybel en die Bybel in Praktyk. Dit beteken

vir hom geweldig baie. Hy werk dan sekere boeke in die Bybel deur en ervaar telkens dat dit weer aan hom nuwe rigting gee. Hy ervaar hierdie tyd vir gebed en die tyd vir nadenke as kosbaar. Hy het intussen ook bewus geword van die noodsaak om fiks te word, reg te eet en gewig te verloor. Hy het ook 'n kursus in *Solution focussed therapy* gedoen en baie van traumaberading geleer. Hy het 'n nuwe passie om kollegas help. Hy het 'n aantal nuwe gebedstegnieke en ontspannings-tegnieke aangeleer. Hy besef dat hy dikwels in die *drama-driehoek* met lidmate betrokke geraak het waarin hy hulle *redder* wou wees. *Solution focussed therapy* het hom geleer om nie meer in so 'n drama-driehoek betrokke te raak nie, want dit maak van jou 'n slagoffer en bevorder uitbranding.

## 5.8 ONDERHOUDE MET ANDER WERKERS IN MENSGERIGTE BEROEPE

### *5.8.1 'n Mediese suster van Kansa (Kanker vereniging van Suid-Afrika)*

Sy wou vandat sy kan onthou 'n verpleegster wees. Sy het sedert 1984 by die Kankervereniging gewerk en duisende terminale kankerpasiënte begelei, asook die families bygestaan. Dit het haar satisfaksie gegee dat sy pyn kon verlig en pynkontrole kon toepas. Sy kon dadelik sien as die pasiënt weer gemaklik is. Sy vertel dat sy baie by haar pasiënte geleer het en baie waardering van die families ontvang het. Sy vermoed egter dat dit die families was wat haar die meeste moeg gemaak het. Hulle het haar meer gedreineer as die pasiënte self. Die familie was *bang* en die gesprekke by die "tuinhekke" het dikwels sy "tol" geëis. Veral ouers wat kinders verloor het, het baie van haar gevra. 'n Moeder saam met wie sy 'n nag deurgebring het, met die sterwe van haar kind, skakel haar sedert 1986 nog elke jaar op die betrokke dag. Jong mense se lyding en sterwe is vir haar die swaarste. Sy vertel van 'n 16-jarige kind wat baie swaar gekry het en op 'n stadium vir haar ouers gevra het om haar veearts toe te vat om haar 'uit te sit' - dit is in haar brein ingegraveer. 'n Jong man van 27 jaar vat die koerant die dag voor sy sterwe en sê *"kyk die hoofopskrif: Jong man genees van kanker."* Dit het haar baie ontstel. Die afsterwe van mense wat lank en intens gely het, het sy dikwels as 'n groot verligting ervaar. Haar magteloosheid in onderhandelinge met mediese fondse, of die afwesigheid van mediese dekking, asook dokters se traagheid om voorskrifte vir pynkontrole te gee, het haar soms gedwing om medikasie sonder voorskrifte, dus onwettig, te gee – soos sy dit beleef het, het sy bloot van die rykes geneem om vir die armes te gee. *"Genadiglik het ek nooit 'n probleem daarmee opgedoen nie."* Die enigste sin wat sy uit die pyn en lyding van die kankerpasiënte kon put was die wete *"dat Jesus sy lydingsweg moes deurgaan."* Haar oorweging waarom sy hierdie jaar diens verlaat het, is nie die pasiënte nie, maar die besturende organisasie se verwagtinge rondom fondsinsamelings, voorligting en ontwikkeling op ander dorpe terwyl die realiteit van pasiëntesorg en kankerleiding

swaar op haar gerus het. Sy voel verbitter teen die organisasie omdat sy soms medikasie uit haar eie sak aangekoop het, terwyl hulle haar geen ondersteuning in die vorm van hulpmiddels, fondse vir medikasie aan arm pasiënte, simpatie en ondersteuning gebied het nie.

### *5.8.2 'n Onderwyseres*

Die betrokke onderwyseres het geen pastorale opleiding nie, maar die kinders is baie aangetrokke tot haar. Sy is baie sportief en oënskynlik gesond en sterk. Haar vader het die gesin verlaat toe sy nog jonk was en haar moeder het met groot moeite haar universitêre studies betaal. 'n Liefdesverhouding het onlangs skipbreuk gely. Toe sy egter begin praat, spreek haar liggaam en houding van die totale moegheid van die siel. Terwyl haar kollegas haar verdink van drankmisbruik, isoleer sy haarself van familie en vriende. Sy weerstaan 'n mediese opname en die dokter weier om haar verder te behandel. Haar skoolhoof is egter baie simpatiek. Sy haat die gedagte om psigiatriese medisyne te gebruik. Sy verstaan glad nie wat met haar gebeur nie. Na meer as een selfmoordpoging word sy toe wel medies versorg. Sy vertel dat die behoeftes en probleme van die kinders in die skool, vir haar te veel geword het. Kinders wat van hul ouerhuise weggeloop het, bly in kontak met haar en vertrou haar. Die stres van om tussen ouer en kind te moet fasiliteer is geweldig. Sy is hewig ontsteld oor kinders wat op die punt staan om geskors te word. Sy het baie potensiaal in hulle gesien en glo dit sal 'n groot fout wees as hulle geskors word.

### *5.8.3 Die skool se ondersteuningspan*

Dit blyk dat sekere skole ondersteuningspanne (*school based support teams*) het, om kinders met al hul probleme by te staan. Gewoonlik is dit onderwysers wat dit as deel van hul werk behartig. Sommige skole stel egter ook deeltydse of voltydse beraders aan. Tydens 'n gesprek met 'n voltydse berader blyk dit dat die werk vir hulle baie swaar word en dat hulle gewoonlik nie lank daarmee kan volhou nie.

#### 5.8.3.1 Afleidings en gevolgtrekkings

- Onderwysers wat na kinders en hulle traumas uitreik, is kwesbaar vir medelye-moegheid en uitbranding.
- Binne die skoolsituasie manifesteer baie van die kinders se huishoudelike traumas.
- Verdere navorsing betreffende medelye-moegheid by onderwysers is noodsaaklik.

### *5.8.4 'n Veearts*

In 'n gesprek met 'n veearts blyk dit dat hy onmiddellik begrip vir die probleem van medelye-moegheid by veeartse openbaar. Hy vertel dat die hartseer van mense oor hul diere hom al intens

geraak het. 'n Kollega het baie diere vir 'n sekere soort kanker behandel en moes ook baie van die diere uitsit. Toe die kollega dieselfde soort kanker opdoen, het hy selfmoord gepleeg. 'n Ander veearts meld weer sy frustrasie nadat hy 'n nag moes deurworstel om 'n geliefde, siek troetelhond se lewe tevergeefs te probeer red, net om weer met die volgende kliënte wat hy spreek 'n pragtige, gesonde, gesogte, duur hond te moet uitsit want die eienaars vertrek op 'n lang oorsese toer. Die kort lewensiklus van diere veroorsaak dat veeartse meer gereeld deur die siklus van lewe en dood beweeg.

## 5.9 EVALUERING VAN DIE RESULTATE

### *5.9.1 Die resultate van die kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing strook met die metateoretiese perspektiewe*

Daar is reeds (5.3.1.1) daarop gewys dat deur die proses van driehoeksvorming, waardeur die resultate van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge met die metateoretiese bronne vergelyk word, 'n meer akkurate konsep van die probleem gevorm word.

### *5.9.2 Die voorkoms van medelye-moegheid*

Medelye-moegheid blyk 'n ernstige beroepsgevaar te wees vir al die maatskaplike werkers betrokke in gesinsorgdiens van NG Welsyn. Stamm (1999:xxv) se vermaning dat die beeld van die selfopofferende, toegewyde werker wat nie ag slaan op sy eie behoeftes nie, potensieel gevaarlik is, is bevestig deur die kwalitatiewe en kwantitatiewe ondersoek. Oglesby (1984:85) se vermaning dat leraars en ander versorgers wat gereeld die laste van ander help dra, nie maklik eienaarskap van hul eie behoeftes aanvaar nie, is ook ter sake. Meyers en Cornille (2002:42) het reeds daarop gewys dat maatskaplike werk een van die mees blootstellende beroepe met betrekking tot medelye-moegheid is.

### *5.9.3 Roeping*

Dit blyk dat roeping en die ervaring van geroepe te wees, deel van die persoonlike storie en identiteit van die grootste aantal Christelike werkers vorm. Die begeerte om vir mense iets te beteken, 'n verskil te maak aan die nood van ander, om kinders te beskerm, om te help dra aan mense se pyn, om die emosionele skade wat aan andere berokken is, te help genees, is die rede vir hul bestaan. Hierdie begeerte en drang het geblyk by talle reeds van jongs af aanwesig te wees, alhoewel hulle toe nog nie ten volle kennis van die beroep gehad het nie. Talle het die beroepe ingegaan teen die wil en wense van hul ouers en die kritiek van familie dat die beroepe nie goeie salarisse bied nie. Dit herinner sterk aan die roepingsgedrewenheid van Hudson Taylor en David

Brainerd (vgl. 2.4.3.1 en 2.4.3.3). Hulle het dikwels ten koste van hulself en eie gesondheid hul roeping bo alles gestel. Dit herinner ook sterk aan die appel van Richard Baxter (vgl. 2.4.3.5), dat daar van werkers op geestelike terrein verwag word om alle vlakke van ongerief, armoede en uitputting te aanvaar as deel van die konsekwensies van hul roeping. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat geestelike werkers wat oproepe soos hierdie ernstig opneem, mag voel dat om na hulself om te sien en hulself te beskerm, 'n aanduiding van ongeloof, ongehoorsaamheid en selfsug mag wees. Wanneer die kerk in die verlede oor roeping gepraat het, is daar nie noodwendig altyd die nodige aandag gegee aan die belang van selfsorg nie. Brainerd het byvoorbeeld die verhale van geestelike leiers in die Bybel, soos Moses en Elia, op homself van toepassing gemaak. Hy het egter slegs op die *opdrag* en *eise* van die Woord gefokus en nie die *sorg* van God raakgesien nie – in die proses het hy homself dan gedryf tot op die rand van die dood. Taylor en Brainerd het verder die ervaring gehad dat die sturende kerk en gelowiges, hulle in die steek gelaat het – as gevolg hiervan het Taylor by geleentheid baie verbitter geraak teen die sendinggenootskap wat hom gestuur het.

Hoewel NG Welsyn 'n Artikel 21, nie-winsgewende organisasie is, sien die maatskaplike werkers hulle in diens van die Ned. Geref. Kerk. Maatskaplike werkers kyk dus met kritiese oë na die kerk as hul opdraggewer.

Die werklikheid van prakties in die beroep te staan, het in baie gevalle die ervaring van *geroepe te wees* beskadig. Daar behoort groot waardering te wees vir leraars wat by plaaslike kantore van NG Welsyn betrokke raak. Van die werkers voel egter dat leraars net hul raad inwin as hulle self nie verder weet hoe om 'n betrokke geval te hanteer nie.

### *5.9.4 Kontekstuele faktore*

Negatiewe kontekstuele faktore is ook waarneembaar. Die staat het in die jongste verlede geweier om die staatsubsidie aan te pas, bydraend tot salarisse van die NG Welsyn. Die kerk het gevolglik oor 'n tydperk toegelaat dat die salarisse van hierdie werkers agter geraak het – om hierdie rede het talle van die werkers die beroep verlaat. Van die vergaderings wat navorser ampshalwe moes bywoon, met betrekking tot gemeentelike en Ringsbydraes, kon as negatief deur die werkers ervaar word. Daar is ook 'n "alewige" tekort aan fondse, selfs wanneer kinders wat seksueel gemolesteer is, vir 'n professionele assessering verwys word.

### *5.9.5 Professionele faktore*

Hoewel professionele vertroue hoog is, blyk dit dat van die werkers mekaar nie emosioneel vertrou nie. Dit kan moontlik te wyte wees aan die feit dat die werkers nie seker is of hul kollegas en supervisors oor genoeg kennis en empatie beskik, om hul nood te verstaan nie. Die siening is uitgespreek dat diegene na wie hulle moet opkyk vir supervisie en empatie, self so diep binne die

situasie vasgevang is, dat hulle reeds te moeg en self te oorweldig is om 'n verskil te maak. Dit blyk dus dat die *organisatoriese klimaat en kultuur* nie altyd gunstig is vir die bekamping van medelye-moegheid nie (vgl. 3.7.5).

Die handhawing van professionaliteit lei moontlik tot die ontkenning van die eie menslikheid en eie swakheid. Dit kan lei tot die ontkenning van persoonlike node, behoeftes en gepaardgaande emosies - dit hoef natuurlik nie so te wees nie. Professionaliteit kan die vorm van 'n masker-dra aanneem, wanneer swaarkry nie aan kollegas en supervisors bekend gemaak word nie. Moontlik moet daar in die onderskeie kantore gewerk word aan die skep van 'n atmosfeer van begrip, waarin erkenning verleen word aan die sterk negatiewe emosies wat personeel by geleentheid ervaar in hierdie verband (Rosenbloom *et. al.,* 1999:67). Professionele onkundigheid, betreffende die relatiewe nuwe veld van medelye-moegheid en plaasbekledende traumatisering, blyk 'n groot faktor te wees. Terugvoer na opleidinginstansies oor die leemtes betreffende opleiding, is oënskynlik ook 'n groot probleem.

### *5.9.6 Organisatoriese faktore*

Erkenning van die feit dat medelye-moegheid 'n beroepsgevaar is, behoort vanuit die bestuursposisies van organisasies gekommunikeer te word na alle werksvlakke. Duidelike teoretiese riglyne betreffende die oorsake en gevolge van medelye-moegheid, behoort deel van die organisasie se personeelbeleid te vorm. Voortgesette opleiding met betrekking tot medelye-moegheid behoort verpligtend te wees. Die deeglike opleiding van supervisors en alle maatskaplike werkers in die taal en konsepte van medelye-moegheid, plaasbekledende traumatisering en sekondêre trauma, blyk noodsaaklik te wees. Medewerker 3 wat pas 'n Honneursgraad in Maatskaplike werk voltooi het, het gesê dat wat sy onder medelye-moegheid verstaan, is wanneer *"jy nie meer saam met iemand anders kan voel nie."* Hoewel die uitspraak waar is, is dit 'n gebrekkige insig vir iemand wat reeds sodanige akademiese kwalifikasie behaal het. Medewerker 8 het genoem dat daar tydens die voltooiing van haar Magister opleiding, slegs een dag aan hierdie betrokke tema gewy is.

Die werkslading van maatskaplike werkers moet goed bestuur word. Dit blyk dat daar 'n behoefte bestaan aan eksterne beraders en terapeute wat nie met 'n *welsyn-oor* na hulle nood luister nie.

### *5.9.7 Die aard van die werk*

Maatskaplike werk as beroep is van so 'n aard dat onmiddellike suksesverhale uiters seldsaam is. Die medelye-satisfaksie potensiaal, inherent aan maatskaplike werk, is oënskynlik nie groot nie. Die Kansa verpleegsuster wat pynkontrole toepas, sien byvoorbeeld onmiddellik dat haar pasiënt gemaklik is en waardering word onmiddellik uitgespreek. Maatskaplike werkers daarenteen, moet waarskynlik aanvaar dat hulle maar een skakel in 'n lang proses van heling is. Dit verhoog die

noodsaak van 'n omvattende visie dat die goeie werk wat hulle begin het, verder geneem word deur ander. Geloof en vertroue in God om te waak oor die toekoms van 'n kind, is noodsaaklik. Die potensiaal vir leraars om medelye-satisfaksie te ervaar, blyk ook beter te wees. Die blote feit van sy omgee vir lidmate wat in pyn is, bring onmiddellike positiewe terugvoer en erkenning terwyl die maatskaplike werker met die aggressie en negatiwiteit van die ouers, wat moontlik ook nog met 'n prokureur dreig, te kampe het.

Die trauma van om met getraumatiseerde kinders te werk, is een van die grootste bydraende faktore (vgl. 3 6.6). 'n Herhalende tema wat navorser oor baie jare by maatskaplike werkers hoor en aanhoudend in mediaberigte na vore kom, is dat Suid-Afrika 'n baie gevaarlike land vir kinders is!

### *5.9.8 Die rol van innerlike faktore*

- Dit het geblyk dat die *persoonlike omstandighede* van die traumawerker self, sy vatbaarheid vir medelye-moegheid beïnvloed. Verskeie respondente het vertel van persoonlike konflikte, huweliks- en gesinspanninge waardeur hulle is. Hierbo is aangetoon dat 33% van die maatskaplike werkers aangedui het dat *"aspekte van hul professionele lewe soms in hul persoonlike en gesinslewe indruis"* en het 'n waarde van 3-4 uit 5 daaraan toegeken.
- Kroniese lewenstressors soos finansiële probleme, gebrekkige mediese dekking, gesondheidsprobleme, oorwerk wees, uitputting, persoonlike verliese en rou, onverwerkte rouprosesse, asook vrese wat ontwikkel wanneer daar in gevaarlike omstandighede gewerk word, is alles bydraende faktore tot die ontwikkeling van medelye-moegheid (vgl. 3.6.4).
- Baie werkers het eers laat in hul bediening/loopbaan, en sommige nog glad nie, 'n verband kon vind met hul eie *traumageskiedenis*. Hierbo toon die vraelys aan dat slegs 4 werkers geen kinder-traumatiese ervaring gehad het nie, terwyl 30.3% 'n waarde tussen 3-5 (van die skaal indeks) daaraan toeken. 21.2% het aangedui dat daar traumatiese ervaringe tydens hul kinderjare was (vraag 21) en 21.2% voel dat daar traumatiese ervaringe is wat nog *deurgewerk* moet word (vraag 22: 4 en 5 uit 5). Navorser se waarneming is dat persoonlike onverwerkte trauma vernietigend in traumawerk kan wees. Dit wil ook blyk dat hier geen spontane genesing en geestelike groei plaasvind nie. Dit mag egter wees dat persone wat self deur hul eie trauma gewerk het, dit nie van belang geag het om dit in onderhoude te meld nie. Persoonlike traumageskiedenis moet egter aktief deurgewerk word alvorens dit geestelike en emosionele groei bevorder (vgl. 3.6.2).

# AFDELING C: PRAKTYKTEORIE

# HOOFSTUK 6

## PRAKTYK-TEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE VOORKOMING VAN MEDELYE-MOEGHEID

## 6.1 DIE DOEL VAN HIERDIE HOOFSTUK

Met hierdie hoofstuk word beoog om pastorale riglyne neer te lê vir die bekamping van medelye-moegheid by die Christen werker. (Die term 'Christenwerker' word hier gebruik as aanduiding van 'n verskeidenheid van kategorieë soos byvoorbeeld jeugwerkers, sendelinge, leraars, maatskaplike werkers, ensovoorts.) Dit behels voorts die integrasie van die basisteoretiese en die metateoretiese aspekte. Dit is die volgende logiese stap volgens die model van Zerfass om te vorder tot 'n nuwe prakties-teologiese teorie. Die metateoretiese perspektiewe sowel as die empiriese navorsingsdata word dus met die teologiese tradisie in verband gebring (vgl. afd. b met afd. a). In hierdie hoofstuk sal gevolglik gepoog word om die metateoretiese perspektiewe (hfst. 4) tesame met die empiriese data (hfst. 5) hermeneuties in verband te bring met die basisteoretiese perspektiewe (hfst. 2 en 3) wat die moontlikheid inhou dat 'n "fusion of horizons" mag plaasvind (Gerkin, 1996:16). Die resultaat behoort volgens Gerkin (1991:93) tot gevolg te hê, "depth and authority to the pastoral guidance we are to provide for God's people in our time." Verskillende 'hermeneutiese horisonne' gaan dus meespreek in die kontemporêre situasie waar gelowige traumawerkers met medelye-moegheid worstel – dit loop dan uit op die formulering van 'n pastorale model waarvolgens hierdie probleem hanteer kan word. Die finale doelwit is dan ook om te vorder tot 'n verbeterde praksis (2).

## 6.2 ORIËNTERING

Volgens Gerkin (1991:16) begrond en definieer die Praktiese Teologie die Christelike gemeenskap op die Bybel asook die teologiese tradisie waarvan dit deel is. Die Bybel en die teologiese tradisie beantwoord egter nie alle fasette van vrae en probleme waarmee die

Christelike gemeenskap te kampe het nie. Die Bybel is immers ook nie 'n handboek vir psigologiese vraagstukke, arbeidsaangeleenthede en wetenskaplike verklarings nie (Louw, 1999:434). Die Bybel is byvoorbeeld nie 'n handboek wat in detail die problematiek beskryf van 'n tema soos medelye-moegheid en plaasbekledende traumatisering nie. Tog is dit ter sake dat die praktiese teoloog ondersoek sal doen betreffende breëre Bybelse riglyne wat van toepassing kan wees op die kontemporêre situasie, waarbinne gelowiges in God se diens emosioneel, psigies en fisies beseer kan raak. Praktiese teologie is egter ook 'n brugwetenskap wat grense oorsteek en interdissiplinêr werk. Daarom is daar in hierdie studie gestreef om ook bydraes vanuit psigologiese en mediese bronne te ontgin, betreffende die voorkoms van medelye-moegheid by Christen werkers. Vanuit hierdie bronne in die hulpwetenskappe, is daar dan ook verrassende insigte gevind wat sekerlik kan bydra tot 'n wyer perspektief (vgl. hfst. 4.9.5.1). Die bede wat hierdie studie vergesel, is dan ook dat daar op hierdie wyse 'n al groter wisselwerking gestimuleer sal word tot interdissiplinêre samewerking en wedersydse verryking en bevrugting.

## 6.3 AGTERGROND PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE PROBLEEM VAN MEDELYE-MOEGHEID

### *6.3.1 Inleidende hermeneutiese waarnemings met die oog op die daarstel van pastorale riglyne betreffende roeping*

'n Hermeneutiese benaderig wat 'n hele aantal horisonne van verstaan wil integreer tot 'n nuwe prakties-teologiese praktyk, vereis dat 'n hele aantal perspektiewe gelyktydig in verband met mekaar gebring word. Die volgende aantal inleidende waarnemings bied kortliks 'n breë oorsig van die perspektiewe wat dwarsdeur die studie in verskillende hoofstukke reeds aan die orde gekom het.

- 90.91% van alle maatskaplike werkers het die hoogste of tweede hoogste waarde toegeken aan die steling "Ek het geloofstandpunte wat vir my as anker dien" (vgl. 5.4.3.3) Besondere roepingservaringe het ontvou in die empiriese navorsing (vgl. 5.6.5.1). Geloof in "God se onbekende goeie plan vir elke mens" is uitgespreek. Daar is vertel dat hulle bid en dikwels desperaat bid vir wysheid en God se leiding. Hulle getuig dat gebed werk (hfst. 5.6.6.1).
- Hoofstuk 2 (2.4.3) maak melding van verhale uit die kerkgeskiedenis van twee sendelinge Hudson Taylor en Dawid Brainerd, asook die verhaal van die praktiese teoloog Richard Baxter. Hulle was bereid om alles op te offer, selfs hul eie lewe vir die een groot droom (roeping) wat hulle gehad het. Baxter se werk "The reformed pastor" (Baxter, 1974) word vandag steeds vermeld as 'n toonaangewende werk, wat 'n voorbeeld is van hoe dieselfde Bybelse beginsels steeds toegepas kan word in die

moderne era met betrekking tot die pastorale bediening (MacArthur, 1995:34). Baxter roep pastors op om enige graad van ongerief, armoede, oorwerk, en die verlies van materiële dinge te aanvaar. Hy vermaan teen onnodige gekuiery, privaat besigheid, reise, ontspanning en die verkwisting van tyd. Om tussen sterwendes te beweeg is volgens hom dan ook 'n belangrike toets vir pastors se geloof en medelye.

- Resente riglyne oor roeping (vgl. 2.6) het aangetoon dat mense opgeroep word sodat "ons harte ook soos die Here s'n moet oopgaan vir die nood van mense." Daar is aangetoon dat (vgl. 2.5.1) geestelike werkers dit baie moeilik sal vind om verskonings aan te voer vir hul emosionele afstomping en dat hulle hul terapeutiese onbekwaamheid verkeerdelik mag interpreteer as ongevoeligheid, ongelowigheid en ongehoorsaamheid. In hoofstuk 2 (vgl. 2.6.3) is aangetoon dat geroepenes "as't ware die vleeswording van Christus" herhaal, deurdat hulle ook in ander se nood ingaan. Dit is kragtige taal wat 'n groot impak op die selfbewussyn van geestelike werkers maak.
- Dr. Marjory Foyle (2001), mediese dokter en sendeling, vertel van haar liggaamlike probleme na tien jaar diens in Indië (vgl. 2.5). Vandag is sy die Here innig dankbaar vir daardie fisiese probleme, omdat dit aanleidend was tot haar verdere studie en spesialisering in psigiatrie, wat haar weer op 'n nuwe weg van persoonlike ontwikkeling geplaas het. Sy soek antwoorde op die vraag waarom geestelike werkers somtyds ineenstort. Sy besef dat geestelike werkers in 'n geestelike oorlog teen baie vorme van boosheid en kwaad stry en bevind dat talle van hierdie werkers psigies en fisies verwond geraak het, asook betreffende sekere aspekte rondom hul private lewens (vgl. 2.5). Sy maak in hierdie verband die belangrike opmerking dat gelowiges dikwels skaam voel om stres as lyding ter wille van Christus te tipeer, omdat dit dalk as 'n teken van geestelike agteruitgang beskou kan word, of dat hulle as mislukkings deur hulle kerke getipeer sal word.
- 'n Leraar (vgl. 5.7) het vertel hoedat hy in 'n geestelike worsteling met God was as gevolg van die kanker en lyding van 'n lidmaat wat vir hom in sy geloofslewe baie beteken het. Die leraar beskryf sy gemeente wat Sondae voor hom op die kerkbanke sit as 'n getraumatiseerde gemeenskap – dit hou verband met al die traumatiserende gebeurtenisse as gevolg van misdaad, siekte, ekonomiese faktore ensovoorts, waaraan meeste van hulle op 'n gereelde basis blootgestel word. Die betrokke leraar vind dit nodig om (nadat hy met ernstige uitbranding gediagnoseer is), een maal per jaar alleen op 'n geestelike *retraite* met net sy Bybel en die *Bybel in Praktyk* te gaan, om weer by God rigting te kry.
- Pastors, beraders en hulpverleners betree dikwels die veld van trauma intervensie met die brandende begeerte om hulp te verleen, juis omdat *hulle 'n passie het vir die nood van andere* (vgl. 1.2.1).
- Navorser maak die aanname dat gelowiges in privaat praktyke (byvoorbeeld sielkundiges en psigiaters) waar hulle met getraumatiseerde mense werk, hul beroep sien

as 'n roeping, as 'n geleentheid om God en medemens te dien. Navorser het 'n gesprek gevoer met 'n kliniese sielkundige wat saam met 'n maatskaplike werker in 'n privaatpraktyk getraumatiseerde kinders behandel. Sy beskou haarself as 'n *geheime agent* in diens van die Here. Van haar geloofsgenote kom weekliks in die praktyk bymekaar waar daar gebid word vir al hul kliënte.

### *6.3.2 Inleidende pastorale perspektief*

Gerkin (1991: 32, 52) wys op die tendens dat die Christelike kerk en gemeentes in navolging van die Westerse kultuur en die humanistiese psigologie, al hoe meer individualiseer en privatiseer. Wat die kerk oor die algemeen betref, is sy waarneming dan dat godsdiens in gelyke mate geïndividualiseer en geprivatiseer word en dat die *eeu van die self* in al groter mate gepropageer word. Dit kom daarop neer dat die psigologies-godsdienstige welsyn van die individu in die middelpunt van die fokus gekom het (Gerkin,1991: -34). Sommige gemeentes trek uit die middedorp na 'n meer *gepaste rustige en veiliger omgewing*, dit wil sê weg van waar die grootste nood is (Gerkin,1991:73-74). Gelowiges kom dan Sondae kerk toe om geestelike dienste en goedere te ontvang wat, bevestigend is van die Amerikaanse leefstyl en kultuur (Gerkin, 1991:33).

Hart (2004a) onderskei weer effens vanuit 'n ander oogpunt vier bewegings wat kerkwees die afgelope 30 jaar onderskei, naamlik die kerkgroei modelle, die kleingroep (selgroep) beweging, die kontemporêre styl van aanbidding beweging en die soeker- sensitiewe beweging. Hy is egter van mening dat 'n vyfde beweging tans vorm aanneem, naamlik "the healthy church movement". Navorser is van mening dat hierdie beweging spruit uit die ontdekking by die kerk dat daar ernstige gebreke in kerke te bespeur is. Moontlik spruit hierdie ontdekking uit die ervaring van leraars, betreffende hul eie en lidmate se gebrokenheid – nie noodwendig net altyd geestelik nie maar ook psigies en emosioneel. Hart (2004a) is van mening dat dit hier om 'n geweldige groot behoefte gaan en wy die res van sy lesing aan die noodsaak van die heling van pastors en leraars.

Stark (1996:77) wat werk vanuit die sosiologiese wetenskappe, wys op die fenomenale groei in die vroeg Christelike kerk en vra na die faktore wat die Christelike godsdiens van al die ander onderskei het, sedert die vroegste tye. Hy wys daarop dat die godsdienste wat nie daarin geslaag het om bevredigende antwoorde op die krisisse en die katastrofes van daardie tyd te bied nie, kragteloos in die situasie geblyk het. Omdat hulle nie antwoorde op waarom vrae van die mense kon bied nie, moes hulle 'n blinde oog gooi op die probleme, met die gevolg dat hulle aanhangers die betrokke geloof verlaat het. Die Christendom het egter nie 'n blinde oog gegooi nie, maar hulle het die nood van mense gesien en dit aangespreek. Volgens Stark (1996:78) was die Christendom in hierdie opsig besonder suksesvol deur die nood van die mense aan te spreek en het sodoende die kultuur verander - die kapasiteit van die gemeenskap is verhoog sodat hulle krisisse kon hanteer. Terwyl die heidense priesters weg gevlug het vanaf die tipiese problematiek

van stede en dus nie antwoorde kon verskaf nie, het die Christene ingegaan en met selflose liefde mense gaan bystaan. Die Christendom met sy boodskap, het dus aan mense se lewens betekenis gegee selfs in tye van sinlose dood (Stark, 1996:80). Die Christendom was

> *"... a system of thought and feeling thoroughly adapted to a time of troubles in which hardship, disease, and violent death commonly prevailed."*

Dit was dus 'n sisteem wat genesende vertroosting aan mense gebied het (Stark, 1996:81). Van besondere belang was die feit dat die Christelike leer 'n *voorskrif vir aksie* gebied het. Kortliks het dit hierop neergekom: terwyl die heidene die siekes weggestoot en van hulle af weggevlug het, uit vrees vir moontlike epidemies, het die Christene hierdie betrokke stede ingegaan, die siekes verpleeg en die dooies begrawe. Stark verwys na daardie tye as revolusionêre tye, omdat die Romeinse kultuur op hierdie wyse deur die Christelike geloof en dade getransformeer is.

#### 6.3.2.1 Waarnemings betreffende die huidige polities-sosiale konteks

Hoewel dit nie deel was van die spesifieke navorsing in hierdie studie nie het die navorser in die proses tog ook onwillekeurig sekere ander sosiaal-politiese waarnemings gemaak (hfst. 4.7.1). Binne die Suid-Afrikaanse konteks bestaan daar huidiglik 'n bepaalde negatiwiteit oor die staat se "houding, gesindheid en ondersteuning" met betrekking tot NG Welsyn. Die staat het byvoorbeeld tydens die vorige bedeling (voor 1994), 'n beduidende bydrae gemaak betreffende die salarisse van maatskaplike werkers – tans word hierdie bydraes egter steeds meer en meer afgeskaal. Daarteenoor het NG Welsyn sy "deure oopgegooi" en is tans binne die totale gemeenskap betrokke, ongeag ras, kleur of godsiens. Dit geld ook byvoorbeeld al die kinderhuise onder die wakende oog van NG Welsyn. Dit het beteken dat daar sake op die tafel van die plaaslike NG Welsyn kantore beland het, wat eens nie in so 'n mate deel van hul pligte uitgemaak het nie. Die NG Kerk met sy NG Welsyn-arm is dus voor geweldige nuwe uitdagings geplaas.

Wanneer vooraanstaande politieke leiers in die land in verkragtingsake betrokke is, die staatshoof en minister van gesondheid onhoudbare en onwetenskaplike standpunte oor HIV/vigs inneem en daar ook gedurende die afgelope paar jaar soveel voorbeelde van korrupsie was met betrekking tot byvoorbeeld maatskaplike toelaes, skep dit 'n negatiewe konteks waarbinne maatskaplike opheffingswerk gedoen moet word. Maatskaplike werkers is oor die algemeen ook baie negatief oor die morele verval wat hulle onder die jeug waarneem. Dit het geblyk uit 'n gemeenskapsanalise wat in samewerking met NG Welsyn deur 'n plaaslike gemeente in Randfontein onderneem is (vgl. Bylaag F).

Vanweë navorser se persoonlike betrokkenheid by NG Welsyn oor jare heen as leraar van die NG Kerk, kan hy eerstehands getuig van bovermelde feite. Dit alles beklemtoon maar net soveel te meer die stres en spanning waaronder 'n groot persentasie van Christelike werkers tans moet funksioneer. Vanuit hierdie navorsing het dan ook geblyk dat dit juis faktore soos hierdie is, wat persone soveel te meer kwesbaar maak vir die probleem van medelye-moegheid (vgl. 4.7.1).

### *6.3.3 Grondliggende pastorale vertrekpunte*

Die roeping tot genesing en heling van verwonde mense is een van die grootste imperatiewe van die Bybel. Hierdie werk kan nie gedoen word sonder die diepe besef van die medelye van God met mense nie - dit maak die Christelike boodskap uniek. Die Bybel spreek van 'n God wat in die hart getref word deur die nood van mense. Sy medelye bring Hom in beweging om hierdie pyn en verwonding aan te spreek (hfst. 2.3). Jes 53:4a-5 verwoord iets hiervan baie treffend:

> *"Tog het hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het hy gedra ... Oor óns oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom."*

Die inleidende hermeneutiese waarnemings (hierbo 6.3.1), saam met die inleidende pastorale perspektief (hierbo 6.3.2), maak dit nou moontlik om aan te beweeg en vervolgens te fokus op die grondliggende pastorale vertrekpunte asook horisonne van verstaan, wat belangrik is vir die verstaan van die aspekte wat noodsaaklikerwys in 'n model vir die behandeling van medelye-moegheid aan die orde moet kom.

- Medelye is dus (vgl. 2.3) deel van die kerk se "besigheid." Dit vergestalt die hart van God vir 'n gepynigde wêreld. Dit het die potensiaal om die wêreld te verander (vgl. 6.3.2). Dit vorm deel van die grondwet van die koninkryk van God .
- Rou en ootmoed voor God oor wat die sonde aan die menslike lewe aangerig het, is grondvoorwaardes vir deelname aan die Koninkryk van God. Mat 5: 4: *"Geseënd is dié wat treur, want hulle sal vertroos word."*
- Die saligsprekinge in geheel, maar in besonder Mat 5:7, lewer 'n appèl op die gevoel van medelye by gelowiges: *"Geseënd is dié wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word."* Die opdrag om jou vyand lief te hê "*... sodat julle kinders kan wees van julle vader in die hemel*" (Mat 5:43b), is 'n kragtige uitdrukking van die wyse waarop God die heling en genesing van die mensdom beoog.
- Medelye maak God in 'n sekere sin self teenwoordig. Dit is die enigste wyse waarop die ontwykende teenwoordigheid van die Here 'aanvoelbaar' word op aarde. Op hierdie

wyse is God selfs op 'n bonatuurlike wyse teenwoordig, in sy oënskynlike afwesigheid. Gerkin (1991:106) beskryf hierdie *teenwoordigheid* as een van die wortel-metafore van die Christendom. Dit beskryf aan die mense van God *wie hulle is en wat hulle teenwoordigheid in die wêreld beteken.* Navorser is van mening dat gelowige traumawerkers ten diepste hierdie een doel voor oë moet hê, naamlik om die teenwoordigheid van God in die lewe van stukkende mense te vergestalt – dit kan beskou word as 'n grondliggende pastoraal-profetiese riglyn vir gelowige traumawerkers.

- Die kerk en gelowiges moet die koste van empatie en medelye bereken en bestuur ter wille van volhoubaarheid. In hierdie opsig is die instandhouding van die kanale waardeur God se omgee deur die mense van sy kerk gekanaliseer word, van kardinale belang.
- Instandhouding moet veel meer as selfsorg behels. Dit moet wees selfsorg waardeur geestelike groei en persoonlike verryking die doel is. Dit moet verder ook gaan om bemagtiging, ten einde meer effektief te wees in die werk. Persoonlike vervulling en satisfaksie in hierdie werk geskied veral deur middel van erkenning van die kant van die kerk en medegelowiges, by wyse van die uitspreek van waardering en dankbaarheid vir die werk wat gedoen word.
- Navorsing betreffende die langtermyn resultate van die werk wat byvoorbeeld deur maatskaplike werkers gedoen word (byvoorbeeld oor geslagte heen), mag dien as inspirasie. Navorser spekuleer oor die moontlikheid dat daar moontlik tans maatskaplike werkers is wat aanvanklik iewers in die verlede deur die dienswerk en rolmodelle van ander maatskaplike werkers beïnvloed kon gewees het.
- Traumawerkers wat self eens deur trauma gegaan het en tans betrokke is om ander mense in nood te help, kan dus in hul eie geskiedenis gronde vind vir die uiteindelike positiewe reïnterpretasie van hulle eie trauma en geskiedenis (vgl. 3.18.1). Dit sluit aan by die rol van *positiewe herformulering* in berading. Die pyn en trauma van die verlede word dan in 'n positiewe lig geherevalueer.
- Die geskiedenis van die vroeg Christelike kerk wat geweldig tydens die Romeinse Ryk uitgebrei het, ondanks al die teenkanting en vervolging, word weer vandag in 'n sekere sin deur sosioloë "herontdek" (vgl. 6.3.2). As deel van hierdie 'herontdekking' het daar dan ook in 'n groot mate 'n reïnterpretasie gevolg van die vervolging en lyding binne die vroeg Christelike kerk (vgl. 3.8 & 3.9) waar geblyk het hoedat die Deuteronomistiese geskiedwerk telkens Israel se traumatiese geskiedenis in 'n nuwe konteks reïnterpreteer). Dit alles dien dan ook as bevestiging aan die kerk vandag, hoe belangrik dit is om as't ware nuut te kyk na mense se nood en lyding en as't ware ook op 'n nuwe wyse daarby betrokke te raak. Dit gee dan ook nuwe sin en betekenis aan gelowiges wat vandag deur traumawerk self emosioneel verwond word en in die proses soms 'n groot prys betaal. Die uiteindelike vind van sin en betekenis in die genesing van trauma (en die dikwels

gepaardgaande medelye-moegheid aan die kant van Christen werkers) het geblyk van kardinale belang te wees (vgl. 4.3.6, 4.3.9 & 4.6.7.2).

- Daar is tans talle berigte van fenomenale groei van die Christendom in China (Hirsch, 2006:19). Kan dit wees dat die vrug en resultate van die lyding ter wille van Christus, deur Hudson Taylor en lede van die China Inland Mission tans eers tot volle ontplooiing kom? Pollock (1962:8) beweer dat die gees en persoonlikheid van Taylor wat sulke geweldige persoonlike opofferings ter wille van die sending in China gemaak het, veel verder uitgekring het as net die werkers van die China Inland Mission (vgl. 2.4.3.1). Die vraag is ook of Taylor nog dieselfde impak, of dalk 'n kragtiger impak sou gemaak, het as hy op emosionele en fisiese terrein beter na homself omgesien het.
- Die internasionale media is daagliks vol van traumaverwante beriggewing (vgl. 4.2.2.3). Dit het noodwendig meer en meer implikasies met betrekking tot 'n aangeleentheid soos medelye-moegheid en wat spesifiek betref die Suid-Afrikaanse samelewing, met sy uitermate hoë vlakke van geweld en trauma, kan dit alles 'n vernietigende effek hê.
- Die kerk behoort met nuwe oë na die media te kyk wat vir ons die stories van trauma en lyding bring (vgl. 4.2.2.3). Tydens die vorige bewind het die media die kerk se oë probeer open vir die sosiale onregte en die traumatiese ervaringe in die swart en ander gemeenskappe. Navorser is van mening dat die Kerk (en in besonder die Ned. Gerf. Kerk waarvan navorser 'n leraar is) veral uit die wit gemeenskappe, soms koud en afsydig op sodanige beriggewing gereageer het. Vir die betrokke joernaliste moes dit traumatiese ervaringe gewees het. Hulle het met passie en selfs in lewensgevaar die trauma probeer ontbloot, maar sommige van hulle is in hierdie proses deur die kerk as't ware in die steek gelaat en gekwes. Die kerk wat 'n medelydende hart vir mense behoort te hê, moet gevolglik gelowige joernaliste wat dikwels self aan trauma ly, as bondgenote sien en bystaan (vgl. 4.2.2.3). Joernaliste soos hierdie dra grootliks daartoe by dat die Kerk se oë oopgaan vir die trauma en pyn in die wêreld. Wanneer gelowiges betrokke raak by die nood van mense wat deur die media in die fokus geplaas word, versterk dit gevolglik die gelowige joernaliste. Die beroep van joernalis kan vervolgens nuut geïnterpreteer word deur die Kerk as *geheime agente* wat namens die Here en sy Kerk optree, wanneer die pyn en lyding van mense bekend gemaak moet word. So word die gemeenskap betrokke gemaak by die nood en lyding van ander.
- Uit hierdie studie het verder geblyk dat joernalisme as beroep (en vir talle ook as roeping) veel meer waardering van die kerk se kant kan ontvang vir geweldige opofferings wat dikwels gemaak word (vgl. 4.2.2.3). Heel dikwels teen groot persoonlike koste vir die joernalis (ook in terme van 'n aspek soos medelye-moegheid), gaan haal hulle die verhale van pyn en leed en maak dit aan gelowiges wat omgee, bekend. Leraars behoort kontak met joernaliste in hul gemeentes te behou en geestelike gesprekke betreffende die

probleem van medelye-moegheid moet geïnisieer word, omdat dit uiteindelik elke joernalis in mindere of meerdere mate raak.

### *6.3.4 Gevolgtrekking*

Dit is van kritiese belang om duidelike pastorale riglyne neer te lê, enersyds vir die voorkoming van medelye-moegheid, maar andersyds ook met betrekking tot die begeleiding van Christen werkers wat reeds intens geraak is deur hierdie probleem. Dit spruit uit die oortuiging dat die vermoë van die kerk van Christus om medelye met ander te hê en om empaties na mense in nood uit te reik, die hart van die kerk impliseer. *"Die liefde van Christus dring ons,... "*

## 6.4 RIGLYNE VIR DIE VERDIEPING VAN GELOOFSTANDPUNTE

Dit het in die empiriese navorsing geblyk dat sommige van die maatskaplike werkers, asook ander kerklike ampsdraers wat aanvanklik hul roeping met oortuiging bely het, mettertyd hul geloof in hul roeping prysgegee het of dat dit vervaag het. Vervolgens word dan 'n aantal praktiese riglyne aan die orde gestel (gebaseer op die resultate van die basisteoretiese en metateoretiese afdelings van hierdie studie), ten einde die geestelike en emosionele aftakelingsproses van medelye-moegheid teë te werk.

- Geroepenes moet seker wees dat hulle geloofstandpunte met betrekking tot hul persoonlike roeping, Bybels verantwoord is. Die uitvoering van roeping in die wêreld van trauma, moet teologiese *sin* maak (vgl. 4.3.6, 4.3.9 met 3.17.2). Gelowiges moet verstaan dat roeping nie eksklusief van toepassing is op voltydse leraars in diens van die kerk nie. Die amp van die gelowige sluit die amp van priester, profeet en koning in soos in die geval van leraars. Roeping behoort elke aspek van die gelowige se persoonlike en professionele lewe te raak (vgl. 2.4.2)
- Geroepenes in diens van Christus herhaal as't ware in 'n sekere sin die *vleeswording* van Christus (vgl. 2.6.3). Hy het inderdaad in gebroke mense se diepste ellende en nood ingegaan. Dit het Christus inderdaad alles gekos. Hy het sy lewe prysgegee. Daar was vir Hom geen ander weg as die lydensweg nie en op hierdie wyse het Hy heling en genesing moontlik gemaak vir emosioneel verwonde mense. Die heling wat mense vandag in Christus vind, is egter die voorlopige gestalte daarvan aangesien niemand in hierdie lewe volmaak heel is nie - die heerskappy, dit wil sê die koninkryk van God, is nog in voorlopige gestalte aanwesig.
- Traumawerkers moet terdeë besef dat daar 'n koste verbonde is aan die voortdurende persoonlike betrokkenheid by die pyn van andere. Wanneer daar egter 'n voortdurende wanbalans is tussen die koste enersyds en die winste andersyds, dan het dit op die langtermyn rampspoedige implikasies, hetsy emosioneel, fisies of

geestelik. Indien die nodige balans daar is dan kan geestelike groei en geestelike volwassenheid egter die wonderlike gevolg van persoonlike lyding en/of die betrokkenheid by ander se lyding wees. Dit lei tot 'n opwindende nuwe visie wat sin en betekenis tot die lewe toevoeg en dit verdiep gewoonlik ook die gelowige se lewens- en wêreldbeskouing (vgl. 4.3.6).

- Intense en voortdurende betrokkenheid by traumawerk hou altyd die wesenlike gevaar in dat dit kan lei tot geestelike ontwrigting (vgl. 4.3.9). Dr. Marjory Foyle het gewys op die "returned empties" in hierdie verband (vgl. 2.5). Selfs die geloofsheld Elia het by geleentheid met hierdie selfde probleem geworstel (hfst. 3). Daar moet dus aktief gestreef word om geestelik te groei en geloofsvrae en probleme moet deurgaans gekonfronteer word. Dit moet egter geskied in 'n atmosfeer van aanvaarding, sonder verwyte en sonder die beskaming en blamering van die soekende – dit is immers hoe God met Elia gehandel het (vgl. 3.17.4 met 4.9.3).
- Die finale deurbreek van die Koninkryk van God is nie van menslike bystand afhanklik nie. Die koninkryk van God breek sy eie pad oop.

  *"Sedert die dae van Johannes die Doper tot nou toe breek die koninkryk van die hemel vir homself 'n pad oop, en mense wat hulle kragtig inspan, kry dit in besit" (Mat 11:12).*

  God bied aan sy kinders egter die wonderlike geleentheid en voorreg om deur hul persoonlike roeping deel van Sy genesingsplan met 'n stukkende wêreld te wees. Ook die profeet Elia moes ontdek dat hy maar net een klein skakeltjie in God se groot raad was (vgl. 3.17.4). Traumawerkers moet daarom voortdurend in gedagte hou dat ook hulle maar net een skakeltjie in God se omvattende heilsweg met mense is.
- Geroepe traumawerkers is nie die *redders* van mense nie, aangesien dit God is wat red (vgl. 4.6.7, 4.7.4 met 5.6.10, medewerker 8). Traumawerkers is slegs die 'hand' (as deel van die liggaam van Christus) waarmee Christus gekweste mense bystaan. Daar is deur die leeftyd van hierdie gekweste persone baie geroepenes betrokke wat hulle sal ondersteun, dra en vir hulle bid en ook in hierdie opsig is elke Christenwerker ook maar net 'n skakeltjie wat op 'n spesifieke plek inpas.
- God stuur egter die geroepenes as sy agente om die duisternis te konfronteer. Die duisternis is groot waar die heerskappy van Christus afwesig is. Traumawerkers beweeg op gevaarlike grond (vgl. 1.2.1 & 2.5), soms byna soos Elia op die berg Karmel, waar hy die Baälprofete gekonfronteer het. In Luk 10:3 stuur Jesus die 72 dissipels met die woorde: *"Gaan nou! Maar onthou: Ek stuur julle soos lammers tussen wolwe in."*
- Jesus Christus het dit nodig gevind om selfsorg toe te pas ter wille van sy eie, asook Sy dissipels se welsyn. Hy het sy dissipels teologies deeglik voorberei op dit wat

voorlê. Tydens sy aardse bediening het Hy byvoorbeeld by geleentheid Homself en van Sy dissipels onttrek, ter wille van gebed en privaatheid (Luk 9:18-21).

## 6.5 RIGLYNE VIR GEESTELIKE GROEI

Geroepenes wat deur die aard van die traumawerk wat hulle doen, die gevaar loop om die bewustheid van hul geroepenheid te verloor deurdat hulle gaandeweg geestelik en emosioneel afgestomp kan word, behoort aktief te streef na geestelike groei en volwassenheid. Die volgende riglyne kan help om aktivering en momentum te verleen aan so 'n proses waardeur negatiewe geestelike ervarings op 'n nuwe wyse in 'n positiewe en geestelike lig geïnterpreteer word.

- Wanneer kerklike traumawerkers op die vraag of hulle somtyds onderling teologiseer, antwoord: *"Ons sal mal word as ons dit doen Dominee. Ons geniet eerder 'n grappie of so"*, dan blyk dit dat daar reeds geestelike ontwrigting en moontlik ook emosionele aftakeling ingetree het (vgl. 4.3.9). Die element van 'n vreemde verslaenheid, uitsigloosheid en hooploosheid het telkens getref in die groepsonderhoud, sowel as in die individuele onderhoude wat deel was van die empiriese navorsing van hierdie studie (vgl. 5.6.6.1).
- Traumawerkers moet begelei word om die broosheid van hulle geloofslewe in verhouding tot die intensiteit van hul voortdurende konfrontasie met die wêreld van onheil, waarbinne hul opereer, te erken. In traumawerk is daar geen ruimte vir teologiese, filosofiese en etiese neutraliteit nie (Shay, 1999:248). Daar moet na die "ultimate meaning" gesoek word ten einde te kan oorleef op die langtermyn (vgl. 4.3.9). Trauma dwing gevolglik traumawerkers om hul geloofsisteme en geloofsuitgangspunte te herevalueer en selfs te konfronteer (Coetzer, 2005:80).
- Traumawerkers moet ontdek dat hulle wel kritiese geloofsvrae mag vra. Wanneer hulle moontlik opstandig, teleurgesteld en kwaad na God toe gaan, mag hulle verras wees om te ontdek dat hulle eintlik aan God se kant staan. Hulle sal sekerlik ook wil weet waar God in die verhaal en in hul persoonlike verhale pas.
- 'n Lewende verhouding met God sal vir die gelowige traumawerker van kardinale betekenis wees. Die handhawing van 'n persoonlike, intieme gebedsverhouding met die Here sal vir die Christenwerkers wat soms platgeslaan voel deur die pyn van andere (en soms hiermee saam ook eie pyn), van groot betekenis wees.
- Die ontdekking van jou persoonlike gebrokenheid is 'n voorwaarde vir dienswerk in die Koninkryk van God (Hart, 2006). Hart se uiteensetting van wat hy noem, "Theology of failure" kan vir die emosioneel verwonde traumawerker van besondere waarde wees. Hart stel dit aangrypend:

*"A <u>moment of breaking</u> is necessary for deep healing because it demolishes our false self, strips naked our facade and removes our crutches."*

Elia moes ook breek voordat hy geskik was om in God se diens as profeet voort te gaan (vgl. hfst.3).

- Gelowiges wat as deel van 'n privaat praktyk op 'n gereëlde basis betrokke is by traumawerk, mag dit van tyd tot tyd genesend en verrykend vind om hul persoonlike konfrontasies met trauma sowel as hul sekondêre belewenis van trauma (deur middel van hul kliënte) te reïnterpreteer. So 'n reïnterpretasie geskied dan ook in die lig van hul persoonlike ontmoetings en worstelinge met God (vgl. 3.18.1). Pastorale begeleiding en fasilitering kan hier 'n deurslaggewende rol vervul – in 'n sekere sin gaan dit dan ook oor geestelike ontlonting wat periodiek noodsaaklik is. Traumawerkers in diens van die kerk, soos byvoorbeeld diegene betrokke by NG Welsyn, behoort voortdurend in hierdie proses begelei te word. Dit mag uiteindelik duidelik word dat hul lyding ter wille van Christus vir hul persoonlike verryking en geestelike lewe kosbaar is – met egter telkens die voorwaarde dat die nodige reëls vir selfbehoud op die langtermyn nagekom word. In 2 Kor 11:16-33 hou Paulus sy traumatiese wonde in diens van Christus aan die gemeente voor. Dit is duidelik dat hy gegroei het en nuwe geestelike ontdekkings gemaak het:

*"As iemand swak is, voel ek asof ek self ook swak is; as iemand in sonde val, voel ek asof ek ook deur vuur gaan. As daar dan geroem moet word, sal ek roem, maar dan oor my swakhede."*

Uiteindelik vorder hy tot by sy groot pastorale ontdekking en uitspraak in 2 Kor 12:9-11:

*"My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is." Daarom sal ek baie liewer oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees. Daarom is ek bly oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van Christus, want as ek swak is, is ek sterk".*

## 6.6 DIE VERHOUDING TUSSEN DIE KERK EN SY LIDMATE WAT PROFESSIONELE TRAUMAWERKERS IS

Christenwerkers is nie slegs diegene wat voltyds in diens van die kerk is nie (vgl. 2.4.2) en daarom het die Kerk ook 'n pastorale verantwoordelikheid vir lidmate wat as professionele traumawerkers in "sekulêre" beroepe staan. Pastorale betrokkenheid is dus 'n Bybelse imperatief.

Navorser vermoed dat hierdie verantwoordelikheid in die verlede nie genoegsame aandag geniet het nie en vervolgens word enkele riglyne uitgespel ten einde hierdie probleem meer sinvol te benader.

- Die riglyne soos voorgestel in die metateoretiese afdeling, verruim die pastoraat deurdat dit die basisteoretiese aspek verryk (vgl. 4.9.3 tot 4.9.4.1)). In hierdie opsig kan die kerk ook baie leer uit talle van die sogenaamde "sekulêre beginsels" betreffende hulpverlening aan getraumatiseerde persone. Die toewyding en sorg waarmee talle van hierdie professionele persone hul daaglikse werk verrig, is dan ook tekenend van die kwaliteit van 'n groot persentasie mense wat betrokke is in die verskeidenheid van helpende professies. Hierdie dienswerk in die beroepswêreld buite die kerk (in privaat praktyke) staan ook in diens van God. Die pastoraat kan homself daarin verheug dat 'n dissipline soos die psigologie tans ook groot erkenning gee aan die spirituele dimensie van die terapeutiese proses, met betrekking tot 'n probleem soos trauma en medelye-moegheid. Die aanname word gemaak dat heelwat organisatoriese beginsels wat professionele traumaterapeute benut, bewustelik of onbewustelik uit die Christelike tradisie ontleen is (vergelyk in hierdie verband maar net die mooi insigte wat voortspruit vanuit die nuwe ontwikkeling binne die psigologie wat bekend staan as 'positiewe psigologie' – talle van die beginsels waarop hier gefokus word, is basies ou Bybelse temas).
- Kerklike handelinge in die hede (praksis 1) spruit gedeeltelik voort uit 'n bepaalde teologiese tradisie - dit is hoe die geloofsgemeenskap tans sy roeping vertolk. Wanneer 'n nuwe situasie ontstaan het, soos dit blyk uit die situasieanalise (vgl. 2.2.2), behoort die kerk dan ook met nuwe oë na die "beroepe" en die persoonlike lewens van professionele lidmate te kyk – veral dan ook diegene wat by die helpende professies betrokke is. In hierdie beroepe word die werk van die kerk in 'n sekere sin voortgesit, veral wanneer dit byvoorbeeld gaan om die beskerming van getraumatiseerde kinders, maar ook die mediese en psigologiese versorging van emosioneel verwonde mense. Die Ned. Geref. Kerk byvoorbeeld, kontrakteer in 'n sekere sin NG Welsyn en daarmee saam die owerheid, om as 'n 'verlengstuk' te dien van die werk van die plaaslike gemeente, naamlik die versorging van emosioneel verwonde mense. Liefdevolle ondersteuning, erkenning en bemagtiging van gelowiges wat in beroepe soos hierdie staan, behoort gevolglik hoë prioriteit te geniet. Sedert die Hervorming is die onderskeid tussen geestelikes en leke verwerp en word die algemene priesterskap van alle gelowiges erken (vgl. 2.4.2). Moontlik is dit juis die wegval van die ou geestelik-leke onderskeiding wat tans kristalliseer in die nadenke van byvoorbeeld die sielkundiges, soos gesien in hul neerlê van professionele en organisatoriese riglyne.

- Die kerk behoort dus aktief saam met professionele traumawerkers vanuit verskillende dissiplines na die voorste linies te beweeg waar die emosioneel verwondes bygestaan word. Andersom gestel, lidmate wat binne die helpende professies funksioneer kan in groter mate hande vat met die kerk in 'n poging om die nood van die gewondes, binne die loopgrawe van die emosionele slagvelde van die wêreld, daar buite aan te spreek. Dit alles beklemtoon dan ook die feit dat die betrokkenheid van die kerk veel verder behoort te strek as byvoorbeeld slegs die jaarlikse biddae vir gesondheidsdienste, beskermingsdienste, opvoeding en onderwys, soos tans die situasie in byvoorbeeld die Ned. Geref. Kerk is.
- Die metafoor van 1 Kor 12:12-26 beskou die gemeente as die liggaam van Christus. Daar word verwys na al die onderskeie take en gawes wat God aan individue (die ledemate) gegee het, waaronder die genadegawes *"... om mense gesond te maak, om hulp te verleen, om leiding te gee, ..."* (1 Kor.12:28). In 1 Kor 12:24b-26 word die doel verder verduidelik:

*"... sodat daar nie verdeeldheid in die liggaam sou wees nie maar dat die lede gelyke sorg vir mekaar dra. As een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word is al die lede saam bly."*

- Die professionalisering en privatisering van beroepe sedert die Hervorming, het waarskynlik aanleiding gegee tot 'n groter wordende afstand tussen die kerk as liggaam van Christus, en professionele *beroepe/roepinge*. Die Bybel stel egter steeds radikale eise aan die gelowiges in die navolging van Christus, dit wil sê ook vir die gelowige in privaatpraktyk (vgl. 2.6.4). Op die gebied van traumawerk bevind hulle hul op gevaarlike terrein in konfrontasie met die bose (vgl. 2.5) en word hulle ook in hul ingewande getref (vgl. 2.1.3 betreffende die term *splagna*). Dit sou besonder verrykend wees indien alle Christen traumaterapeute lidmaatskap verkry van enersyds *The Association of Christian Counsellors in South Africa* en andersyds van *The Southern African Association for Pastoral Work* – veral as gevolg van die groot bydraes wat vanaf hierdie twee professionele verenigings met betrekking tot die geestelike opbou en bemagtiging van Christen terapeute gelewer word. Werkers behoort ook aangespoor te word om verder te studeer. Hierdie hele proses lei dan onwillekeurig daartoe dat byvoorbeeld leraars en maatskaplike werkers in kontak kom met 'n groter groep van Christelike hulpverleners – ook diegene wat privaat praktiseer. Dit alles dra by om die isolasie te verbreek wat soms 'n groot bydraende faktor is tot 'n probleem soos medelye-moegheid.
- Dit sal ook van geweldige groot waarde wees indien daar 'n meer konkrete vorm van amptelike erkenning en 'bevestiging' deur die plaaslike gemeente sou geskied, betreffende lidmate wat as sielkundiges, psigiaters, mediese dokters,

nooddienswerkers en maatskaplike werkers voltyds besig is om hul lewens te wy aan die terapeutiese ingrype en begeleiding van stukkende en verwonde mense . Hoe die kerk in die onderskeie denominasies praktiese gestalte daaraan kan gee, is voorlopig nog nie duidelik nie - nuwe situasies eis egter nuwe praksis. Een moontlikheid mag wees dat hulle as diakens met 'n spesifieke opdrag amptelik bevestig word, om as "gestuurdes van die gemeente" hulle roeping in diens van die Koninkryk in die wêreld voort te sit.

- Die kerk behoort die moontlikheid te ondersoek om byvoorbeeld aan Christen sielkundiges fasiliteite beskikbaar te stel om spreekure by die kerk waar te neem. Een moontlikheid is dat die persone 'n sekere persentasie van hul professionele tyd as "dankoffer" aan die kerk gee en dit beskikbaar stel, veral aan lidmate wat byvoorbeeld nie sulke dienste kan bekostig nie. Daarby behoort die kerk sy gestuurde lidmate te bemagtig om met missionale gesag in die voorste linies betrokke te wees (Barrett, 2004:xiv). (Vergelyk in hierdie verband ook 2.1.3, die vyfde paragraaf, waar dit gaan om die omvattende betekenis van die term *sòzò*.) Die kerk behoort 'n missionale kerk te wees

*"... that is shaped by participating in God's mission, which is to set things right in a broken, sinful world, to redeem it and to restore it ..." (Barrett, 2004:x).*

- Kerke kan dit oorweeg om mediese praktisyns, sielkundiges, ensovoorts, in diens te neem/ in te kontrakteer/ op te roep om 'n diensjaar aan die kerk te gee sodat die kerk beter kan omsien na emosioneel verwonde individue wat nie 'n eie mediese fonds kan bekostig nie. In hierdie verband kan die beroep dus gemaak word op gelowige professionele individue om as deel van hul dankbaarheidswerk, bepaalde ure aan die kerk beskikbaar te stel vir die heling van gekweste individue.
- Die kerk behoort saam met bogenoemde professionele werkers te besin oor hul pastorale identiteit, as geroepenes in die diens van die Here. Gelowige professionele werkers moet gewys word op die groot verantwoordelikheid wat hulle het om hul werk in gehoorsaamheid, trou en dankbaarheid aan God te verrig. Hulle behoort so ver moontlik en in die mate wat amptelike regulasies dit toelaat, hul pasiënte aan te spoor tot 'n lewende verhouding met God – ter wille van hul liggaamlike en geestelike gesondheid (vgl. 4.9.5.2 & 4.9.5.3).
- Gemeenteleiers en lidmate moet bewus gemaak word van die persoonlike koste en risiko's (emosioneel, geestelik en fisies) verbonde aan die werk met getraumatiseerde individue.
- Die gelowiges moet bewus gemaak word van die feit dat niemand in trauma en in traumawerk alleen behoort te staan nie. Elke gelowige wat omgee vir die pyn en

nood van ander, is besig om traumawerk te doen. Die Here self roep gelowiges op om betrokke te wees by die nood en pyn van andere (vgl. Luk 10:25-37).

- Die probleem van die sosiale ontkenning in die samelewing van byvoorbeeld kindermolestering, wat die behandeling van slagoffers benadeel, moet aan gemeentes gekommunikeer word (vgl. 4.7.1).
- Aan die gelowiges in gemeenteverband behoort gekommunikeer te word dat slagoffers van traumatiese gebeurtenisse soos verkragting, nie daarna gesoek het nie.
- Oortreders was dikwels self die slagoffers van misdaad. Mense wat traumawerk doen ervaar dikwels dus empatie met die oortreders in skrille kontras met hul walging en afkeer van die dade van die oortreders. Op hierdie wyse kommunikeer hulle aan die gemeenskap die Christelike waarde van ander met respek te behandel. Om selfs byvoorbeeld 'n oortreder met respek te behandel, is reeds 'n daad van Christelike liefde in navolging van Christus. Baie slagoffers en oortreders beskik nie oor die potensiaal om hulleself te help nie.
- Gemeentes behoort self helende en genesende gemeenskappe te wees (Hart, 2004b). Hart waarsku dat baie moderne evangeliese kerke in die VSA glad nie gesonde gemeenskappe is nie. *"We need look no further than how pastors are treated for evidence of this"* (2004b:). Die skep van 'n klimaat (vgl. 4.7.5 & 4.7.2) waarbinne heling kan plaasvind binne 'n gemeente, is van kardinale belang. Dit beteken dat pastors gemeentes oproep om helend en genesend in die samelewing teenwoordig te wees. Pastors moet aan die gemeente kommunikeer dat hul *medelye*, empatie, begrip, liefde en aanvaarding die medelye van God en die besorgdheid van God aan andere behoort te kommunikeer. Dit behoort duidelik verkondig te word dat God bekommerd is oor die welsyn van sy kerk *en* alle ander mense. Dit mag impliseer dat maatskaplike werkers en selfs dokters en sielkundiges sal weet dat hulle bystand van die plaaslike gemeente sal kry, wanneer hulle individue wat liggaamlik, emosioneel en geestelik stukkend is, op die agenda van die gemeente plaas. Jesus het immers belowe *"Ek het gekom sodat julle die lewe kan hê en dit in oorvloed"* (Joh 10:10b). Dit sluit nou aan by die drie metafore vir pastorale versorging van Gerkin (1991:91-165), naamlik *teenwoordigheid, gemeenskap en roeping*. Gerkin (1991:108) wys op die paradoks van die teenwoordigheid van God temidde van sy oënskynlike traumatiese afwesigheid. Israel kon dus uitstyg bo die oënskynlik onbegryplike van hul omstandighede deurdat hulle geweet het dat *"God hidden is still God"* (Gerkin, 1991:108). In die selfverstaan van die Nuwe Testamentiese kerk, het die ontwykende teenwoordigheid van God 'n tasbare werklikheid geword in die teenwoordigheid van Jesus Christus. In die verhale van die gekruisigde en opgestane Here vind die gelowiges die versekering van God se patos met hulle in hulle nood. Die empatiese

klimaat in die gemeente behoort dus helend uit te kring na die organisasies waarbinne geroepe traumawerkers hul professie beoefen.

- Hierdie empatiese klimaat het nie net betrekking op gewonde individue wat bedien word nie, maar dit moet veral ook gekweek word en deurwerk in die empatiese vertrouensverhoudings van personeel in die kerk en private organisasies onderling.
- Die professionalisering van beroepe hou verder die gevaar in dat die gemeenskap van gelowiges alle professionele gesondheidswerkers (byvoorbeeld dokters, psigiaters en sielkundiges) sien as mense wat slegs besighede ter wille van eie belang bedryf. Dit kan lei tot 'n groter mate van isolasie van hierdie groep, tensy daar van die kant van die kerk 'n appél op hulle gedoen word om hulle gawes by geleentheid ook in diens van Christus te stel. Gerkin (1991:139) wys dat die neiging tot privatisering selfs na die kerk oorvloei. Hy sien dat kerke privatiseer deur hulleself af te sluit van die probleme in die breër gemeenskap, byvoorbeeld die probleme eie aan die middestadsgebiede. Deur betrokke te wees in die geestelike opbou van professionele werkers in privaatpraktyke, byvoorbeeld maatskaplike werkers, sielkundiges, psigiaters en mediese dokters, behoort die Christelike visie van die genesing van gebroke mense al meer deur te werk na die "private wêreld" van professionele mense. So word die Christendom die instrument vir die genesing van stukkende mense in die wêreld.
- Die kweek van 'n klimaat (vanaf kerklike kant) waarin die verwagting pertinent uitgespreek word dat empatiese betrokkenheid by die pyn van andere die potensiaal tot ongekende geestelike groei inhou, sal die gesindheid van Christen traumawerkers (asook professionele lidmate wat betrokke is by die onderskeie hulpdissiplines) ten opsigte van hul werk ten goede beïnvloed word. Indien hulle ervaar dat hulle besig is om van die wêreld 'n beter plek te maak, gee dit reeds sin aan die moeisame arbeid en word dit uiteindelik ook een van die belangrike teenvoeters vir medelye-moegheid.

## 6.7 PRAKTIESE RIGLYNE VIR DIE BEKAMPING VAN MEDELYE-MOEGHEID BINNE KERKLIKE SOWEL AS PRIVAAT PROFESSIONEEL ORGANISATORIESE KONTEKSTE

Die etiese aspekte soos aangetoon uit die metateoretiese rigtingwysers behoort deur die pastoraat verdiskonteer te word in die prakties-teologiese teorie, met die oog op vestiging van 'n nuwe pastorale praksis (vgl. 2.2). Die volgende stellings kan in hierdie verband dien as praktiese riglyne wat 'n kardinale rol kan vervul in hierdie proses:

- Die missie van elke organisasie (kerklik of privaat) behoort duidelik uit te spel watter rol traumawerk oor die algemeen vervul binne die konteks van die betrokke organisasie. Die welsyn van al die werkers behoort deel van die missie te vorm.
- Organisasies soos NG Welsyn behoort erkenning te verleen aan die feit dat die organisasie en personeel reeds aan 'n graad van medelye-moegheid ly en dat dit moontlik nie geheel en al voorkombaar is nie. In hierdie verband het die empiriese navorsing van hierdie studie 'n gesamentlike *uitsonderlike hoë risiko en hoë risiko van 63.6%* vir medelye-moegheid aangetoon (vgl. 5.4.3.2).
- Organisasies behoort verplig te word om die werkers wat in diens geneem word, byvoorbaat per etiese kode te waarsku teen die emosionele en psigiese (en selfs geestelike) risiko's verbonde aan die werk (vgl. 5.4.3.2)
- Organisasies behoort sy werkers in te lig betreffende die feit dat sekondêre traumatiese reaksies maklik ontken en geïgnoreer word en dat dit die behandeling en bekamping daarvan bemoeilik (vgl. 5.6.11, medewerker 6). Dit spruit deels uit die vrees vir stigmatisering (vgl. 1.2.1), asook uit die vrees dat swakheid 'n teken van geestelike uitsakking is (vgl. 2.5).
- Organisasies moet sy werkers pertinent daarvan bewus maak dat van hul beste terapeute kwesbaar is - net soos in die geval van die profeet Elia wat sy eie kwesbaarheid moes ontdek (vgl. 2.1)
- 'n Organisasie moet werk aan 'n gesonde organisatoriese klimaat wat nie toelaat dat werkers gestigmatiseer word nie. Kliënte mag nie verkleineer word nie en terapeut – kliënt vertroulikheid moet gerespekteer word.
- Organisasies behoort te waak teen die oorlading van personeel.
- Traumawerkers moet deur hul organisasies bygestaan en bemagtig word om grense daar te stel en dit dan ook so aan kliënte te kommunikeer.

## 6.8 PASTORALE RIGLYNE MET BETREKKING TOT LIGGAAMLIKE SELFSORG

### *6.8.1 Op die altaar van selfopofferende diens*

In die kerkgeskiedenis is daar talle voorbeelde van sendelinge, sendingdokters, evangelisasie werkers en leraars wat alles opgeoffer het in diens van die evangelie. Dit het dikwels gepaard gegaan met die verlies van eie gesondheid en ten koste van hul eie gesinslewe. Die kerkgeskiedenis is vol van verhale van Godsmanne en -vroue wat hulleself gedryf het tot op die punt waar hulle as't ware die dood in die gesig gestaar het, as gevolg van geestelike, emosionele en uiteindelik ook fisiese uitputting (vgl. 1.5; 2.4.3.2; 2.4.3.4 en 2.5.2). Die imperatief van die

evangelie, naamlik die bereidheid om alles te offer in die belang van die evangelie, is deurgaans sterk beklemtoon en vorm dus deel van die Christelike tradisie (vgl. 2.6.4).

### *6.8.2 Jesus Christus het gekom om mense te red*

In die basisteoretiese afdeling is daar by 2.3 gewys op die omvattende betekenis van die woord *sòzò* (om te red). God se ontferming het 'n 'gesig' gekry, naamlik Jesus Christus - hy word mens in liggaamlike gestalte (vlees en bloed). Hy spandeer baie van sy tyd nie net om oor die hemel te praat en die verlossing van sonde en die ewige lewe nie, maar ook aan die fisiese liggaam van die mens. Hy het nie net mense se stukkende verhoudinge met God geheel nie, maar dit het telkens ook gepaard gegaan met die heling van mense se *liggame*. God red dus totale mense na liggaam, gees en siel. Die wonder is dat God as't ware in die mens 'n fusie, 'n versmelting, die aanmekaar weef van vleis, bloed (materie), gees, siel en emosie bewerkstellig. In hierdie verband is daar aangetoon (vgl. 2.6.3) dat die vleeswording van Jesus Christus beteken "dat Hy ingegaan het tot in die diepste van ons ellende, van ons armoede en van ons nood". Gelowiges lewe by die boodskap van Jesaja: *"Tog het hy óns lyding op hom ... deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom"* (Jes 53:4-5). Die plaasbekledende lyding van Christus staan in die hart van die Christelike denke.

### *6.8.3 Plaasbekledende trauma in geloofstaal*

In die lig van die voorafgaande is dit dan ook duidelik waarom die emosionele (en soms ook fisiese ) verwonding van mense as gevolg van trauma so 'n geweldig impak op die geestelike en emosionele lewe van (veral) gelowige traumawerkers het. Die werklikheid is dat traumawerkers deur hul empatiese betrokkenheid by verwonde mense ook as *totale mens* in gees, siel, liggaam, denke en emosie getref word. Hierbo (vgl. 6.3.1) is dit gestel dat geroepenes "as't ware die vleeswording van die Here wat die nood van ander ingaan", herhaal. Weer eens met verwysing na Jesaja 53 (vgl. 6.3.3) wat handel oor die dienskneg van die Here staan daar: *"Tog het hy óns lyding op hom ... deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom."* In 'n sekere sin (en inderdaad in 'n baie geringer mate) is dit egter ook wat met die traumawerker gebeur deur die *infektering* van ander se trauma.

In hierdie verband het die metateorie ook aangetoon hoedat traumawerkers dikwels hul liggame as't ware plaasbekledend in diens stel om die trauma van ander te help dra (vgl. 4.5.3.4). Dit plaas die term *plaasbekledende medelye* (of plaasbekledende traumatisering) dan ook in 'n geestelike konteks. Ook Elia het as totale mens ineengestort (vgl. 3.17.2). Navorser sien hier iets plaasvind van die fusie (versmelting) van basisteorie en metateorie, van die geestelike dimensie met die biologies-materiële dimensie, van die teologie en die psigologie. Dit sou verder ook maar net die feit bevestig dat die Bybel die wetenskappe ver vooruit is – dit het egter lank geneem vir

selfs gelowiges om hierdie wonderlike aspekte te integreer. Die pleidooi van Coetzer (2006a:13) vir die inkorporering van die pastorale/geestelike dimensie in die biopsigososiale model, is tekenend hiervan.

### *6.8.4 Liggaamlike en geestelike empatie*

Enersyds is dit so dat God het die mens as 'n sensitiewe en fynbesnaarde wese geskep het – tot so 'n mate dat beraders en traumawerkers die pyn, die leed, die rou en die verwarring van verwonde mense in hulle gees, emosies en liggaam kan aanvoel en sodoende op 'n diep vlak begrip daarvoor kan kry. Wanneer die berader dan ook in staat is om op hierdie dieper vlak te kan verstaan, dan weet die verwonde indiwidu dit ook - hier vind dus tweerigtingverkeer plaas. Die metateoretiese navorsing het andersyds egter ook gewys op die gevare verbonde aan hierdie vermoë van die individu om totaal in die skoene van die emosioneel verwonde persoon te gaan klim (vgl. in hierdie verband die bespreking rondom die tema van *oordrag* en *teenoordrag* by 4.5.3.4).

Begrip vir die neurofisiologie van 'n emosie soos *empatie* (vgl. 4.4.1), aspekte betreffende somatiese empatie, en verrassende aspekte betreffende die meestal onbewuste *mirroring* en mimiek wat tussen mense en veral dan tussen berader en kliënt gebeur, is dan ook binne 'n pastorale benadering van die grootste belang (vgl. 4.4.1). Vanuit 'n pastoraal geestelike oogpunt wek hierdie verskynsel verwondering oor hoe wonderlik God die mens toegerus het ten einde in staat te wees om werklik empaties tot verstaan te kom. Die verskynsel van (weer)spieëlende neurone (*mirror neurons*) wat in die brein vuur wanneer iemand 'n ander se liggaamshouding, pyn en emosies waarneem, wek verwondering (vgl. 4.4.1) aangesien dit selfs sonder woorde of klank geskied. Op hierdie wyse gebeur dit dan dat 'n traumawerker byvoorbeeld 'n slagoffer se nood en pyn in sy eie liggaam ervaar, tesame met die gepaardgaande liggaamlike reaksies soos temperatuur skommelinge en variasie in die tempo van hartslag. Dit verklaar ook skommelinge in gemoedstoestand wat 'n berader heel dikwels nie kan verklaar nie. Moontlik bied dit ook die verklaring vir die waarneming van 'n negatiewe atmosfeer en klimaat, byvoorbeeld in 'n organisasie. Volgens Rothschild (2006:57) is positiewe en negatiewe emosies dus duidelik *aansteeklik* en het emosies dan baie duidelik ook 'n psigologiese sowel as 'n fisiologies (chemies) dimensie.

Belangrike aspekte wat hieruit voortspruit en waarvan kennis geneem sal moet word is dan die volgende:

- Tydens 'n seminaar of retraite sal die aanbieding en inoefening betreffende tegnieke ten opsigte van die kontrole en beheer van oordrag van liggaams-empatie 'n belangrike stuk gereedskap uitmaak vir die voorkoming en genesing van medelye-moegheid.

- Navorser is gelowig (voorwetenskaplik) in verwondering oor die vraag in welke mate God deur die geweldige natuurverskynsels op die berg Horeb, vir Elia neurologies behandel het. Die vuur van neurone in Elia se brein deur sy waarneming en belewing van die wonderlike natuurverskynsels asook sy gesprek en ontmoeting met God, moes Elia laat verstaan het dat God verstaan en dat God baie meer verstaan as wat Hy Elia besef. Hierdie aspek kan ook dien as demonstrasie aan traumawerkers ten opsigte van die genesende krag van kontak met die natuur (vgl. 4.9.5.2).
- Die toerusting in teorie en praktyk van alle supervisors betreffende die psigo-fisiologie van empatie sal vir alle welsynsorganisasies van groot waarde wees (vgl. 4.4.1) – so ook met betrekking tot alle beraders, pastors, professionele en para-professionele gesondheidswerkers in 'n wye verskeidenheid van beroepe.

### *6.8.5 Liggaamlike selfsorg*

Liggaamlike selfsorg is van groot belang vir alle traumawerkers. Die verband tussen trauma en ernstige liggaamlike siektes, asook die positiewe invloed van algemene geestesgesondheid met betrekking tot liggaamlike gesondheid (vgl. 4.9.5.2) noop alle traumawerkers om 'n gesonde lewenswyse, asook liggaamlike fiksheid na te jaag. Die gesondheidsprobleme van 'n aantal maatskaplike werkers asook die leraar met wie onderhoude gevoer is, het in die empiriese navorsing rondom hierdie studie hierdie aspek baie duidelik geaksentueer (vgl. 5.6.12). Benewens die voorkoms van herhalende siektetoestande soos griep, brongitis en depressie, het eetversteurings ook gemanifesteer.

Elia het uiteindelik ook fisies en psigies ineengestort (vgl. 3.17.2). Aanvanklik kom dit vir die leser vreemd voor dat Elia die opdrag ontvang om so ver te stap, net om daarna weer terug gestuur te word - dit was egter die perfekte behandeling vir 'n persoon wat aan stres, sekondêre trauma en depressie gely het (vgl. 3.17.4). Geestelike werkers soos Paulus asook sy medewerkers wat dikwels aan traumatiese ervaringe blootgestel was, moes dikwels geweldige afstande te voet aflê. Daar was dus tyd vir liggaamlike oefening, slaap asook genoeg tyd vir die deurwerk van negatiewe ervaringe tesame met God in gebed, voordat die volgende dorp of stad bereik is wat weer nuwe emosionele en geestelike eise geïmpliseer het. Die lewe vandag geskied egter teen 'n veel hoër en vinniger tempo. Met behulp van moderne vervoerstelsels asook tegnologie, volg stressituasies mekaar eenvoudig soveel vinniger op en moet die betrokke persoon telkens gereed wees om dit te hanteer. In die lig hiervan is die volgende twee aspekte van belang:

- Traumawerkers behoort 'n haalbare fisiese oefenprogram as deel van hul program te skeduleer.
- Mini-vakansies en self kort breuke tussen krisisgevalle, stressituasies en moeilike fases moet sover moontlik op 'n gereelde basis geïmplementeer en geskeduleer word.

## 6.9 'N PASTORALE HERMENEUTIESE MODEL VIR DIE BEHANDELING VAN INDIVIDUE EN GROEPE WAT WORSTEL MET DIE PROBLEEM VAN MEDELYE-MOEGHEID

### *6.9.1 Die keuse van 'n seminaar en/of beradingsraamwerk*

'n Beknopte hermeneutiese model wat dien as gespreksraamwerk (werk met individue) en ook toegepas kan word as raamwerk vir die aanbied van 'n seminaar of naweek *retraite* met groepe, is die model soos voorgestel deur Müller (1996:197-133). Die model bestaan uit vyf onderskeie afdelings:

A. Die verhaal van nood.

B. Die verhaal met 'n storie

C. Die verduisterde toekomsverhaal

D. Herstrukturering van die verlede verhaal

E. Rekonstruksie van 'n toekomsverhaal

Die groot waarde van 'n model te volg is dat die pastor en beradene op hoogte bly waar in die proses van berading/seminaar hulle tans is. Hierdie raamwerk is oop genoeg om al die nodige fasette te akkommodeer. Daar is ruimte vir selfassessering asook die luister na mekaar in groepe. Daar is ruimte vir teoretiese insette en die inoefening/praktiese toepassing daarvan. Daar is ruimte om te luister na die toepaslike Bybelse verhale en vir die ontdekking van hoe die persoonlike verhaal/verhale in die groot verhaal van God met mense pas. Hierdie model laat ook ruimte vir die akkommodering van aspekte wat na vore mag kom, wat aanvanklik oorgesien is en daar kan tussen die onderskeie afdelings beweeg word. Met hierdie model as basiese vertrekpunt gaan daar vervolgens riglyne gedefinieer word waarvolgens die probleem van medelye-moegheid hanteer kan word.

#### 6.9.1.1 Die waarde van 'n naweek-*retraite* of seminaarweek

- 'n Naweek *retraite* of 'n weeklange seminaar bied 'n uitstekende konteks vir die hantering van die probleem van medelye-moegheid. 'n Kampterrein omring deur natuurskoon en gerieflike konferensiefasiliteite kan emosioneel geweldig winsgewend wees, deurdat die seminaargangers ten volle in die rustige atmosfeer kan konsentreer op die onderwerp onder bespreking. Dit bied ook genoeg tyd om deur sekere aspekte rondom die probleem ter sprake, te werk. Onwillekeurige en onwelkome stressors uit die normale daaglikse lewe word op hierdie wyse dan ook effektief op die agtergrond geskuif.

- Tyd moet geskeduleer word vir persoonlike en gesamentlike godsdiensoefeninge.
- 'n Geleentheid soos hierdie bied ook genoegsame geleentheid om te fokus.
- Daar moet genoeg tyd wees om deur die teoretiese aspekte van die tema van medelye-moegheid te werk, aangesien kennis en verstaan van die probleem reeds 'n kragtige instrument is tot die bekamping daarvan. Die teoretiese deurwerk van die onderwerp bied ook aan mense die nodige taal en konsepte om daaroor te kommunikeer.
- Die probleem rondom stigmatisering en wantroue onder kollegas, as gevolg van 'n gebrek aan kennis betreffende hierdie onderwerp, word ook op hierdie wyse ondervang.
- Aspekte betreffende oordrag, teenoordrag en projektiewe identifikasie moet teoretiese en praktiese aandag geniet.

#### 6.9.1.2 'n Span van aanbieders

Die span van aanbieders kan bestaan uit 'n geestelike leier, asook deeglik opgeleide persone wat die teoretiese en die praktiese inoefening betreffende empatiese response (met besondere verwysing na oordrag en teenoordrag) kan hanteer. In die geval van maatskaplike werkers sal dit goed wees indien beraders van buite die beroep die aanbiedinge behartig, sodat dit nie moontlik verval in die mistroostige atmosfeer/realiteit wat maatskaplikewerk-praktyke soms kenmerk nie – dit kan uiteraard dan ook stimulerend en vernuwend wees omdat perspektiewe van buite hul dissipline mag bydra tot nuwe kreatiewe denke en idees.

Genoeg tyd moet beskikbaar wees om die teoretiese en praktiese aspekte betreffende wesenlik belangrike terapeutiese vaardighede aan te leer en in te oefen. Intensiewe aandag moet verder gegee word aan aspekte soos die neurofisiologie van empatie, asook die aspek van vaardigheidsopleiding (vgl. 4.5.2 en 4.4.1) . Die neurofisiologie van emosioneel/liggaamlike stimulasie asook vaardigheidsopleiding in die herwinning van kalmte en selfbeheersing, is van uiterste belang en moet gevolglik ingeoefen word. Die neurofisiologie met betrekking tot helder denke en vaardigheidsopleiding, betreffende die aspekte daaraan verbonde (soos selfkennis asook gestruktureerde selfsorg), moet dan ook intensief aandag geniet.

### *6.9.2 Voorgestelde inkleding van die seminaar en/of beradingsproses*

**A. Die verhaal van nood**

Die pastor se eerste taak is om na mense se nood te luister en hulle te help om dit te ontrafel. Die pyn het begin "lek" of die onsigbare klippie in die skoen maak seer (Müller, 1996:108). In geval van 'n seminaar of retraite sal dit belangrik wees dat die deelnemers deur die pastor se empatiese insig in die onderwerp ingelei word om "oop" te maak. Die probleem van professionele werkers is juis dat hulle hul pyn verbloem.

1. Seminaargangers word ingelei in die teorie betreffende die probleem van medelye-moegheid en plaasbekledende traumatisering (vgl. 4).
2. Medelye-moegheid is in 'n sekere sin 'n' pluimpie in die hoed' vir traumawerkers. Dit is tekenend van hul betrokkenheid by andere in nood.
3. Medelye-moegheid kan ook die bedding van vrugbare en voorbereide grond wees vir geestelike groei en transformasie (vgl. 4.6.2).
4. Dit is egter nie genoeg gesê om iemand met medelye-moegheid te oortuig dat die swaarkry en lyding wat hy nou verduur 'n groot wins sal oplewer nie, terwyl medelye-moegheid aan die ander kant groot skade aan die persoonlike, emosionele en liggaamlike lewe van traumawerkers aanrig.
5. Die persoonlike opofferings en koste vir mense wat hierdie werk doen is groot. Uit die navorsing blyk dat hierdie werkers letterlik hulself op die altaar van die liefdesdiens plaas.
6. Navorsing wys daarop dat van die beste werkers die beroepe verlaat, omdat die emosionele en psigiese las uiteindelik vir hulle te oorweldigend raak.
7. Elke individu hierby betrokke se verhaal is uniek alhoewel die navorsing in hierdie verband sterk teoretiese rigtingwysers gee.
8. 'n Vertroostende vertrekpunt is die wete dat medelye-moegheid nie die gevolg van die een of ander geestesafwyking is nie, maar dit is die direkte gevolg van die empatiese betrokkenheid by die emosionele pyn van andere.
9. Geestelike werkers wat op 'n gereelde basis intens betrokke is by die emosionele pyn van andere en dit doen in navolging van Christus, sal moeilik verstaan hoekom hulle, terwyl hulle in liefde namens God en die kerk uitreik na ander, mettertyd self emosioneel en psigies begin swik onder hierdie las. Hulle mag dan selfs begin vra: *"Waar is die vreugde van ons gehoorsame diens? Wat het geword van die warmte van die liefde van Christus wat my gedring het? Waar is Christus dan self?"*
10. Die probleem blyk tans dat die kennis aangaande die onderwerp van medelye-moegheid uiters beperk is in die gemeenskappe van werkers wat dit eintlik so nodig het. Dit kan daartoe ly dat kollegas mekaar stigmatiseer en met wantroue bejeën, as hulle sien dat *'n kollega dit nie maak nie* omdat hulself dikwels nie die proses verstaan nie, asook moontlik uit 'n verborge vrees dat die probleem hulself ook mag tref.
11. Die saamwees van die groep impliseer ook 'n gedeelde belang in die sin dat deelnemers hulself met groter vrymoedigheid kan oopstel vir mekaar en mekaar se node. Dit verwyder ook sommige van die bedreigende faktore daaraan verbonde, soos byvoorbeeld stigmatisering. Die lede van die groep kan en mag maar hulle "macho-maskertjies" laat val (vgl. 4.6.7, 5.6.11 en 5.7.1). Die feit dat niemand so sterk is dat hy niemand anders nodig het nie, is dan ook 'n aspek wat deurgaans sterk beklemtoon behoort te word.

**B. Die verhaal met 'n storie**

In hierdie afdeling sal aanvanklik heelwat tyd aan die resultate van die empiriese data gegee word. Aspekte betreffende werkers se roepingsbewustheid word bespreek en die Bybels-teoretiese aspekte betreffende gelowiges se geroepenheid word ook aangebied. Aspekte wat in hierdie verband aangeraak word is byvoorbeeld die volgende:

1. Die storie van roeping (vgl. 5.6.5 en 2.4.2).
2. Die storie van medelye-moegheid en plaasbekledende traumatisering.
3. Die storie van trauma in die wêreld, in die algemeen.
4. Die storie rondom 'n persoonlike traumageskiedenis (vgl. 2.4.2. en 4.6.2).
5. Die storie wat die empiriese navorsing vertel, ontvou.
6. Die storie van die profeet Elia, God en Jesus Christus asook die vroeg Christelike Kerk ontvou (vgl.3, en 6.3.2)
7. Beradenes/seminaargangers vertel/skryf/ontdek hul persoonlike storie.

**C. Die verduisterde toekomsverhaal ontvou**

'n Verduisterde toekomsperspektief is dikwels te wyte aan uitgediende lewensstrategieë wat nie meer die nodige resultate lewer nie. Aspekte in hierdie verband wat van toepassing is op die probleem van medelye-moegheid, is byvoorbeeld die nadelige gevolge van 'n gebrek aan selfsorg. Dit sluit in die gebrek aan geestelike selfsorg, ontoepaslike emosionele strategieë wat as verdedigingsmeganismes in stand gehou is en die handhawing van inperkende en verouderde verwysingsraamwerke en lewens- en wêreldbeskouing (vgl. 4.3.6). Samevattend kan dan gekonstateer word dat 'n verduisterde toekomsverhaal aan die orde mag wees wanneer individue en organisasies steeds uitgediende benaderings volg met geen noemenswaardige resultate nie (vgl. 4.9.3).

As deel van genoemde naweek-*retraite* of seminaarweek sal daar vervolgens oorgegaan moet word tot die formulering en identifisering van moontlike redes vir die huidige toedrag van sake. Die nodige fasilitering sal uiteraard hier moet geskied deur kundige lede van die span en in hierdie opsig is aspekte soos die volgende belangrik:

1. Die redes vir die gebrek aan medelye-satisfaksie wat soveel werkers ervaar, word bespreek (vgl. 5.4.3.2)
2. Die gebrek aan 'n indiepte kennis van die werklikhede betreffende medelye-moegheid en plaasbekledende traumatisering. Die werkers het nie geweet of verstaan wat met hulle gebeur nie.

3. Die gebrek aan strategieë en die probleem van uitgediende strategieë vir die hantering van probleme word geïdentifiseer. Die belang van verdere studie betreffende die probleem deur diensorganisasies en/of werkers word ondersoek.
4. Die teorie en praktyk van liggaamlike selfsorg kom aan die orde. Strategieë vir opleiding betreffende *liggaamsempatie* (vgl. 4.4.1 en 4.5.1- 4.5.3.7) (om soortgelyke liggaamlike reaksies te beleef as dié van die slagoffer) asook die verskynsel van oordrag en teenoordrag word teoreties aangebied en prakties ingeoefen.
5. Organisatoriese strategieë (vgl. 4.9.3) vir die voorkoming van medelye-moegheid word uitgewerk.
6. Persoonlike strategieë word uitgewerk. Sake wat aandag kry is byvoorbeeld aspekte soos liggaamlike oefening, diëte, die stel van persoonlike grense en limiete, ontspanning asook die neem van verlof.

### D. Herstrukturering van die verledeverhaal

Mens kan jouself baie moeilik losmaak van die negatiewe in die verlede, as jy die sin daarvan nie kan verstaan nie. Gelowiges het hulle reeds oor eeue heen besig gehou met die reïnterpretasie van die verlede soos byvoorbeeld blyk uit die Deuteronomistiese reïnterpretasie van 1 en 2 Konings. Die positiewe herformulering van negatiewe (selfs traumatiese) verledeverhale geskied vervolgens deur die toeken van nuwe betekenisse daaraan (vgl. 3.18.1). Gelowiges wat emosioneel uitgeput geraak het, word vandag byvoorbeeld geweldig verryk deur te fokus op enersyds die negatiewe ineenstorting van iemand soos Elia, maar andersyds ook op die wyse waarop God hierdie profeet weer bekragtig en bemoedig het en aan hom nuwe lewensin en lewensopdragte gegee het.

Rondom die herstrukturering van die verledeverhaal is verdere aspekte soos die volgende belangrik:

1. Traumawerkers se tragiese verhale staan in diens van God se wonderlike roeping en taak vir hulle – op hierdie stadium besef hulle dit egter nog nie, omdat die emosionele pyn nog te oorweldigend mag wees.
2. Beradenes moet self soek, met die begeleiding van 'n pastor, na die sin van hulle pyn. Dit is egter belangrik dat dit teologies sin maak - verdraaide teologiese verklarings doen meer kwaad.

### E. Rekonstruksie van 'n toekomsverhaal

Mismoedigheid, emosionele pyn, vrees, verlies en lyding hou verband met toekomsverhale wat dreig om te disintegreer. Watter donker wolke het die traumawerkers se toekomshorisonne verduister? Die bedreiging van 'n beskadigde toekomsstorie ("ek sien nie meer kans om aan te

gaan nie en ek weet nie waarheen nie") maak werkers kwesbaar vir wanhoop asook 'n verlies van lewensin en roeping (Lester, 1995:45). Huidige krisisse bedreig gelowiges se denk- en verwysingsraamwerke omdat "iets" verlore geraak het (Lester, 1995:45). Dit dreig dat gelowiges se toekomsverhale, hoe hulle hulself as diensknegte van God in die toekoms projekteer, kan disintegreer (Müller, 1996:133). Traumawerkers, predikante en maatskaplike werkers het waarskynlik oorspronklik hul beroepe betree met die brandende begeerte om verwonde mense tot hulp en bystand te wees en in die proses hulself aan God te wy. Hul begeerte was om aan 'n mooier toekoms te bou, om die koms van die Koninkryk van God te bevorder, om God se liefde met ander te deel, om verwonde mense se trane af te vee en hulle weer te sien lag. Hulle het waarskynlik geglo dat wanneer jy deurgaans besig is met dit wat sinvol en betekenisvol is, jyself dan ook deurgaans verseker kan wees van lewensin, asook geestelike en emosionele gesondheid. Hulle het gehoop dat hierdie hele proses gaandeweg hulself met al meer hoop sou vervul en dat hulle steeds oor voldoende energie sou beskik om enduit te volhard. Omdat baie van hierdie drome egter as gevolg van medelye-moegheid gaandeweg in die slag gebly het, is dit des te meer belangrik dat 'n nuwe toekomsverhaal gerekonstrueer moet word – maar hierdie keer met volle inagneming van die reëls en riglyne wat nodig is om enduit te kan volhou – reëls betreffende die mens se liggaam, gees en emosies.

Rondom die herstrukturering van die toekomsverhaal is verdere aspekte soos die volgende belangrik:

1. Gelowige en geroepe diensknegte van die Here ontdek dat hul medelydende en barmhartige God en Here hulle vanuit die toekoms tegemoet kom. Geloof is om die toekoms weer te sien. Heb 11 is 'n getuienis van geloofshandelinge in die aangesig van juis dit wat op daardie stadium nog duister was:

   *"Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie... Terwyl hulle steeds geglo het, het al hierdie mense gesterwe sonder om te verkry wat beloof is, maar hulle het dit uit die verte gesien en daaroor gejuig, en hulle het erken dat hulle hier op aarde slegs vreemdelinge en bywoners is" (Heb 11:1 & 13).*

2. Aspekte van die rekonstruksie van Elia se toekomsverhaal kan ook op 'n praktiese wyse aan die orde gestel word. Hier sal byvoorbeeld dan ook gefokus word op sy verskyning op die berg van verheerliking (vgl. 3.18.1) asook die parallelle met Paulus se ervaring in 2 Kor 12:9 (vgl. 3.17.4).
3. Geroepenes word vervolgens uitgedaag om weer groot te droom oor die hernude deurbreek van God se Ryk in huidige krisis situasies (vgl. 6.9.1). Die ontsaglike nood en lyding tydens die beginjare van die vroeg Christelike kerk onder die juk van die

Romeinse regering, was die vonk wat die Christendom onkeerbaar aangevuur het.

4. Onder hierdie afdeling word daar dan ook besonder gefokus op die belangrikheid van medelye-satisfaksie (vgl.4.9.6) as 'n belangrike teenwig vir die probleem van medelye-moegheid.
5. Formulering van strategieë om die gemeenskap en kerk meer bewus te maak van die probleem van medelye-moegheid kom ook aan die orde (vgl. 4.9.6).
6. Strategieë word geformuleer om gelowige, professionele traumawerkers buite kerklike diens, van hul geroepenheid en verantwoordelik teenoor God bewus te maak.
7. Eenheidstrategieë word geformuleer (wanneer alle gelowiges van verskillende professies saamwerk) met die oog op die heling van 'n getraumatiseerde samelewing en die deurbreek van die Ryk van God (vgl. 4.2.2 met 6.6).

### *6.9.3 Katalogus van belangrike aspekte en instrumente vir die skedulering van die program*

Samevattend kan die volgende lys van aspekte en fasette geformuleer word as redelik noodsaaklik vir 'n suksesvolle naweek-*retraite* of seminaarweek, betreffende die tema van medelye-moegheid:

- Teoretiese insette
- Wandel in die Woord, teologiese insette, terugvoer [Wandel in die Woord is 'n Bybelstudieprosedure gebaseer op die luistersiklus. 'n Publikasie met die titel, *God praat-leef luisterryk* is ontwikkel deur die Ned. Geref. Kerk se *Gemeentedienste Netwerk* en vorm deel van die sogenaamde luistersiklus (vgl. 5.18). Dit is onwerp vir gebruik in 'n verskeidenheid van kontekste waaronder *retraites* met 'n begeleier waar Bybelstudie interaktief en/of persoonlik gedoen word (Simpson & Van Wyk, 2006:15).
- Selfevaluering.
- Tyd vir ontspanning.
- Praktiese inoefening, betreffende aspekte soos oordrag en teenoordrag asook die kontrolering van liggaamsempatie.
- Formulering van persoonlike lewenstrategieë - strategieë betreffende emosionele ontwikkeling, geestelike groei en liggaamlike selfsorg moet aandag geniet.
- Instrumente en hulpmiddels wat aangewend kan word om die proses van genesing te bevorder tydens die seminaarweek of *retraite* kan byvoorbeeld bronne soos die volgende insluit:

1. *Die medelye-satisfaksie/uitputting selftoets vir beraders*, soos oorspronklik opgestel deur Charles Figley en Bertha Stamm (Stamm 2002a) en vertaal deur W.C. Coetzer

(2005:118) in Uitgebrande beraders: medelye-moegheid en sekondêre trauma. Ongepubliseerde studiehandleiding (Bylaag A).

1. *Die selfsorg doelstellingshulpmiddel* soos ontwikkel deur A.J. van der Merwe (2006) onder leiding van W.C. Coetzer aan die Noordwes-Universiteit (Bylaag (G)
2. Die *Uitbranding onder geestelike ampsdraers vraelys* ontwikkel binne die Alban Institute deur M. Oswald en verwerk deur A.J. Van der Merwe (2006) onder leiding van W.C. Coetzer aan die Noordwes-Universiteit (Bylaag H).
3. Die *Uitbranding vraelys: toets jouself* deur W.C. Coetzer (2005:107) in Uitgebrande beraders: medelye-moegheid en sekondêre trauma. Ongepubliseerde studiehandleiding. (Bylaag I ).
4. *Die Burns depressie vraelys* soos vertaal en verwerk deur W.C. Coetzer (2005:111) in Uitgebrande beraders: medelye-moegheid en sekondêre trauma Ongepubliseerde studiehandleiding (Bylaag J).
5. *Die Burns angs vraelys* (1993) soos vertaal en verwerk deur W.C. Coetzer (2005:114) in Uitgebrande beraders: medelye-moegheid en sekondêre trauma . Ongepubliseerde studiehandleiding (Bylaag K).
6. Die persoonlike impak van sekondêre traumatiese stres en die impak van sekondêre traumatiese stres op professionele funksionering, 'n inventaris. (Yassen, 1995:184 en 191). (Bylaag L).

## 6.10 SAMEVATTING

Vanuit 'n hermeneutiese paradigma beskou, het in hierdie hoofstuk 'n hele aantal horisonne van verstaan bymekaar gekom. Dit het duidelik geblyk dat geestelike werkers wat een of ander vorm van traumawerk doen, moontlik slagoffers van medelye-moegheid mag wees. Belangrike oorsake vir die toedrag van sake is uitgewys. Dit kan eerstens onkundigheid betreffende die probleem van medelye-moegheid wees asook die gepaardgaande wanpersepsie betreffende hul roeping. Vanuit die basisteoretiese perspektief is aangetoon dat die Evangelie inderdaad *alles* van geroepenes vra. Trouens, die respons van die vroeg Christelike kerk op die uitdaging van die Evangelie was dan ook inderdaad om die nood en lyding van daardie tyd ten volle te probeer aanspreek, met alles in hul vermoë. So het die kerk dan ook 'n tydperk van geweldige groei ingegaan. Hulle het die imperatief van die Evangelie verstaan. Voorbeelde uit die kerkgeskiedenis van geestelike werkers se interpretasie van hul roeping het egter mettertyd vrae laat onstaan. Dit was veral deur bydraes soos dié van Dr. Marjory Foyle (sendeling en later psigiater) waardeur geblyk het hoe diep die verwonding soms gesny het, betreffende liggaam, emosies en gees, by geestelike werkers wat in permanente diens gestaan het. Hoewel talle van hierdie werkers hulself agterna verkwalik en gekasty het nadat hulle nie meer die pas kon volhou nie en gevolglik ook gevoel het dat hulle

geestelik misluk het, het Foyle hulle toestand positief geherinterpreteer as *honorably wounded.* Vanuit die metateoretiese bydraes het geblyk in welke mate traumawerk enige persoon wat empaties daarby betrokke is, emosioneel en geestelik skade kan berokken. Die empiriese navorsing het belig in welke mate geestelike werkers wat voortdurend met die trauma van ander gekonfronteer is, in die proses reeds emosionele en geestelike en dikwels ook fisiese skade opgedoen het.

Daar is vervolgens sterk gefokus op die feit dat geestelike werkers wel gehelp kan word om hulle eie kwesbaarheid te verstaan en dan ook voorkomend te kan optree. In hierdie verband is daar besonder verrykende insigte vanuit die verhaal van Elia wat toegepas kan word in 'n terapeutiese program ter voorkoming van medelye-moegheid. Op 'n baie praktiese wyse kan Elia se verhaal gekontekstualiseer word en kan daar verrykende en insiggewende perspektiewe betreffende fisiese, emosionele en geestelike kwesbaarheid en geroepenheid toegepas word.

Wat 'n naweek *retraite* betref, het geblyk dat dit 'n uitstekende konteks bied vir die hantering van die probleem van medelye-moegheid. ’n Kampterrein omring deur natuurskoon en gerieflike konferensie fasiliteite kan emosioneel geweldig winsgewend wees. So 'n geleentheid sonder al die ander stressors bied genoegsame tyd om geestelik op God te fokus. Vir seminaar gangers sal daar genoegsame tyd moet wees om te besin oor wat hulle geleer het. Hulle sal ook tyd nodig hê om hulself te evalueer betreffende die simptome van medelye-moegheid, wat hulle moontlik in hulleself reeds waargeneem het. Tyd vir fisiese aktiwiteite, soos om byvoorbeeld te gaan stap in die natuur kan dan ook van groot waarde wees.

# AFDELING D: SAMEVATTING

# HOOFSTUK 7

## GEVOLGTREKKINGS EN VOORGESTELDE TERREINE VIR VERDERE NAVORSING

Die finale gevolgtrekkings van elke hoofstuk van hierdie studie word nou aan die orde gestel. Voorstelle betreffende verdere navorsing rondom aanverwante areas en temas word ook aan die hand gedoen.

## Afdeling A: Basisteorie

## 7.1 GEVOLGTREKKINGS TEN OPSIGTE VAN DIE BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE

In hierdie afdeling kom die oorspronklike probleemstelling aan die orde betreffende die teologiese oorlewering en die basisteoretiese vertrekpunte wat betrekking het op die selfbewussyn van die pastor en ander professionele werkers in die helpende beroepe.

### *7.1.1 Met betrekking tot die oorspronklike probleemstelling*

Hierdie studie het bevind dat daar inderdaad 'n groot persoonlike koste verbonde aan *omgee* is. Dit het die oorspronklike probleemstelling, naamlik dat sekondêre trauma of te wel medelye-moegheid, 'n wesenlike gevaar inhou vir geestelike werkers wat een of ander vorm van traumawerk doen, bevestig (vgl. 1.2). Die belang van hierdie studie uit pastorale oogpunt is dus bevestig.

- Die mees fundamentele ontwrigting wat medelye-moegheid by die Christen traumawerker tot gevolg het, hou verband met die geestelike dimensie (vgl. 1.2.2.3). Dit het inderdaad die potensiaal om geloof, die indiwidu se verstaan van sy identiteit, lewensveronderstellinge, verwysingsraamwerk en die basiese geloofsveronderstellinge van traumawerkers te beskadig (vgl. 1.2.2.3). Medelye-moegheid tref gelowiges met 'n Christelike oriëntasie besonder hard – hier gaan dit veral om voltydse werkers in diens van die kerk soos pastors, maatskaplike werkers, sendelinge, jeugwerkers, ensovoorts. Dit het geblyk dat deel van die aanleidende oorsake die feit is dat gelowiges hulself

maklik verwyt en veroordeel, gemeet aan die hoë Bybelse standaarde betreffende persone in diens van God. Die voor die hand liggende rede, uit die traumawerker se gesigpunt, is dat sy slegte simptome te wyte is aan swak geloof en gebrekkige toewyding aan die Here – wat uiteraard nie noodwendig altyd die geval is nie.

### *7.1.2 Met betrekking tot 'n pastorale benadering*

- Die opneem van die kwessie van medelye-moegheid is 'n pastorale imperatief. Die pastoraat as sodanig mag die probleem nie ignoreer of oorlaat aan die aangrensende wetenskappe nie. Medelye-moegheid het geblyk 'n aftakelende effek te hê op die primêre funksionering van pastors in gemeentes en gevolglik is hierdie aangeleentheid van kritiese belang vir die kerk in die breë.
- Pastorale toerusting en bemagtiging van Christene betrokke in traumawerk blyk gevolglik 'n dringende behoefte te wees.

### *7.1.3 Met betrekking tot roeping*

- Die radikaliteit van die Bybelse eise aan geroepenes is inderdaad oorweldigend (vgl. 2.6.3). Geroepenes gee hulleself met absolute oorgawe, met hart en siel aan die diens van die Here. Die voorbeelde uit die kerkgeskiedenis van Christene se interpretasie van hul roeping het dit bevestig (vgl. 2.4.3).
- Uit die teologiese oorlewering blyk dit duidelik dat die kerk buiten die beoefening van suiwer geestelike dissiplines soos Bybelstudie en gebed, vir 'n baie lang tydperk in die verlede hoegenaamd geen begrip gehad het vir die belang van die versorging van pastorale werkers nie. Rus en ontspanning is binne sekere geestelike kringe byvoorbeeld as tydmors beskou asook iets wat in elk geval 'n swak indruk maak (vgl. 2.4.3.5). Die vrees het bestaan dat enige vorm van *wêreldse pret en genieting* die aandag van geestelike werkers se eintlike taak sou aflei.
- Van geestelike werkers is verwag om voortdurend tussen die sterwendes en noodlydendes te verkeer.
- Die gevolg was dat pastorale werkers die negatiewe simptome wat met medelye-moegheid gepaard gaan en wat hulle in hulself ontdek het, gesien het as ongehoorsaamheid of as 'n swakheid wat slegs deur die groter en harder toewyding aan hulle werk asook die beoefening van geestelike dissiplines reggestel kon word. 'n Verdere gevolg was dan dat hierdie werkers hul persoonlike nood so lank as moontlik verberg het uit vrees vir stigmatisering. Hulle het ook gevrees dat dit sou lyk of hulle geestelik uitsak (vgl. 2.5.1). Voorbeelde uit die kerkgeskiedenis ter bevestiging van hierdie standpunt is oorweldigend.

- Dr. Marjory Foyle, sendeling, mediese dokter en psigiater was van die eerste navorsers binne 'n kerklike milieu wat hierdie probleem raakgesien het. Sy vind dit tragies dat geestelike werkers wat in hierdie geestelike oorlog teen die bose emosioneel verwond geraak het na liggaam, gees en siel (asook dikwels in hul gesinslewe), uiteindelik deur hul kerke as *"returned empties"* getipeer is. Sy reïnterpreteer dit en beskryf persone binne hierdie kategorie eerder as *"God's honorably wounded"* (vgl. 2.5).

## 7.2 GEVOLGTREKKINGS MET BETREKKING TOT DIE EKSEGESE VAN 1 KONININGS 19

Die eksegese van 1 Kon 19 het verrassende toepassingsmoontlikhede met betrekking tot die voorkoms van medelye-moegheid opgelewer. 'n Gedeelte soos hierdie is uiters geskik om gebruik te word op 'n *retraite* waar deelnemers geleentheid het om stil te word en gesamentlik en afsonderlik "te wandel in God se Woord" (vgl. 3.18).

### *7.2.1 Verrassende toepassingsmoontlikhede met betrekking tot die teologiese reïnterpretasie van die Elia verhaal*

- Traumawerkers kan begelei word in die herinterpretasie van hul persoonlike verhale, wat moontlik 'n traumageskiedenis insluit (vgl. 3.18.1). Hulle kan dit doen na analogie van die reïnterpretasie van die Eliaverhale (vgl. 3.9). Selfs Elia moes sy verstaan van die profetiese roeping herinterpreteer. Die profetewoord sal voortaan nie meer met krag en verskrikking gepaard gaan nie, maar dit sal met sagtheid en skynbare swakheid na mense gebring word – dit alleen bring uiteindelik verandering van die innerlike te weeg (vgl. 3.17.4).

### *7.2.2 God se handelinge met 'n gewonde dienskneg*

Die handelinge van God met 'n emosioneel en geestelik verwonde dienskneg dui aan dat God op daardie stadium intense begrip het betreffende die binneste van Elia - dit word duidelik in die wyse waarop God met hom praat, asook die opdragte wat dan volg (vgl. 3.17.4).

- Na 'n genesende periode van alleen wees, het God Elia teruggestuur om kontak te maak met 'n kollega - dit het Elia se isolasie verbreek.
- God het na Elia se liggaamlike behoeftes aan slaap en voedsel omgesien.
- God het Elia toegelaat om te praat en Hy verwyt hom nie sy menslike swakheid nie.
- God laat Elia ver stap, wat beteken dat hy op daardie stadium die noodsaaklike liggaamlike oefening kry.

- Elia is aangesê om in sy spore om te draai en sy vrese te konfronteer.
- Elia hoor die stilte en sien die Onsienlike.
- Elia kom tot die bevrydende ondekking dat die verlossing van Israel nie van homself afhang nie - hy volvoer inteendeel maar slegs 'n klein deeltjie binne God se wonderlike raadsplan.

## Afdeling B: Metateorie

## 7.3 GEVOLGTREKKINGS MET BETREKKING TOT DIE METATEORETIESE PERSPEKTIEWE

Die metateorie open 'n nuwe wêreld van betekenis, veral vir die praktiese teologie en in die lig hiervan werk die praktiese teologie dan ook interdissiplinêr om die toepassingsmoontlikhede van die Woord te ontgin.

### *7.3.1 Die invloed van medelye-moegheid met betrekking tot 'n verskeidenheid van beroepe*

- Medelye-moegheid raak 'n verskeidend van beroepe in die helpende professies (vgl. 4.2.2). Tog is medelye as sodanig intens ook deel van die kerk se "besigheid". Dit vergestalt die hart van God vir 'n wêreld in pyn (vgl. 6.3.3). Om hierdie rede is die kerk verplig en ook geroep om hande te vat met die ander helpende professies aangesien hulle in 'n sekere sin heel dikwels deels betrokke is by die kerk se werk – soveel te meer waar dit ook gaan om gelowiges binne hierdie beroepe.
- Medelye-moegheid het benewens die potensiaal om 'n verskeidenheid van beroepe en professies te affekteer, ook die potensiaal om gemeentes en gemeenskappe te affekteer (vgl. 4.11). Dit blyk dus belangrik vir die pastor om homself te vergewis van hoe medelye-moegheid homself asook die verskeidenheid van lidmate soos byvoorbeeld sielkundiges, dokters, joernaliste, verpleegsters en maatskaplike werkers raak.

### *7.3.2 Die bydrae van die metateorie met betrekking tot 'n pastorale verstaan van die probleem van medelye-moegheid*

- Die metateorie lewer 'n geweldige bydrae tot die *pastorale verstaan* van die nood van pastorale en ander traumawerkers. Dit verryk die pastorale teologie en daarom het die pastorale teologie dan ook groot waardering hiervoor. Die pastorale teologie sou moeilik

ten volle die erns en omvang van die probleem van medelye-moegheid en plaasbekledende traumatisering kon verstaan sonder die hulp van hierdie wetenskappe.

- Dit het gelei tot veel meer begrip vir die feit dat die wese van medelye-moegheid verband hou met die negatiewe transformering van die innerlike ervaringswêreld van die traumawerker.
- Vir die pastoraat is dit opwindend en verblydend om te sien dat die psigologie (metateorie) inderdaad bekommerd is oor die moontlike nadelige invloed as gevolg van hierdie probleem op die geestelike lewe van traumawerkers (vgl. 4.11 en 4.3.9).
- Uit die metateoretiese aanbevelings (soos verteenwoordig deur die aangrensende wetenskappe) vir die voorkoming van medelye-moegheid straal daar selfs 'n "pastorale" benadering. Dit blyk byvoorbeeld duidelik vanuit aanbevelings dat werkers mekaar respekteer en nie stigmatiseer (veroordeel) nie. Hulle word begelei om vir mekaar daar te wees en te werk aan 'n helende klimaat binne hul onderskeie organisasies. In die literatuur en navorsing in hierdie verband is daar dan ook nie huiwering om die belang van die beoefening van geestelike dissiplines aan te toon nie (vgl. 4.9.4).
- Die navorsing in die sielkunde en psigiatrie betreffende die gevolge van trauma en sekondêre trauma op die liggaam van die mens bevestig die pastorale teologie se siening van die mens as 'n liggaam-gees-siel eenheid (vgl. 4.4.1 en 4.9.5.2).
- Vanuit hierdie geledere is daar gevolglik dan ook 'n pertinente vermaning aan die kerk om nie lidmate wat aan medelye-moegheid ly, geestelik te stigmatiseer en gevolglik groter skade aan die geloofslewe van sulke persone te berokken nie. Perspektiewe soos hierdie lewer gevolglik 'n groot bydrae tot die selfverstaan van traumawerkers, selfs binne Christelike oriëntasie (vgl. 4.9.3).
- Die metateoretiese perspektiewe bied duidelike riglyne vir die selfsorg van pastorale en ander traumawerkers. Selfsorg raak die totale mens en verg gevolglik geestelike, liggaamlike, emosionele dissiplines (vgl. 4.9.3 -4.9.5.3).
- Die metateoretiese perspektiewe het geblyk in talle opsigte ook die basisteoretiese perspektiewe te verryk. Dit het duidelik geword in die raadpleging van die eksegetiese bronne dat sekere metateoretiese riglyne verskeie raakpunte het met sekere Bybelse vertrekpunte en dit in sekere opsigte dan ook aanvul en verryk (vgl. 4.8 en 3.17.2). Hoewel navorser bewus is dat psigologiese verklarings van die Woord suiwere Skrifinterpretasie kan verwring, blyk dit nogtans dat die metateorie selfs kan lei tot 'n dieper verstaan van die Skrif, veral betreffende die emosionele en fisiese dimensies van die mens.

- In die lig van laasvermelde, is navorser van mening dat die geestelike dimensie en die metateoretiese dimensie mekaar wedersyds verryk. Die konkrete handelinge van God in die geskiedenis gee sin en betekenis aan menselike nood en pyn. Dit kan die metateorie nie doen nie. Jesus Christus het plaasbekledend, dit wil sê in mense se skoene geklim en hulle lyding en verlorenheid op Hom geneem. Hy het mense se sondeskuld aan die kruis betaal. Hy het die medelye van God met gebroke mense kom openbaar. Deur sy vleeswording het Hy inderdaad die gelowige se lyding ingegaan. Jesus Christus is dus *plaasbekledend getraumatiseer* en dit bevestig God se betrokkenheid by die nood en lyding van mense.

### *7.3.3 Met betrekking tot 'n persoonlike traumageskiedenis*

- 'n Persoonlike traumageskiedenis maak individue meer kwesbaar vir medelye-moegheid. Tog blyk dit dat sulke persone heel dikwels meer aangetrokke voel tot beroepe wat verband hou met die pyn van andere, juis omdat hulle nou die nood van ander beter verstaan en gevolglik 'n brandende begeerte het om te help (vgl. 4.6.2.). Oënskynlik is hul empatiese kapasiteit groter as gevolg van dit wat hulle self beleef het en hou dit dus sekere voordele in met betrekking tot die traumawerk wat hulle doen. Uit die empiriese navorsing het geblyk dat talle geroepenes binne die kerk ook onderweg gekwes is. Die Evangelie begelei egter geroepenes om hul pyn en seer positief te reïnterpreteer en hierdie studie het dan ook duidelik aangetoon dat God bystand aan gekweste diensknegte verleen. In 2 Kor 1:1-11 asook 12 :1-10 interpreteer Paulus sy persoonlike lyding as in diens van Jesus Christus en sy medemens. Hierteenoor is dit egter weer soveel te meer merkwaardig dat Elia gefaal het nadat hy reeds soveel van die krag en bystand van die Here ervaar het. Hierdie teleurstelling in Elia, die held van Karmel, help egter weer geroepenes om hul "machomaskertjies" te laat val. Die metateorie het juis die belangrikheid hiervan onderstreep met die bespreking van die sogenaamde *God syndrome* asook die oortuiging by krisiswerkers dat almal gered moet word en dat hierdie totale verantwoordelikheid as't ware op jou eie skouers rus (vgl. 4.6.7.2). Daar is in hierdie verband duidelik aangetoon dat menslike hulp en bystand beperkinge het. Sonder die geloof in 'n God wat ook die saak van mense opneem en in die toekoms verder voer, sal geestelike werkers moeilik staande bly.

# 7.4 GEVOLGTREKKINGS VANUIT DIE EMPIRIESE NAVORSING

Die Medelye-satisfaksie/moegheid toets is elektronies onder die maatskaplike werkers van NG Welsyn asook die predikantekorps van die NG Kerk, sinodale gebied van Wes-Transvaal, versprei. Die kwantitatiewe navorsing is opgevolg met kwalitatiewe navorsing.

## *7.4.1 Navorsingsresultate van die kwantitatiewe ondersoek*

### 7.4.1.1 Met betrekking tot leraars

- Die respons was te klein om algemeen geldende afleidings te maak. Dit wil egter voorkom asof leraars se medelyesatisfaksie potensiaal veel hoër is as dié van maatskaplike werkers. 'n Leemte in die studie is egter die swak respons van leraars op die Medelye-satisfaksie/moegheidstoets wat elektronies versprei is. Verdere navorsing betreffende die risiko vir leraars om met medelye-moegheid te worstel, word gevolglik van besondere belang geag.

### 7.4.1.2 Met betrekking tot maatskaplike werkers

- Die maatskaplike werkers in diens van NG Welsyn loop 'n uitsonderlike hoë risiko (63.6%) met betrekking tot medelye-moegheid. In hierdie opsig het die empiriese navorsing die metateoretiese bevindinge bevestig (vgl. 4.2.2.6 en 4.7.3 met 5.4.3.2).
- Dringende aandag behoort op professionele vlak deur die betrokke owerhede en organisasies aan hierdie situasie gegee te word (vgl. 5.4.3.2). Die Ned. Geref. Kerk en NG Welsyn as organisasie moet gevolglik hiervan kennis neem. Hierdie toedrag van sake is in alle waarskynlik ook van toepassing op die situasie van maatskaplike werkers wat vir die staat en ander organisasies in Suid-Afrika werk. Organisasies wat nie oor die kundigheid beskik om hierdie probleem uit eie geledere aan te pak nie behoort die kundigheid te bekom.
- Hoewel navorser nie die personeelbeleid van NG Welsyn onder oë gehad het nie, behoort organisasies hul personeelbeleid in die lig van die bevindinge te herevalueer (vgl. 4.7.2; 4.7.5 en 4.9.3 met 5.6.10 en 5.6.10.1).
- Die feit dat slegs 4 uit 'n respons van 35 werkers aandui dat hul geen trauma tydens hul kinderjare gehad het nie bevestig weereens die bevinding (vgl. 4.6.2) dat dit juis persone is met 'n persoonlike traumatiese geskiedenis wat 'n aangetrokkenheid tot hierdie soort werk het. 21.2% erken dat daar traumatiese ervaring(e) gedurende hul jeugjare was wat nog nie ten volle verwerk is nie. Indien die geestelike en emosionele groei van hul werkers vir NG Welsyn en die Ned. Geref. Kerk van waarde is, soos navorser

veronderstel dit sal wees, behoort daar dringend gekyk te word na kanale waardeur 'n aangeleentheid soos hierdie aangespreek kan word.

- Navorser is in die lig van die respons van die maatskaplike werkers self van mening dat NG Welsyn nie hierdie saak suiwer intern alleen moet probeer oplos nie (vgl. 5.6.11.1 en 5.4.3.3).
- Die feit dat 90.9% van die maatskaplike werkers aangedui het dat hulle "geloofstandpunte het wat vir hulle as anker dien" (vgl. 5.4.3.3) is 'n aanduiding van die positiewe reaksie wat te wagte kan wees op 'n pastorale benadering van die probleem.
- Die feit dat slegs 3% maatskaplike werkers aandui dat hulle 'n uitsonderlik hoë potensiaal vir medelyesatisfaksie het, terwyl 96.9% aangedui het dat hulle 'n redelike tot matige potensiaal vir medelye-satisfaksie het, is, hoewel verstaanbaar uit die aard van die werk wat hulle doen, tog kommerwekkend (vgl. 5.4.3.1). Die motivering om hierdie werk te doen, spruit uiteraard deels uit die satisfaksie en selfvervulling wat daaruit geput word (vgl. en 4.9.6).

### *7.4.2 Navorsingsresultate van die kwalitatiewe ondersoek*

#### 7.4.2.1 Met betrekking tot leraars

Dit het geblyk dat die leraar wat wel aan die ondersoek deelgeneem, het reeds gevorderde vlakke van medelye-moegheid en uitbranding openbaar.

#### 7.4.2.2 Met betrekking tot maatskaplike werkers

- Dit blyk dat geroepenheid 'n sterk faktor is onder maatskaplike werkers. Navorser is egter van mening dat erosie van die roepingsoortuiging mettertyd intree as gevolg van die geestelike aftakeling wat deur medelye-moegheid veroorsaak word (vgl. 5.6.5 met 4.3.9).
- Dit wil lyk of die omvang van die nood onder maatskaplike werkers veral manifesteer in die benadeling van hul gesondheid (vgl. 5.6.13 en 5.6.8), in hul huweliks en gesinslewe (vgl. 5.6.8) asook die nadelige beïnvloeding van hul persoonlike en emosionele lewe (vgl. 5.6.8 met 4.3.3).
- Godsdiens en geloof is vir die maatskaplike werkers van die grootste belang. Verskeie medewerkers het melding gemaak van 'n intense bekeringservaring tydens hul jeug en hulle getuig dan ook van kerklike meelewing. Hulle vertel dat hulle dikwels desperaat bid vir wysheid (vgl. 5.6.1). Dit het egter geblyk dat tye van intense kerklike betrokkenheid soms ook afgewissel word met tye van volslae afwesigheid – in gevalle soos hierdie kan medelye-moegheid 'n beduidende faktor wees (vgl. 5.6.5.1).
- Dit het vreemd opgeval dat die maatskaplike werkers beweer dat hulle nooit oor God en lyding teologiseer nie (vgl. 5.6.6.1). Dit is moontlik tekenend van hoe kosbaar hulle hul

geloof ag, maar dat hulle as gevolg van medelye-moegheid moontlik ook in 'n soort teologiese ontkenning funksioneer.

#### 7.4.2.3 Die moontlike rol van medelye-moegheid met betrekking tot maatskaplike werkers wat die beroep verlaat

Faktore soos die volgende kan uiteindelik deel van 'n groter sisteem wees wat bevorderlik is tot die probleem van medelye-moegheid:

- Swak salarisse blyk 'n belangrike faktor te wees.
- Die ondankbaarheid van kliënte in 'n welsynsomgewing. Hulle kry weinig erkenning vir die werk wat hulle doen.
- Die voortdurende twyfel oor die ingrypende besluite wat hulle moet neem met betrekking tot kinders se toekoms, veroorsaak by tye groot spanning.
- Die gebrekkige hulpbronne tot hul beskikking dra geweldig by tot 'n gevoel van magteloosheid. Die konflik tussen die swak opsies wat as intervensie beskikbaar is, dra dan ook dikwels by tot 'n gevoel van ontoereikenheid.

#### 7.4.2.4 Hoe die werk hulle persoonlike lewe beïnvloed

- Die werk verander hul menswees en hou die potensiaal in om hul persoonlike verhoudings te benadeel. Die gevaar is groot dat hulle hiperkrities raak in hul persoonlike verhoudings. Hulle raak geïrriteerd met diegene binne hul persoonlik kring (vgl. 5.6.7.1).
- Die las van konfidensialiteit is groot en raak hul persoonlike verhoudings. In die proses raak verhoudinge by die werk moontlik oorbelas (vgl. 5.6.7.1).

#### 7.4.2.5 Die invloed op die organisatoriese en professionele konteks

- 'n Professionele vertrouensverhouding impliseer nie noodwendig 'n emosionele vertrouensverhouding nie. Diep emosies en emosionele pyn word nie noodwendig in professionele verhoudinge openbaar nie. Professionele verhoudings word moontlik oorbelas deurdat diegene wat supervisie doen te naby aan die werker is.
- Terapeute van buite die organisasie sal moontlik meer in staat wees om probleme te identifiseer en verstaan wat nie binne die organisasie raakgesien is nie.
- Kennis aangaande die problematiek van medelye-moegheid laat veel te wense oor - selfs diegene wat supervisie doen is in sommige gevalle nie altyd ten volle op hoogte nie.
- Werkers voel dikwels oorlaai.

#### 7.4.2.6 Berading en die maatskaplike werker

Daar bestaan 'n baie sterk moontlikheid dat maatskaplike werkers wat gewoond is om hulp en bystand te verleen, ongemaklik sal wees wanneer rolle omgeruil word.

## Afdeling C: Praktykteorie

## 7.5 GEVOLGTREKKINGS MET BETREKKING TOT DIE PRAKTYKTEORIE

Hier is uitgegaan van die standpunt dat die *verstaan* van die probleem van medelye-moegheid reeds die basis vir geestelike groei en emosionele verryking vorm. Hoewel medelye-moegheid as 'n onbekende monster op die agtergrond beweeg, open die aanspreek en hantering van hierdie probleem bevrydende en verruimende nuwe perspektiewe.

Die Christelike kerk het vanaf die vroegste tye in sy bestaan die nood van mense raakgesien en dit aangespreek. Dit is ook die rede waarom die vroeg Christelike kerk fenomenaal gegroei het onder die vyandige Romeinse regering. Dit het die kerk gedoen in skrille kontras met die inheemse godsdienste, wat geneig was om hulself te isoleer en gevolglik vanaf die epidemies en katastrofes weg te vlug. Daarteenoor het Christene met selflose liefde mense in nood gaan bystaan (vgl. 6.3.2). Die Bybel spreek van 'n God wat in die hart getref word deur die nood van mense (vgl. 6.3.3). Medelye is dus die kerk se *besigheid.* Dit het die potensiaal om die wêreld te verander. Medelye maak God self teenwoordig. Traumawerkers het ten diepste hierdie een doel voor oë, naamlik om die teenwoordigheid van God in die lewe van stukkende mense te vergestalt. Dit het bepaalde implikasies wat die kerk behoort te verreken:

- Die kerk en gelowiges moet die koste van medelye en empatie bereken en bestuur ter wille van volhoubaarheid. Dit gaan dus om die instandhouding van die kanale waardeur God se omgee deur gelowige geroepenes na die wêreld gekanaliseer word.
- Instandhouding moet veel meer as selfsorg behels. Geestelike groei en persoonlike verryking is die doel. Instandhouding moet wees die bemagtiging om meer effektief te wees in traumawerk.
- Die kerk behoort verder as slegs mense, in sy direkte diens ook te fokus op medewerkers op die gebied van traumawerk. Ander professies in privaatpraktyke soos sielkundiges, mediese dokters, joernaliste (alhoewel in 'n ander kategorie) doen ook traumawerk van een of ander aard en hulle is dikwels ook lidmate van die kerk - hulle is dus ook geroepenes. Hulle kan ook aan die gevolge van medelye-moegheid ly.
- Die beroep van joernalis kan verstaan word as die kerk "se geheime agente" wat die nood en lyding van mense gaan haal en bekend maak. Hulle word bemagtig wanneer die kerk daarop reageer en hulp verleen.

### *7.5.1 Riglyne vir die verdieping van geloofstandpunte en geestelike groei*

- Geroepenes moet gehelp word om geloofstandpunte te huldig wat Bybels verantwoordbaar is (vgl. 6.4).
- Geroepenes herhaal "as't ware die vleeswording van Christus" (alhoewel uiteraard in 'n veel geringer mate). Hy het vir die gelowige en namens hom die diepste nood en ellende ingegaan om heling vir stukkende mense te bring. Traumawerkers in konfrontasie met die bose beweeg op gevaarlike grond wat hulle persoonlik baie kan kos. Die koste moet egter balanseer word met die winste, inherent aan traumawerk. Gelowiges moet altyd onthou dat die deurbreek van God se Koninkryk nie afhanklik is van menslike bystand nie. Traumawerkers moet onthou dat hulle slegs een skakeltjie binne God se omvattende heilsweg met mense is (vgl. 6.4).
- Traumawerkers moet verstaan dat hulle wel kritiese geloofsvrae mag vra. Hierdie werk dwing hulle gevolglik om hul geloofsisteme en geloofsuitgangspunte te herevalueer en selfs te konfronteer. Die ontdekking van jou persoonlike gebrokenheid is 'n voorwaarde tot dienswerk binne die Koninkryk van God (vgl. 6.5).

### *7.5.2 Riglyne vir die voorkoming van medelye-moegheid binne 'n professioneel-organisatoriese konteks*

- Die kerk behoort met gelowige professionele mense in privaatpraktyke te besin oor hul pastorale identiteit as geroepenes in diens van die Here. Hoewel die professionalisering en privatisering van beroepe die afstand tussen die kerk en die beroepe vergroot het, behoort hierdie mense deur die kerk bygestaan te word en behoort hulle hul professie in diens van die Koninkryk van God aan te wend (vgl. 6.6).
- Organisasies wat een of ander vorm van traumawerk doen, behoort die werkers in te lig betreffende die gevare verbonde aan hulle werk. Die organisasies behoort te werk aan 'n gesonde organisatoriese klimaat waarbinne die stigmatisering van werkers met medelye-moegheid nie toegelaat word nie. Sulke organisasies behoort hul werkers by te staan deur byvoorbeeld te waak dat personeel nie oorlaai word nie en terselfdertyd geleenthede vir verdere opleiding betreffende medelye-moegheid te skep (vgl. 6.7).

### *7.5.3 Riglyne vir liggaamlike selfsorg*

- Traumawerkers stel as't ware hul liggame in diens van traumawerk. Die term *plaasbekledende traumatisering* dui reeds op 'n geestelike konnotasie. Die Bybel handhaaf die siening dat die mens 'n liggaam-gees-siel eenheid is. Die neurofisiologie van *liggaamsempatie* soos aangetoon vanuit die metateorie bevestig die belang van

liggaamlike selfsorg. Toerusting in teorie en praktyk betreffende die psigo-fisiologie van empatie is vir die voorkoming van medelye-moegheid van kardinale belang. Daar is baie aspekte betrokke in liggaamlike selfsorg soos die neem van vakansies, rusperiodes, diëte, oefening, ensovoorts, wat van kardinale belang is betreffende die voorkoming van medelye-moegheid (vgl. 6.8.4).

### *7.5.4 'n Hermeneutiese model vir die behandeling van individue en groepe wat worstel met die probleem van medelye-moegheid*

'n Beknopte hermeneutiese model wat dien as gespreksraamwerk (met individue) en ook toegepas kan word as raamwerk vir die aanbied van 'n seminaar of naweek *retraite* met groepe, is voorgestel. Hierdie model bestaan uit die volgende vyf afdelings:

  - Die verhaal van nood.
  - Die verhaal met 'n storie.
  - Die verduisterde toekomsverhaal.
  - Herstrukturering van die verlede verhaal.
  - Rekonstruksie van 'n toekomsverhaal.

- Seminaargangers word ingelei betreffende die probleem van medelye-moegheid.
- Die verhaal van roeping, die metateorie, trauma in die algemeen, 'n persoonlike traumageskiedenis asook die verhaal van Elia kom aan die orde.
- 'n Verduisterde toekomsperspektief is gewoonlik te wyte aan uitgediende lewenstrategieë, soos die gebrek aan fisiese selfsorg, gebrek aan geestelike selfsorg asook uitgediende kognitiewe en emosionele selfbeskermingsmeganismes wat gehandhaaf word. 'n Poging om redes vir die huidige toedrag van sake te gee, word gefasiliteer.
- Dit is moeilik om die negatiewe van die verlede agter te laat as die sin daarvan nie verstaan word nie. Gelowiges het egter deur die eeue heen hulself besig gehou met die reïnterpretasie van die verlede soos byvoorbeeld blyk uit die Deuteronomistiese reïnterpretasie van 1 en 2 Konings. Die positiewe herformulering van negatiewe (selfs traumatiese) verledeverhale geskied vervolgens deur die toeken van nuwe betekenisse daaraan.
- Mismoedigheid, emosionele pyn, vrees, verlies en lyding hou verband met toekomsverhale wat dreig om te disintegreer. Geroepenes word vervolgens uitgedaag om weer groot te droom oor die hernude deurbreek van God se Ryk in huidige krisissituasies (vgl. 6.9.1). Die ontsaglike nood en lyding tydens die beginjare van die vroeg Christelike kerk, onder die juk van die Romeinse regering, was die vonk wat die Christendom onkeerbaar aangevuur het. Onder hierdie afdeling word daar dan ook besonder gefokus op die belangrikheid van medelye-satisfaksie (vgl. 4.9.6) as 'n

belangrike teenwig vir die probleem van medelye-moegheid. Strategieë word geformuleer om gelowige, professionele traumawerkers buite kerklike diens, van hul geroepenheid en verantwoordelik bewus te maak.

## 7.6 FINALE GEVOLGTREKKINGS

Die bede is dat hierdie studie traumawerkers wat op een of ander wyse betrokke is in die lewens van gekweste mense, tot seën sal wees. Mag hierdie pastorale riglyne daartoe ly dat professionele traumawerkers in privaatpraktyke ook hul geroepenheid sal herontdek. Mag hierdie individue dan ook hul geestelike wortels in die Blye Boodskap wat getuig van God se medelye met stukkende en gebroke mense, herontdek en dan ook ten volle toetree tot hul aandeel in die kerk as liggaam van Christus. Indien hierdie studie dan ook daartoe kan bydra dat traumawerkers weer nuwe satisfaksie en lewensvervulling ervaar in die goeie werk wat hulle doen en die Koninkryk van God in hierdie proses verder uitgebou word, kom al die eer maar net aan God toe - *Soli Deo Gloria.*

## 7.7 VOORGESTELDE TERREINE VIR VERDERE NAVORSING

- Gemeentes as helende gemeenskappe.
- Empiriese navorsing betreffende die voorkoms van medelye-moegheid onder predikante.
- Pastorale studie betreffende liggaamsempatie.

## 7.8 SLEUTELTERME

**Afrikaans:**

Medelye-moegheid

medelye satisfaksie

deernisuitputting

sekondêre traumatisering

sekondêre traumatiese stres

plaasbekledende medelye

plaasbekledende traumatisering

sekondêre viktimisering

teenoordrag

medelye

empatie

meegevoel

simpatie

uitbranding

**Engels:**

*compassion fatigue*

*vicarious traumatization*

*countertransference*

*compassion stress*

*empathy fatigue*

*secondary victimization*

*co-victimization*

*vicarious victimization*

*contact victimization*

*secondary survivor*

*emotional contagion.*

# BYLAES

**Bylaag A:** Die medelye-satisfaksie/uitputting selftoets vir beraders, soos oorspronklik opgestel deur Charles Figley en Bertha Stamm (Stamm 2002a) en vertaal deur W.C. Coetzer (2006:118) in Uitgebrande beraders: medelye-moegheid en sekondêre trauma. Ongepubliseerde studiehandleiding. Potchefstroom (vgl. 4.3.1.1 & 6.9.3).

**Bylaag B:** Die begeleidende brief (vgl. 4.4.1).

**Bylaag C:** Die statistiese verwerking van die Medelye-Satisfaksie/ Moegheid Toets (Compassion Satisfaction/Fatigue Test- Csf) deur die Statistiese Konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit (vgl. 4.4.2).

**Bylaag D:** Grafiese voorstelling van data (vgl. 4.4.3.1).

**Bylaag E:** Raamwerk van vrae: Die inleiding en die sluiting van 'n professionele ooreenkoms (vgl. 4.5.2).

**Bylaag F:** Gemeenskapsanalise (2008) deur die Ned. Geref. Gemeente, Randfontein-Noord in samewerking met NG Welsyn (vgl. 6.3.2.1).

**Bylaag G:** Die selfsorg doelstellingshulpmiddel, soos ontwikkel deur A.J. van der Merwe (2006) onder leiding van W.C. Coetzer aan die Noordwes-Universiteit (vgl. 6.9.3).

**Bylaag H:** Die *Uitbranding onder geestelike ampsdraers vraelys* ontwikkel binne die Alban Institute deur M. Oswald (2003) en verwerk deur A.J. Van der Merwe (2006) onder leiding van W.C. Coetzer aan die Noordwes-Universiteit (vgl. 6.9.3).

**Bylaag I:** Die *Uitbranding vraelys: toets jouself* deur W.C. Coetzer (2005:107) in Uitgebrande beraders: medelye-moegheid en sekondêre trauma. Ongepubliseerde studiehandleiding. Potchefstroom (vgl. 6.9.3).

**Bylaag J:** *Die Burns depressie vraelys* soos vertaal en verwerk deur W.C. Coetzer (2005:111) in Uitgebrande beraders: medelye-moegheid en sekondêre trauma. Ongepubliseerde studiehandleiding. Potchefstroom (vgl. 6.9.3).

**Bylaag K:** *Die Burns angs vraelys* (1993) soos vertaal en verwerk deur W.C. Coetzer (2005:114) in Uitgebrande beraders: medelye-moegheid en sekondêre trauma. Ongepubliseerde studiehandleiding. Potchefstroom (vgl. 6.9.3).

**Bylaag L:** Die persoonlike impak van sekondêre traumatiese stres en die impak van sekondêre traumatiese stres op professionele funksionering (Yassen,1995:200). (vgl. 6.9.3)

# Bylaag A

## Medelye-satisfaksie/ moegheid toets *(compassion satisfaction/fatigue test- csf)*

Met erkenning aan Prof. W.C. Coetzer (2005) vir die vertaling en verwerking van hierdie toets in Afrikaans.

*STAMM, B.H. 2002a. Professional Quality of life: Compassion satisfaction and fatigue subscales III http://isu.edu/~bhstamm of www.greencross.org/selftest4psychotherapist.pdf Datum van gebruik: 25 Junie 2005*

Deur andere te help, kom jy in direkte kontak met mense se lewens. Jou meelewing met ander mense in krisis hou vir jou positiewe sowel as negatiewe aspekte in. Hierdie toets help jou om die status van jou meelewing te bepaal. Hoe groot is jou risiko vir uitbranding en medelye moegheid? Wat is die mate van satisfaksie wat jy beleef wanneer jy andere help?

Oorweeg elk van die volgende stellings met betrekking tot jouself sowel as jou huidige situasie. Vul die syfer in wat 'n eerlike weergawe is van hoe gereeld jy die afgelope tyd die betrokke gevoel of ervaring beleef het

Skaal Indeks

**Nooit = 0**

**Min =1**

**'n Paar keer = 2**

**Redelik gereeld = 3**

**Dikwels = 4**

**Baie dikwels = 5**

VOORBEELD

**Merk jou keuse met 'n sterretjie.**

| | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Ek is gelukkig** | | | | | | * |

**(Die keuse is ek is "baie dikwels" gelukkig)**

**Instruksies**

1. **Stoor ("save") die vraelys as dokument op jou rekenaar**
2. **Voltooi dit en stoor dit weer**
3. **Stuur terug aan jhv.fourie@absamail.co.za of johan@randfontein.ng.org.za**
4. **NB Heg die voltooide dokument aan deur die "insert file" (die "paperclip" tekentjie) te kliek en die regte dokument te kies**

| **Aspekte rondom jouself** | **0** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. Ek is gelukkig | | | | | | |
| 2. Ek ervaar lewensatisfaksie | | | | | | |

| Aspekte rondom jouself | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 3. Ek het geloofstandpunte wat vir my as anker dien | | | | | | |
| 4. Ek voel vervreemd van andere | | | | | | |
| 5. Ek vind dat ek nuwe dinge leer by diegene na wie ek uitreik | | | | | | |
| 6. Ek dwing myself om sekere gevoelens of gedagtes te ignoreer wat my herinner aan 'n angsvolle ervaring | | | | | | |
| 7. Ek kom agter dat ek sekere aktiwiteite of situasies vermy omdat dit my herinner aan 'n angsvolle ervaring | | | | | | |
| 8. Ek het geheueverlies rondom sekere aspekte van angsvolle ervarings | | | | | | |
| 9. Ek beleef goeie kontak met andere | | | | | | |
| 10. Ek voel kalm | | | | | | |
| 11. Ek is van mening dat ek 'n goeie balans handhaaf tussen my werk en my vrye tyd | | | | | | |
| 12. Ek ervaar probleme om aan die slaap te raak en om deur te slaap | | | | | | |
| 13. Ek beleef woede uitbarstings of geïrriteerdheid na geringe provokasie | | | | | | |
| 14. Ek is die persoon wat ek altyd graag wou wees | | | | | | |
| 15. Ek skrik maklik | | | | | | |
| 16. Wanneer ek met iemand werk wat geviktimiseer is, kry ek soms gewelddadige gedagtes met betrekking tot die oortreder | | | | | | |
| 17. Ek is 'n sensitiewe persoon | | | | | | |
| 18. Ek beleef terugflitse wat verband hou met die persone wat ek in die verlede gehelp het | | | | | | |

| Aspekte rondom jouself | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 19. Ek ervaar goeie ondersteuning van kollegas wanneer ek `n hoogs stresvolle ervaring moet hanteer | | | | | | |
| 20. Ek het eerstehandse ervaring opgedoen rondom traumatiese gebeure in my volwasse lewe | | | | | | |
| 21. Ek het eerstehandse ervaring opgedoen rondom traumatise gebeure in my kinderjare | | | | | | |
| 22. Ek is van mening dat daar 'n traumatiese ervaring in my lewe is wat nog "deurgewerk" moet word | | | | | | |
| 23. Ek dink dat ek 'n behoefte het aan meer intieme vriende | | | | | | |
| 24. Ek het nie iemand om mee te praat betreffende hoogs stresvolle ervarings nie | | | | | | |
| 25. Ek het tot die gevolgtrekking gekom dat ek te hard werk | | | | | | |
| 26. Ek ervaar 'n groot stuk satisfaksie deur helpend by ander betrokke te wees | | | | | | |
| 27. Ek voel versterk nadat ek gewerk het met diegene na wie ek uitreik | | | | | | |
| 28. Ek is angsbevange oor dinge wat 'n persoon wie ek gehelp het gesê of aan my gedoen het | | | | | | |
| 29. Ek het al dieselfde verontrustende drome gehad as diegene wat deur my gehelp is | | | | | | |
| 30. Ek het aangename gedagtes betreffende diegene na wie ek uitreik, asook met betrekking tot dit wat ek vir hulle kan doen | | | | | | |
| 31. Gedagtes rondom tye saam met moeilike persone maak soms inbreuk op my denke | | | | | | |
| 32. Terwyl ek iemand probeer help, beleef ek soms 'n skielike en onwillekeurige herinnering aan 'n angsvolle ervaring | | | | | | |
| 33. Ek is oormatig betrokke en besorg (pre-occupied) oor meer as een persoon aan wie ek hulp verleen | | | | | | |
| 34. Ek verloor soms slaap as gevolg van die traumatiese ervarings van 'n persoon aan wie ek hulp verleen het | | | | | | |

| Aspekte rondom jouself | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 35. Ek ervaar vreugdevolle gevoelens oor die wyse waarop ek hulp kan verleen aan slagoffers | | | | | | |
| 36. Ek dink dat ek moontlik "aangesteek" kan wees deur die traumatiese stres van diegene aan wie ek hulp verleen | | | | | | |
| 37. Ek dink dat ek positief "ingeënt" is (dit het my dus voorberei op toekomstige trauma) deur die traumatiese stres van diegene wat ek help | | | | | | |
| 38. Ek moet myself gereeld herinner om minder begaan te wees oor die omstandighede van diegene wat ek help | | | | | | |
| 39. Ek voel by tye vasgevang (trapped) deur my werk | | | | | | |
| 40. Ek het 'n gevoel van hopeloosheid betreffende die hulp wat ek aan diegene gee by wie ek betrokke is | | | | | | |
| 41. Ek voel senuweeagtig oor verskillende dinge en ek skryf dit toe aan my betrokkenheid by sommige van die persone aan wie ek hulp verleen | | | | | | |
| 42. Ek wens dat dit nie vir my nodig was om betrokke te wees by sommige van die persone aan wie ek hulp moet verleen nie | | | | | | |
| 43. Dit is 'n besondere vreugde om betrokke te wees by sommige persone aan wie ek hulp verleen | | | | | | |
| 44. Ek was al in gevaarlike situasies in my hulpverlening aan sommige persone | | | | | | |
| 45. Ek dink dat sommige van die persone aan wie ek hulp verleen, nie van my hou nie | | | | | | |

| Aspekte rondom die feit dat jy 'n helper is, asook betreffende jou helpende omgewing | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 46. Ek hou van my werk as 'n helper | | | | | | |
| 47. Ek is van mening dat ek beskik oor die toerusting en bronne wat nodig is om my werk as 'n helper te verrig | | | | | | |
| 48. By tye voel ek swak, moeg en gedreineer as gevolg van my werk as 'n helper | | | | | | |

| Aspekte rondom die feit dat jy 'n helper is, asook betreffende jou helpende omgewing | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 49. Ek voel by tye depressief as gevolg van my werk as 'n helper | | | | | | |
| 50. Ek is van mening dat ek as 'n helper suksesvol is | | | | | | |
| 51. Ek slaag nie daarin om my uitreik na andere te onderskei van my persoonlike lewe nie | | | | | | |
| 52. Ek geniet die interaksie met my medewerkers | | | | | | |
| 53. Ek maak staat op die ondersteuning van my medewerkers wanneer ek dit benodig | | | | | | |
| 54. My medewerkers kan op my hulp staatmaak wanneer hulle dit benodig | | | | | | |
| 55. Ek vertrou my medewerkers | | | | | | |
| 56. Ek ervaar min meelewing teenoor meeste van my medewerkers | | | | | | |
| 57. Ek voel goed oor die wyse waarop ek kan bybly met betrekking tot ondersteunende tegnologie | | | | | | |
| 58. Ek is van mening dat dit vir my meer gaan oor geld of prestige as oor persoonlike vervulling | | | | | | |
| 59. Alhoewel ek papierwerk moet doen waarvan ek nie hou nie, het ek steeds tyd om te werk met diegene aan wie ek hulp verleen | | | | | | |
| 60. Soms druis aspekte van my professionele lewe in my persoonlike en gesinslewe in | | | | | | |
| 61. Ek is van mening dat ek in pas is met die nuutste tegnieke en protokolle in die helpende professie | | | | | | |
| 62. Ek ervaar 'n gevoel van waardeloosheid/ontnugtering/bitterheid rondom my rol as helper | | | | | | |
| 63. As helper voel ek na 'n "mislukking" | | | | | | |
| 64. Ek is van mening dat ek nie suksesvol is in die bereiking van my lewens-doelwitte nie | | | | | | |

| Aspekte rondom die feit dat jy 'n helper is, asook betreffende jou helpende omgewing | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 65. Ek moet gereeld burokratiese en onbelangrike take verrig as deel van my rol | | | | | | |
| 66. Ek is van plan om nog vir 'n lang tyd betrokke te bly in die helpende professie | | | | | | |

**Punteberekening**

**Die berekening van die puntetotaal dien slegs as 'n breë riglyn en moenie beskou word as 'n finale konklusie nie**

1. Maak seker dat u al die vrae beantwoord het
2. Plaas 'n x by die volgende 26 vrae: 1-3, 5, 9-11, 14, 19, 26-27, 30, 35, 37, 43, 46-47, 50, 52-55, 57, 59, 61, 66.
3. Plaas 'n regmerkie by die volgende 16 vrae: 17, 23-25, 41, 42, 45, 48, 49, 51, 56, 58, 60, 62-65.
4. Omkring die volgende 23 vrae: 4, 6-8, 12, 13, 15, 16, 18, 20-22, 28, 29, 31-34, 36, 38-40, 44.
5. Verkry by elk van die 3 kategorieë die totale afsonderlik as volg:

   * By al die vrae met x gemerk tel die skaalwaardes wat gemerk is bymekaar (bv. as by Vraag 1 die 5-kolom gemerk is, by Vraag 2 die 3-kolom en by Vraag 3 die 4-kolom, tel dan 5, 3 en 4 bymekaar en gaan so voort vir al die vrae met x gemerk. Herhaal die proses vir die twee ander kategorieë.

6. Beoordeel die totale soos volg:

   **a.** Die potensiaal vir medelye satisfaksie **(almal met 'n kruisie gemerk):**
   **118 en hoër = uitsonderlike hoë potensiaal**
   **100-117 = hoë potensiaal**
   **82-99 = redelike potensiaal**
   **64-81 = matige potensiaal**
   **63 = lae potensiaal**

   **b.** Die risiko vir uitbranding **(almal met 'n regmerkie gemerk):**
   **76-85 = uitsonderlike hoe risiko**
   **51-75 = hoe risiko**
   **37-50 = matige risiko**
   **36 of minder = besonder lae risiko**

c. Die risiko vir medelye moegheid **(almal wat omsirkel is):**

**41 en meer = uitsonderlike hoë risiko**

**36-40 = hoë risiko**

**31-35 = matige risiko**

**27-30 = lae risiko 26**

**26 of minder = besonder lae risiko**

**Instruksies**

1. **Stoor ("save") die vraelys as dokument op jou rekenaar**
2. **Voltooi dit en stoor dit weer**
3. **Stuur terug aan jhv.fourie@absamail.co.za of johan@randfontein.ng.org.za**
4. NB **Heg die voltooide dokument aan deur die "insert file" (die "paperclip" tekentjie) te kliek en die regte dokument te kies**
5. **Indien jy nie kan epos nie, pos dit aan:**
   Ds Johan Fourie, Posbus 6017, Greenhills, 1767
   Vir navrae: Skakel 011- 4123979

# Bylaag B

## Die begeleidende brief

**Geagte broer/suster/maatskaplike werker**

**Insake : Navorsingsvraelys met betrekking tot medelye-moegheid/satisfaksie**

Ek, Ds. Johan H v S Fourie, is tans besig met my doktorale studie in die vak Pastoraal aan die Noordwes-Universiteit onder leiding van Prof. W.C. Coetzer. Die doel van hierdie studie is om die voorkoms van medelye-moegheid/satisfaksie onder geestelike werkers wat gereeld aan *andere se trauma* blootgestel word, te ondersoek. Die literatuur wat hieroor handel, toon aan dat die blootstelling aan ander se trauma beduidende negatiewe gevolge betreffende geestelike, emosionele, en fisiese gesondheid mag inhou. Een studie het byvoorbeeld gevind dat van die beste "helpers" verlaat uiteindelik hul beroepe as gevolg van medelye-moegheid. Dit moet egter goed verstaan word dat *sekondêre traumatiese stres* ('n ander term vir medelye-moegheid) nie as 'n patologiese siekte beskou moet word nie maar dat dit eerder *'n natuurlike reaksie* is. Dit is die *koste wat gepaard gaan met die omgee* vir ander. Die anderkant van die munt is dat jou emosionele betrokkenheid by ander in nood ook geestelike groei en verdieping mag stimuleer (*medelye-satisfaksie*)

Hiermee wil ek dan 'n beroep op u doen om hierdie vraelys eerlik te voltooi, in ons almal se belang. Die inligting wat versamel word, sal vertroulik en anoniem hanteer word en sal die eiendom van die navorser bly. Geen inligting sal onverwerk gepubliseer word nie. Die invul van die vraelys behoort u nie meer as 20 minute te neem nie.

U kan hierdie vraelys op u rekenaar voltooi en dan elektronies (per epos) aan my terugstuur. Hoe moet u dit doen? Maak die MEDELYE-SATISFAKSIE/ MOEGHEID TOETS oop. Stoor dit op u rekenaar (*save* dit), voltooi dit en stoor weer eens u voltooide vorm, maak die dokument toe, heg dit aan u epos deur van die *insert file* opsie (met die *paperclip* tekentjie) gebruik te maak, en epos dit dan aan jhv.fourie@absamail.co.za of aan johan@randfontein.ng.org.za

By voorbaat baie dankie,

Ds. Johan Fourie

# Bylaag C

## Die statistiese verwerking van die Medelye-Satisfaksie/ Moegheid Toets *(Compassion Satisfaction/Fatigue Test-Csf)* deur die Statistiese Konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit

***The FREQ Procedure***

**Groep=Maatskaplike werkers**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 3.03 | 1 | 3.03 |
| 8 | 24.24 | 9 | 27.27 |
| 14 | 42.42 | 23 | 69.70 |
| 10 | 30.30 | 33 | 100.00 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5 | 15.15 | 5 | 15.15 |
| 9 | 27.27 | 14 | 42.42 |
| 15 | 45.45 | 29 | 87.88 |
| 4 | 12.12 | 33 | 100.00 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3 | 9.09 | 3 | 9.09 |
| 7 | 21.21 | 10 | 30.30 |
| 23 | 69.70 | 33 | 100.00 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2 | 6.06 | 2 | 6.06 |
| 16 | 48.48 | 18 | 54.55 |
| 10 | 30.30 | 28 | 84.85 |
| 3 | 9.09 | 31 | 93.94 |
| 2 | 6.06 | 33 | 100.00 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 3.03 | 1 | 3.03 |
| 5 | 15.15 | 6 | 18.18 |
| 5 | 15.15 | 11 | 33.33 |
| 17 | 51.52 | 28 | 84.85 |
| 5 | 15.15 | 33 | 100.00 |

***The FREQ Procedure***

**Groep=Maatskaplike werkers**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 3.03 | 1 | 3.03 |
| 10 | 30.30 | 11 | 33.33 |
| 13 | 39.39 | 24 | 72.73 |
| 3 | 9.09 | 27 | 81.82 |
| 6 | 18.18 | 33 | 100.00 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3 | 9.09 | 3 | 9.09 |
| 14 | 42.42 | 17 | 51.52 |
| 10 | 30.30 | 27 | 81.82 |
| 5 | 15.15 | 32 | 96.97 |
| 1 | 3.03 | 33 | 100.00 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 17 | 51.52 | 17 | 51.52 |
| 11 | 33.33 | 28 | 84.85 |
| 4 | 12.12 | 32 | 96.97 |
| 1 | 3.03 | 33 | 100.00 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6 | 18.18 | 6 | 18.18 |
| 20 | 60.61 | 26 | 78.79 |
| 7 | 21.21 | 33 | 100.00 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 3.03 | 1 | 3.03 |
| 5 | 15.15 | 6 | 18.18 |
| 12 | 36.36 | 18 | 54.55 |
| 14 | 42.42 | 32 | 96.97 |
| 1 | 3.03 | 33 | 100.00 |

*The FREQ Procedure*

**Groep=Maatskaplike werkers**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 1 | 3.03 | 1 | 3.03 |
| | 16 | 48.48 | 17 | 51.52 |
| | 8 | 24.24 | 25 | 75.76 |
| | 8 | 24.24 | 33 | 100.00 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 3 | 9.09 | 3 | 9.09 |
| | 9 | 27.27 | 12 | 36.36 |
| | 8 | 24.24 | 20 | 60.61 |
| | 5 | 15.15 | 25 | 75.76 |
| | 6 | 18.18 | 31 | 93.94 |
| | 2 | 6.06 | 33 | 100.00 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 1 | 3.03 | 1 | 3.03 |
| | 11 | 33.33 | 12 | 36.36 |
| | 11 | 33.33 | 23 | 69.70 |
| | 6 | 18.18 | 29 | 87.88 |
| | 3 | 9.09 | 32 | 96.97 |
| | 1 | 3.03 | 33 | 100.00 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 3 | 9.09 | 3 | 9.09 |
| | 5 | 15.15 | 8 | 24.24 |
| | 14 | 42.42 | 22 | 66.67 |
| | 11 | 33.33 | 33 | 100.00 |

*The FREQ Procedure*

**Groep=Maatskaplike werkers**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 3 | 9.09 | 3 | 9.09 |
| | 5 | 15.15 | 8 | 24.24 |
| | 9 | 27.27 | 17 | 51.52 |
| | 5 | 15.15 | 22 | 66.67 |
| | 5 | 15.15 | 27 | 81.82 |
| | 6 | 18.18 | 33 | 100.00 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 4 | 12.12 | 4 | 12.12 |
| | 21 | 63.64 | 25 | 75.76 |
| | 6 | 18.18 | 31 | 93.94 |
| | 1 | 3.03 | 32 | 96.97 |
| | 1 | 3.03 | 33 | 100.00 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 2 | 6.06 | 2 | 6.06 |
| | 3 | 9.09 | 5 | 15.15 |
| | 9 | 27.27 | 14 | 42.42 |
| | 11 | 33.33 | 25 | 75.76 |
| | 8 | 24.24 | 33 | 100.00 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 5 | 15.15 | 5 | 15.15 |
| | 14 | 42.42 | 19 | 57.58 |
| | 4 | 12.12 | 23 | 69.70 |
| | 4 | 12.12 | 27 | 81.82 |
| | 5 | 15.15 | 32 | 96.97 |
| | 1 | 3.03 | 33 | 100.00 |

***The FREQ Procedure***

**Groep=Maatskaplike werkers**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 3.03 | 1 | 3.03 |
| 2 | 6.06 | 3 | 9.09 |
| 8 | 24.24 | 11 | 33.33 |
| 10 | 30.30 | 21 | 63.64 |
| 12 | 36.36 | 33 | 100.00 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2 | 6.06 | 2 | 6.06 |
| 6 | 18.18 | 8 | 24.24 |
| 13 | 39.39 | 21 | 63.64 |
| 1 | 3.03 | 22 | 66.67 |
| 7 | 21.21 | 29 | 87.88 |
| 4 | 12.12 | 33 | 100.00 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4 | 12.12 | 4 | 12.12 |
| 13 | 39.39 | 17 | 51.52 |
| 6 | 18.18 | 23 | 69.70 |
| 3 | 9.09 | 26 | 78.79 |
| 5 | 15.15 | 31 | 93.94 |
| 2 | 6.06 | 33 | 100.00 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7 | 21.21 | 7 | 21.21 |
| 16 | 48.48 | 23 | 69.70 |
| 2 | 6.06 | 25 | 75.76 |
| 1 | 3.03 | 26 | 78.79 |
| 5 | 15.15 | 31 | 93.94 |
| 2 | 6.06 | 33 | 100.00 |

***The FREQ Procedure***

**Groep=Maatskaplike werkers**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4 | 12.12 | 4 | 12.12 |
| 16 | 48.48 | 20 | 60.61 |
| 4 | 12.12 | 24 | 72.73 |
| 3 | 9.09 | 27 | 81.82 |
| 5 | 15.15 | 32 | 96.97 |
| 1 | 3.03 | 33 | 100.00 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 8 | 24.24 | 8 | 24.24 |
| 12 | 36.36 | 20 | 60.61 |
| 2 | 6.06 | 22 | 66.67 |
| 4 | 12.12 | 26 | 78.79 |
| 5 | 15.15 | 31 | 93.94 |
| 2 | 6.06 | 33 | 100.00 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 8 | 24.24 | 8 | 24.24 |
| 10 | 30.30 | 18 | 54.55 |
| 11 | 33.33 | 29 | 87.88 |
| 3 | 9.09 | 32 | 96.97 |
| 1 | 3.03 | 33 | 100.00 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4 | 12.12 | 4 | 12.12 |
| 9 | 27.27 | 13 | 39.39 |
| 16 | 48.48 | 29 | 87.88 |
| 4 | 12.12 | 33 | 100.00 |

*The FREQ Procedure*

**Groep=Maatskaplike werkers**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 3 | 9.09 | 3 | 9.09 |
| | 12 | 36.36 | 15 | 45.45 |
| | 14 | 42.42 | 29 | 87.88 |
| | 4 | 12.12 | 33 | 100.00 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 9 | 27.27 | 9 | 27.27 |
| | 16 | 48.48 | 25 | 75.76 |
| | 6 | 18.18 | 31 | 93.94 |
| | 1 | 3.03 | 32 | 96.97 |
| | 1 | 3.03 | 33 | 100.00 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 19 | 57.58 | 19 | 57.58 |
| | 12 | 36.36 | 31 | 93.94 |
| | 1 | 3.03 | 32 | 96.97 |
| | 1 | 3.03 | 33 | 100.00 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 1 | 3.03 | 1 | 3.03 |
| | 4 | 12.12 | 5 | 15.15 |
| | 12 | 36.36 | 17 | 51.52 |
| | 14 | 42.42 | 31 | 93.94 |
| | 2 | 6.06 | 33 | 100.00 |

*The FREQ Procedure*

**Groep=Maatskaplike werkers**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 2 | 6.06 | 2 | 6.06 |
| | 7 | 21.21 | 9 | 27.27 |
| | 11 | 33.33 | 20 | 60.61 |
| | 8 | 24.24 | 28 | 84.85 |
| | 4 | 12.12 | 32 | 96.97 |
| | 1 | 3.03 | 33 | 100.00 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 10 | 30.30 | 10 | 30.30 |
| | 15 | 45.45 | 25 | 75.76 |
| | 3 | 9.09 | 28 | 84.85 |
| | 3 | 9.09 | 31 | 93.94 |
| | 2 | 6.06 | 33 | 100.00 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 2 | 6.06 | 2 | 6.06 |
| | 11 | 33.33 | 13 | 39.39 |
| | 11 | 33.33 | 24 | 72.73 |
| | 5 | 15.15 | 29 | 87.88 |
| | 3 | 9.09 | 32 | 96.97 |
| | 1 | 3.03 | 33 | 100.00 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 4 | 12.12 | 4 | 12.12 |
| | 11 | 33.33 | 15 | 45.45 |
| | 8 | 24.24 | 23 | 69.70 |
| | 5 | 15.15 | 28 | 84.85 |
| | 5 | 15.15 | 33 | 100.00 |

*The FREQ Procedure*

**Groep=Maatskaplike werkers**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 1 | 3.03 | 1 | 3.03 |
| | 3 | 9.09 | 4 | 12.12 |
| | 17 | 51.52 | 21 | 63.64 |
| | 8 | 24.24 | 29 | 87.88 |
| | 4 | 12.12 | 33 | 100.00 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 7 | 21.21 | 7 | 21.21 |
| | 12 | 36.36 | 19 | 57.58 |
| | 8 | 24.24 | 27 | 81.82 |
| | 6 | 18.18 | 33 | 100.00 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 2 | 6.06 | 2 | 6.06 |
| | 2 | 6.06 | 4 | 12.12 |
| | 7 | 21.21 | 11 | 33.33 |
| | 15 | 45.45 | 26 | 78.79 |
| | 6 | 18.18 | 32 | 96.97 |
| | 1 | 3.03 | 33 | 100.00 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 2 | 6.06 | 2 | 6.06 |
| | 10 | 30.30 | 12 | 36.36 |
| | 8 | 24.24 | 20 | 60.61 |
| | 8 | 24.24 | 28 | 84.85 |
| | 3 | 9.09 | 31 | 93.94 |
| | 2 | 6.06 | 33 | 100.00 |

*The FREQ Procedure*

**Groep=Maatskaplike werkers**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 1 | 3.03 | 1 | 3.03 |
| | 7 | 21.21 | 8 | 24.24 |
| | 5 | 15.15 | 13 | 39.39 |
| | 8 | 24.24 | 21 | 63.64 |
| | 10 | 30.30 | 31 | 93.94 |
| | 2 | 6.06 | 33 | 100.00 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 4 | 12.12 | 4 | 12.12 |
| | 6 | 18.18 | 10 | 30.30 |
| | 11 | 33.33 | 21 | 63.64 |
| | 7 | 21.21 | 28 | 84.85 |
| | 4 | 12.12 | 32 | 96.97 |
| | 1 | 3.03 | 33 | 100.00 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 6 | 18.18 | 6 | 18.18 |
| | 12 | 36.36 | 18 | 54.55 |
| | 10 | 30.30 | 28 | 84.85 |
| | 4 | 12.12 | 32 | 96.97 |
| | 1 | 3.03 | 33 | 100.00 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 2 | 6.06 | 2 | 6.06 |
| | 8 | 24.24 | 10 | 30.30 |
| | 10 | 30.30 | 20 | 60.61 |
| | 6 | 18.18 | 26 | 78.79 |
| | 5 | 15.15 | 31 | 93.94 |
| | 2 | 6.06 | 33 | 100.00 |

***The FREQ Procedure***

**Groep=Maatskaplike werkers**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 2 | 6.06 | 2 | 6.06 |
| | 3 | 9.09 | 5 | 15.15 |
| | 13 | 39.39 | 18 | 54.55 |
| | 10 | 30.30 | 28 | 84.85 |
| | 5 | 15.15 | 33 | 100.00 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 1 | 3.03 | 1 | 3.03 |
| | 17 | 51.52 | 18 | 54.55 |
| | 7 | 21.21 | 25 | 75.76 |
| | 2 | 6.06 | 27 | 81.82 |
| | 2 | 6.06 | 29 | 87.88 |
| | 4 | 12.12 | 33 | 100.00 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 11 | 34.38 | 11 | 34.38 |
| | 9 | 28.13 | 20 | 62.50 |
| | 6 | 18.75 | 26 | 81.25 |
| | 4 | 12.50 | 30 | 93.75 |
| | 2 | 6.25 | 32 | 100.00 |

***Frequency Missing = 1***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 12 | 36.36 | 12 | 36.36 |
| | 16 | 48.48 | 28 | 84.85 |
| | 5 | 15.15 | 33 | 100.00 |

***The FREQ Procedure***

**Groep=Maatskaplike werkers**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 1 | 3.03 | 1 | 3.03 |
| | 5 | 15.15 | 6 | 18.18 |
| | 8 | 24.24 | 14 | 42.42 |
| | 15 | 45.45 | 29 | 87.88 |
| | 4 | 12.12 | 33 | 100.00 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 1 | 3.03 | 1 | 3.03 |
| | 2 | 6.06 | 3 | 9.09 |
| | 9 | 27.27 | 12 | 36.36 |
| | 7 | 21.21 | 19 | 57.58 |
| | 12 | 36.36 | 31 | 93.94 |
| | 2 | 6.06 | 33 | 100.00 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 3 | 9.09 | 3 | 9.09 |
| | 8 | 24.24 | 11 | 33.33 |
| | 10 | 30.30 | 21 | 63.64 |
| | 5 | 15.15 | 26 | 78.79 |
